

**'N MODEL VIR DIE SORGSAME
TOESIGHOUDINGSOPDRAG VAN DIE
SKOOLWERKWINKELOPVOEDER**

NICHOLAS KRUGER

H.O.D. (Teg. Ond.), B.A., B.Ed., M.Ed.

Proefskrif voorgelê vir die graad

Doctor Philosophiae

in

Onderwysreg

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Professor I.J. Oosthuizen

Potchefstroom

April 2003

DANKBETUIGINGS

Alle lof, eer en dank aan my **Hemelse Vader, God**, vir gesondheid, vermoëns, seën en genade om hierdie studie tot sy eer te voltooi.

Graag wil ek die volgende persone bedank vir hulle hulp, bystand en gebede tydens die periode wat hierdie studie geduur het:

- Prof. I.J. Oosthuizen, my studieleier, vir sy bekwame en noukeurige hulp, leiding, geduld, motivering en bystand vir die duur van die studie.
- My vrou, Hentie, vir haar begrip, optimisme, bemoediging en die baie ure wat sy opgeoffer het met die taalversorging van die proefskrif.
- My kinders, Henco en Katrien, vir hulle begrip tydens my besig wees met die studie en dat ek nie altyd vir hulle beskikbaar was nie.
- Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek (en spesifiek mev. Marlene Wiggill) vir die bekwame wyse waarop hulle behulpsaam was met die opsporing van die bronne vir hierdie navorsing.
- Mev. Wilma Breytenbach by die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir haar bekwame bystand, hulp, wenke en geduld met die opstel van die vraelys, verwerking en interpretasie van die empiriese data.
- Mnr. Johan Louw van Butterworths se Beroepsgesondheid-en-veiligheids konsultasiediens vir sy bekwame hulp met die interpretasie van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die opstel van die empiriese vraelys.
- Die Noordwes Onderwysdepartement vir hulle toestemming om die empiriese ondersoek by skole in die Noordwes Provinsie te loods.
- Prof. M.C.A. Seyffert wat die finale taalversorging gedoen het.
- Prof. C.J.H. Lessing vir die versorging van die bibliografie.
- Jakkals en Ousus Mouton vir die huisvesting wat hulle tydens my studie vir my in Potchefstroom gebied het.
- My ouers, Botha en Rina Kruger, vir 'n goeie opvoeding en geleentheid wat hulle my gebied het. Hulle volgehoue aanmoediging en ondersteuning het my geïnspireer.
- My skoonouers vir hulle geloof in my.
- My kollegas vir hulle begrip wanneer my program baie druk was.

OPSOMMING

'N MODEL VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSOPDRAG VAN DIE SKOOLWERKWINKELOPVOEDER

Sleutelwoorde: skoolwerkwinkel, gesondheid-en-veiligheidsbestuur, model, werkwinkelopvoeder, beroepsgesondheid-en-veiligheidsbestuur, beroepsgesondheid-en-veiligheid, werkwinkelinstrukteur, leerdergesondheid-en-veiligheid.

Werkwinkelopvoeders het 'n sorgsame toesighoudingsplig ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel ter beskerming van die gesondheid-en-veiligheid van die leerders wat aan hulle sorg toevertrou is.

Dit word van die werkwinkelopvoeders verwag om, soos pligsgetroue en besorgde ouers dit sou doen, na die leerders om te sien wat aan hulle sorg toevertrou is. Die werkwinkelopvoeder se diskresie en gedrag behoort altyd op voorsienbare en voorkomende handeling gebaseer te word. Aangesien leerders onmoontlik dieselfde mate van oordeel (ten opsigte van meer en/of minder gevaarlike situasies) as volwassenes aan die dag kan lê, moet die werkwinkelopvoeder in die gesondheid-en-veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel vir hierdie moontlikheid voorsiening maak.

Gemenerebeginsels soos die sorgsame toesighoudingsplig, voorsienbaarheid en voorkombaarheid saam met die voorvereistes vir deliktuele aanspreeklikheid (handeling, onregmatigheid, skuld, kousaliteit en nadeel/skade) verduidelik en baken die rol van die werkwinkelopvoeder, wat vir die gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel verantwoordelik is, af. Werkwinkelopvoeders moet seker maak dat hulle op hoogte is van al hierdie beginsels. 'n Literatuurstudie is ten opsigte van hierdie beginsels onderneem.

Werkwinkelopvoeders is vir die gesondheid en veiligheid van die leerders onder hulle toesig verantwoordelik. Die literatuurstudie het getoon dat gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls in die algemeen deur wetgewing aangespreek en voorgeskryf word, maar dit spreek nie die spesifieke situasie in die skoolwerkwinkel aan nie.

Die doel van die empiriese ondersoek was om te bepaal:

- hoe gesondheid en veiligheid in die kontemporêre skoolwerkwinkel bestuur word en
- in watter mate die werkwinkelopvoeder vir sy taak as sorgsame toesighouer toegerus is.

Vrae is gevra om die kennis en uitvoering van statutêre gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls van die respondente te toets. Vrae is ook gevra om die kennis en uitvoering van gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls (wat nie noodwendig deur wetgewing voorgeskryf is nie) van die respondente te toets. Navrae oor gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls wat deur die respondente vir die skoolwerkwinkel ontwikkel is, is ook in die vraelys ingesluit.

Die empiriese ondersoek het tot die volgende bevindings gelei:

- Dit lyk asof die respondente 'n redelike kennis van algemene gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls wat deur wetgewing voorgeskryf word, het. In vrae wat daarop gemik was om bogenoemde antwoorde te verifieer, het dit gelyk asof die respondente in sekere gevalle onkundig was ten opsigte van hierdie gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls. Ten opsigte van die uitvoering van die gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls wil dit voorkom asof sommige van die respondente die gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls ignoreer.
- Dit blyk dat 'n klein getal van die respondente 'n goeie kennis van gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls, wat nie noodwendig deur wetgewing voorgeskryf is nie, het.
- Daar is 'n hele aantal van die respondente wat gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls genoem het wat spesifiek deur die respondente se skole vir die skoolwerkwinkel ontwikkel is.

Spesifieke aanbevelings is gemaak en 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel is ontwikkel. Hierdie model behoort beter gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te verseker wat op sy beurt weer veiliger skoolwerkwinkels vir die leerders behoort te verseker.

SUMMARY

A MODEL FOR THE DUTY OF CARE RESPONSIBILITY OF THE SCHOOL WORKSHOP EDUCATOR

Keywords: school workshop, health and safety management, model, workshop educator, occupational health and safety management, occupational health and safety, workshop instructor, learner health and safety.

Workshop educators have a legal duty with regard to health and safety in the school workshop for the protection of the learners in their care.

It is expected of the workshop educators to look after the learners placed in their care as a conscientious and solicitous parent would. The workshop educator's discretion and conduct should always be based on predictable and preventable action. Because learners cannot possibly have the discernment of adults concerning more or less dangerous situations, the workshop educator should make provision for this possibility in the health and safety management of the school workshop.

Common law principles such as duty of care, predictability and preventability, in addition to requirements for delictual liability (an act, unlawfulness, fault, causality and damage) demarcate and elucidate the role of the workshop educator who is responsible for the safety management of the school workshop. Workshop educators should ascertain that they are familiar with all these principles. A literature survey was undertaken with regard to these matters.

Although workshop educators are responsible for the health and safety of the learners in their care, the literature survey revealed that health and safety in workshops in general is addressed and made compulsory by legislation, but that the specific needs of the school workshop are not adequately addressed.

The aims of the empirical research were to determine:

- the functioning of health and safety management in the contemporary school workshop and
- to what extent the workshop educator is equipped for his duty of care responsibility with regards to the health and safety of the learners placed in his care.

Questions were asked on the knowledge and execution of health and safety rules laid down by legislation, as well as the knowledge and execution of safety rules which are not necessarily laid down by legislation. Questions on safety rules devised by the respondents to improve the health and safety in the school workshop were also included in the questionnaire.

The empirical study lead to the following:

- The respondents seemed to have a reasonable knowledge of general health and safety rules laid down by legislation but in questions asked to verify the above mentioned answers, it seemed that the respondents were in some cases ignorant about these health and safety rules. Some of the respondents seem to ignore the safety rules in the execution of the health and safety rules.
- A small number of the respondents seem to have a good knowledge of health and safety rules which are not necessarily laid down by legislation.
- Quite a number of the respondents reported health and safety rules specifically devised for school workshops by their respective schools.

Specific recommendations have been made and a model for health and safety management in the school workshop has been devised. This model should lead to better health and safety management in the school workshop and should thus ensure a safer school workshop for learners.

INHOUDSOPGAWE

Dankbetuigings	ii
Opsomming	iii
Summary	v
Lys van tabelle en figure	xx
Tabellys	xx
Figuurlys	xxii

HOOFSTUK 1 : DIE OMSKRYWING EN DOEL VAN 'N MODEL VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSOPDRAG VAN DIE SKOOLWERKWINKELOPVOEDER

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	1
1.3	DOEL MET DIE NAVORSING	4
1.4	NAVORSINGSONTWERP	4
1.4.1	LITERATUURSTUDIE	4
1.4.2	EMPIRIESE ONDERSOEK	5
1.4.2.1	Vraelys	5
1.4.2.2	Populasie	5
1.4.2.3	Statistiese analise	5
1.5	STRUKTUUR VAN DIE NAVORSING	6
1.6	SAMEVATTING	6

HOOFSTUK 2 : DIE STATUTÊRE DETERMINANTE VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG VAN DIE OPVOEDER MET BETREKKING TOT GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

2.1	INLEIDING	7
2.2	INTERNASIONALE BEPALINGS AS DETERMINANT VAN LEERDERVEILIGHEID	7
2.2.1	VERENIGDE NASIES SE ALGEMENE VERGADERING	8
2.2.2	AUSTRALIESE WETGEWING	8
2.2.3	BRITSE WETGEWING	8
2.3	NASIONALE STATUTÊRE BEPALINGS AS DETERMINANT VAN LEERDERVEILIGHEID	10
2.3.1	<i>DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA</i>	10
2.3.2	OORSPRONKLIKE WETGEWING	11
2.3.2.1	<i>Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid</i>	12
2.3.2.2	<i>Die Suid-Afrikaanse Skolewet</i>	13
2.3.2.3	<i>Die Wet op Indiensneming van Opvoeders</i>	13
2.3.2.4	<i>Noordwes Onderwyswet vir Skole</i>	14
2.3.2.5	<i>Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid</i>	15
i	Algemene pligte van werkgewers teenoor hul werknemers	17
ii	Algemene pligte van werkgewers en persone in eie diens teenoor persone wat nie hul werknemers is nie	18
iii	Plig om in te lig	19
iv	Algemene pligte van werknemers by die werk	19
v	Plig om nie voorwerpe in belang van gesondheid en veiligheid te beskadig of te misbruik nie	20
vi	Hoof-uitvoerende beampte belas met sekere pligte ...	21

vii	Gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers	22
viii	Werkzaamhede van gezondheid-en-veiligheids- verteenwoordigers	24
ix	Gesondheid-en-veiligheidskomitees	26
x	Werkzaamhede van gezondheid-en-veiligheids- komitees	27
xi	Aanmelding van sekere voorvalle by inspekteur	29
xii	Dade of versuim van werknemers of lashebbers	30
xiii	Regulasies	31
xiv	Sintese	31
2.3.3	ONDERGESKIKTE WETGEWING	32
	Die regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid	32
2.3.3.1	Regulasies met betrekking tot aangedrewe masjinerie	33
i	Draaiende masjinerie	33
ii	Sirkelsae	34
iii	Bandsae en bandmesse	35
iv	Houtskaafmasjiene	36
v	Houttlys- en houttapgatmasjiene	36
vi	Skuurmasjiene	37
vii	Slypmasjiene	37
viii	Skêre, valmesse en perse	39
ix	Hystoestelle en hystakel	40
x	Sintese	41
2.3.3.2	Elektriese installasieregulasies	41
i	Verantwoordelikheid vir elektriese installasies	41
ii	Sintese	42
2.3.3.3	Regulasies van toepassing op elektriese masjinerie	42
i	Verplaasbare elektriese gereedskap	42
ii	Draagbare elektriese ligte	43
iii	Sintese	44
2.3.3.4	Omgewingsregulasies vir werkplekke	44

	i Verligting	44
	ii Vensters	44
	iii Huishouding	45
	iv Geraas en gehoorbehoud	46
	v Voorsorg teen brand en uitgangsmiddele	47
	vi Sintese	48
2.3.3.5	Algemene administratiewe regulasies	48
	i Kopie van die wet	48
	ii Effektiewe beheer en bestuur van gesondheid- en -veiligheidskomitees	49
	iii Aanmelding van voorvalle en beroepsongesteldheid	49
	iv Registerhouding en ondersoek na voorvalle	50
	v Getuie by 'n ondersoek	51
	vi Bedwelming	52
	vii Toegang van persone	52
	viii Sintese	53
2.3.3.6	Regulasies van toepassing op algemene masjinerie	53
	i Woordomskrywing	53
	ii Toesig oor masjinerie	54
	iii Beveiliging van masjinerie	57
	iv Hantering van masjinerie	58
	v Toestelle om masjinerie aan en af te skakel	59
	vi Aanmelding van voorvalle in verband met masjinerie	60
	vii Sintese	60
2.3.3.7	Algemene veiligheidsregulasies	61
	i Persoonlike veiligheidstoerusting en fasiliteite	61
	ii Eerstehulp, noodtoerusting en prosedures	62
	iii Gebruik en opberging van vlambare vloeistowwe	64
	iv Sweis-, vlamsny-, soldeer- en soortgelyke werk	66
	v Lere	67
	vi Sintese	68

2.3.3.8	Regulasies vir houers onder druk	68
i	Toepassingsbestek	69
ii	Ontwerp, konstruksie en vervaardiging	69
iii	Vervaardiger se drukplaat	70
iv	Toebehore	70
v	Outomatiese kontroles en aanwysers	71
vi	Verplaasbare gashouers	72
vii	Draagbare brandblussers	72
viii	Die gebruik van gasbrandstof, toerusting en stelsels ..	73
ix	Inspeksie en toets	74
x	Rekordhouding	74
xi	Instandhouding	75
xii	Modifikasie en herstelwerk	75
xiii	Goedgekeurde inspeksieowerhede	76
xiv	Sintese	77
2.3.3.9	Sintese	77
2.4	SAMEVATTING	77

HOOFSTUK 3 : DIE GEMEENREGTELIKE DETERMINANTE VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG VAN DIE OPVOEDER IN DIE SKOOLWERKWINKEL

3.1	INLEIDING	79
3.2	DIE GEMEENREGTELIKE POSISIE VAN DIE KIND	79
3.2.1	MISHANDELING	80
3.2.2	DIE TOELAAT VAN MISHANDELING VAN KINDERS	81
3.2.3	NALAAT OM 'N KIND TE ONDERHOU OF TE VERSORG	81
3.2.4	OUDERDOM AS DETERMINANT IN DIE STATUS VAN 'N KIND ...	82
3.3	IN LOCO PARENTIS	84

3.3.1	DIE OPVOEDER SE POSISIE IN DIE SKOOLSITUASIE	85
3.3.1.1	Die selfstandige bevoegdheid met betrekking tot gesagshandhawing	86
3.3.1.2	Die verpligting ten opsigte van sorgsame toesig	86
3.3.2	SINTESE	87
3.4	SORGSAME TOESIG	87
3.4.1	DIE RELIGIEUSE OPDRAG TEN OPSIGTE VAN SORGSAME TOESIGHOUDING	87
3.4.2	DIE OUER SE VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN SORGSAME TOESIGHOUDING	88
3.4.3	DIE OPVOEDER SE VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN SORGSAME TOESIGHOUDING	89
	– Die inhoud van die opvoeder se sorgsame toesighou- dingsverpligtinge	90
3.4.4	SINTESE	91
3.5	DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID	92
3.5.1	VERTREKPUNT VIR DIE VOORKOMING VAN SKADE	92
3.5.2	VEREISTES VIR DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID	92
3.5.2.1	Handeling	93
3.5.2.2	Onregmatigheid	93
3.5.2.3	Skuld	93
	i Opset	94
	ii Nalatigheid	94
	• Die redelike man	94
	• Die redelike man-toets	95
	– Redelike voorsienbaarheid	96
	– Redelike voorkombaarheid	96
	– Die redelike deskundige	98
	iii Medewerkende skuld	101
3.5.2.4	Kousaliteit	102
3.5.2.5	Nadeel of skuld	102

4.2.4	SINTESE	126
4.3	SUID-AFRIKAANSE REGSPRAAK	127
4.3.1	<i>BROOM V. THE ADMINISTRATOR, NATAL 1966 3 505 (D)</i>	128
4.3.2	<i>RUSERE V. THE JESUIT FATHERS 1970 4 537 (RSC)</i>	129
4.3.3	<i>KNOUWDS V. ADMINISTRATEUR, KAAP 1981 (1) SA 544 (K)</i>	130
4.3.4	<i>VAN DER MERWE V. TOM NAUDÉ 1995 (Saaknommer: 6801/94)</i>	132
4.3.5	<i>DE KOCK V. HOËRSKOOLOOSTERLAND EN CRONJÉ 1997</i>	133
4.3.6	<i>MUNTINGH V. GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN DIE HOËRSKOOLOVEREENIGING 1997</i>	134
4.3.7	<i>PETER WYNKWART V. MINISTER OF EDUCATION AND ANOTHER 2002. CASE 4168/199 (C)</i>	136
4.3.8	SINTESE	139
4.4	SAMEVATTING	140

HOOFSTUK 5 : DIE EMPIRIESE ONDERSOEK NA GESOND- HEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

5.1	INLEIDING	141
5.2	NAVORSINGSONTWERP	141
5.2.1	DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT	142
5.2.1.1	Die oop vraelys	142
i	Voordele	142
ii	Nadele	143
5.2.1.2	Die geslote vraelys	143
i	Voordele	143
ii	Nadele	143
5.2.1.3	Keuse van die tipe vraelys vir hierdie studie	144
5.2.1.4	Posvraelys	144
5.2.1.5	Die voordele van 'n posvraelys	144

5.2.1.6	Die nadele van 'n posvraelys	145
5.2.2	DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS	145
5.2.2.1	Afdeling A: Biografiese gegewens (vrae 1 - 4)	145
5.2.2.2	Afdeling B: Veiligheidsdeterminante in die skoolwerkwinkel (vrae 5 - 14)	145
5.2.2.3	Afdeling C: Die menings van die respondente ten opsigte van veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vrae 15 - 30)	147
5.2.2.4	Afdeling D: Veiligheidsmaatreëls wat spesifiek ontwikkel is vir die skool se werkwinkel (vrae 31 - 32)	150
5.2.3	DIE LOODSVRAELYS	151
5.2.4	DIE FINALE VRAELYS	151
5.2.5	ADMINISTRATIEWE PROSEDURE	151
5.2.6	STUDIEPOPULASIE	151
5.2.7	STATISTIESE TEGNIEKE	152
5.3	INTERPRETASIE VAN DIE DATA	153
5.3.1	AFDELING A: BIOGRAFIESE GEGEWENS	153
5.3.1.1	Biografiese gegewens	153
5.3.1.2	Opvoederkwalifikasies	155
5.3.2	AFDELING B: VEILIGHEIDSDETERMINANTE IN DIE SKOOL- WERKWINKEL	158
5.3.2.1	Algemene inligting	158
5.3.2.2	Veiligheidsdeterminante in die skoolwerkwinkel	162
5.3.2.3	Veiligheidsvoorskrifte vir die skoolwerkwinkel	163
5.3.2.4	Toepassing van die veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel	166
5.3.2.5	Effekgroottes van die verskil tussen die ervaring van die werkwinkelopvoeder en die aandag wat gegee word aan basiese veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel	171

5.3.3	AFDELING C: DIE MENING VAN DIE RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	174
5.3.3.1	Gemeneregkennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	174
5.3.3.2	Prakties beduidende verband tussen die onderwysregkwalifikasies van die respondente en die onderwysregkennis van die respondente	179
5.3.3.3	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	181
5.3.3.4	Prakties beduidende verskille tussen die respondente se kwalifikasies en hulle kennis ten opsigte van gesondheid- en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	212
5.3.3.5	Prakties beduidende verskille tussen respondente van histories bevoordeelde skole en respondente van histories benadeelde skole se kennis ten opsigte van gesondheid- en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	214
5.3.4	AFDELING D: VEILIGHEIDSMATREËLS WAT SPESIFIEK ONTWIKKEL IS VIR DIE SKOOL SE WERKWINKELS	216
5.4	SAMEVATTING	219

HOOFSTUK 6 : 'N MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

6.1	INLEIDING	220
6.2	OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP "MODEL"	222
6.2.1	UITSTAANDE KENMERKE VAN 'N MODEL	223
6.2.2	KLASSIFIKASIE VAN MODELLE	224
6.2.3	STAPPE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N MODEL	225

6.2.3.1	Identifisering van die probleem	227
6.2.3.2	Die maak van aannames	227
6.2.3.3	Ontwerp van die model	228
6.3	VEREISTES VAN 'N MODEL VIR GESONDHEID-EN- VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	228
6.3.1	GESPESIALISEERDE KENNIS	229
6.3.2	VOLGEHOUE NAVORSING	230
6.3.3	UNIEKE DIENSLEWERING	230
6.3.4	GESAGSHANDHAWING	231
6.3.5	SINTESE	231
6.4	'N MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	233
6.4.1	INLEIDENDE ORIËTERING	233
6.4.2	STRUKTURELE RAAMWERK VAN DIE MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	233
6.4.3	SIKLIËRE RAAMWERK VAN DIE MODEL VIR GESONDHEID- VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	234
6.4.4	BUITESKOOLSE DETERMINANT VIR GESONDHEID-EN- VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	235
6.4.4.1	Nasionale koördinerings van gesondheid-en-veiligheid in die skoolwerkwinkel	237
i	Samestelling van die nasionale gesondheid-en- veiligheidskomitee	237
ii	Taak van die nasionale gesondheid-en- veiligheidskomitee	239
iii	Inhoud van die nasionale gesondheid-en- veiligheidsbeleid	239
6.4.4.2	Provinsiale koördinerings van gesondheid-en-veiligheid in die skoolwerkwinkel	240
i	Samestelling van die provinsiale gesondheid-en- veiligheidskomitee	241

ii	Taak van die provinsiale gesondheid-en- veiligheidskomitee	242
6.4.5	BINNESKOOSE DETERMINANT VIR GESONDHEID-EN- VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	243
6.4.6	WISSELWERKING TUSSEN DIE DETERMINANTE VIR DIE GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL	245
6.4.7	SINTESE	247
6.5	SAMEVATTING	247

HOOFSTUK 7 : SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

7.1	INLEIDING	248
7.2	SAMEVATTING	248
7.3	BEVINDINGS	250
7.3.1	BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSDOELWIT 1 ...	250
7.3.2	BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSDOELWITTE 2 EN 3	254
7.4	AANBEVELINGS	265
7.4.1	AANBEVELING 1	265
7.4.2	AANBEVELING 2	266
7.4.3	AANBEVELING 3	266
7.4.4	AANBEVELING 4	267
7.4.5	AANBEVELING 5	267
7.4.6	AANBEVELING 6	267
7.4.7	AANBEVELING 7	268
7.4.8	AANBEVELING 8	268

7.4.9 AANBEVELING 9	270
7.4.10 AANBEVELING 10	272
7.4.11 AANBEVELING 11	272
7.4.12 AANBEVELING 12	273
7.4.13 AANBEVELING 13	273
7.4.14 AANBEVELING 14	275
7.4.15 AANBEVELING 15	276
7.4.16 AANBEVELING 16	277
7.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	277
7.6 SLOTOPMERKINGS	279
 BIBLIOGRAFIE	 280
 BYLAE A: BRIEF AAN:	
SUPERINTENDENT-GENERAAL,	
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS,	
NOORDWES PROVINSIE	290
 BYLAE B: TOESTEMMINGSBRIEF VAN:	
SUPERINTENDENT-GENERAAL,	
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS,	
NOORDWES PROVINSIE	292
 BYLAE C: VRAELYS	294
 BYLAE D: AANHALINGS UIT:	
<i>DIE WET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID,</i>	
<i>WET 85 VAN 1993</i>	310

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

TABELLYS

Tabel 5.1	Respons van respondente	152
Tabel 5.2	Biografiese gegewens	154
Tabel 5.3	Opvoederkwalifikasies	156
Tabel 5.4	Algemene inligting	159
Tabel 5.5	Veiligheidsdeterminante in die skoolwerkwinkel	161
Tabel 5.6	Veiligheidsvoorskrifte vir die skoolwerkwinkel	165
Tabel 5.7	Toepassing van veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel	168
Tabel 5.8	Veiligheidsverteenwoordigers in die skoolwerkwinkel	169
Tabel 5.9	Prakties betekenisvolle verskil tussen respondente met 0 - 3 jaar ervaring en respondente met meer as 12 jaar ervaring	173
Tabel 5.10	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	175
Tabel 5.11	Gemeneregkennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	176
Tabel 5.12	Gemenereg- en statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	178
Tabel 5.13	Verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid	180
Tabel 5.14	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	186
Tabel 5.15	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	188
Tabel 5.16	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	190
Tabel 5.17	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	192

Tabel 5.18	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	194
Tabel 5.19	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	196
Tabel 5.20	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	200
Tabel 5.21	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	204
Tabel 5.22	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	207
Tabel 5.23	Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	211
Tabel 5.24	Gemeneregkennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel	211
Tabel 5.25	Gemiddelde prestasie behaal vir die kennistoets deur respondente uit histories bevoordeelde en respondente uit histories benadeelde skole en die effekgrootte van die verskil	215

FIGUURLYS

Figuur 6.1	Strukturele raamwerk van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	232
Figuur 6.2	Sikliese raamwerk van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	234
Figuur 6.3	Buiteskoolse determinant vir gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel	236
Figuur 6.4	Nasionale koördinerings van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	238
Figuur 6.5	Provinsiale koördinerings van gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel	241
Figuur 6.6	Binneskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	244
Figuur 6.7	Wisselwerking tussen die determinante vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel	245

HOOFSTUK 1

DIE OMSKRYWING EN DOEL VAN 'N MODEL VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSOPDRAG VAN DIE SKOOLWERKWINKELOPVOEDER

1.1 INLEIDING

Die opvoeder in die skoolwerkwinkel het 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van die gesondheid en veiligheid van die leerders wat aan sy sorg toevertrou is. Dit bring mee dat die opvoeder in die skoolwerkwinkel alle maatreëls moet tref om sodoende seker te wees dat duidelike riglyne ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur bestaan, ten einde te verseker dat die leerders in sy sentrum nie onnodig aan gevaar blootgestel word nie.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Artikels 27 en 28(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)* maak ruim voorsiening vir die reg wat elkeen (i.c. die kind) op veiligheid het. Elke opvoeder het 'n verpligting ten opsigte van die gesondheid en veiligheid van die leerders wat onder sy toesig geplaas is (Els, 1994:43). Ouers en kinders word ook daaglik meer bewus van hierdie verpligting van die opvoeder en daarom word dit noodsaaklik dat die opvoeder kennis dra van die risiko wat hy loop indien hy nie sy verpligting stiptelik nakom nie (Botha, 1998:85). Voortspruitend uit hierdie verpligting ontstaan die noodsaaklikheid vir effektiewe veiligheidsbestuur by skole.

Probleme rakende gesondheid-en-veiligheidsbestuur by skole blyk 'n internasionale probleem te wees. Dit kan afgelei word uit verskeie Amerikaanse (*Matteucci v High School District # 208 (281 N.E. 2d 383 [Ill. App. 1972]*) (Strachan & Turner, 1987:159),

Britse (*Williams v Eady* (1893) (Barrel, 1970:240) en Australiese hofsake (*Bills v. State of South Australia* (1985) 38 SASR 80) (Khan & Williams, 1993:155) waar opvoeders skuldig bevind is aan nalatige optrede of die versuim om op te tree ten einde die gesondheid en veiligheid van leerders te verseker.

In Suid-Afrika is daar ook heelwat hofsake wat as bewys kan dien dat die opvoeder soms probleme ervaar rakende sy verpligting ten opsigte van die gesondheid-en-veiligheid van die leerders wat onder sy toesig is. 'n Goeie voorbeeld van so 'n hofsake is *Peter Wynkward v Minister of Education and Another* 2002. case 4168/199 (C). Tydens die vorige onderwysbedeling het ondergeskikte wetgewing soos die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie** (TOD, 1993c:98-145), omsendbriewe (TOD, 1993a) en omsendminute (TOD, 1993b) aandag aan beleid en riglyne vir die veiligheidsbestuur in skole gegee.

Ofskoon daar nie enige Suid-Afrikaanse hofverslae gevind kan word wat spesifiek op die onvoldoende gesondheid-en-veiligheidsbestuur in skoolwerkwinkels betrekking het nie, beteken dit nie dat daar nie so 'n gesondheid-en-veiligheidsbestuursplig vir die werkwinkelopvoeder bestaan nie. Oosthuizen meen juis dat skoolwerkwinkels 'n area van verhoogde risiko is (1994:10).

Die lang titel van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (Wet 85 van 1993) en die regulasies wat daaruit voortvloei (wat die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid* (Wet 6 van 1983) op 1 Januarie 1994 vervang het) maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van mense by hulle werkplek, of waar hulle in die loop van hulle diens in aanraking kom met masjinerie. **Hierdie wet is ook van toepassing op skoolwerkwinkels, terreine, laboratoria, washuise en koshuise.** Oosthuizen vra tereg die vraag of die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid* en die regulasies wat daaruit voortvloei, voldoende inligting aan die opvoeder verskaf ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (1989:35). Sy gevolgtrekking is dat hierdie Wet, sowel as die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie heeltemal in die opvoedkundige doeleindes voorsien nie (Oosthuizen, 1989:35).

In al die bogenoemde wetgewing is dit opmerklik dat die **gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls vir alle werkwinkels en werkplekke (i.c. skoolwerkwinkels) aangespreek word** (RSA, 1993/85, TOD, 1993c:98-145, TOD, 1993a, TOD, 1993b). Die skoolwerkwinkel as opleidingsplek (waar minderjarige kinders opleiding ontvang) wat as sodanig sy eiesoortige probleme meebring, word nie pertinent in hierdie wetgewing aangespreek nie. Die probleem ontstaan dus dat daar vir die kontemporêre werkwinkelopvoeder geen wetlike voorskrifte bestaan nie aangesien die **Handleiding vir Skoolorganisasie**, omsendbriewe en -minute en ander soortgelyke ondergeskikte wetgewing, wat op sekere skole in die vorige bedeling van toepassing was, herroep is. Verder is gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel nog nie onder die nuwe bedeling aangespreek nie.

In die lig van die feit dat die opvoeder onder bepaalde omstandighede regs aanspreeklik gehou kan word vir enige skade, liggaamlik sowel as finansieel wat die leerders onder sy toesig ly, is dit dringend noodsaaklik dat duidelike riglyne opgestel moet word. Dat daar 'n groot behoefte aan beleid en riglyne vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel bestaan, is dus nie te betwyfel nie. Talle gevaarsituasies in die skoolwerkwinkel is uniek aan die skoolwerkwinkel. 'n Voorbeeld hiervan is dat daar van die leerders verwag word om met potensieel gevaarlike masjinerie en elektrisiteit te werk. Dit kan byvoorbeeld lewensgevaarlik wees indien daar nie gelet word op sekere gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls en -bestuur nie. Alhoewel gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls deel van elke tegniese vak se sillabus is, is die opvoeder nie altyd bewus van die verantwoordelikheid wat daar op hom/haar rus nie.

Empiriese ondersoeke deur Els en Kruger het getoon dat die opvoeders in skoolwerkwinkels nie kundig genoeg is vir die bevredigende uitlewing van hul sorgsame toesighoudingsplig in die skoolwerkwinkel nie (Els, 1994:73, Kruger, 1997:107). Die hipotese waarvan die navorser uitgegaan het, was dat werkwinkelopvoeders (soos wat dit die geval was in die vorige bedeling), in die huidige bedeling moontlik ook nie voldoende toegerus is vir hulle sorgsame toesighoudingsplig nie.

Uit die voorafgaande blyk die probleem van hierdie navorsing te wentel rondom die volgende vrae:

- Watter onderwysregtelike verpligting is daar ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel?
- Hoe funksioneer gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel in die huidige omstandighede?
- In watter mate is die kontemporêre werkwinkelopvoeder toegerus vir sy taak as sorgsame toesighouer?
- Hoe sou 'n model lyk wat gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel verseker?

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

- Om uit die bestaande vakliteratuur die onderwysregtelike verpligting vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te bepaal.
- Om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal hoe gesondheid en veiligheid in die kontemporêre skoolwerkwinkel van die Departement van Onderwys in die Noordwes Provinsie bestuur word.
- Om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal in watter mate die werkwinkelopvoeder toegerus is vir sy taak as sorgsame toesighouer.
- Die daarstel van 'n model om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel te verseker.

1.4 NAVORSINGSONTWERP

1.4.1 LITERATUURSTUDIE

Primêre en sekondêre bronne is gebruik. Gegewens wat versamel is, is oorweeg en geëvalueer wat tot sekere gevolgtrekkings gelei het en aanbevelings is na aanleiding hiervan gedoen.

Gepaste elektroniese soektogte is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: workshop educator/instructor, duty of care, liability, learner safety, classroom safety, skoolwerkwinkel, werkwinkelopvoeder/instrukteur, aanspreeklikheid, leerderveiligheid, klaskamerveiligheid.

1.4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

1.4.2.1 Vraelys

Op grond van die literatuurstudie is 'n loodsvraelys ontwikkel en aan kollegas (n=4), wat nie deel van die ondersoek was nie, voorgelê. Daarna is 'n posvraelys opgestel. Die doel van die vraelys was om die volgende te bepaal ten opsigte van die skoolwerkwinkels van die Departement van Onderwys in die Noordwes Provinsie:

- hoe doeltreffend gesondheid-en-veiligheidsbestuur is en
- of die opvoeder voldoende toegerus is vir sy taak as sorgsame toesighouer.

1.4.2.2 Populasie

As populasie is alle openbare sekondêre skole met werkwinkels in die Noordwes Provinsie betrek (N = 56). Vraelyste is aan al hierdie skole gestuur wat deur die adjunkhoof, departementshoof verantwoordelik vir die skoolwerkwinkels, of die mees senior werkwinkelopvoeder van die betrokke skool ingevul is.

1.4.2.3 Statistiese analise

Toepaslike statistiese tegnieke is gekies en die data is met behulp van 'n rekenaar en in oorleg met die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO verwerk. Vrae wat skriftelik beantwoord is, is deur die skrywer per hand gekontroleer.

1.5 STRUKTUUR VAN DIE NAVORSING

Die navorsing is volgens die volgende hoofstukke gestruktureer:

- Hoofstuk 1: Die omskrywing en doel van 'n model vir die sorgsame toesighoudingsopdrag van die skoolwerkwinkelopvoeder.
- Hoofstuk 2: Die statutêre determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.
- Hoofstuk 3: Die gemeenregtelike determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel.
- Hoofstuk 4: Regspraak as determinant vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel.
- Hoofstuk 5: Die empiriese ondersoek na gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.
- Hoofstuk 6: 'n Model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.
- Hoofstuk 7: Samevatting, bevindings en aanbevelings vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.

1.6 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 word die belangrikheid van 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel uitgelig en geïdentifiseer. Die feit dat daar nie behoorlike riglyne vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur bestaan nie, word beklemtoon. Die navorsingsdoelwitte, terrein en metodes sowel as die struktuur van die navorsingsverslag word ook in hierdie hoofstuk uiteengesit.

In die volgende hoofstuk word die statutêre determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel bespreek.

HOOFSTUK 2

DIE STATUTÊRE DETERMINANTE VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG VAN DIE OPVOEDER MET BETREKKING TOT GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDS- BESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

2.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk het die volgende probleem na vore getree: watter onderwysregtelike verpligting is daar ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel? Verdere vrae wat ontstaan het, handel oor die bestuur van gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel onder huidige omstandighede en in watter mate die kontemporêre werkwinkelopvoeder toegerus is vir sy taak as sorgsame toesighouer. Die doel en metode van die navorsing is bespreek sowel as die verdere verloop van die navorsing .

Hierdie hoofstuk handel oor die statutêre determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel en daar word spesifiek aandag gegee aan die bepalende faktore in die skoolwerkwinkel. Dit behels die statutêre bepalings (nasionaal sowel as internasionaal) wat verband hou met die veiligheid van leerders wat aan die werkwinkelopvoeder se sorg toevertrou word.

2.2 INTERNASIONALE BEPALINGS AS DETERMINANT VAN LEERDER- VEILIGHEID

Vir die doel van hierdie studie word daar vlugtig gekyk na wat in dié verband oor

leerderveiligheid in die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies asook in Australiese en Britse gesondheids-en-veiligheidswetgewing gesê word.

2.2.1 VERENIGDE NASIES SE ALGEMENE VERGADERING

Artikel 3 van die Konvensie vir die Regte van die Kind wat deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 20 November 1989 aanvaar is, vereis dat in alle gevalle waar 'n kind betrokke is, die beste belange van die kind in ag geneem moet word (United Nations, 1989). Hierdie bepaling impliseer dat die Verenigde Nasies van die werkwinkelopvoeder verwag om alle moontlike voorsorgmaatreëls te tref om die veiligheid van die leerders onder sy sorg in die skoolwerkwinkel te verseker.

2.2.2 AUSTRALIESE WETGEWING

WorkSafe Western Australia (1996:3) meld dat 'n werkplek soos omskryf in die *Occupational Safety and Health Act 1984* van Wes-Australië, ook voorsiening maak vir skole as 'n werkplek. Behalwe vir hierdie verwysing word daar in die hele *Occupational Safety and Health Act 1984* (WorkSafe Western Australia, 1997a) en die *Occupational Safety and Health Regulations 1996* (WorkSafe Western Australia, 1997b) nooit weer spesifiek na skole verwys nie.

Dit blyk dus asof daar selfs in Australië nie spesifiek wetgewing bestaan om in die besondere behoeftes van die skoolwerkwinkel te voorsien nie.

2.2.3 BRITSE WETGEWING

Die Britse *Health and Safety at Work etc. Act 1974* is ontwikkel om die gesondheid, veiligheid en welsyn van alle persone by werkplekke te verseker asook die gesondheid, veiligheid en welsyn van alle ander persone teen dié risiko's wat mag ontstaan as gevolg van die aktiwiteite van die persone by die werk (Barrel & Partington, 1985:204). Die *Health and Safety at Work etc. Act 1974* spreek die algemene pligte en die daarstel

van strukture aan. Hierdie algemene pligte doen weinig meer as om die gemeenregtelike beginsels te herbevestig. Die *Health and Safety at Work etc. Act 1974* is grootliks 'n magtigingswet wat voorsiening maak vir die uitvaardiging van regulasies (Barrel & Partington, 1985:205).

Die Gesondheid-en-veiligheidsdagbestuur is 'n liggaam bestaande uit drie persone wat verantwoordelik is om toe te sien dat die *Health and Safety at Work etc. Act 1974* afgedwing word (Barrel & Partington, 1985:205). Die Gesondheid-en-veiligheidsdagbestuur het 'n Onderwysdiensgroep saamgestel wat die gesondheid-en-veiligheidsinspekteurs adviseer, hulle aktiwiteite koördineer as hulle onderwysinrigtings besoek en skakelwerk op nasionale vlak met die onderwysdepartement doen. Die Onderwysdiensgroep is ook verantwoordelik vir gesondheid- en veiligheidsinspeksies van onderwysinrigtings (Barrel & Partington, 1985:206).

Regulasies van die *Health and Safety at Work etc. Act 1974* maak onder andere voorsiening vir die beskerming van die algemene publiek teen die aktiwiteite van persone by 'n werkplek. Ingevolge hierdie regulasies word daar van 'n werkgever verwag om alle maatreëls wat redelik uitvoerbaar is, te tref om die gesondheid, veiligheid en welsyn van persone wat moontlik deur die werkgever se aktiwiteite geaffekteer kan word, te verseker. Hierdie regulasies dek beide besoekers aan die werkplek en persone wat moontlik geaffekteer kan word sonder om fisiek by die werkplek te wees. Dit is hierdie regulasies wat ook leerders aan onderwysinrigtings se gesondheid, veiligheid en welsyn beskerm aangesien 'n leerder nie 'n werknemer is nie (Barrel & Partington, 1985:212-213).

Die *Health and Safety at Work etc. Act 1974* is oor die algemeen baie dieselfde as die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (85 van 1993)* wat in Suid-Afrika van toepassing is (vgl. 2.3.2.5). Die groot verskil is dat daar in Brittanje, deur die daarstel van die Onderwysdiensgroep wat die gesondheid- en veiligheidsinspekteurs met hul kennis van skole kan bystaan, in 'n mate voorsiening gemaak word vir die unieke situasie van die skoolwerkwinkel terwyl daar nie in Suid-Afrika so 'n liggaam is nie. Aspekte wat in Britse wetgewing nog nie spesifiek vir skole aangespreek word nie, soos

in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (85 van 1993)*, is die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers wat per skool aangestel behoort te word, die daarstel van gesondheid- en-veiligheidskomitees in skole, die aantal gekwalifiseerde noodhulpwerkers wat per skool aangestel behoort te word, ens. (vgl. par. 2.3.2.5).

2.3 NASIONALE STATUTÊRE BEPALINGS AS DETERMINANT VAN LEERDERVEILIGHEID

Onderwys en veral die bestuur en organisasie van onderwys, bestaan hoofsaaklik uit statutêre reg. Statutêre bepalings in die onderwys impliseer 'n opdrag wat deur die opvoeder nagekom moet word soos dit neergeleë is in die wette en regulasies wat op die betrokke instansie van toepassing is (Els, 1994:18).

Vir die doeleindes van hierdie studie word gebruik gemaak van die indeling soos dit onderskei word deur verskeie skrywers (Botha, 1996:7, Van Heerden & Crosby, 1996:3):

- *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.*
- Oorspronklike wetgewing.
- Ondergeskikte wetgewing.

Die belangrikste Suid-Afrikaanse statutêre bepalings wat met die veiligheid van leerders verband hou, gaan vervolgens uitgelig word.

2.3.1 DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet 108 van 1996 (hierna genoem *Grondwet*), is in 1996 uitgevaardig en het op 4 Februarie 1997 in werking getree (Oosthuizen, 1998c:21). Artikel 2 van die *Grondwet* bepaal dat die *Grondwet* die hoogste gesag in Suid-Afrika is en alle wetgewing wat nie in ooreenstemming daarmee is nie, is ongeldig ("onbestaanbaar") (RSA, 1996a/108).

Artikel 28(1)(b) en (c) van die *Grondwet* lui soos volg (RSA, 1996a/108):

Elke kind het die reg -

- (b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;
- (c) op basiese voeding, skooling, basiese gesondheidsdienste en maatskaplike dienste ... (RSA, 1996a/108).

Die HAT (1994:978) omskryf "sorg" as "toesig, bewaking, oppassing . . ." 'n Kind het dus die reg op ouerlike toesig of bewaking, of gepaste alternatiewe toesig of bewaking, ook wanneer hy nie in die gesinsomgewing is nie. Ouerlike toesig of bewaking impliseer dus, onder andere dat die ouer sy kind moet beskerm teen moontlike gevare waaraan hy/sy blootgestel kan word. Die opvoeder is as gevolg van sy/haar *in loco parentis*-posisie ook verantwoordelik vir die veiligheid van die leerder. Die reg op basiese gesondheidsdienste verwys na die feit dat 'n kind na 'n mediese dokter geneem moet word wanneer hy/sy siek is, maar dit kan ook daarop wys dat hy/sy beskerm moet word teen moontlike gevare wat sy/haar gesondheidstoestand kan benadeel. Die kind is geregtig op sekuriteit wat impliseer dat die kind teen moontlike gevare beskerm moet word.

Die **Handves vir Regte** wat in die *Grondwet* opgeneem is, bevestig dat die kind die reg het op beskerming teen moontlike gevare. By die skool, en spesifiek in die skoolwerkwinkel, is daar talle gevare waaraan die leerder blootgestel word. Die opvoeder moet daarvan bewus wees en hy/sy moet billike voorsiening maak om die leerder onder sy/haar toesig te beskerm.

2.3.2 OORSPRONKLIKE WETGEWING

Die *Grondwet*, en spesifiek artikel 43 en 44, verleen aan die nasionale en provinsiale wetgewer die gesag om onderskeidelik nasionale en provinsiale wette uit te vaardig (RSA, 1996a/108).

Oorspronklike wetgewing behels alle wetgewing wat deur die parlement of die provinsiale wetgewer uitgevaardig word. Oorspronklike wetgewing kan verder onderverdeel word in parlementêre (nasionale) wetgewing en provinsiale wetgewing (Oosthuizen, 1998c:21).

Om enige onduidelikheid uit die weg te ruim, word parlementêre (nasionale) wetgewing in twee groepe verdeel (Oosthuizen, 1998c:25):

- onderwyswetgewing - wetgewing wat spesifiek vir die onderwys uitgevaardig is en
- algemene wetgewing - wetgewing wat nie spesifiek vir die onderwys uitgevaardig is nie, maar wat wel gedeeltelik op die onderwys van toepassing gemaak kan word.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal slegs onderwyswetgewing, algemene wetgewing wat betrekking het op die sorgsame toesighoudingsopdrag van die werkwinkelopvoeder en toepaslike provinsiale wetgewing bespreek word.

2.3.2.1 ***Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid***

Een van die doelwitte van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996)* is volgens artikel 2(a) dat die Minister van Onderwys nasionale onderwysbeleid moet bepaal in ooreenstemming met sekere beginsels (RSA, 1996b/27). Artikel 4 van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid* bepaal dat die beleid, soos vervat in artikel 3(a), gerig is op "die bevordering en beskerming van die fundamentele regte van elke persoon" soos vervat in hoofstuk 2 van die *Grondwet* (RSA, 1996b/27).

'n Voorbeeld van die beginsels waarna in artikel 2(a) verwys word, is die beginsel soos in die *Grondwet* vervat en waarna daar ook in artikel 4(a) verwys word. Soos reeds bespreek, is dit die kind se grondwetlike reg om beskerm te word teen moontlike gevare soos dit in die skoolwerkwinkel kan voorkom. Die Minister van Onderwys is daarom verplig om beleid te bepaal wat omsien na die grondwetlike regte van elke individu betrokke by onderwys in die Republiek van Suid-Afrika.

2.3.2.2 **Die Suid-Afrikaanse Skolewet**

Die lang titel van *die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)* maak voorsiening vir die verskaffing van en beheer oor onderwys en alle aangeleenthede wat daarmee saamgaan (RSA, 1996c/84). Die gesondheid en veiligheid van die leerders onder die toesig van die skoolhoof en die opvoeders word dus noodwendig ook geraak deur hierdie wet.

Artikel 20(1)(e) van *die Suid-Afrikaanse Skolewet* maak dit duidelik dat die beheerliggaam die hoof en personeel van die skool moet ondersteun in die uitvoering van hulle professionele take (RSA, 1996c/84). Dit impliseer dat die beheerliggaam medeverantwoordelik is vir die gesondheid en veiligheid van die leerders van die skool. Die beheerliggaam verteenwoordig die ouers van die leerders van die skool. Dit is dus die gesondheid en veiligheid van hulle eie, en ander ouers wat deur hulle verteenwoordig word, se kinders wat ter sprake is. Daarom sal dit raadsaam wees vir die beheerliggaam om die hoof en sy personeel te ondersteun en aan te moedig om die nodige veiligheidsmaatreëls vir die skool se werkwinkel/s te ontwikkel en te implementeer. Dit komplementeer dan ook die bepaling van artikel 37 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)* (vgl. par. 2.3.2.4 xi).

2.3.2.3 **Die Wet op Indiensneming van Opvoeders**

Artikels 17 en 18 van die *Wet op Indiensneming van Opvoeders (Wet 76 van 1998)* word gewysig deur artikels 10 en 11 van die *Wysigingswet op Onderwyswette (Wet 53 van 2000)* (RSA, 1998/76, RSA, 2000/53). Artikel 11 van die *Wysigingswet op Onderwyswette* bepaal in die nuwe artikel 18 van die *Wet op Indiensneming van Opvoeders* die volgende aspekte (RSA, 2000/53):

- (1) dat 'n opvoeder hom skuldig maak aan wangedrag indien hy -
 - (a) nalaat om te voldoen aan die *Wet op Indiensneming van Opvoeders* of enige ander statuut, regulasie of verpligting wat betrekking het op die onderwys;
 - (e) in sy dienslewering sy lewe en/of die lewe van ander in gevaar stel omdat hy veiligheidsreëls of -regulasies verontagsaam;

- (i) nalaat om 'n wettige opdrag sonder 'n grondige rede uit te voer;
- (y) weier om veiligheidsmaatreëls te gehoorsaam en
- (dd) hom skuldig maak aan 'n misdryf.

Werkwinkelopvoeders sal hulle gevolglik skuldig maak aan wangedrag indien hulle

- sou nalaat om 'n bepaling van die *Wet op Indiensneming van Opvoeders*, die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, of enige ander statuut of regulasie na te kom;
- hulle eie lewens of die lewe van 'n leerder (of enige ander persoon) in gevaar sou stel omdat hulle 'n gesondheid-en-veiligheidsreël of -regulasie verontagsaam tydens sulle werksaamhede in die skoolwerkwinkel;
- sou nalaat om 'n wettige opdrag van die Departement van Onderwys, die skoolhoof en/of die beheerliggaam sonder 'n grondige rede uit te voer;
- sou weier om 'n gesondheid-en-veiligheidsmaatreël soos voorgeskryf deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, of enige ander statuut of regulasie te gehoorsaam; en
- hulle sou skuldig maak aan 'n misdryf soos om 'n daad van versuim te pleeg wat ingevolge artikel 37 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (vgl. par. 2.3.2.5 xii) 'n misdryf is.

Indien 'n werkwinkelopvoeder hom skuldig maak aan een of meer van bogenoemde bepalings, is die waarskynlikheid groot dat die opvoeder onder bepaalde omstandighede ook skuldig kan wees aan wangedrag.

2.3.2.4 **Noordwes Onderwyswet vir Skole**

In die *Noordwes Onderwyswet vir Skole (Wet 3 van 1998)* word die gesondheid en veiligheid van leerders nie aangespreek nie (Noordwes, 1998/3). Dit kan as 'n groot leemte in die Wet gesien word.

Artikel 28 van die *Grondwet* gee elke kind die reg op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind nie in die gesinsomgewing is nie (RSA, 1996a/108). Gepaste

alternatiewe sorg impliseer onder andere dat die kind geregtig is op 'n omgewing wat veilig is en wat geen gesondheidsrisiko inhou wanneer die kind by die skool is nie.

Dit sou dus van pas gewees het indien die *Noordwes Onderwyswet vir Skole*, die gesondheid en veiligheid van leerders by die skool aangespreek het.

2.3.2.5 ***Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid***

Volgens die lang titel is dit die doel van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (*Wet 85 van 1993*) (RSA, 1993/85) om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir persone wat met bedryfstoerusting en masjinerie werk. ***Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (RSA, 1993/85) beskerm ook ander persone se gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit, of in verband staan met die bedrywighede van die persone by die werk of van persone wat op die perseel onder die beheer van die werkgewer is.*** Hier word spesifiek verwys na artikel 8(2)(g) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* wat later volledig bespreek sal word (vgl. par. 2.3.2.5 i). Hierdie Wet maak dus nie spesifiek voorsiening vir persele wat uitsluitlik gebruik word vir onderrig en opleiding van leerders in primêre, sekondêre of tersiêre onderwysinrigtings nie. Die leerder in die skoolwerkwinkel word voortdurend blootgestel aan masjinerie en gereedskap wat die leerder se gesondheid en veiligheid kan bedreig indien dit nie behoorlik in stand gehou en gebruik word nie. Verder kom die basiese vereistes wat betrekking het op beroepsgesondheid en veiligheid grootliks ooreen met die voorsorgmaatreëls wat deur die destydse **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie** ('n handleiding aan skoolhoofde van die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement) voorgeskryf is (Els, 1994:19-20). Oosthuizen stel dit ook duidelik dat die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* van toepassing is op skole wat toegerus is met werkwinkels (1998c:27).

Om die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* sinvol te bespreek, sal die artikels van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* wat as belangrik geag word vir die skoolwerkwinkel, vervolgens bespreek word.

Die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* verwys voortdurend na die plig en rol van die werkgewer en die werknemer. Vir die praktiese onderskeid tussen die verskillende rolspelers soos hulle onderskei word in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, sal die leerder in die meeste gevalle die rol van die werknemer inneem en die rol van die werkgewer sal deur die Departement van Onderwys, die beheerliggaam van die skool, die skoolhoof en/of die werkwinkelopvoeder (hierna genoem die **verantwoordelike instansie(s)**) ingeneem word. Die uitsonderings sal duidelik aangetoon en bespreek word. Hierdie benadering is nodig aangesien die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie spesifiek na leerders verwys nie. In die praktyk sal die leerder onder normale gevalle die persoon wees wat onder die toesig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel is en werk. 'n Leerder kan wel volgens artikel 8(2)(g) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gesien word as "'n persoon op die perseel" (vgl. par. 2.3.2.5 i), maar die werknemer het volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* 'n groter rol te speel in beroepsgesondheid en veiligheid as "die persoon op die perseel". Dit sal raadsaam wees om die leerder in sekere gevalle in die rol van 'n werknemer te sien vir die volgende praktiese doeleindes:

- om die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenvoerders wat per skool aangestel behoort te word te bepaal,
- die daarstel van 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee by skole en
- om die aantal gekwalifiseerde nooddhulpwerkers wat per skool aangestel behoort te word te bepaal.

Wanneer daar tydens die bespreking van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die betrokke regulasies verwys word na die "inspekteur", word daar gepraat van die persoon wat volgens artikel 28 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aangewys is om al die werksaamhede wat deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aan die inspekteur opgedra word, te verrig (RSA, 85/1993) (vgl. par. 2.3.2.5 xi).

i **Algemene pligte van werkgewers teenoor hul werknemers**

Hier word die plig wat die verantwoordelike instansie/s teenoor die leerders het wat onderrig in die skoolwerkwinkel ontvang, soos dit in artikel 8 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* uiteengesit is, aangespreek (vgl bylae D, par. 1.1, p 311).

Artikel 8(1) is baie duidelik en spesifiek oor die verantwoordelikheid van die werkgewer om, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, 'n werkomgewing te voorsien en te onderhou wat veilig en sonder risiko vir die werknemers se gesondheid is (Darlow & Louw, 1997:11).

Leerders ontvang hulle opleiding in die skoolwerkwinkel en daarom moet die verantwoordelike instansie/s 'n skoolwerkwinkel voorsien en onderhou wat veilig en sonder risiko is vir die leerders se gesondheid.

Artikel 8(2) is meer spesifiek. Artikel 8(2)(a) verwag van die verantwoordelike instansie/s om stelsels van werk, bedryfstoeusting en masjinerie te verskaf en te onderhou wat veilig is en sonder risiko is vir die veiligheid van die leerders in die skoolwerkwinkel. Artikel 8(2)(b) verwag weer van die verantwoordelike instansie/s om deur stappe wat redelikerwys uitvoerbaar is, enige gevaar of potensiële gevaar vir die gesondheid van die leerder in die skoolwerkwinkel te verwyder of te verminder, voordat van beskermende toerusting gebruik gemaak word.

Artikel 8(2)(c) vereis van die verantwoordelike instansie/s om reëlins te tref om die veiligheid en die afwesigheid van gesondheidsrisiko's te verseker ten opsigte van enige werk wat daar gedoen word. Volgens artikel 8(2)(d) moet die verantwoordelike instansie/s ook vasstel watter gevare daar is vir die veiligheid en/of gesondheid van die leerder in die skoolwerkwinkel wat betrokke is by enige werk wat verrig word. Die verantwoordelike instansie/s moet volgens artikel 8(2)(e) ook inligting, instruksies, opleiding en toesig verskaf om die veiligheid en gesondheid van die leerder in die skoolwerkwinkel te verseker.

Luidens artikel 8(2)(f) mag die verantwoordelike instansie/s nie toelaat dat enige leerder in die skoolwerkwinkel enige werk doen of enige toerusting of masjinerie gebruik tensy die voorsorgmaatreëls, wat in artikel 8(2)(b) en (d) of enige ander voorsorgmaatreël wat voorgeskryf is, uitgevoer is nie. Die verantwoordelike instansie/s moet ook volgens artikel 8(2)(g) stappe doen om te verseker dat die vereistes van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nagekom word deur persone (wat die leerders in die skoolwerkwinkel insluit) wat in hulle diens is of deur persone (wat die leerders in die skoolwerkwinkel insluit) wat op die perseel onder hulle beheer is. Verder moet die verantwoordelike instansie/s volgens artikel 8(2)(h) maatreëls afdwing wat in belang van gesondheid en veiligheid sal wees. Dit beteken dat daar dissiplinêr opgetree moet word teen persone (wat die leerders in die skoolwerkwinkel insluit) wat die maatreëls verontagsaam. In artikel 8(2)(i) word vereis dat die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat alle werk gedoen word onder toesig van 'n persoon (die werkwinkelopvoeder) wat opgelei is om die gevare, wat verbonde is aan die gebruik van die toerusting en masjinerie in die skoolwerkwinkel, te verstaan. Die persoon moet die bevoegdheid hê om te verseker dat alle voorsorgmaatreëls wat getref is, geïmplementeer word.

ii **Algemene pligte van werkgewers en persone in eie diens teenoor persone wat nie hul werknemers is nie**

Vervolgens word die algemene pligte wat die verantwoordelike instansie/s het teenoor die persone (wat ook leerders kan wees) wat nie in hulle diens is nie, aangespreek. In Artikel 9 van die *Wet op beroepsgesondheid en Veiligheid* word hierdie pligte duidelik uiteengesit (vgl. bylae D, par. 1.2, p 312).

Artikel 9(1) vereis dat werkgewers moet toesien dat hulle onderneming so bedryf word dat persone wat nie in hulle diens is nie maar wat regstreeks deur die werksaamhede geraak word (soos iemand wat in 'n werkwinkel kom of onderrig ontvang), se veiligheid en gesondheid nie deur die werkgever se werksaamhede in gevaar gestel word nie (RSA, 1993/85).

Indien daar vir welke rede ook al van die standpunt uitgegaan word dat die leerder wat in 'n skoolwerkwinkel onderrig ontvang nie as 'n werknemer gereken kan word nie, kan die welsyn van sodanige leerder deur artikel 9(1) beskerm word.

iii **Plig om in te lig**

In hierdie paragraaf word die plig van die verantwoordelike instansie/s van die skool, die skoolhoof en/of die werkwinkelopvoeder om inligting te verskaf, aangespreek. Artikel 13 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bied die omvang van die kommunikasie van inligting volledig aan (vgl. bylae D, par. 1.3, p 313).

Volgens artikel 13(a) moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat leerders vertrouwd gemaak word met die gevare wat moontlik verbonde kan wees aan hulle opleiding in die skoolwerkwinkel. Leerders moet ook ingelig word ten opsigte van die voorsorgmaatreëls wat getref en nagekom moet word ten opsigte van sulke gevare (RSA, 1993/85). Hierdie is grootliks 'n herhaling van wat in artikel 8(2)(e) hanteer is.

iv **Algemene pligte van werknemers by die werk**

Hier word die algemene pligte ten opsigte van gesondheid en veiligheid van die werkwinkelopvoeder en/of leerders uitgelig. Artikel 14 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gee volledige inligting oor die pligte van die werknemers (vgl. bylae D, par. 1.4, p 313).

In artikel 14 kan die werknemer gesien word as die werkwinkelopvoeder en/of die skoolhoof as synde werknemers van die verantwoordelike instansie/s wat die volgende implikasies tot gevolg het, naamlik:

- Eerstens word van werkwinkelopvoeders en/of die skoolhoof vereis om sorg te dra vir hulle eie veiligheid en gesondheid. Hulle is ook verantwoordelik vir die veiligheid en gesondheid van die leerders in die

skoolwerkwinkel wat geraak kan word deur hulle optrede of hulle versuim om op te tree.

- Tweedens word daar van werkwinkelopvoeders en/of die skoolhoof verwag om die verantwoordelike instansie/s te ondersteun en by te staan om enige verpligting wat volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aan die verantwoordelike instansie/s opgelê word, ten uitvoer te bring.
- Derdens is werkwinkelopvoeders en/of die skoolhoof verplig om enige wettige opdrag ten opsigte van veiligheid en gesondheid te gehoorsaam.
- Werkwinkelopvoeders en/of die skoolhoof is vierdens ook verplig om enige veiligheids- of gesondheidsrisiko aan te meld.
- Laastens vereis hierdie artikel dat werkwinkelopvoeders en/of die skoolhoof 'n voorval moet rapporteer waarvan die gevolg moontlik nadele vir hulle gesondheid kan inhou (of vir die gesondheid van die leerders in die skoolwerkwinkel) en indien hulle (of die leerders in die skoolwerkwinkel) hulleself beseer.
- Hierdie artikel maak dus werkwinkelopvoeders en/of die skoolhoof medeverantwoordelik vir hulle eie en die leerders in die skoolwerkwinkel se gesondheid en veiligheid.

v Plig om nie voorwerpe in belang van gesondheid en veiligheid te beskadig of te misbruik nie

Die plig van persone om nie voorwerpe (wat in belang van gesondheid en veiligheid daar is) te beskadig of te misbruik nie, word vervolgens bespreek. Artikel 15 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gee duidelike voorskrifte (vgl. bylae D, par. 1.5, p 314).

Artikel 15 maak dit baie duidelik dat niemand met 'n voorwerp wat aangebring is om die gesondheid en veiligheid van werkgewers, werknemers, of enige ander persoon te verseker, mag inmeng, dit beskadig, misbruik of verwyder nie (RSA, 1993/85).

Die implikasie van hierdie artikel is dat nie die verantwoordelike instansie/s in die skoolwerkwinkel en/of enige persoon wat in die werkwinkel kom, enige item wat in die skoolwerkwinkel of by masjinerie aangebring is, ten einde die mense in die skoolwerkwinkel te beskerm, opsetlik mag verwyder, beskadig of misbruik nie.

vi **Hoof-uitvoerende beampte belas met sekere pligte**

Vervolgens word sekere van die pligte waarmee die hoof-uitvoerende beampte belas word, aangespreek. Artikel 16 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* sit hierdie pligte volledig uiteen (vgl. bylae D, par. 1.6, p 314).

Artikel 16(1) vereis dat hoof-uitvoerende beamptes sorg moet dra dat hulle, hulle pligte na die beste van hulle vermoëns uitvoer sover dit redelikerwys moontlik is sodat hulle voldoen aan die vereistes van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Artikel 16 (2) maak dit vir hoof-uitvoerende beamptes moontlik om hulle pligte te delegeer aan 'n ondergeskikte wat dan sal optree as hoof-uitvoerende beampte. Dit is belangrik om te besef dat wanneer hoof-uitvoerende beamptes hulle pligte delegeer, hulle steeds verantwoordelik en/of aanspreeklik bly vir dit wat in die werkplek gebeur. Een van die algemeenste vrae wat ontstaan rondom artikel 16 (2) is of persone wat volgens hierdie subartikel 'n gedelegeerde persoon is, hulle gedelegeerde taak as hoof-uitvoerende beampte na 'n volgende persoon mag delegeer. Darlow & Louw (1997:19) is van mening dat gedelegeerde hoof-uitvoerende beamptes nie hulle pligte verder mag delegeer nie. Dit beteken nie dat gedelegeerde hoof-uitvoerende beamptes nie ander persone mag aanstel om hulle by te staan met hulle pligte nie (Darlow & Louw, 1997:19). Volgens subartikel (3) word werkgewers nie onthef van hulle verantwoordelikheid of aanspreeklikheid volgens die bepalinge van artikel 37 van hierdie wet nie. Hierdie subartikel moet saamgelees word met artikel 37 wat later in die hoofstuk bespreek sal word (vgl. par. 2.3.2.5 xii). Volgens artikel 16 (4) is die departementshoof van enige staatsdepartement die hoof-uitvoerende beampte van daardie staatsdepartement.

In artikel 16 is subartikels (2) en (4) van besondere belang vir skole. Volgens subartikel (4) is die departementshoof van die Departement van Onderwys die hoof-uitvoerende beampte van alle skole. Die departementshoof mag volgens subartikel (2) hierdie plig delegeer aan 'n ondergeskikte. Die mees praktiese opsie vir die departementshoof van die Departement van Onderwys sou wees om die plig van hoof-uitvoerende beampte aan skoolhoofde te delegeer. Skoolhoofde mag op hulle beurt volgens hierdie Wet nie die plig verder delegeer nie, maar hulle sal as die hoof-uitvoerende beampte van die skool moet optree. Hoofde mag wel ander persone aanstel om hulle by te staan met die uitvoering van hulle pligte as hoof-uitvoerende beampte. Die aangewese persone om die skoolhoof in hierdie verband by te staan, sal die werkwinkelopvoeders wees aangesien hulle voortdurend in die skoolwerkwinkel is. Alhoewel departementshoofde by magte is om hulle pligte as hoof-uitvoerende beampte te delegeer, bly hulle volgens subartikel (2) verantwoordelik en aanspreeklik vir wat in die skoolwerkwinkel gebeur. Subartikel (1) verwag dat die departementshoof moet toesien dat, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die pligte van die Departement van Onderwys soos dit deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis word, uitgevoer word. In subartikel (3) onthef die bepalings van subartikel (1) nie die Departement van Onderwys, behalwe vir die uitsonderings soos vervat in die bepalings van artikel 37, van enige verantwoordelikheid of aanspreeklikheid kragtens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie. Hierdie bepalings sal later in die hoofstuk verder bespreek word (vgl. par.2.3.2.5 xii).

vii **Gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers**

Die bepalings van wanneer en hoeveel gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aangestel moet word deur die verantwoordelike instansie/s word vervolgens bespreek. Artikel 17 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* omskryf die aspek duidelik (vgl. bylae D, par. 1.7, p 314).

Artikel 17 (1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat daar gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aangestel word deur die werkgewer indien

daar meer as twintig werknemers by enige werkplek in diens is (RSA, 1993/85). Die algemene persepsie is dat die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers verantwoordelik is vir beroepsgesondheid en veiligheid in die werkplek. Beroepsgesondheid en veiligheid bly die werkgewer se verantwoordelikheid. Die gedagte is eerder dat die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger die werkgewer en werknemers se inligtingsbron aangaande beroepsgesondheid en veiligheid is. Die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger moet dus eerder optree as die werkgewer se **waghond** aangaande beroepsgesondheid en veiligheid (Darlow & Louw, 1997:19).

Artikel 17 (5) skryf die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir 'n werkplek voor. In die geval van winkels en kantore moet daar ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 100 werknemers of gedeelte daarvan wees. In die geval van alle ander werkplekke soos werkwinkels moet daar ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 50 werknemers of gedeelte daarvan wees (RSA, 1993/85).

Artikel 17 (1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat daar gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aangestel word deur die verantwoordelike instansie/s indien meer as twintig leerders in die skoolwerkwinkel onderrig ontvang. Indien die leerders in die skoolwerkwinkel nie as werknemers geag word nie, ontstaan die dilemma dat in baie moderne skole, volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, dit nie nodig sal wees om gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aan te stel nie. So 'n situasie sal nie 'n gesonde praktyk in die skoolwerkwinkel tot gevolg hê nie omdat niemand as die **waghond** aangaande beroepsgesondheid-en-veiligheidsaangeleenthede sal optree nie.

Artikel 17 (5) skryf die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir 'n skool voor. In die geval van die gewone klaskamers en kantore van die skool moet daar ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 100 opvoeders, ander personeel en/of leerders, of gedeelte daarvan wees. Op alle ander terreine soos in die geval van die skoolwerkwinkels, moet daar ten minste een gesondheid-en-

veiligheidsverteenwoordiger vir elke 50 werkwinkelopvoeders en/of leerders of gedeelte daarvan wees (RSA, 1993/85).

viii **Werkzaamhede van gezondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers**

Vervolgens word die werkzaamhede van die gezondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers soos dit in artikel 18 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gevind word, bespreek (vgl. bylae D, par. 1.8, p 315).

Artikel 18 omskryf die pligte van die gezondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers. Alhoewel artikel 18 die werkzaamhede van die gezondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers omskryf, is dit duidelik dat hierdie artikel nie afdwingbaar is op die verteenwoordigers nie aangesien die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* in hierdie artikel die woord **kan** gebruik, wat impliseer dat die veiligheidsverteenwoordiger dit kan doen, maar nie verplig om dit te doen nie (Darlow & Louw, 1997:21).

Die pligte van die gezondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger soos uiteengesit in artikel 18(1) is om:

- die gezondheid-en-veiligheidsmaatreëls met gereelde ooreengekome tussenposes na te gaan,
- enige moontlike gezondheid-en-veiligheidsrisiko's te identifiseer en te rapporteer aan die gezondheid-en-veiligheidskomitee, werkgewer en/of indien nodig aan die inspekteur,
- die oorsake van voorvalle in samewerking met die werkgewer te ondersoek en klagtes van werknemers aangaande hul gezondheid en veiligheid te ondersoek,
- inspekteurs te vergesel op inspeksies en om deel te neem aan besprekings aangaande gezondheid-en-veiligheids situasies met die inspekteur,
- inligting van die inspekteur te ontvang en

- vergaderings van die gesondheid-en-veiligheidskomitee by te woon (RSA, 1993/85).

Die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger is volgens artikel 18(2) geregtig daarop om:

- 'n inspeksie of formele ondersoek van 'n voorval by te woon of om die terrein van die voorval te besoek,
- dokumente wat die werkgewer volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* moet byhou te inspekteer en
- deel te neem aan enige interne gesondheids- en veiligheidsoudit (RSA, 1993/85).

Artikel 18(3) vereis dat werkgewers alles in hulle vermoëns (voorsiening van finansies en fisiese fasiliteite) moet doen om toe te sien dat gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers die opleiding kry wat nodig is om hulle pligte na behore uit te voer (RSA, 1993/85).

Gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers kan volgens artikel 18(4) nie siviele aanspreeklikheid opdoen wat voortspruit uit die feit dat hulle versuim het om hulle pligte as gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger uit te voer nie (RSA, 1993/85).

In die skoolsituasie sal dit raadsaam wees om gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aan te stel uit die geledere van die werkwinkelopvoeder/s en/of leerders wat in die skoolwerkwinkel onderrig ontvang. Alhoewel dit nie deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis word nie, sou dit raadsaam wees om vir elke skoolwerkwinkel 'n afsonderlike gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger aan te stel.

Oor die algemeen is die pligte van die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoorder op die skoolsituasie van toepassing soos dit in artikel 18 uiteengesit is. Die volgende pligte van die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger verg verdere omskrywing:

- moontlike gesondheids- en veiligheidsrisiko's wat geïdentifiseer is, word

- aan die gesondheids- en-veiligheidskomitee en die verantwoordelike instansie/s gerapporteer,
- die oorsake van voorvalle word in samewerking met die verantwoordelike instansie/s ondersoek,
 - die klagtes van die skoolhoof, werkwinkelopvoeder en/of die leerders in die skoolwerkwinkel aangaande hul gesondheid en veiligheid word ondersoek.

ix **Gesondheid-en-veiligheidskomitees**

Die bepalings oor wanneer daar gesondheid-en-veiligheidskomitees deur die verantwoordelike instansie/s ingestel moet word, word vervolgens aan die hand van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* volledig bespreek (vgl. bylae D, par. 1.9, p 316).

Wanneer daar twee of meer gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers in 'n skool is, is die verantwoordelike instansie/s verplig om 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee daar te stel. Die doel van die gesondheid-en-veiligheidskomitees is om die veiligheid van die werkwinkelopvoeders en/of leerders te verseker deur die instelling, hersiening, ontwikkeling, bevordering en instandhouding van veiligheidsmaatreëls. Die verantwoordelike instansie/s kan self bepaal uit hoeveel lede die gesondheid-en-veiligheidskomitees moet bestaan en vir watter tydperk die lede in die komitee sal dien. Al die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers van 'n skool moet lede van die gesondheid-en-veiligheidskomitee wees (RSA, 1993/85).

Alhoewel die verantwoordelike instansie/s bykomende lede tot die gesondheid-en-veiligheidskomitee mag benoem, mag die aantal lede wat deur die verantwoordelike instansie/s benoem word nie die getal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers oorskry nie. Die lede wat deur die verantwoordelike instansie/s tot die gesondheid-en-veiligheidskomitee benoem word, moet skriftelik deur die verantwoordelike instansie/s aangewys word vir 'n tydperk wat deur die verantwoordelike instansie/s bepaal kan word. Die gesondheid-en-veiligheidskomitee vergader so dikwels as wat dit nodig mag

wees, maar hulle moet minstens een maal elke drie maande vergader volgens 'n bepaalde tyd en plek wat deur die gesondheid-en-veiligheidskomitee bepaal word. Die inspekteur mag 'n vergadering van die gesondheid-en-veiligheidskomitee skriftelik gelas op 'n plek en tyd wat deur die inspekteur bepaal word. Indien meer as tien persent van die werkwinkelopvoeders en/of leerders van 'n skool 'n skriftelike versoek aan die inspekteur rig om 'n vergadering van die gesondheid-en-veiligheidskomitee te belê, kan hy ook so 'n vergadering skriftelik gelas (RSA, 1993/85).

Die vergaderingprosedures van 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee word deur die komitee self bepaal. 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee kan een of meer persone (lede van die beheerliggaam, persone uit die gemeenskap, ens.) vanweë hulle besondere deskundigheid as 'n raadgewende lid of lede van die gesondheid-en-veiligheidskomitee benoem. Hierdie raadgewende lede het egter nie stemreg op die komitee nie. Indien die inspekteur van mening is dat die aantal gesondheid-en-veiligheidskomitees wat vir 'n skool ingestel is, onvoldoende is, kan die inspekteur bepaal hoeveel gesondheid-en-veiligheidskomitees vir daardie skool voldoende sal wees. Die verantwoordelike instansie/s word dan skriftelik dienooreenkomstig ingelig en gelas om die tekort aan gesondheid-en-veiligheidskomitees reg te stel (RSA, 1993/85).

x **Wersaamhede van gesondheid-en-veiligheidskomitees**

Die wersaamhede van die gesondheid-en-veiligheidskomitees soos dit in artikel 20 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* uiteengesit is, word vervolgens bespreek (vgl. bylae D, par. 1.10, p 318).

In hierdie artikel is dit belangrik om te onderskei tussen die funksies wat die gesondheid-en-veiligheidskomitee **moet** verrig en die wat die gesondheid-en-veiligheidskomitee **kan** verrig (Darlow & Louw, 1997:23).

Funksies wat volgens Darlow & Louw deur die gesondheid-en-veiligheidskomitee van 'n skool verrig **moet** word, is die volgende (1997:23):

- insidente, waarin 'n leerder/s en/of werkwinkelopvoeder/s beseer is, siek geword het of gesterf het, bespreek (artikel 20(1)(b));
- ander werksaamhede verrig soos voorgeskryf (artikel 20(1)(c)). Hierdie werksaamhede word in die *Algemene Administratiewe Regulasies* beskryf. Hierdie regulasies sal later in die hoofstuk volledig bespreek word. (vgl. par. 2.3.3.5).
- rekord hou van enige aanbevelings wat aan die verantwoordelike instansie/s gemaak is en van enige verslae wat aan die inspekteur gestuur is (artikel 20(2)).

Die gesondheid-en-veiligheidskomitee **kan** die volgende funksies verrig (Darlow & Louw, 1997:23):

- aanbevelings maak aan die verantwoordelike instansie/s, of aan die inspekteur indien daar nie tot 'n vergelyk met die verantwoordelike instansie/s gekom kan word oor aanbevelings wat gemaak is nie (artikel 20(1)(a)) en
- skriftelik verslag doen aan die inspekteur nadat 'n insident (soos uiteengesit in die vorige paragraaf) bespreek is (artikel 20(1)(b)).

'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee van 'n skool of enige lid van so 'n komitee kan geen siviele aanspreeklikheid opdoen **slegs** omdat hy/sy nagelaat het om iets te doen wat hy/sy volgens die vereistes van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* **kon** of **moes** doen nie (RSA, 1993/85). Om siviele aanspreeklikheid op te doen, moes die gesondheid-en-veiligheidskomitee van 'n skool, of 'n lid van die komitee bykomend tot die versuim om sy/haar plig volgens die vereistes van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* te doen, ook 'n gemeenregtelike of 'n ander statutêre oortreding begaan het.

Die verantwoordelike instansie/s is verplig om toe te sien dat 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee van 'n skool en/of 'n lid van die komitee aan die vereistes van artikels 19(4), 20(1) en (2) voldoen (RSA, 1993/85).

Artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* meld die wetlike voorskrifte ten opsigte van voorvalle wat by die inspekteur aangemeld moet word. Dit word vervolgens bespreek (vgl. bylae D, par. 1.11, p 318).

Elke voorval wat in die skoolwerkwinkel plaasvind (wat verband hou met die bedrywighede van die werkwinkelopvoeders en leerders se werk en/of opleiding of met die gebruik van toerusting in die skoolwerkwinkel) en wat veroorsaak dat 'n werkwinkelopvoeder of leerder sterf, bewusteloos raak, 'n ledemaat of gedeelte van 'n ledemaat verloor, waarskynlik sal sterf, of vir 'n tydperk van veertien dae nie met sy/haar normale take om te onderrig (ten opsigte van die werkwinkelopvoeder) kan voortgaan nie, en ten opsigte van die leerder nie onderrig kan ontvang nie, moet by die inspekteur aangemeld word (RSA, 1993/85). Indien dit nie redelik is vir die werkgewer om onmiddellik te bepaal of iemand ná 'n voorval in die werkplek gaan sterf of vir veertien dae nie met sy/haar normale pligte sal kan voortgaan nie, moet die werkgewer die nodige stappe neem soos bepaal deur die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* sodra hy/sy bewus word van die situasie (Darlow & Louw, 1997:25). Genoemde regulasies sal later in die hoofstuk volledig bespreek word (vgl. par. 2.3.3.5 iii). Die aanmelding behels ook voorvalle waar die gesondheid en/of veiligheid van die werkwinkelopvoeder en/of leerder bedreig word, selfs al is niemand in die voorval beseer nie.

Artikel 24(1)(c) verwys nie slegs na werkwinkelopvoeders en/of leerders nie, maar na enige ander persoon (ouer, lid van die beheerliggaam, lid van die gemeenskap, besoeker, ens.) wie se gesondheid en/of veiligheid bedreig word.

Artikel 24(2) vereis verder dat die skoolwerkwinkel ná 'n voorval net so gelaat moet word totdat die inspekteur toestemming verleen om dit op te ruim. Slegs die stappe wat nodig is om verdere voorvalle in die skoolwerkwinkel te voorkom, mag geneem word (RSA, 1993/85).

Dade van versuim (artikel 37 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*) wat deur die werkwinkelopvoeder en/of leerder gepleeg word en wie daarvoor verantwoordelik gehou kan word, word vervolgens bespreek (vgl. bylae D, par. 1.12, p 319).

Vanweë die sorgsame toesighoudingsplig wat werkwinkelopvoeders teenoor die leerders onder hulle sorg het, sal leerders in 'n minder of meerdere mate vrygespreek word van hierdie artikel, afhangende van die leerder se ouderdom en toerekeningsvatbaarheid. Hierdie aspek van die leerder en die werkwinkelopvoeder sal in hoofstuk 3 volledig bespreek word (vgl. par. 3.2.4).

Artikel 37 bepaal dat indien 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder 'n daad sou pleeg of 'n daad van versuim sou pleeg wat ingevolge die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* 'n misdryf is, kan daardie daad of die versuim om die daad te pleeg, gereken word asof die verantwoordelike instansie/s self die daad gepleeg het of versuim het om die daad te pleeg, tensy (RSA, 1993/85):

- die verantwoordelike instansie/s nie die leerder se daad of versuim ooglopend toegelaat het nie;
- die daad of die versuim onder geen omstandighede binne die bestek van die bevoegdheid van die werkwinkelopvoeder en/of die leerder geval het nie en
- die verantwoordelike instansie/s alle redelike stappe geneem het om die daad of die versuim te voorkom.

Die feit dat die daad of versuim deur die verantwoordelike instansie/s verbied is, word op sigself nie aanvaar as voldoende bewys dat die verantwoordelike instansie/s alle redelike stappe gedoen het om die daad of versuim te voorkom nie (RSA, 1993/85).

Subartikel (3) maak daarvoor voorsiening dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder (in sekere gevalle (vgl. 3.2.4)) aangekla en vervolg kan word asof die werkwinkelopvoeder en/of leerder die verantwoordelike instansie/s self is, indien die werkwinkelopvoeder

en/of leerder 'n misdryf gepleeg het ingevolge die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (Darlow & Louw, 1997:34).

Werkwinkelopvoeders as werknemers van die staat kan ingevolge subartikel (4) soos in subartikel (3) as die verantwoordelike instansie/s aangekla en vervolg word as die werkwinkelopvoeder 'n misdryf gepleeg het ingevolge die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (Darlow & Louw, 1997:34).

Beide die verantwoordelike instansie/s en die werkwinkelopvoeder en/of leerder (in sekere gevalle (vgl. par. 3.2.4)) kan ingevolge subartikel (5) vir dieselfde misdryf aangekla, skuldig bevind en gevonniss word (Darlow & Louw, 1997:34).

xiii **Regulasies**

Die omstandighede waaronder regulasies uitgevaardig mag word kragtens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* word vervolgens in artikel 43 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bespreek (vgl. bylae D, par. 1.13, p 320).

Volgens hierdie regulasie kan die minister regulasies uitvaardig rakende enige aangeleentheid wat volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* beter of verder omskryf moet of kan word.

xiv **Sintese**

Soos reeds vroeër gemeld, is die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie daargestel met die uitsluitlike doel om skole met werkinkels te bedien nie. Dit is wel veronderstel om van toepassing op skoolwerkinkels te wees. Met die bespreking het dit duidelik geword dat daar tog leemtes in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bestaan waar dit kom by die toepassing op skole met werkinkels. Met enkele toevoegings en sinvolle wysigings in die toepassing van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* sal dit baie beter van toepassing gemaak kan word op skole met werkinkels.

2.3.3 ONDERGESKIKTE WETGEWING

Ondergeskikte wetgewing word op gesag van en ondergeskik aan die oorspronklike wetgewing uitgevaardig en kan uit regulasies, proklamasies, skoolreëls, omsendbriewe en omsendminute bestaan (Oosthuizen, 1998c:28).

Die enigste ondergeskikte wetgewing wat tans van toepassing gemaak kan word op die skoolwerkwinkel, is die regulasies wat tot die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* toegevoeg is en bykomstig in artikel 43 van die wet gepromulgeer is. Hierdie regulasies sal vervolgens bespreek word.

Die regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

Om die regulasies wat op die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* betrekking het sinvol te bespreek, sal die regulasies wat moontlik betrekking op die skoolwerkwinkel kan hê onder hulle onderskeie opskrifte bespreek word.

Hierdie wet en regulasies maak nie spesifiek voorsiening vir persele wat uitsluitlik gebruik word vir onderrig en opleiding van leerders in primêre, sekondêre of tersiêre onderwysinrigtings nie. Die leerders in die skoolwerkwinkel word voortdurend blootgestel aan masjinerie en gereedskap wat hulle gesondheid en veiligheid kan bedreig indien dit nie behoorlik in stand gehou en gebruik word nie. Verder kom die basiese vereistes wat betrekking het op beroepsgesondheid en -veiligheid grootliks ooreen met die voorsorgmaatreëls wat deur die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie** ('n handleiding aan skoolhoofde van die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement) voorgeskryf was (Els, 1994:19-20). Oosthuizen stel dit duidelik dat die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* van toepassing is op skole wat toegerus is met werkwinkels (1998c:27). Vir die doeleindes van die bespreking van die regulasies van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* kan die leerder wat in die skoolwerkwinkel onderrig ontvang, dus ook as 'n werknemer gereken word terwyl die

werkgewer die Departement van Onderwys, die Beheerliggaam van die skool, die skoolhoof en/of die werkwinkelopvoeder kan wees.

2.3.3.1 **Regulasies met betrekking tot aangedrewe masjinerie**

Hierdie regulasies is oorgeneem uit die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid*. Dit is reeds op 26 Februarie 1988 gepromulgeer en is nog nie gewysig om die nuwe beginsels aan te pas soos dit vervat is in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85).

Die regulasies het betrekking op die veilige werking van masjinerie. Dit is baie spesifiek aangesien dit die veiligheidsmaatreëls van spesifieke masjiene aanspreek terwyl dit nalaat om die veiligheidsmaatreëls van ander masjiene aan te dui. Tog bly dit belangrik om te bepaal wat die oorkoepelende doel van die wetgewer was met die regulasies. Daarom is dit nodig dat die regulasies as 'n geheel gelees moet word sodat dit alle masjinerie in die algemeen sal dek (Darlow & Louw, 1997:111).

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat daar aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen word.

i **Draaiende masjinerie**

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van draaiende masjinerie (regulasie 2) aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.1.1, p 321).

Regulasie 2 dek enige masjiene wat 'n roterende onderdeel het en sluit dus feitlik enige tipe masjiene in (Darlow & Louw, 1997:111). Die hoofvereiste van hierdie regulasie is dat alle roterende gedeeltes van 'n masjiene voldoende afgeskerm of bedek word sodat dit nie bereikbaar is terwyl daar met die masjiene gewerk word nie (RSA, 1993/85). Die regulasie verduidelik in detail hoe en wanneer 'n roterende onderdeel van 'n masjiene afgeskerm moet word. Die tegniese detail is nie werklik relevant vir die doeleindes van hierdie studie nie.

Die skoolwerkwinkel is toegerus met talle masjiene wat aan die vereistes van hierdie regulasie moet voldoen. Voorbeelde van sulke masjiene in die skoolwerkwinkel is draaibanke, kompressors, guillotines, ens. Die roterende gedeeltes van 'n masjien moet voldoende afgeskerm of bedek word sodat dit nie bereikbaar is terwyl 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder met die masjien werk nie (RSA, 1993/85).

ii **Sirkelsae**

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van sirkelsae (regulasie 3) bespreek (vgl. bylae D, par. 2.1.2, p 321).

Onder sirkelsae wat in regulasie 3 aangespreek word, word die kragaangedrewe banksaag, sirkelsaag (wat gebruik word om hout te kloof), kantel- of kanteltafelsaag, hang- of radiaalsaag en die draagbare sirkelsaag se veiligheidsmaatreëls behandel. Dit is belangrik om te besef dat elkeen van hierdie masjiene nie noodwendig 'n afsonderlike masjien is nie, maar dat daar ook kombinasies van hierdie masjiene bestaan waar meer as een van die sae in een masjien gekombineer is. Van die belangrikste veiligheidsmaatreëls wat in regulasie 3 van die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* voorgeskryf word, is die volgende (RSA, 1993/85):

- Subregulasie (2)(a) vereis dat die lem van die sirkelsaag (selfs onder die blad van die saag) behoorlik afgeskerm is. Volgens subregulasie (2)(b) moet die deel van die saaglem bokant die bankblad deur 'n stewige skerm bedek word wat die saag te alle tye tot minstens op die diepte van die tande moet bedek en wat homself outomaties instel op die dikte van, en in aanraking bly met die materiaal wat gesaag word. Indien so 'n skerm onprakties is, moet die bopunt van die saag bedek word met 'n sterk handverstelbare skerm wat gestel moet word sodat dit so laag as moontlik aan die snypunt van die saag ondertoe strek. Verder moet die skerm in die geval van 'n voorsaag die bopunt van die saaglem doeltreffend bedek.
- Subregulasie (3) en (4) vereis dat elke kragaangedrewe sirkelsaag wat gebruik word om hout te kloof, voorsien word van 'n kloofmes wat so na

as moontlik aan die lem aangebring moet word, nie verder as 12 mm nie en in 'n direkte lyn met die saagtande. Indien die saag se lem of blad kan kantel, moet die kloofmes só aangebring word dat dit steeds effektief sal wees.

- Elke masjien wat met die hand gevoer word, moet volgens subregulasie (5) voorsien word van 'n geskikte stootstok en hierdie stootstok moet te alle tye by die saag wees.
- Die hang- of radiaalsaag se lem moet voorsien wees van 'n skerm wat slegs die snygedeelte van die lem blootstel wanneer die saag in werking is. Verder vereis subregulasie (6) dat 'n hang- of radiaalsaag toegerus moet wees met 'n toestel wat sal verseker dat die saag vanself van die snystand af sal wegbeweeg wanneer dit gelos word. Die hang- of radiaalsaag moet ook voorsien wees van 'n toestel wat die stootkrag of neiging van die saag om die hout op te tel en terug te gooi na die werkwinkelopvoeder en/of leerder wanneer die saag gebruik word om hout te kloof, teenwerk.
- Subregulasie (7) spreek die veiligheidsmaatreëls vir draagbare kragaangedrewe sirkelsae aan. Die draagbare kragaangedrewe sirkelsaag moet voorsien wees van 'n vaste skerm aan die bokant van die skuif of skoen wat strek tot minstens die diepte van die tande. Verder moet hierdie masjien voorsien wees van 'n skerm wat die gedeelte van die saaglem onderkant die skuif of skoen outomaties bedek terwyl daar nie met die saag gewerk word nie.

Sirkelsae is van die gevaarlikste masjinerie wat in die skoolwerkwinkel gebruik word. Volgens Darlow & Louw (1997:112) is die sirkelsaag een van die masjiene wat verantwoordelik is vir die meeste ongevale. Ten spyte daarvan dat die regulasie baie duidelik is, word hierdie regulasie gereeld verontagsaam (Darlow & Louw, 1997:112).

iii **Bandsae en bandmesse**

Die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van bandsae en bandmesse word vervolgens in regulasie 4 aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.1.3, p 323).

Hierdie regulasie is selfverklarend en dit vereis in kort dat alle bewegende dele van die bandsaag en bandmes afgeskerm moet wees, behalwe vir die werkende gedeelte van die saag of mes (RSA, 1993/85).

iv **Houtskaafmasjiene**

Die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van houtskaafmasjiene word vervolgens aangespreek (vgl. reg. 5, bylae D, par. 2.1.4, p 323).

Elke skaafmasjien wat vir oorhandse skaafwerk gebruik word, moet voorsien word van 'n silindriese beitelblok indien dit nie meganies gevoer word nie. Die oorhandse skaafmasjien moet ook voorsien wees van 'n brugskerm wat die volle lengte en breedte van die saaggleuf in die bankblad bedek. Hierdie skerm moet maklik in 'n horisontale en vertikale rigting verstel kan word. Die verantwoordelike instansie/s mag ook nie toelaat dat daar 'n stuk hout op die oorhandse skaafmasjien geskaaf word indien die hout korter as 300 mm is en die skaafmasjien nie meganies gevoer word nie. Indien die hout korter as 300 mm is en in 'n veilige houer vasgeklamp word sodat die opvoeder en/of leerder se hande nie naby die lemme kan kom nie, is dit wel toelaatbaar (RSA, 1993/85).

v **Houtlys- en houttapgatmasjiene**

Die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van houtlys- en houttapgatmasjiene word in regulasie 6 van die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.1.5, p 323).

Volgens hierdie regulasie moet daar, afhangende van die tipe werk, gesorg word dat die beitel of ketting van elke houtlys- en of houttapgatmasjien doeltreffend afgeskerm is. Wanneer werk gedoen word waar die beitel van die lysmasjien nie afgesper kan word nie, moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat die werkwinkelopvoeder

en/of leerder gebruik maak van 'n setmaat of houer om die hout in te hou sodat die veilige werking van die masjien verseker word. Indien 'n houer of setmaat nie gebruik kan word nie, moet die masjien voorsien wees van 'n geskikte skerp pen of stootstok en moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder die skerp pen of stootstok gebruik wanneer dit nodig is (RSA, 1993/85).

vi **Skuurmasjiene**

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van skuurmasjiene aangespreek (vgl. regulasie 7, bylae D, par. 2.1.6, p 324).

By 'n tromskuurmasjien vereis die regulasie dat die draaiende trom doeltreffend afgeskerm moet wees. Slegs die gedeelte wat nodig is om die werk te doen, mag oop wees. Verder moet 'n bandskuurmasjien voorsien wees van 'n skerm by die vangpunte waar die skuurband oor sy katrolle loop. 'n Skyfskuurmasjien moet voorsien wees van 'n skerm wat die omtrek sowel as die rug en die gedeelte van die werkvlak wat onder die bankblad is, heeltemal bedek (RSA, 1993/85).

vii **Slypmasjiene**

Die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van slypmasjiene word in regulasie 8 van die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.1.7, p 324).

Hierdie regulasie het slegs betrekking op kragaangedrewe slypmasjiene. Daar word verskeie aangeleenthede in hierdie regulasie aangespreek waarvan die belangrikstes die volgende is (RSA, 1993/85):

- Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat die slypmasjien op 'n opvallende plek gemerk word met die vervaardiger se aanbevole spoed vir die spil in omwentelings per minuut (RSA, 1993/85). Darlow & Louw (1997:116) wys daarop dat die wetgewer die bedoeling het dat die

aanbevole spoed op die slypmasjien aangebring moet word en op geen ander plek nie.

- Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat of vereis dat 'n slypwiel van 'n slypmasjien teen 'n spoed werk wat hoër is as die maksimum spoed wat deur die vervaardiger aanbeveel word nie. Die voorbehoud op subregulasie (2) is dat 'n slypwiel met 'n diameter wat groter as 100 mm is, slegs gebruik mag word indien die aanbevole werkspoed vir die slypwiel duidelik daarop aangebring is (RSA, 1993/85).
- Dit is verder die verantwoordelike instansie/s se plig om toe te sien dat die slypwiel van die slypmasjien konsentries op die spil gemonteer word deur middel van metaalfense met ringvormige omtrekdraagvlakke en 'n toereikende breedte wat op die wiel druk. Daar moet ook 'n laag saampersbare materiaal tussen die fense en die wiel wees. Die voorbehoud in subregulasie (3) sal onder normale omstandighede nie op die skoolwerkwinkel van toepassing wees nie en daarom gaan dit nie bespreek word nie (RSA, 1993/85).
- Subregulasie (4) vereis dat die verantwoordelike instansie/s, met die inagneming van die tipe werk wat daar op die slypmasjien gedoen word, moet toesien dat alle slypmasjiene toegerus is met 'n sterk skerm wat sover as moontlik die slypwiel insluit. Die skerm moet sterk genoeg wees om die trefkrag van die wiel, indien dit sou breek, te weerstaan (RSA, 1993/85). Darlow & Louw (1997:117) wys daarop dat die verantwoordelike instansie/s nie te alle tye die versekering kan gee van watter tipe werk op die slypmasjien gedoen word nie. Daarom word aanbeveel dat die skerm te alle tye op die slypmasjien gemonteer moet wees.
- Elke slypmasjien waar die werkstuk met die hand vasgehou word, moet voorsien wees van 'n sterk verstelbare werkrus wat stewig vasgesit is en gestel moet wees sodat dit nie verder as 3 mm van die slypbak af is nie (RSA, 1993/85).
- Elke slypmasjien moet toegerus wees met 'n sterk deursigtige skerm wat so gestel is dat dit die werkwinkelopvoeder en/of leerder se oë sal

beskerm wanneer die persoon met die slypmasjien werk. Hierdie skerm mag weggelaat word indien elke werkwinkelopvoeder en/of leerder persoonlik uitgereik is met geskikte oogbeskerming en die werkwinkelopvoeder en/of leerder verplig word om dit te dra wanneer hy/sy met die slypmasjien werk (RSA, 1993/85).

- Daar moet 'n kennisgewing op 'n opvallende plek by elke slypmasjien wees wat werkwinkelopvoeders en/of leerders belet om slypwerk te doen, of daarna te kyk indien die werkwinkelopvoeder en/of leerder nie gebruik maak van geskikte oogbeskerming nie (RSA, 1993/85).

viii **Skêre, valmesse en perse**

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte na aanleiding van regulasie 9 van die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* van skêre, valmesse en perse aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.1.8, p 325).

Die belangrikste bepaling van hierdie regulasie, wat ook van toepassing op die skoolwerkwinkel is, is dat 'n skêr, valmes en/of pers waarvan die werkpunt groter as 10 mm is, toegerus moet wees met 'n skerm wat verhoed dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder of enige omstander sy/haar vingers by die werkpunt kan kry wanneer die masjien met sy werkslag besig is. Aangesien die meeste skoolwerkwinkels met skêre, valmesse en/of perse, waarvan die werkpunt kleiner as 10 mm is, toegerus is, sal subregulasie (1) nie betrekking hê op die skoolwerkwinkel nie. Indien daar wel skoolwerkwinkels is wat toegerus is met 'n skêr, valmes en/of pers waarvan die werkpunt groter as 10 mm is, skryf subregulasie (1) (a) tot (e) die verskillende skerms voor wat gebruik mag word.

Subregulasie (3) vereis dat elke handtoevoerskêr, -valmes of -pers met 'n volomwentelingskoppelaar van 'n teenherhalingsapparaat voorsien moet wees (RSA, 1993/85).

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van hystoestelle en hystakel aangespreek. Regulasie 18 van die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* hou die voorskrifte voor om die maksimum gesondheid en veiligheid te bewerkstellig (vgl. bylae D, par. 2.1.9, p 326).

Hierdie is 'n omvattende regulasie. Aangesien daar in die skoolwerkwinkel hoofsaaklik gebruik gemaak word van 'n hystoestel wat staties is en wat hoogstens motors oplig, gaan die regulasie nie in detail bespreek word nie. Die verantwoordelike instansie/s mag onder geen omstandighede 'n hystoestel gebruik wat nie ontwerp en vervaardig is volgens 'n algemeen aanvaarde tegniese standaard nie. Hierdie tegniese standaard word nie voorgeskryf nie. Die hyser moet opvallend en duidelik gemerk wees met die maksimum massalas waarvoor die hyser ontwerp is. Daar moet te alle tye ten minste drie volle draaie tou op die drom wees wanneer die hyser tot op sy laaste perk beweeg het. Die verantwoordelike instansie/s moet elke kragaangedrewe hyser van 'n rem voorsien wat in staat is om die maksimum massalas te hou indien daar 'n kragonderbreking sou ontstaan. Die hyser moet 'n beperkende toestel hê wat dit outomaties sal stuit wanneer die hyser sy maksimum hoogte bereik. Elke ketting of tou wat deel van die hyser is, moet voldoen aan die veiligheidsfaktor soos voorgeskryf deur die standaard waarvolgens die hyser vervaardig is.

Subregulasie (5) vereis dat die verantwoordelike instansie/s moet sorg dat die hyser en alle werkende dele van die toestel deeglik ondersoek word en aan 'n prestasietoets, soos voorgeskryf by die standaard waarvolgens die hyser vervaardig is, voldoen. Hierdie toets moet uitgevoer word deur 'n persoon wat kennis dra van en ondervinding het in die oprigting en instandhouding van die betrokke soort hyser. Hierdie persoon moet verder die diensbaarheid van die strukture, toue, masjinerie en veiligheidstoestelle nagaan voordat dit in gebruik geneem word of elke keer wanneer die toestel verskuif word en daarna minstens elke 12 maande. Verder moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat alle toue, kettings, hake of ander aanhegtoestelle, katrolwiele, remme en veiligheidstoestelle wat deel is van die hyser elke ses maande deeglik ondersoek word deur bogenoemde persoon. Daar moet 'n register (wat op die perseel

beskikbaar is) vir elke hyser aangelê word waarin die volle besonderhede van alle prestasietoetse, ondersoeke, veranderings en/of herstelwerk aan die hyser aangeteken word. Hierdie register moet op aanvraag aan die inspekteur beskikbaar wees (RSA, 1993/85).

x **Sintese**

Die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* spreek die veiligheidsmaatreëls en veiligheidstoestelle van potensieel uiters gevaarlike masjinerie aan. Indien hierdie voorskrifte verontagsaam word, kan dit noodlottige ongelukke tot gevolg hê. Dit is daarom noodsaaklik dat elke werkwinkelopvoeder goed op hoogte is met die vereistes wat hierdie regulasies stel.

2.3.3.2 **Elektriese installasieregulasies**

Hierdie regulasies is ook oorgeneem uit die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid*. Dit is op 23 Oktober 1992 gepromulgeer en nog nie gewysig om die nuwe beginsels aan te pas soos dit vervat is in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85).

i **Verantwoordelikheid vir elektriese installasies**

Die verantwoordelikheid vir elektriese installasies soos dit in regulasie 2 van die *Elektriese installasieregulasies* vervat is, word vervolgens aangedui (vgl. bylae D, par. 2.2.1, p 328).

Die regulasie bepaal dat die verantwoordelike instansie/s verantwoordelik is vir die veiligheid, veilige gebruik en instandhouding van 'n elektriese installasie. Verder is die verantwoordelike instansie/s verantwoordelik vir die veiligheid van die geleiers wat die installasie met die voorsieningspunt verbind in die gevalle waar die voorsieningspunt nie die beheerpunt is nie (RSA, 1993/85). Volgens Darlow & Louw (1997:227) is dit die

bedoeling van die wetgewer om die verantwoordelikheid vir die veiligheid, veilige gebruik en die instandhouding van 'n elektriese installasie op die eienaar van die installasie te plaas. Hieruit blyk dit dat die Departement van Onderwys, wat die eienaar van die meeste skole is, en dat die skoolhoof, die beheerliggaam van 'n skool en/of die werkwinkelopvoeder, verantwoordelik is vir die veiligheid en veilige gebruik van die elektriese installasie van 'n skool en skoolwerkwinkel en om enige gebreke onverwyld by die Departement van Onderwys aan te meld, sodat instandhouding op elektriese installasies gedoen kan word.

ii **Sintese**

Aangesien die meeste van hierdie regulasies uitsluitlik te doen het met die elektriese installasie self en die werkwinkelopvoeder weinig daarmee te doen het, is net die regulasie wat regstreeks op die werkwinkelopvoeder van toepassing is, bespreek.

2.3.3.3 **Regulasies van toepassing op elektriese masjinerie**

Hierdie regulasies is oorgeneem uit die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, no. 6 van 1963*. Dit is op 12 Augustus 1968 gepromulgeer en is nog nie gewysig om die nuwe beginsels aan te pas soos dit vervat is in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85).

i **Verplaasbare elektriese gereedskap**

Die gesondheid-en-veiligheidsaspekte rakende elektriese gereedskap word vervolgens aangespreek (vgl. reg. 9, bylae D, par. 2.3.1, p 329).

Die verantwoordelike instansie/s mag volgens hierdie regulasie geen verplaasbare elektriese gereedskap waarvan die werkspanning hoër as 50 volt is, gebruik nie of toelaat dat dit gebruik word indien dit nie gekoppel is aan 'n elektriese energiebron wat toegerus is met 'n beskermingstoestel teen aardlekkasie nie, of wat nie aan die

vereistes en veiligheidstandaard voldoen nie (RSA, 1993/85). Hoewel hierdie veiligheidstandaard aan die vereistes, soos neergelê deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, standaardspesifikasie SABS 767: Kernbalans aardlekkasie-beskermingseenhede moet voldoen (Darlow & Louw, 1997:136), is die regulasie verouderd aangesien elke elektriese installasie voorsien moet wees van 'n aardlekklink (Kruger, 1997:95).

Subregulasie (3) vereis dat elke draagbare elektriese gereedskapstuk toegerus moet wees met 'n werkende skakelaar wat dit moontlik maak om die gereedskapstuk maklik aan en af te skakel.

Laastens vereis die wetgewer in subregulasie (4) dat die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat elke draagbare elektriese gereedskapstuk saam met sy buigsame koord en prop in 'n diensbare toestand gehou word (RSA, 1993/85).

ii **Draagbare elektriese ligte**

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte rakende draagbare elektriese ligte aangespreek (vgl. reg. 10, bylae D, par. 2.3.2, p 329).

'n Draagbare elektriese lig wat werkspanning van 50 volt oorskry, mag slegs gebruik word indien (RSA, 1993/85):

- dit voorsien is van 'n stewige handvatstel wat gemaak is van nie-higroskopiese, nie-geleidende materiaal;
- alle lewendige metaaldele en dele wat lewendig kan word indien daar 'n defekte stroombaan ontstaan, heeltemal teen onopsetlike aanraking beskerm is;
- dit voorsien is van 'n stewige skerm wat aan die handvatstel vasgesit is wat die lamp beskerm;
- die kabel ruwe gebruik kan weerstaan.

Dit sal die plig van die verantwoordelike instansie/s wees om toe te sien dat opvoeders en/of leerders gehoor gee aan hierdie regulasie.

iii **Sintese**

Slegs die regulasies wat regstreeks op die werkwinkelopvoeder van toepassing is, is bespreek aangesien die meeste van hierdie regulasies uitsluitlik met die elektriese installasie self te doen het en die werkwinkelopvoeder weinig daarmee te doen het.

2.3.3.4 **Omgewingsregulasies vir werkplekke**

Hierdie regulasies is oorgeneem uit die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid*. Dit is op 16 Oktober 1987 gepromulgeer en is nog nie gewysig om die nuwe beginsels aan te pas soos dit vervat is in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85).

i **Verligting**

Vervolgens word die minimum vereistes van verligting aangespreek (vgl. reg. 3, bylae D, par. 2.4.1, p 330).

Die belangrikste aspekte wat deur hierdie regulasie aangespreek word, is die volgende (RSA, 1993/85):

- Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat die werkplek verlig word ooreenkomstig die illuminasiewaardes soos gespesifiseer in die bylae tot hierdie regulasies;
- die ligte en lampe van die werkplek moet skoongehou en onmiddellik vervang of herstel word indien dit onklaar raak.

ii **Vensters**

Die minimumvereistes van vensters word in die volgende uiteensetting aangespreek (vgl. reg. 4, bylae D, par. 2.4.2, p 331).

In die tegnologiese era waarin ons leef, sal dit baie moeilik wees om hierdie regulasie stiptelik toe te pas. Dit kom basies daarop neer dat die afwesigheid of teenwoordigheid van 'n venster nie noodwendig 'n risiko vir 'n persoon se gesondheid en veiligheid sal inhou nie. Die verantwoordelike instansie/s moet dus bepaal of die afwesigheid of teenwoordigheid van 'n venster 'n gesondheids- en/of veiligheidsrisiko inhou vir die werknemers en dan die nodige stappe neem (Darlow & Louw, 1997:95).

Wanneer 'n venster só geplaas is dat daar direkte sonlig in die skoolwerkwinkel kom wat 'n bedreiging vir die veiligheid van die opvoeder en/of leerders kan inhou, moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat die werkplek afgeskerm word om die binnedringing te voorkom. Sover as wat dit prakties uitvoerbaar is, moet die visuele kontak na buite behou word (RSA, 1993/85).

iii **Huishouding**

Die minimum vereistes vir goeie huishouding word vervolgens aangespreek (vgl. reg. 6, bylae D, par. 2.4.3, p 331).

Hierdie regulasie beklemtoon wat reeds in artikel 8 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aangespreek is. Die verantwoordelike instansie/s moet 'n duidelike beleid hê aangaande die bepaalde huishouding. Hierdie regulasie raak verder voorskriftelik aangaande die effektiewe minimum vloeroppervlakte wat beskikbaar moet wees vir elke opvoeder en/of leerder in die skoolwerkwinkel, naamlik 2,25 vierkante meter (Darlow & Louw, 1997:96). Die verantwoordelike instansie/s moet 'n besluit neem ten opsigte van bogenoemde met inagneming van die konsep van selfregulering om te bepaal watter toepassings werklik nodig is om sodoende die bepalings van hierdie regulasie na te kom (Darlow & Louw, 1997:96). Dit beteken dat daar nie nougeset by die 2,25 vierkante meter effektiewe vloeroppervlakte gehou moet word nie. Daar word ook gekyk na die beheer, toesig en huishouding indien daar nie by die 2,25 vierkante meter gehou kan word nie. Met ander woorde, die risiko moet aangespreek word en die definisie van *redelike uitvoerbaarheid* sal in die gevalle toegepas word waar daar nie by die 2,25 vierkante meter gehou kan word nie. Dit beteken dat daar in sekere gevalle selfs meer as 2,25 vierkante meter vloeroppervlak vir elke opvoeder en/of leerder moet wees.

Die skoolwerkwinkel moet skoon, ordelik, vry van materiale en gereedskap gehou word. Alle vloere, loopweë, gange, trappe en deurlope moet in 'n goeie toestand, vry van obstrukties, glyvry en vry van afvalmateriaal gehou word (RSA, 1993/85).

Die dak en mure van die skoolwerkwinkel moet deeglik onderhou word sodat dit stewig en lekvry sal wees (RSA, 1993/85).

Subregulasie (2)(f) vereis dat alle openinge in vloere, luike, trappe en oop kante van vloere of geboue waardeur of waarvandaan enige iemand kan val, bedek of omhein moet word met relings of skerms om die veiligheid van die opvoeders en/of leerders te verseker. Hierdie versperrings kan weggeneem word vir die tydperk wat dit nodig is vir opvoeders en/of leerders om toegang tot 'n spesifieke plek te kry (RSA, 1993/85).

iv Geraas en gehoorbehoud

Vervolgens word die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte vir geraas en gehoorbehoud aangespreek (vgl. reg. 7, bylae D, par. 2.4.4, p 332).

Hierdie regulasie is van toepassing op dié skoolwerkwinkels waar die geraasvlak 85 dB(A) of hoër is (RSA, 1993/85). Goeie voorbeelde van skoolwerkwinkels waar die geraasvlakke van tyd tot tyd hoër as 85dB(A) kan wees, is sweis- en metaalbewerkingwerkwinkels.

Die regulasie bepaal dat die verantwoordelike instansie/s geensins mag toelaat dat enige opvoeder en/of leerder in 'n omgewing werk of opgelei word waar die geraasvlak 85 dB(A) of hoër is nie (RSA, 1993/85).

Indien die geraasvlak 85 dB(A) of hoër is, is dit verpligtend om die geraasvlak te verminder deur akoestiese isolering tot 'n vlak wat minder as 85 dB(A) is, indien dit redelikerwys uitvoerbaar is. Indien dit nie uitvoerbaar is om die geraasvlak te verminder nie, moet gepoog word om die geraasvlak so laag as moontlik te verminder en die

geraassones af te baken. Daar moet by al die in- en uitgange kennisgewings aangebring word wat opvoeders, leerders, en/of besoekers waarsku teen die geraassones in die betrokke skoolwerkwinkel. Alle opvoeders, leerders en/of besoekers moet verbied word om die skoolwerkwinkel binne te gaan wanneer die werk/opleiding se geraasvlakke so hoog is. Toegang mag slegs deur die opvoeders, leerders en/of besoekers aan die skoolwerkwinkel verkry word indien hulle gehoorbeskermers dra wat kosteloos verskaf word. Elke opvoeder, leerder en/of besoeker aan die betrokke skoolwerkwinkel moet van persoonlike gehoorbeskermers voorsien word sodat daar nie besmetlike of aansteeklike siektes versprei kan word nie. Die persone van wie daar vereis word om gehoorbeskermers te dra, moet behoorlik opgelei word in die gebruik daarvan (RSA, 1993/85).

Opvoeders en/of leerders van wie daar verwag word om in die betrokke werkwinkel te werk of opleiding te ontvang, moet deur die verantwoordelike instansie/s onderwerp word aan oudiometriese toetse soos voorgeskryf deur artikel 7 van SABS 083 en dit moet uitgevoer word deur 'n oudiometris wat deur die hoofinspekteur goedgekeur is. Daar moet deeglik rekord gehou word van die resultate van die oudiometriese toetse. Elke oudiometriese toets en die rekords moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n inspekteur indien hy dit vereis. Al hierdie rekords moet vir 'n minimumtydperk van 30 jaar na die beëindiging van die diens van die opvoeder, of nadat die leerder die skool verlaat het, gehou word (RSA, 1993/85).

Om te voldoen aan die bepalings van subregulasie (4)(a), moet die verantwoordelike instansie/s die dienste bekom van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid of 'n personeellid van die beheerinstansie/s wie se vermoë geverifieer is deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid, om te verseker dat die geraassone in die betrokke skoolwerkwinkel ooreenstem met wat in artikel 4 van SABS 083 bepaal word (RSA, 1993/85).

v Voorsorg teen brand en uitgangsmiddele

Die vereistes vir voorsorg teen brand en uitgangsfasiliteite soos dit in regulasie 9 van

die *Omgewingsregulasie vir werkplekke* bespreek is, word vervolgens aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.4.5, p 334).

Om toe te sien dat 'n skoolwerkwinkel so spoedig moontlik ontruim kan word in die geval van 'n brand, moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat elke nooddeur onbelemmerd gehou word en dit moet maklik van binne af oopgemaak kan word. In samewerking met die brandweerhoof moet daar bepaal word hoeveel en watter brandbestrydingstoerusting daar in elke skoolwerkwinkel moet wees. Hierdie toerusting moet te alle tye in goeie werkende toestand gehou word (RSA, 1993/85).

vi **Sintese**

Alhoewel hierdie regulasies ook betrekking het op die gebou (waaraan die werkwinkelopvoeder weinig kan doen) moet daar tog kennis geneem word dat die regulasies ook 'n uitwerking kan hê op die aantal leerders wat in 'n spesifieke werkwinkel geakkommodeer kan word. Daar word ook van werkwinkelopvoeders verwag om te sorg dat hulle werkinkels te alle tye skoon en netjies is sodat leerders nie aan onnodige gesondheids-en-veiligheidsrisiko's blootgestel word nie.

2.3.3.5 **Algemene administratiewe regulasies**

Hierdie regulasies is op 6 September 1996 kragtens artikel 43 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gepromulgeer (RSA, 1993/85).

i **Kopie van die Wet**

Die vereistes ten opsigte van 'n kopie van die Wet word in regulasie 3 van die *Algemene Administratiewe Regulasies* bespreek (vgl. bylae D, par. 2.5.1, p 335).

Die verantwoordelike instansie/s van elke skool met meer as 20 werkwinkelopvoeders en/of leerders wat in die skoolwerkwinkel onderrig of onderrig ontvang, moet 'n kopie

van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die relevante regulasies by die skool/skoolwerkwinkel beskikbaar hê (RSA, 1993/85).

ii **Effektiewe beheer en bestuur van gesondheid- en -veiligheidskomitees**

Vervolgens word die vereistes waaraan voldoen moet word vir die effektiewe beheer en bestuur van 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee aangespreek (vgl reg. 4, bylae D, par. 2.5.2, p 335).

Hierdie regulasie spreek die administrasie rondom die gesondheid-en-veiligheidskomitee aan en vereis dat die verantwoordelike instansie/s sal sorg dat (Darlow en Louw, 1997:165):

- daar 'n geskikte plek beskikbaar gestel word vir vergaderings van die komitee;
- die komiteevergaderings behoorlik genotuleer word soos in artikel 20(2) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis word, en
- die notules vir minstens drie jaar bewaar word.

iii **Aanmelding van voorvalle en beroepsongesteldheid**

Die vereistes rondom die aanmelding van voorvalle en/of beroepsongesteldheid soos uiteengesit in regulasie 6 van die *Algemene Adminstratiewe Regulasies*, word vervolgens bespreek (vgl. bylae D, par. 2.5.3, p 335).

Hierdie regulasie verwys na die wyse waarop en by wie 'n voorval, waarna in artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* verwys word, aangemeld moet word. Die belangrikste aspekte in hierdie regulasie, soos van toepassing op die verantwoordelike instansie/s, is dat (RSA, 1993/85):

- enige voorval soos voorgeskryf in artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* binne sewe dae deur die verantwoordelike instansie/s aangemeld moet word;
- die voorgeskrewe vorms (WCL 1 in die geval van 'n beroepsiekte en WCL 2 in die geval van 'n beroepsbesering) gebruik moet word;

- die voorval deur die verantwoordelike instansie/s by die vergoedingskommissaris en by die provinsiale direkteur van arbeid aangemeld moet word;
- indien die werkwinkelopvoeder en/of leerder as gevolg van 'n voorval soos 'n ongeluk in die skoolwerkwinkel beswyk, bewusteloos raak, 'n ledemaat of gedeelte van 'n ledemaat verloor, of andersins só beseer of siek word dat daar 'n sterk moontlikheid is dat hy/sy permanente skade sal oorhou, of enige ander voorval soos voorgeskryf deur artikel 24(1)(b) en (c) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, moet die voorval ook deur die verantwoordelike instansie/s aan die provinsiale direkteur per telefoon, faksimilee of enige soortgelyke wyse van kommunikasie gerapporteer word; en
- wanneer 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder beswyk as gevolg van die voorval nadat die voorval aangemeld is, moet die verantwoordelike instansie/s die provinsiale direkteur van die werkwinkelopvoeder en/of leerder se dood in kennis stel.

iv **Registerhouding en ondersoek na voorvalle**

Vervolgens word die vereistes rondom registerhouding en die ondersoek van voorvalle bespreek (vgl reg. 8, bylae D, par. 2.5.4, p 336).

Volgens hierdie regulasie moet die verantwoordelike instansie/s behoorlik register hou van voorvalle soos voorgeskryf deur artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en voorvalle waarvoor daar mediese sorg anders as noodhulp nodig was. Die voorval moet deeglik ondersoek word en op bylaag 2 van die stel regulasies gerapporteer word deur een of meer van die volgende persone (RSA, 1993/85, Darlow & Louw, 1997:168):

- die Departement van Onderwys, die beheertliggaam van die skool, die skoolhoof en/of die werkwinkelopvoeder;
- 'n persoon wat deur die verantwoordelike instansie/s aangewys is;
- 'n gesondheids-en-veiligheidsverteenvoerder van die skool; en

- 'n lid van die gesondheids-en-veiligheidskomitee van die skool.

Die voorval moet binne drie maande ondersoek word met die doel om regstellende stappe te neem sodat 'n soortgelyke voorval nie weer sal plaasvind nie. Die rekord van die voorval en ondersoek moet vir minstens drie jaar op aanvraag aan die inspekteur beskikbaar wees. Die voorval moet ook deur die gesondheids-en-veiligheidskomitee bespreek en ondersoek word tydens die komitee se volgende vergadering en alle regstellende stappe moet behoorlik genotuleer word (RSA, 1993/85).

v **Getuie by 'n ondersoek**

Die vereistes rondom 'n getuie tydens die ondersoek na 'n voorval soos deur regulasie 9 van die *Algemene Administratiewe Regulasies* omskryf is, word vervolgens bespreek (vgl. bylae D, par. 2.5.5, p 337).

Hierdie regulasie vereis dat indien 'n inspekteur aangewys word om 'n formele ondersoek na 'n voorval in die skoolwerkwinkel in terme van atriikel 32 (1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* te doen, moet die inspekteur die verantwoordelike instansie/s in kennis stel van die ondersoek. Die datum, tyd en plek van die ondersoek moet aan die verantwoordelike instansie/s deurgegee word. Die verantwoordelike instansie/s moet dan die werkwinkelopvoeders, leerders en/of enige ander persone wat getuies van die voorval was en enige ander werkwinkelopvoeder, leerder en/of persoon wat deur die inspekteur aangewys is, in kennis stel van die datum, tyd en plek van die ondersoek en dat hulle teenwoordigheid by die ondersoek vereis word.

Die verantwoordelike instansie/s moet hulleself vergewis van watter werkwinkelopvoeders, leerders en/of persone moontlik sal weier om die ondersoek by te woon. Daarna moet die verantwoordelike instansie/s die inspekteur van die name en adresse van die werkwinkelopvoeders, leerders en/of persone wat moontlik sal weier om die ondersoek by te woon, voorsien sodat die inspekteur die persone kan dagvaar om die verrigtinge by te woon (RSA, 1993/85).

Die ouderdom van 'n leerder kan 'n belangrike rol speel wanneer die leerder (minderjarig) gedagvaar word om 'n ondersoek van dié aard as getuie by te woon. Hierdie aspek van die leerder en die werkwinkelopvoeder sal in hoofstuk 3 volledig bespreek word (vgl. par. 3.2.4).

vi **Bedwelming**

Die vereistes rondom 'n persoon wat bedwelms is, word vervolgens bespreek (vgl. regulasie 10, bylae D, par. 2.5.6, p 337).

Regulasie 10 vereis dat die werkgewer geen persoon wat onder die invloed van alkoholiese drank of dwelms is of blyk te wees in die werkplek mag toelaat nie. 'n Persoon onder die invloed mag nie in die werkplek wees nie. Niemand mag in die werkplek onder die invloed raak, alkoholiese drank of dwelms in hulle besit hê, of aan ander persone aanbied nie (RSA, 1993/85).

Onder normale omstandighede behoort hierdie regulasie nie probleme te skep in die skoolwerkwinkel nie. Wat wél 'n rol kan speel, is die feit dat 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder in sekere gevalle medisyne sal neem waarvan die nuwe-effek kan wees dat hulle vir hulleself of ander werkwinkelopvoeders en/of leerders 'n gevaar kan inhou. Dan word die verantwoordelike instansie/s verplig om die werkwinkelopvoeder of leerder slegs toe te laat om take te verrig wat veilig vir hulleself en ander werkwinkelopvoeders en/of leerders sal wees (RSA, 1993/85).

vii **Toegang van persone**

Vervolgens word die vereistes rondom die toegang van persone in die skoolwerkwinkel aangespreek (vgl. reg. 11, bylae D, par. 2.5.7, p 337).

Regulasie 11 is 'n regulasie wat selde deur enige van die verantwoordelike instansie/s toegepas word. Dit sou dalk goed wees indien die verantwoordelike instansie/s meer aandag gee aan die vereistes wat deur hierdie regulasie gestel word. Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat dat enige werkwinkelopvoeder, leerder

en/of besoeker aan die skoolwerkwinkel waar daar moontlik 'n gesondheids en/of veiligheidsrisiko kan wees, die skoolwerkwinkel betree alvorens die werkwinkelopvoeder, leerder en/of besoeker nie die nodige toestemming verkry het en ingelig is aangaande die voorwaardes waaronder die werkwinkelopvoeder, leerder en/of besoeker die skoolwerkwinkel binnegaan nie. Die verantwoordelike instansie/s sal, indien dit nodig is vir gesondheid-en-veiligheidsredes, 'n kennisgewing by elke ingang van die skoolwerkwinkel plaas wat toegang sonder die nodige toestemming tot die skoolwerkwinkel verbied (RSA, 1993/85).

viii **Sintese**

Die regulasies soos vervat in die *Algemene Administratiewe Regulasies* is oor die algemeen regulasies wat baie administratiewe werk tot gevolg het en daarom bestaan die geneigtheid om dit agterweë te laat. Dit sou egter raadsaam wees vir die verantwoordelike instansie/s om meer aandag aan hierdie regulasies te bestee aangesien dit baie probleme kan voorkom indien daar nougeset aan hierdie regulasies gehoor gegee word.

2.3.3.6 **Regulasies van toepassing op Algemene masjinerie**

Hierdie regulasies is oorgeneem uit die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid*. Dit is op 5 Augustus 1988 gepromulgeer en is nog nie gewysig om die nuwe beginsels aan te pas soos dit vervat is in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85).

i **Woordomskrywing**

Vervolgens word die woordomskrywing soos dit in die *Algemene Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gebruik word, bespreek. Slegs die woordomskrywing wat betrekking het op die regulasies wat bespreek gaan word en wat nie baie duidelik is nie, word hier bespreek (vgl. bylae, D, par. 2.6.1, p 338).

Aangesien daar in regulasie (2) na die **bevoegde persoon** verwys word, is dit nodig om regulasie (1) wat die omskrywing van die **bevoegde persoon** is, te bespreek. Net paragraaf (a) word bespreek aangesien slegs dié bevoegde persone wat in hierdie paragraaf beskryf word op die skoolwerkwinkel van toepassing is.

Die **bevoegde persoon** in paragraaf (a) is 'n persoon wat 'n vakleerlingskap gedoen het in die ingenieursbedryf wat die bediening en onderhoud van masjiene ingesluit het, of minstens vyf jaar praktiese ondervinding in die bediening en onderhoud van masjinerie het en wat gedurende, of na die vakleerlingskap of tydperk van praktiese ondervinding, minstens een jaar ondervinding het in die bediening en onderhoud wat toepaslik is op die klas masjinerie waaroor hy toesig moet hou. (RSA, 1993/85)

ii **Toesig oor masjinerie**

Die vereistes rondom 'n geskikte persoon om toesig oor masjinerie te hou, word vervolgens aangespreek (vgl. reg. 2, bylae D, par. 2.6.2, p 338).

Regulasie 2 maak voorsiening vir die skriftelike aanstelling van 'n bevoegde persoon vir elke perseel om toesig te hou oor die veilige gebruik van masjinerie. Die regulasie gee 'n beskrywing van die kategorieë waarin die bevoegde persone aangestel moet word en wat bedoel word met 'n bevoegde persoon. Dit meld ook die vrystellings wat geld ten opsigte van die regulasie en die tydelike aanstelling van 'n persoon wat nie as 'n bevoegde persoon geag word nie in die geval waar daar nie 'n bevoegde persoon beskikbaar is nie (RSA, 1993/85). Hierdie is 'n regulasie waar die werkgewer die Departement van Onderwys moet wees aangesien die finansiële implikasies met die implementering van die vereistes van hierdie regulasie moeilik deur die meerderheid skole met werkwinkels nagekom sal kan word.

Ten einde te verseker dat die bepalinge van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en hierdie regulasies met betrekking tot masjinerie nagekom word, moet die

Departement van Onderwys volgens subregulasie (1) 'n persoon in 'n voltydse hoedanigheid aanstel ten opsigte van **elke** skool met skoolwerkwinkels waarin masjinerie gebruik word, sodat hy/sy kan toesig hou oor die veilige gebruik en instandhouding van die masjinerie. Die hoofinspekteur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy/sy oplê, die Departement van Onderwys toelaat om meer as een persoon ingevolge subregulasie (1) aan te stel vir skole met skoolwerkwinkels waarin daar masjinerie gebruik word. Die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangestel word, moet 'n bevoegde persoon wees. In die skoolwerkwinkel waar die masjinerie vir die verspreiding van elektrisiteit gebruik word en die maksimum aanvraag oor enige aaneenlopende tydperk van 30 minute 3 000 kVA of minder is, moet die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangewys word, 'n persoon wees soos die een wat in paragraaf (a) van die omskrywing van bevoegde persoon bedoel word en as 'n installasie-elektrisiën ingevolge regulasie 11(1) van die *Elektriese Installasieregulasies*, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2270 van 11 Oktober 1985, geregistreer wees (RSA, 1993/85).

Ondanks die bepalings van subregulasies (3), (4) en (5), kan die hoofinspekteur, onderworpe aan die voorwaardes wat hy/sy oplê, die Departement van Onderwys toelaat om 'n persoon wat oor 'n ander kwalifikasie as die van 'n bevoegde persoon beskik ingevolge subregulasie (1) aan te wys om toesig te hou oor die gebruik en instandhouding van die masjinerie van skole met skoolwerkwinkels (RSA, 1993/85).

Ingevolge subregulasie (7) (a) kan die Departement van Onderwys een of meer bevoegde persone aanwys om 'n persoon, aangewys ingevolge subregulasie (1), behulpsaam te wees met die toesighouding oor die gebruik en instandhouding van die masjinerie van die skole met skoolwerkwinkels. Ingevolge subregulasie (7) (b) kan die hoofinspekteur die Departement van Onderwys skriftelik gelas om binne die tydperk wat in die skriftelike kennisgewing vermeld is, die vermelde aantal persone wat oor die minimumkwalifikasies van die bevoegde persoon beskik, aan te wys om die persoon, aangewys ingevolge subregulasie (1), behulpsaam te wees met die toesighouding oor die gebruik en instandhouding van die masjinerie van skole met skoolwerkwinkels (RSA, 1993/85).

Ingevolge subregulasie (8) kan 'n bevoegde persoon, behalwe met die goedkeuring van die inspekteur, slegs by een skool se skoolwerkwinkels aangewys word, ingevolge subregulasie (1) of (7), om toesig te hou oor die gebruik en instandhouding van masjinerie (RSA, 1993/85).

Subregulasie (11) bepaal dat die Departement van Onderwys as werkgever van skole met skoolwerkwinkels waarin daar masjinerie is, aansoek doen om vrystelling van die bepalinge van hierdie regulasie. Kragtens artikel 40 van die Wet moet die volgende besonderhede aan die minister verstrek (RSA, 1993/85):

- die gronde vir die aansoek;
- die getal werkwinkelopvoeders en/of leerders wat in die skoolwerkwinkels opleiding gee of ontvang;
- die aard van die opleiding wat in die skoolwerkwinkels aangebied word;
- die getal en die tipe voorvalle wat gedurende die voorafgaande drie jaar ten opsigte van die skoolwerkwinkels ingevolge artikel 17 (1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aangemeld is;
- die veiligheidsbestuurstelsel wat ten opsigte van die skoolwerkwinkels in bedryf is; en
- die ander besonderhede wat die hoofinspekteur verlang.

Om aan die vereistes van hierdie regulasie te voldoen, sal 'n geweldige finansiële las op die Departement van Onderwys plaas, wat gevolglik sal veroorsaak dat tegniese onderwys nog meer onbekostigbaar sal raak. As daar streng volgens die voorskrifte van hierdie regulasie gehandel word, beteken dit dat die Departement van Onderwys of die beheerliggaam van 'n skool met 'n skoolwerkwinkel waarin daar masjinerie gebruik word, vir elke sodanige skoolwerkwinkel 'n bevoegde persoon in 'n voltydse hoedanigheid moet aanstel.

Dit sal dus vir die Departement van Onderwys raadsaam wees om by die inspekteur aansoek te doen om ingevolge subregulasie (8) een bevoegde persoon aan te stel om toesig te hou oor die gebruik en instandhouding van die masjinerie van 'n aantal skole met skoolwerkwinkels waarin daar masjinerie gebruik word (RSA, 1993/85). Die aantal

skole wat een bevoegde persoon behoort te bedien, kan deur die inspekteur bepaal word. Die Departement van Onderwys kan verder ingevolge subregulasie (11) en artikel 40 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aansoek doen vir vrystelling van hierdie regulasie (RSA, 1993/85). In die belang van die werkwinkelopvoeders en leerders se veiligheid sou dit nie raadsaam wees om vrystelling van die regulasie te verkry nie. Darlow en Louw (1997:218) is van mening dat vrystelling van hierdie regulasie nie maklik toegestaan sal word nie. Indien daar wél vrystelling van die regulasie verleen word, sal dit net tydelike vrystelling wees.

iii **Beveiliging van masjinerie**

Vervolgens word die vereistes rondom die beveiliging van masjinerie aangespreek, soos dit in regulasie 3 van die *Algemene Masjinerie-regulasies* vervat is (vgl. bylae D, par. 2.6.3, p 340).

Volgens hierdie regulasie is die verantwoordelike instansie/s verplig om toe te sien dat (RSA, 1993/85):

- alle masjinerie wat in gebruik is, geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word en dat dit so geïnstalleer, hanteer en in stand gehou word dat die blootstelling van werkwinkelopvoeders en/of leerders aan toestande of omstandighede wat gevaarlik of potensieel gevaarlik is, voorkom sal word;
- elke onbeskutte en gevaarlike deel van elke masjien wat binne die normale bereik van enige iemand is, behoorlik beveilig is deur middel van 'n omheining, afskerming of beskutting, behalwe waar 'n inspekteur skriftelik toestemming gegee het vir die weglating van sodaninge beskerming;
- alle veiligheidstoerusting te alle tye in 'n goeie werkende toestand is en dat sodanige toerusting behoorlik gebruik word en
- die kwaliteit van die materiaal en die konstruksie van masjiene en veiligheidstoerusting geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word.

Indien daar masjiene is wat 'n gevaar vir enige iemand inhou, word daar van die verantwoordelike instansie/s verwag dat die skoolwerkwinkel waarin die masjiene is, ingeperk word (RSA, 1993/85).

Geen werkwinkelopvoeder en/of leerder mag veiligheidstoerusting wat op 'n betrokke masjien betrekking het, verwyder nie, behalwe in die geval waar die verantwoordelike instansie/s sodanige toestemming verleen het (RSA, 1993/85).

iv **Hantering van masjinerie**

Hier word die vereistes, in ooreenstemming met regulasie 4 van die *Algemene Masjinerie-regulasies* vir die hantering van masjinerie, aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.6.4, p 340).

Die verantwoordelike instansie/s is verplig om toe te sien dat elke werkwinkelopvoeder en/of leerder wat 'n masjien gebruik, ten volle bewus is van die gevare daaraan verbonde om die betrokke masjien te gebruik. Sodanige persone moet ten volle vertrou wees met die veiligheidsmaatreëls verbonde aan die gebruik van die masjien om te verseker dat hulle die masjien veilig kan gebruik (RSA, 1993/85).

Indien werkwinkelopvoeders en/of leerders 'n masjien gebruik wat voortdurende aandag verg ten einde ongelukke te vermy, mag so 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder nie die masjien verlaat terwyl die masjien in werking is nie, behalwe as hy/sy afgelos word deur 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder wat bevoeg is om die masjien veilig te hanteer (RSA, 1993/85).

Masjiene wat voortdurende aandag verg ten einde ongelukke te vermy, moet onder die toesig van 'n werkwinkelopvoeder wees wat te alle tye op die perseel teenwoordig moet wees wanneer die masjiene in werking is. Geen leerder mag hierdie masjiene bedien of hanteer tensy dit onder die algemene toesig van 'n werkwinkelopvoeder is nie (RSA, 1993/85).

'n Werkwinkelopvoeder wat oor masjiene toesig hou en/of dit beheer, mag nie 'n ander

werkwinkelopvoeder magtig om sy/haar werk te doen tensy sy/haar skoolhoof die nodige toestemming verleen het nie (RSA, 1993/85).

Wanneer 'n masjien die potensiaal het om 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder te beseer wanneer dit onverwags aangeskakel of elektries lewendig gemaak word, moet die verantwoordelike instansie/s alle redelike voorsorg tref dat só 'n masjien nie onverwags aangeskakel of elektries lewendig gemaak word nie. Indien iemand van voorneme is om so 'n masjien aan te skakel of elektries lewendig te maak, moet die werkwinkelopvoeder en/of leerder alle moontlike voorsorgmaatreëls tref dat sy/haar handeling nie 'n ander werkwinkelopvoeder en/of leerder sal beseer nie (RSA, 1993/85).

Wanneer 'n masjien wat in werking is ander werkwinkelopvoeders en/of leerders bedreig of die potensiaal het om 'n ander werkwinkelopvoeder en/of leerder in gevaar te stel, moet die werkwinkelopvoeder wat toesig hou oor die masjien of die werkwinkelopvoeder en/of leerder wat die masjien hanteer, die verantwoordelike instansie/s inlig en die masjien moet dan afgeskakel word (RSA, 1993/85).

v Toestelle om masjinerie aan en af te skakel

Vervolgens word die vereistes van toestelle om masjinerie aan en af te skakel, bespreek (vgl. reg. 6, bylae D, par. 2.6.5, p 341).

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat elke masjien voorsien is van 'n toestel om die masjien aan en af te skakel. Verder moet die toestel (RSA, 1993/85):

- só geplaas word dat dit maklik deur die werkwinkelopvoeder en/of leerder wat die masjien bedien, bereik kan word en
- dit moet só gemaak wees dat die masjien nie per ongeluk aangeskakel kan word nie.

Die verantwoordelike instansie/s moet middele daarstel om die kontroles van masjinerie wat deur 'n elektriese motor aangedryf word, buite werking te stel terwyl

herstelwerk of verstellings gedoen word. Sodanige middele mag nie net die blote afskakeling van 'n skakelaar wees nie (RSA, 1993/85).

Indien masjinerie terselfdertyd deur twee of meer werkwinkelopvoeders en/of leerders hanteer word, moet die verantwoordelike instansie/s sodanige masjinerie (RSA, 1993/85)

- by elke bedieningspunt voorsien van 'n stoptoestel wat uitsluit wanneer dit gebruik word en met die hand herset moet word voordat sodanige masjinerie weer aangeskakel kan word en
- voorsien van 'n hoorbare waarskuwingsmeganisme wat afgaan voordat sodanige masjinerie begin werk: Met dien verstande dat 'n inspekteur skriftelike toestemming kan verleen vir alternatiewe voorsorgmaatreëls waardeur die veiligheid van daardie werkwinkelopvoeders en/of leerders verseker word.

vi **Aanmelding van voorvalle in verband met masjinerie**

Die vereistes rondom die aanmelding van voorvalle wat in verband staan met masjinerie word vervolgens aangespreek (vgl. reg. 7, bylae D, par. 2.6.6, p 342).

Die volgende voorvalle moet deur die verantwoordelike instansie/s by die inspekteur aangemeld word (RSA, 1993/85):

- waar die breek of die weiering van 'n masjien 'n vallende of vlieënde voorwerp tot gevolg gehad het;
- waar 'n masjien as gevolg van die weiering van 'n deel van 'n kontrole of veiligheidstoerusting buite beheer geraak het en 'n besering aan 'n werkwinkelopvoeder, leerder en/of besoeker veroorsaak het; of
- waar die breek of weiering van 'n deel van die masjien waarin gas onder druk is die skielike loslating van gas tot gevolg gehad het.

vii **Sintese**

Van die sake wat in hierdie regulasies aangespreek word, is reeds op ander plekke in

die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* of in ander regulasies aangespreek, maar hier word daar meer besonderhede oor die toepassing daarvan gegee. Hierdie regulasies word gereeld deur veiligheidsinspekteurs gebruik as 'n alternatiewe aanklag om te verseker dat 'n aangeklaagde moeilik vrygespreek kan word wanneer hulle dit nodig ag om iemand in terme van bogenoemde Wet aan te kla (Darlow & Louw, 1997:219). Dit is verder interessant dat 'n groot aantal suksesvolle vervolgings kragtens hierdie regulasies verkry is (Darlow & Louw, 1997:222). Dit is daarom belangrik dat die verantwoordelike instansie/s aandag aan die toepassings van die regulasies sal gee.

2.3.3.7 **Algemene veiligheidsregulasies**

Hierdie regulasies is oorgeneem uit die *Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid*. Dit is op 30 Mei 1986 gepromulgeer en is nog nie gewysig om die nuwe beginsels aan te pas soos dit vervat is in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85).

i **Persoonlike veiligheidstoerusting en fasiliteite**

Die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte van persoonlike veiligheidstoerusting en fasiliteite word vervolgens bespreek (vgl. reg. 2, bylae D, par. 2.7.1, p 342).

Hierdie regulasie vereis eerstens dat die verantwoordelike instansie/s 'n evaluasie moet maak van die risiko's verbonde aan die gebruik van enige masjinerie en/of toerusting waaraan die werkwinkelopvoeder en/of leerder blootgestel word tydens die gebruik daarvan. Daarna moet die verantwoordelike instansie/s maatreëls tref wat onder die omstandighede nodig mag wees om die toestand veilig te maak (RSA, 1993/85).

Tweedens vereis die regulasie dat indien dit nie moontlik is om die toestand of situasie veilig te maak nie, moet die verantwoordelike instansie/s reëlings tref om die risiko te verminder tot so laag as wat dit moontlik uitvoerbaar is deur kosteloos veiligheidstoerusting en/of fasiliteite te voorsien wat nodig mag wees om die situasie

of toestand by die gebruik van masjinerie en/of toestelle te beveilig (RSA, 1993/85). Darlow & Louw (1997:175) wys daarop dat dit noodsaaklik is om eers 'n evaluasie te doen en te kyk of die toestand nie beveilig kan word nie voordat as laaste uitweg die voorsiening van veiligheidstoerusting oorweeg word.

Derdens word die tipes veiligheidstoerusting omskryf (RSA, 1993/85). Die veiligheidstoerusting sal nie vir die doeleindes van hierdie studie in detail bespreek word nie. Veiligheidstoerusting mag slegs uit die skoolwerkwinkel verwyder word indien dit skoongemaak, herstel, in stand gehou en/of vervang word (RSA, 1993/85).

Die verantwoordelike instansie/s het ook die plig om die werkwinkelopvoeder en/of leerder te onderrig of te laat onderrig in die korrekte gebruik, onderhoud en beperkings van die veiligheidstoerusting. Die verantwoordelike instansie/s moet die werkwinkelopvoeder en/of leerder verplig om die veiligheidstoerusting wat voorsien is te gebruik wanneer die werkwinkelopvoeder en of leerder die werk verrig waarvoor die veiligheidstoerusting voorsien is (RSA, 1993/85).

Die verantwoordelike instansie/s mag nie 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder toelaat of van hom vereis om te werk nie, tensy die werkwinkelopvoeder en/of leerder die veiligheidstoerusting of fasiliteite gebruik wat voorsien is (RSA, 1993/85).

Hierdie regulasie word nie so uitgelê dat dit afbreuk doen aan enige spesifieke regulasie wat spesifieke veiligheidstoerusting of fasiliteite voorskryf nie (RSA, 1993/85).

ii Eerstehulp, noodtoerusting en prosedures

Vervolgens word die vereistes rondom eerstehulp, noodtoerusting en prosedures bespreek (vgl. reg. 3, bylae D, par. 2.7.2, p 344).

Subregulasie (1) vereis van die verantwoordelike instansie/s om alle redelike stappe te neem om te verseker dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder in die skoolwerkwinkel in die geval van 'n besering en/of noodgeval so gou as moontlik eerstehulpbehandeling ontvang (RSA, 1993/85).

In subregulasie (2) en (3) word die vereiste gestel dat indien daar meer as vyf werkwinkelopvoeders en/of leerders is, moet die verantwoordelike instansie/s 'n eerstehulpkas of -kaste wat maklik toeganklik is in of naby die skoolwerkwinkel voorsien. Hierdie eerstehulpkas of -kaste moet, met inagneming van die aantal werkwinkelopvoeders en/of leerders en die moontlike beserings wat in die skoolwerkwinkel mag voorkom, toegerus wees maar dit moet minstens die toerusting bevat soos voorgeskryf in die bylaag tot hierdie stel regulasies. Indien die risikobepaling toon dat iets anders nodig is, moet dit in die noodhulpkas of -kaste wees. Die verantwoordelike instansie/s moet hulle nie blindstaar teen die voorskrifte nie, maar hulle moet 'n risikobepaling doen (RSA, 1993/85).

Indien daar meer as tien werkwinkelopvoeders en/of leerders in 'n skoolwerkwinkel onderrig aanbied of ontvang, moet die verantwoordelike instansie/s volgens subregulasie (4) sorg dat daar vir elke 50 werkwinkelopvoeders en/of leerders minstens een noodhulpwerker gereedelik beskikbaar is. Die noodhulpwerker moet in besit wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp (RSA, 1993/85). Volgens Darlow & Louw (1997:177) is die bedoeling van die wetgewer dat daar 'n noodhulpwerker te alle tye gereedelik beskikbaar op die skoolterrein moet wees. 'n Mediese praktisyn wat spreekkamers naby die skool het, word nie as sodanige noodhulpwerker aanvaar nie.

Subregulasie (6) vereis van die verantwoordelike instansie/s dat hy/sy op 'n sigbare plek by die skoolwerkwinkel 'n kennisgewing moet aanbring waarop aangedui word waar die noodhulpkas of -kiste aangehou word en ook wie die verantwoordelike persoon in beheer van die eerstehulpkas of -kaste is (RSA, 1993/85).

Hierdie regulasie, soos die Wet dit vereis, kan redelike duur wees om uit te voer aangesien 'n groot gedeelte van die inhoud van 'n eerstehulpkas vervaldatums het en gevolglik voortdurend vervang moet word. Verder verval die bekwaamheidsertifikaat van 'n eerstehulpwerker elke drie jaar en daar is koste-implikasies om die bekwaamheidsertifikaat te hernu. Dit is moontlik ook een van die vereistes van die

wetgewer wat in die meeste skole wel uitgevoer word, maar nie presies soos die wetgewer dit vereis nie.

iii **Gebruik en opberging van vlambare vloeistowwe**

Die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte vir die gebruik en opberging van vlambare vloeistowwe word vervolgens bespreek (vgl. reg. 4, bylae D, par. 2.7.3, p 345).

Regulasie 4 het hoofsaaklik betrekking op spesiale skole wat motorbakherstelwerk aanbied en in 'n mindere mate op skole wat motorwerktuigkunde aanbied. Daarom word die regulasie nie in volle besonderhede bespreek nie aangesien dit baie tegniese detail bevat wat vir elke situasie 'n ander toepassing sal hê.

Volgens hierdie regulasie mag die verantwoordelike instansie/s nie toelaat dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder in die skoolwerkwinkel werk waar dampe van enige vlambare vloeistof ontwikkel in só 'n mate dat dit 'n potensiële brand- of ploggevaar kan inhou wat die gesondheid en/of veiligheid van enige werkwinkelopvoeder en/of leerder in gevaar kan stel nie, tensy aan subregulasie (2) tot (12) voldoen word nie (RSA, 1993/85).

Subregulasie (2) maak dit duidelik dat die verantwoordelike instansie/s nie van enige werkwinkelopvoeder en/of leerder kan verwag, of om hom/haar toelaat om met vlambare vloeistowwe te werk nie, behalwe wanneer die werk in 'n kamer, dampkas en ander toe ruimte wat spesiaal vir die doel opgerig is, gedoen word. Hierdie kamer, dampkas en ander toe ruimte moet van brandbestande materiaal gebou word, of die plek moet vanweë sy ligging of konstruksie, kenmerk of omstandigheid só wees dat (RSA, 1993/85):

- geen brand- of ploggevaar geskep word nie;
- enige damp wat ontstaan as gevolg van die werk wat daar verrig word doeltreffend in die atmosfeer versprei en verdun word en
- géén ander skoolwerkwinkel deur die damp besoedel kan word nie.

Hierdie kamer, soos bespreek in subregulasie (2), moet deur die verantwoordelike instansie/s voorsien wees van in- en -uitlaatventilasie om damp daaruit te verwyder en om te verhoed dat die damp hersikuleer na ander skoolwerkwinkels toe. Elke werkwinkelopvoeder en/of leerder wat spuitwerk doen, moet ook voorsien wees van 'n goedgekeurde doelgeskikte respirator, masker of asemhalingsapparaat en die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder hierdie apparaat gebruik wanneer hy/sy besig is met spuitwerk (RSA, 1993/85).

Die wetgewer gaan voort om die vereistes te stel waaraan die ventilasiestelsel van die kamer, dampkas en toe ruimte moet voldoen. In subregulasie (7) verwag die wetgewer dat die werkwinkelopvoeder en/of leerder enige kamer, (soos beskryf in subregulasie (2)), wat groter as 20 vierkante meter is, moet voorsien van twee afsonderlike ingange wat so ver as moontlik van mekaar af is. Elke ingang moet voorsien wees van 'n deur wat na buite oopmaak en wat nie kan sluit nie. Hierdie deure moet elkeen 'n inspeksievenster van versterkte splintervrye glas hê en wat nie oopgemaak kan word nie (RSA, 1993/85).

Daar mag geen vuur, vlam of oop lig of enige iets wat statiese elektrisiteit kan opwek in die kamer, dampkas en toe ruimte gebruik word nie. Daar moet ook opsigtelike tekens by elke ingang aangebring word om die gebruik van bogenoemde te verbied. Verder mag geen werkwinkelopvoeder of iemand anders rook binne enige plek waar vlambare vloeistowwe geberg of gebruik word nie en daar moet opsigtelike kennisgewings by elke ingang aangebring word om rook te verbied (RSA, 1993/85).

Enige kamer, dampkas en toe ruimte soos gemeld in subregulasie (2) moet daaglik skoonmaak word van alle poetskatoen, skoonmaaklappe of soortgelyke materiaal. Slegs die hoeveelheid vlambare vloeistowwe wat daaglik gebruik word, mag in bogenoemde kamer opgeberg word. Alle dromme, kanne of soortgelyke houers moet dig toegehou word terwyl dit nie in gebruik is nie (RSA, 1993/85).

Subregulasie (10) spreek die konstruksie van die stoor vir vlambare vloeistowwe aan. Die vereistes daarvan is dat (RSA, 1993/85):

- die stoor met 'n brandbestande materiaal (wat 'n brandweerstand van minstens twee ure het) van die kamer, dampkas en toe ruimte, soos uiteengesit in subregulasie (2), geskei en vervaardig word;
- die konstruksie van só 'n aard is dat wanneer daar van die vlambare vloeistof gestort word, die totale volume wat in die stoor geberg word plus 10% van die totale volume ingedamp kan word;
- die konstruksie so is dat daar ventilasie na buite is sodat die dampe nie in die stoor vergader nie; en
- dit duidelik gemerk word as 'n stoor waarin daar vlambare vloeistowwe geberg word.

Die verantwoordelike instansie/s moet ook sorg dat daar, na oorlegpleging met 'n kundige persoon soos die brandweerhoof, voldoende en effektiewe brandbestrydingstoerusting is wat in goeie werkende toestand gehou word en op strategiese plekke in en om die gebou aangebring word (RSA, 1993/85).

iv **Sweis-, vlamsny-, soldeer- en soortgelyke werk**

Die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte van sweis-, vlamsny-, soldeer- en soortgelyke werk soos in regulasie 9 van die *Algemene Veiligheidsregulasies* word vervolgens bespreek (vgl. bylae D, par. 2.7.4, p 348).

Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat of vereis dat enige werkwinkelopvoeder en/of leerder sweis- of vlamsnywerk doen nie, tensy (RSA, 1993/85):

- die werkwinkelopvoeder en/of leerder wat die werk doen, behoorlik opgelei is ten opsigte van die veilige bedryf en gebruik van die toerusting asook ten opsigte van die gevare wat uit die gebruik van die toerusting kan voortspruit;
- werkwinkelopvoeders en/of leerders toegerus is met doelmatige beskerming vir hulle oë en asemhalingstelsel en dat hulle verplig word om dit te gebruik wanneer hulle die werk verrig. Indien dit nodig is, moet

beskerming verleen word aan werkwinkelopvoeders en/of leerders vir hulle gesigte, hande, voete, bene, lyf en klere teen hitte, gloeiende of vlieënde deeltjies en gevaarlike uitstraling;

- geleidrade en elektrodehouers moet behoorlik geïsoleer wees; en
- die werkplek in die skoolwerkwinkel moet, waar moontlik, afgeskort word. Indien dit nie moontlik is nie, moet alle werkwinkelopvoeders en/of leerders wat moontlik blootgestel kan word, daarteen gewaarsku word. Daar moet ook aan die werkwinkelopvoeders en/of leerders geskikte beskermende uitrusting gegee word.

v **Lere**

Vervolgens word die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van lere aangespreek (vgl. reg. 13A, bylae D, par. 2.7.5, p 348).

Alhoewel leerders wat in die skoolwerkwinkel kom nie in die loop van hulle normale onderrig met lere te doen kry nie, gebeur dit van tyd tot tyd dat daar van werkwinkelopvoeders en leerders onder hulle toesig, verwag word om van lere gebruik te maak. 'n Onlangse en tipiese saak wat later in die studie bespreek sal word, is die saak *Van der Merwe v. H.T.S. Tom Naudé 1995* (vgl. hfst. 4, par. 4.3.4, Rademeyer, 1995:6).

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat elke leer van stewige materiaal gemaak is en dit moet geskik wees vir die doel waarvoor dit gebruik word. Dit moet (RSA, 1993/85):

- toegerus wees met toestelle aan die hake en die bo-ente om te verseker dat die leer nie sal gly nie en om meer stabiliteit te verseker, of
- vasgebind of vasgehou word terwyl dit gebruik word sodat die leer stabiel sal wees onder alle toestande terwyl daarop gewerk word.

Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat dat 'n leer gebruik word indien (RSA, 1993/85):

- die sporte slegs deur middel van spykers, skroewe, penne of soortgelyke wyse aan die style vasgeheg is nie; of
- die sporte nie behoorlik in die style ingelaat is nie, behalwe as dit 'n gesweisde leer is of indien die sporte met boutte of klinknaels aan die style vasgeheg is; of
- die leer beskadigde style en/of sporte het of indien daar sporte ontbreek.

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat houtlere gemaak is van hout met 'n reguit grein, vry van enige gebreke en die grein moet in die lengte van die style en sporte loop. Houtlere mag ook nie geverf word, of op enige wyse bedek word nie sodat die hout ondersoek kan word om vas te stel of daar enige barste of defekte in die hout is. Houtlere mag wel met olie behandel word of met 'n helder vernis of houtpreserveermiddel bedek word (RSA, 1993/85).

Indien werk vanaf 'n leer gedoen word, moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat daar maatreëls getref word om te verhoed dat enige artikels van die leer afval. Vir dié doel moet die werkwinkelopvoeder en/of leerder voorsien word van 'n geskikte omhulsel of houers waarin handgereedskap gehou word wanneer dit nie gebruik word nie (RSA, 1993/85).

vi **Sintese**

Hierdie regulasies, met die uitsondering van regulasie 9, soos dit reeds genoem is, is regulasies wat nie op die daaglikse bedryf van 'n skoolwerkwinkel van toepassing is nie, maar dit het tog belangrike toepassingswaarde vir die werkwinkelopvoeder.

2.3.3.8 **Regulasies vir houers onder druk**

Hierdie regulasies is op 4 Oktober 1996 kragtens artikel 43 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gepromulgeer (RSA, 1993/85).

In die skoolwerkwinkel het die werkwinkelonderwyser te doen met kompressors wat gebruik word om saamgeperste lug te versamel vir spuitverwerk, die pomp van bande en verskeie ander aanwendings.

i Toepassingsbestek

Vervolgens word die vereistes rondom die toepassingbestek van hierdie regulasie bespreek (vgl. reg. 2, bylae D, par. 2.8.1, p 350).

Regulasie 2 skeld skole met skoolwerkwinkels wat drukhouers of verplaasbare gashouers het wat vóór 23 Oktober 1992 in gebruik was, vry van regulasie 3 indien die drukhouers of verplaasbare gashouers in ooreenstemming met die regulasies van daardie tyd ontwerp, gebou en vervaardig is (RSA, 1993/85).

ii Ontwerp, konstruksie en vervaardiging

Die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte van die ontwerp, konstruksie en vervaardiging van houers onder druk word vervolgens bespreek (vgl. reg. 3, bylae D, par. 2.8.2, p 350).

Géén houer wat aan druk onderwerp is, mag gebruik word nie, tensy (RSA, 1993/85):

- dit ontwerp en vervaardig is volgens die gesondheids- en veiligheidsheidstandaard wat by hierdie regulasies ingelyf is;
- dit vervaardig is onder die toesig van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid. Indien dit buite die Republiek van Suid-Afrika vervaardig is, moet dit onder die toesig van 'n inspeksieowerheid wat deur die hoofinspekteur goedgekeur is, geskied;
- die hoof van die skool en/of werkwinkelopvoeder 'n sertifikaat besit wat deur die vervaardiger uitgereik is en waarin gespesifiseer word dat die drukhouer of verplaasbare gashouer ontwerp, vervaardig en getoets is ooreenkomstig die standarde soos vooraf genoem; en

- hierdie sertifikaat moet deur 'n goedgekeurde inspeksieowerheid mede-onderteken wees om bogenoemde standaarde te bevestig.

iii **Vervaardiger se drukplaat**

Hier word die vereistes rondom die vervaardiger se drukplaat op houers onder druk aangespreek (vgl. reg. 4, bylae D, par. 2.8.3, p 351).

Elke stoomketel of drukhouer moet voorsien wees van 'n vervaardigersplaat wat op 'n opvallende plek op die romp van die drukhouer aangebring is. Dit moet die volgende minimumbesonderhede vertoon (RSA, 1993/85):

- die naam van die vervaardiger;
- die land van oorsprong;
- die jaar waarin die item vervaardig is;
- die vervaardiger se reeksnommer;
- die naam, nommer en datum van die ontwerpstandaard;
- die ontwerpmeterydruk in Pascal;
- die toelaatbare maksimumwerksdruk van die item in Pascal;
- die bedryfstemperatuur;
- die kapasiteit van die stoomketel of drukhouer in kubieke meter; en
- 'n identifikasiemerk wat deur die goedgekeurde inspeksie-owerheid voorsien word.

Niemand mag hierdie vervaardigersplaat verwyder, of besonderhede daarop byvoeg, verander of verwyder nie. Die vervaardigersplaat mag ook nie opsetlik beskadig word nie, behalwe in gevalle soos dit in regulasie 16 (4) (vgl. par. 2.3.3.8 xii) uiteengesit is (RSA, 1993/85).

iv **Toebehore**

Vervolgens word die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte ten opsigte van die toebehore van houers onder druk aangespreek (vgl. reg. 6, bylae D, par. 2.8.4, p 352).

Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat, of daarop aandrang dat 'n houer onder druk (kompessor) gebruik word indien dit nie toegerus is met alle toebehore soos dit vereis word in die gesondheids-en-veiligheidsstandaard vir die ontwerp, konstruksie en vervaardiging van die kompressor nie. Ander toebehore as dié wat deur die standaard vereis word, mag wel aangebring word indien skriftelike goedkeuring van die goedgekeurde inspeksieowerheid verkry is.

Indien daar nie 'n gesondheid-en-veiligheidsstandaard vir die ontwerp, konstruksie en vervaardiging van die spesifieke kompressor bestaan nie, moet die toebehore deur die verantwoordelike instansie/s voorsien word soos dit deur die goedgekeurde inspeksieowerheid vereis word. Daardie toebehore moet so gekies, gerangskik en geïnstalleer word dat dit veilig is vir die doel waarvoor die kompressor gebruik moet word.

Elke kompressor wat gebruik word, moet voorsien wees van minstens een drukmeter waarvan die toelaatbare maksimumwerksdruk duidelik met 'n rooi streep op die wyserplaat van die drukmeter aangedui word (RSA, 1993/85). Darlow & Louw (1997:151) wys daarop dat die maksimum toelaatbare druk op die wyserplaat en nie op die glas wat die wyserplaat bedek nie, aangebring moet word.

Elke kompressor moet voorsien wees van minstens een veiligheidsklep. Hierdie veiligheidsklep moet gesluit of verseël wees of ontoeganklik gemaak word vir enige ongemagtigde persoon. Die veiligheidsklep se nommer en kapasiteit moet aan die ontwerperstandaard van die betrokke kompressor voldoen (RSA, 1993/85).

v **Automatiese kontroles en aanwysers**

Die vereistes rondom die automatiese kontroles en aanwysers van houters onder druk word vervolgens aangespreek (reg. 7, bylae D, par. 2.8.5, p 352).

Die verantwoordelike instansie/s moet sorg dat indien automatiese kontroles en meters

aan 'n kompressor gebruik word, dit ooreenkomstig die bepalings van die gesondheids-en-veiligheidsstandaard by die ontwerp en vervaardiging van die kompressor gerangskik, geïnstalleer, in stand gehou en bedryf word. Indien daar nie bepalings bestaan vir die installasie van outomatiese kontroles en aanwysers nie, moet dit behoudens die skriftelike goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksieowerheid geselekteer, gerangskik en geïnstalleer word (RSA, 1993/85).

vi **Verplaasbare gashouers**

Die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte van verplaasbare gashouers word hier aangespreek (reg. 10, bylae D, par. 2.8.6, p 353).

Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat dat 'n verplaasbare gashouer gebruik word of dit gevul, in diens gestel, gehanteer, gewysig, herstel, ondersoek of getoets word nie as dit nie ooreenkomstig die standaarde wat by hierdie regulasies ingelyf is, vervaardig is nie (RSA, 1993/85).

vii **Draagbare brandblussers**

Vervolgens word die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte van draagbare brandblussers na aanleiding van regulasie 11 van die *Houers Onder Druk-regulasies* bespreek (vgl. bylae D, par. 2.8.7, p 353).

Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat dat enige draagbare brandblusser gebruik word indien dit nie ontwerp, gebou, gevul, hervul, opgeknop, gewysig, herstel, ondersoek of getoets is nie in ooreenstemming met die gesondheid-en-veiligheidsstandaard soos ingelyf by hierdie regulasies.

Die verantwoordelike instansie/s mag nie toelaat dat 'n draagbare brandblusser gevul, hervul, opgeknop, gewysig, herstel, ondersoek of getoets word deur 'n persoon wat nie in besit is van 'n permit wat uitgereik is deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde nie (RSA, 1993/85).

viii **Die gebruik van gasbrandstof, toerusting en stelsels**

Die vereistes rondom die gesondheid-en-veiligheidsaspekte van die gebruik van gasbrandstof, toerusting en stelsels word na aanleiding van regulasie 12 van die *Houers Onder Druk-regulasies* bespreek (vgl. bylae D, par. 2.8.8, p 353).

Slegs subregulasie (1) is van toepassing op die skoolwerkwinkel. Die verantwoordelike instansie/s mag geensins gasbrandstof hanteer, stoor, versprei of die houers vul op 'n ander manier as uiteengesit in die gesondheid-en-veiligheidstandaard wat by hierdie regulasies ingelyf is nie (RSA, 1993/85).

ix **Inspeksie en toets**

Die vereistes rondom die inspeksie en toets van houers onder druk word vervolgens aangespreek. Hierdie vereistes word in regulasie 13 van die *Houers Onder Druk-regulasies* uiteengesit (vgl. bylae D, par. 2.8.9, p 353).

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat elke kompressor sowel as die toebehoere, outomatiese kontroles en aanwysers, indien redelikerwys uitvoerbaar, onderwerp word aan 'n interne en eksterne inspeksie en aan 'n hidrouliese druktoets tot so hoog as 1,25 maal die maksimum toelaatbare werksdruk deur (RSA, 1993/85):

- 'n goedgekeurde inspeksieowerheid. Dit sal gebeur voordat die kompressor die eerste keer in bedryf gestel word, na installering en elke keer nadat die kompressor heropgerig of herstel is.
- 'n Persoon of firma wat skriftelik deur die verantwoordelike instansie/s aangestel is en bevoeg is om die inspeksies uit te voer. Hierdie persone is bekwaam om die genoemde toetse op kompressors uit te voer as gevolg van hulle opleiding, kennis en ondervinding in die bedryf, instandhouding, ondersoek en toets van stoomketels.
- Die inspeksies en toetse moet binne 36 maande vanaf die vorige interne en eksterne inspeksie en hidrouliese druktoets uitgevoer word.

- Waar 'n kompressor nie onderwerp is aan korrosie nie, mag die verantwoordelike instansie/s afsien van die interne inspeksie en die hidrouliese druktoets indien daar skriftelike goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksieowerheid verkry word.
- Die inspekteur mag ook vereis dat 'n kompressor meer gereeld geïnspekteer of getoets word, of hy mag toelaat dat 'n kompressor minder gereeld geïnspekteer en getoets word.

Die verantwoordelike instansie/s as gebruiker van 'n gasbrandstofstelsel moet, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, die stelsel vóór die inbedryfstelling, na installering daarvan, of na die heroprigting daarvan laat inspekteer en hidrouliese toetse daarop laat uitvoer deur 'n geregistreerde persoon soos hierbo beskryf.

Indien daar tydens 'n inspeksie of hidrouliese toets bevind word dat daar enige swakheid of defek is wat die gesondheid en/of veiligheid van 'n werkwinkelopvoeder en/of leerder in gevaar kan stel, moet die swakheid of defek aan die verantwoordelike instansie/s gerapporteer word. Die verantwoordelike instansie/s moet onmiddellik die gebruik van die kompressor of gasbrandstofstelsel staak totdat die swakheid of defek tot die bevrediging van die persoon wat die inspeksie uitgevoer het, herstel is (RSA, 1993/85).

x **Rekordhouding**

Vervolgens word die vereistes na aanleiding van bepalinge van regulasie 14 van die *Houers Onder Druk-regulasies* rondom die rekordhouding by houers onder druk aangespreek (vgl. bylae D, par. 2.8.10, p 355).

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat daar vir elke kompressor 'n register gehou word wat tydens inspeksies beskikbaar moet wees. Daarin moet die resultate van alle inspeksies, toetse, veranderings en herstelwerk deur 'n bevoegde persoon aangeteken, gedateer en onderteken word (RSA, 1993/85).

xi **Instandhouding**

Die vereistes rondom die instandhouding van houters onder druk word vervolgens bespreek (vgl. reg. 15, bylae D, par. 2.8.11, p 355).

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat geen kompressor of gasbrandstofstelsel insluitend die outomatiese kontroles, aanwysers en toebehore gebruik word nie tensy dit in 'n goeie werkende toestand is en die doeltreffendheid daarvan deur gereelde toetsing bevestig word.

Die verantwoordelike instansie/s moet toesien dat kompressors nie gebruik word nie tensy dit skoongehou word van (RSA, 1993/85):

- verkoolde olie of enige ander vlambare stof;
- enige stof wat korrosie kan veroorsaak; of
- enige stof wat kan aanleiding gee tot 'n chemiese reaksie wat 'n onbeheersde styging in druk tot gevolg kan hê.

xii **Modifikasie en herstelwerk**

Die vereistes ten opsigte van die modifikasie en herstelwerk aan houters onder druk word hier bespreek (vgl. reg. 16, bylae D, par. 2.8.12, p 356).

Indien iemand 'n stoomketel, drukhouer of verplaasbare gashouer wil modifiseer of herstel, moet daar toegesien word dat die modifikasie of herstelwerk gedoen word onder die toesig van 'n goedgekeurde inspeksieowerheid soos dit uiteengesit is in regulasie 17 (1)(b).

Indien die verantwoordelike instansie/s enige persoon aanstel wat 'n modifikasie of herstelwerk moet doen soos in die vorige paragraaf beskryf is, moet hy/sy 'n sertifikaat uitreik waarin die omvang van die modifikasie of herstelwerk beskryf word. Die persoon moet sertifiseer dat die modifikasie of herstelwerk gedoen is volgens die gesondheid-

en-veiligheidsstandaard wat by hierdie regulasies ingelyf is. Hierdie sertifikaat moet deur 'n goedgekeurde inspeksieowerheid mede-onderteken word om te bevestig dat die ontwerp van die modifikasie of herstelwerk geverifieer is en dat dit onder hulle toesig, en in ooreenstemming met die bogenoemde gesondheid-en-veiligheidsstandaard uitgevoer is.

Indien dit uit 'n toets sou blyk dat 'n kompressor nie meer veilig teen toelaatbare maksimumwerksdruk gebruik kan word nie, en die verantwoordelike instansie/s weier om die vereiste vernuwings of herstelwerk te laat doen, moet die verantwoordelike instansie/s toesien dat die (RSA, 1993/85):

- goedgekeurde inspeksieowerheid 'n nuwe verminderde toelaatbare maksimumwerksdruk bepaal en
- die kompressor teen 'n druk wat laer is as die nuwe verminderde toelaatbare maksimumwerksdruk gebruik word.

Die nuwe verminderde toelaatbare maksimumwerksdruk moet op die vervaardigersplaat aangebring word soos dit deur regulasie 3(a) voorgeskryf word. Die goedgekeurde inspeksieowerheid moet daarna ook hulle merk aanbring om die verminderde toelaatbare maksimumwerksdruk te bevestig (RSA, 1993/85).

xiii **Goedgekeurde inspeksieowerhede**

Vervolgens word die vereistes rondom goedgekeurde inspeksie-owerhede bespreek (vgl. reg. 17, bylae D, par. 2.8.13, p 357).

Die hoofinspekteur is by magte om enige organisasie as inspeksieowerheid goed te keur indien die organisasie by die SABS geakkrediteer is. Hierdie goedkeuring kan ook teruggetrek word onderworpe aan die voorbehoude van artikel 35 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85).

Hierdie regulasies is moontlik die stel regulasies waarvan die werkwinkelopvoeder die minste kennis dra. Dit word moontlik ook die meeste genegeer in die alledaagse bestuur van die skoolwerkwinkel aangesien die drukhouer, draagbare brandblusser en die toerusting van die gasbrandstofstelsel is wat in die skoolwerkwinkel geïnstalleer is en elke dag gebruik word, maar waaraan daar nie noodwendig altyd baie aandag gegee word nie aangesien dit slegs onder die direkte aandag van die werkwinkelonderwyser kom wanneer dit defek is.

2.3.3.9 **Sintese**

Soos reeds vroeër gemeld is, is die regulasies van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie daargestel met die uitsluitlike doel om skole met werkwinkels te bedien nie. Dit is veronderstel om wel van toepassing te wees op skoolwerkwinkels. Met die bespreking het dit duidelik geword dat daar wel leemtes is in die regulasies van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* waar dit kom by die toepassing op skole met werkwinkels. Met enkele sinvolle wysigings in die toepassing van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en toevoegings sal dit baie beter van toepassing gemaak kan word op skole met werkwinkels.

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die statutêre determinante van die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Daar is aandag gegee aan die besondere verpligting wat op die skouers van die werkwinkelopvoeder rus ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur.

Dié hoofstuk het in die besonder op die statutêre verpligting, wat nasionaal en internasionaal op die werkwinkelopvoeder geplaas word, gefokus. As gevolg van hierdie statutêre verpligting, tesame met die plig tot sorgsame toesighouding, het dit vir

die werkwinkelopvoeder nodig geword om meer aandag aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te gee. Met enkele wysigings in die toepassing van wetgewing sowel as toevoegings tot die wetgewing kan dit sinvol in die skoolwerkwinkel geïmplementeer word.

As gevolg van die statutêre bepalings is dit duidelik dat dit vir die opvoeder in die skoolwerkwinkel nodig geword het om meer aandag te gee aan die gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.

HOOFSTUK 3

DIE GEMEENREGTELIKE DETERMINANTE VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG VAN DIE OPVOEDER IN DIE SKOOLWERKWINKEL

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die statutêre determinante wat 'n rol speel in die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel bespreek. Daar is spesifiek aandag gegee aan die bepalende faktore in die skoolwerkwinkel. Die internasionale sowel as nasionale statutêre bepalings wat verband hou met die gesondheid en veiligheid van leerders wat aan die sorg van die werkwinkelopvoeder toevertrou is, is bespreek.

In die gemeenereg is daar sekere beginsels wat gebruik word om te bepaal wat die opvoeder se pligte is teenoor die leerder aangaande die leerder se gesondheid en veiligheid in, onder andere die skoolwerkwinkel. In hierdie hoofstuk gaan die gemeenregtelike determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel bespreek word. Inleidend word daar gekyk na die kind se gemeenregtelike posisie. Daarna word die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder bespreek en daar word ook na die rol van die opvoeder gekyk. Verder word die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder bespreek. Laastens word na deliktuele aanspreeklikheid en die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid gekyk.

3.2 DIE GEMEENREGTELIKE POSISIE VAN DIE KIND

Ten opsigte van onregmatige dade teen kinders is daar 'n aantal spesiale reëls en

voorboude wat bestaan om toe te sien dat daar bykomende beskerming vir kinders is om te kompenseer vir die kind se inherente onvolwassenheid en weerloosheid. Hierdie ekstra beskerming kom eerstens te voorskyn in sekere vereistes vir instemming en gesag as grondslag vir die regverdiging vir die skending van die kind se wetlike belange. Tweedens kom dit te voorskyn in 'n aantal gemeenregtelike en statutêre oortredings wat spesifiek voorsiening maak vir die beskerming van die kind teen verskeie vorme van mishandeling en molesting (Van Oosten & Louw, 1997:131). Vir die doeleindes van dié studie gaan daar slegs gekonsentreer word op die gemeenregtelike oortredings. Mishandeling, die toelaat van mishandeling van kinders en die nalaat om 'n kind te onderhou of te versorg is die oortredings wat bespreek sal word.

Voordat die oortredings bespreek word, is dit belangrik om dit eers in perspektief te stel. Wanneer die werkwinkelopvoeder versuim het om die skoolwerkwinkel te beveilig, is daar verskeie ander wetlike en gemeenregtelike beginsels waarvoor die werkwinkelopvoeder in 'n geregte hof aanspreeklik gehou kan word. Die waarskynlikheid dat werkwinkelopvoeders van mishandeling, die toelaat van mishandeling van kinders en die nalaat om 'n kind te onderhou of te versorg aangekla en/of aanspreeklik gehou sal word indien leerders wat onder hulle sorg was in die skoolwerkwinkel beseer sou word, is uiters skraal. Dit bly egter 'n moontlikheid dat werkwinkelopvoeders vir bogenoemde oortredings aanspreeklik gehou kan word wanneer leerders in die skoolwerkwinkel beseer sou raak indien werkwinkelopvoeders versuim het om die skoolwerkwinkel na die beste van hulle vermoëns te bestuur en te beveilig.

3.2.1 MISHANDELING

Mishandeling behels meer as 'n dreigement, of die toepassing van fisieke geweld. Versuim om op te tree wanneer daar gevaar is, kan ook as mishandeling gesien word (Van Oosten & Louw, 1997:138). Mishandeling is verder nie beperk tot doelbewuste mishandeling nie, maar dit sluit ook mishandeling in wat plaasvind vanweë nalatigheid

(Van Oosten & Louw, 1997:139). Vir 'n verdere omskrywing van 'n handeling en nalatigheid vergelyk paragraaf 3.5.2.1 en 3.5.2.3 ii van hierdie studie.

Indien werkwinkelopvoeders dus sou nalaat om die skoolwerkwinkel na die beste van hulle vermoëns te beveilig en leerders sou 'n besering in die skoolwerkwinkel opdoen, kan dit daarop neerkom dat die opvoeders die kinders/leerders mishandel het.

3.2.2 DIE TOELAAT VAN MISHANDELING VAN KINDERS

Die toelaat van mishandeling van kinders impliseer dat die skuldige persoon nagelaat het om die mishandeling te verhoed. Die toelaat van mishandeling van kinders as onregmatige daad veroorsaak 'n plig om te voorkom dat kinders mishandel word. Indien 'n persoon toelaat dat 'n kind mishandel word, is dit so goed asof die persoon self die kind mishandel het (Robinson, 1997:139).

Hierdie onregmatige daad het die implikasie dat, indien die Departement van Onderwys en/of die skoolhoof daarvan bewus was dat 'n skoolwerkwinkel nie veilig is nie, en 'n leerder sou 'n besering in die skoolwerkwinkel opdoen, kan die Departement van Onderwys en/of die skoolhoof aanspreeklik kan wees daarvoor omdat hulle nagelaat het om te voorkom dat 'n kind/leerder mishandel word.

3.2.3 NALAAT OM 'N KIND TE ONDERHOU OF TE VERSORG

'n Persoon sal 'n onregmatige daad pleeg indien hy 'n wettige verantwoordelikheid het om 'n kind te onderhou of te versorg en hy/sy versuim om dit te doen terwyl hy/sy die vermoë het om die kind te versorg. Oor die algemeen bestaan die wettige verantwoordelikheid om 'n kind te versorg vanuit gemeenregtelike beginsels asook statutêre bepalings (vgl. par. 2.3.1, Van Oosten & Louw, 1997:143). Opvoeders is vanweë hulle gesagsposisie ook verantwoordelik daarvoor om na die veiligheid van die kinders/leerders wat onder hulle sorg is, om te sien (Van Wyk, 1987:88).

Indien werkwinkelopvoeders nie sorg dat die skoolwerkwinkel veilig is nie, impliseer dit dat hulle, hulle plig versuim om die kinders/leerders wat aan hulle sorg toevertrou is te onderhou of te versorg.

3.2.4 OUDERDOM AS DETERMINANT IN DIE STATUS VAN 'N KIND

Werkwinkelopvoeders wat daaglik vir die welsyn van leerders in die skoolwerkwinkel verantwoordelik is, moet kennis dra van die regstatus van die kind sodat hulle met die inagneming van die kind se regstatus, 'n veilige ruimte binne die skoolwerkwinkel vir leerders kan skep. In die normale ontwikkeling van die kind leer die kind stelselmatig om onafhanklik besluite te neem. Die vermoë van die kind om verantwoordelike besluite te neem, om die gevolge van die besluite te besef en om die verantwoordelikheid vir die besluite te aanvaar, bepaal die kind se regstatus (Joubert & Prinsloo, 2001:56). Die regstatus van 'n kind word dus onder andere bepaal deur die ouderdom van die kind (Oosthuizen, 1998d:60). Vir die doeleindes van hierdie studie gaan slegs die ouderdom van die kind as determinant vir die regstatus van die kind bespreek word.

Ouderdom is 'n belangrike determinant in die regstatus van 'n kind (Cronje, 1994: 79). Kinders moet in staat wees om die gevolge van hulle dade te besef voordat hulle daarvoor aanspreeklik gehou kan word. Die ouderdom van 'n kind het 'n groot invloed op die kind se oordeelsvermoë (Oosthuizen, 1998d:60). Opvoeders moet dus 'n groter mate van sorg aan die dag lê hoe jonger die leerders onder hulle sorg is, aangesien die minderjarige kind volgens die reg nie oor die nodige ervaring beskik nie en nie verstandelik ryp genoeg is om selfstandig en onafhanklik op te tree nie. Daarom word jong kinders nie geag in staat te wees om die gevolge van hulle dade te besef nie. Hoe ouer kinders word, hoe meer moet hulle verantwoordelikheid vir hulle dade aanvaar aangesien hulle stelselmatig meer bevoeg word om die gevolge van hulle dade te besef. (Oosthuizen, 1998d:60).

Die ouderdom van 21 jaar word deur die reg geag as die ouderdom waarop 'n kind meerderjarigheid bereik (Cronje, 1994:79). Die reg aanvaar dat 'n 21-jarige persoon oor

die nodige ervaring en verstandelike ryphheid beskik om verantwoordelike besluite te neem, die gevolge van die besluite te besef en die verantwoordelikheid vir besluite te aanvaar (Joubert & Prinsloo, 2001:56).

Voordat die regstatus van die kind verder bespreek word, is dit nodig om die volgende regsterme te verklaar:

- **Handelingsbevoegdheid** is die vermoë van 'n persoon om geldige regshandelinge uit te voer soos om 'n regsgeldige kontrak te sluit. 'n Geldige regshandeling kan dus slegs tot stand kom indien die gevolge van 'n persoon se handelinge deur die reg aan hom/haar toevertrou kan word (Cronje, 1994:36).
- **Verskyningsbevoegdheid** is die vermoë van 'n persoon om in 'n geregshof as 'n getuie, of as aangeklaagde te verskyn (Joubert & Prinsloo, 2001:56).
- **Toerekeningsvatbaarheid** is die vermoë van 'n juristiese of natuurlike persoon om strafregtelik of deliktueel aanspreeklik gehou te word vir sy/haar dade (Joubert & Prinsloo, 2001:56).

Hierdie bevoegdhede hou regstreeks verband met 'n persoon se ouderdom, ervaring en verstandelike ryphheid (Oosthuizen, 1998d:61).

Afgesien daarvan dat die bereiking van meerderjarigheid gesien word as die belangrikste regsouderdomsperk, is daar ander ouderdomme wat van belang is in die ontwikkeling van die regstatus van die kind (Cronje, 1994:79). Die volgende is die ontwikkelingsfases van die kind wat sy regstatus bepaal (Cronje, 1994:81 - 98):

- **Die fase van 0 tot 7 jaar (infans):** 'n Kind van hierdie ouderdom is handelingsonbevoeg, ontoerekeningsvatbaar en verskyningsonbevoeg. Kinders van hierdie ouderdom het selfs nie eers met die bystand van hulle ouers verskyningsbevoegdheid nie.
- **Die fase van 7 tot 21 jaar (minderjarige):** Gedurende hierdie fase het die kind beperkte handelingsbevoegdheid, toerekeningsvatbaarheid en verskyningsbevoegdheid. Kinders kan met die hulp van hulle ouers kontrakte sluit en strafregtelik en deliktueel aanspreeklik gehou word vir

hulle dade. Die volgende is volgens Cronje enkele voorbeelde van hierdie kinders se beperkte handelingsbevoegdheide, toerekeningvatbaarheid en verskyningsbevoegdheid (1994:81 - 98):

- Vanaf 10 jaar moet 'n kind self toestem om aangeneem te word.
- Dogters kan op ouderdom 12 jaar en seuns op ouderdom 14 jaar in die huwelik tree indien hulle sekere ander vereistes nakom.
- Op 16 jaar kan 'n kind sy eie testament opstel.
- Van 7 tot 14 jaar sal die kind oor die algemeen nie toerekeningsvatbaar wees nie, behalwe as die teendeel bewys kan word.
- Vanaf 14 jaar word die kind oor die algemeen gereken as toerekeningsvatbaar, behalwe as die teendeel bewys kan word.
- Oor die algemeen moet minderjariges deur hulle ouers in 'n hof verteenwoordig of bygestaan word.

Dit is dus duidelik dat die opvoeder se verantwoordelikheid verder strek as die blote oordra van kennis (Oosthuizen, 1998d:60). Dit is die plig van opvoeders om oral op die skoolterrein redelike toesig oor die leerders onder hulle toesig uit te oefen. Wat as redelikheid beskou kan word, word dus in 'n groot mate deur die ouderdom van die leerders bepaal (Barrel & Partington, 1985:423). Dit is dus van kardinale belang dat werkwinkelopvoeders wat daagliks vir die welsyn van leerders in die skoolwerkwinkel verantwoordelik is, kennis moet dra van die regsatus van die kind sodat hulle 'n veilige ruimte in die skoolwerkwinkel vir die leerders kan skep. Die werkwinkelopvoeder moet begryp dat ouderdom 'n belangrike determinant in die regstatus van die kind is. Die werkwinkelopvoeder moet ook besef dat die ouderdom van 'n kind 'n groot invloed het op die kind se oordeelsvermoë (Oosthuizen, 1998d:60). Die werkwinkelopvoeder moet dus in 'n groter mate sorg aan die dag lê hoe jonger die betrokke leerders wat onder sy/haar sorg is.

3.3 IN LOCO PARENTIS

In loco parentis is 'n Latynse term en as dit letterlik vertaal word, beteken dit "in die

plek van die ouer" (Hiemstra & Gonin, 1986:210). Dit beteken dat die opvoeder se *in loco parentis*-rol in die skool 'n onafhanklike en funksioneel soortgelyke rol as dié van die ouer is, maar hierdie rol is nie dieselfde as dié van die ouer nie, en die opvoeder is nie 'n plaasvervangende ouer nie (Oosthuizen & Rossow, 1998:92).

Hierdie beginsel is goed vasgelê in die regsgeeskiedenis van onderwys (Lombard, 1993:7). In Suid-Afrika het *in loco parentis* nog altyd 'n belangrike rol gespeel in die formele opvoedingsituasie (Oosthuizen, 1998b:49). Nietemin het die Suid-Afrikaanse begrip aangaande die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder in sekere omstandighede verander (Oosthuizen & Rossow, 1998:91).

3.3.1 DIE OPVOEDER SE POSISIE IN DIE SKOOLSITUASIE

Sedert daar in die VSA afstand gedoen is van die *in loco parentis* beginsel is die howe versigtig om 'n skool verantwoordelik te hou vir die beskerming van hulle leerders. Die ouers moet die kind aan 'n persoon (skool) toevertrou voordat die persoon (skool) *in loco parentis* kan staan (Hirshberg, 1994:199). Persone wat gewoonlik in die praktyk *in loco parentis* staan, is opvoeders, huisvaders en koshuispersoneel (Hosten *et al.* 1995:502). Die belangrikste implikasie van *in loco parentis* vir die opvoeder is tweeledig; ener syds is dit die reg om die leerder te dissiplineer en andersyds rus daar 'n verpligting op hom om die leerder te versorg (Oosthuizen, 1998b:49). In die normale skoolsituasie is daar nie werklik sprake van versorging van leerders in dié opsig dat daar vir leerders kos, klere en beskutting gegee moet word nie, aangesien leerders net vir die tydperk wat hulle skool toe kom in die sorg van die opvoeders is. Dit word eerder getipeer as sorgsame toesighouding.

In loco parentis beteken nie dat die ouer van sy/haar verpligting onthef word nie (Oosthuizen, 1998b:48). Die ouers bly die primêre opvoeders. Die skool se opvoeder is die professionele opvoedende onderwyskundige wat as sekondêre opvoeder binne die skoolsituasie optree. Dit beteken dat die opvoeder sowel as die ouer opvoeders is (Oosthuizen & Van der Walt, 1998:91). As gevolg van die verskillende regsbevoegdhede en gesagsfere van die ouer en die opvoeder kan die opvoeder nooit

die plek van die ouer in die opvoeding van die kind inneem nie (Oosthuizen & Van der Walt, 1998:91).

Hieruit vloei die kenmerkende rol van die opvoeder as *in loco parentis*-persoon (Oosthuizen, 1998b:49). Dié rol staan in wese op twee bene, nl.:

- die selfstandige bevoegdheid met betrekking tot gesagshandhawing en
- die verpligting ten opsigte van sorgsame toesig.

3.3.1.1 Die selfstandige bevoegdheid met betrekking tot gesagshandhawing

Die Suid-Afrikaanse opvoedingsfilosofie, wat nog altyd 'n sterk invloed gehad het op die ouer se siening aangaande die formele opvoeding van sy/haar kind, is die filosofie dat die huisgesin die primêre samelewingsverband is. Die primêre opvoedingsgebeure vind in die huisgesin plaas. Die skool is slegs 'n samelewingsverband wat uit die huisgesin ontstaan het. Daarom is die opvoeder se gesag volgens hierdie siening 'n verlengstuk (of 'n delegering) van die ouer se gesag (Oosthuizen & Rossow, 1998:94). Op grond van dié opvatting het die opvoeder die verpligting en bevoegdheid om gesag te handhaaf in die skool as samelewingsverband.

Om 'n geborgenheidsruimte te skep wat tot voordeel van elke deelnemer aan die opvoedingsituasie sal strek, is dit nodig om billike gesagshandhawingsmeganismes daar te stel, soos die opstel van skoolreëls en die uitoefening van billike tugmaatreëls. By die skool- en tugmaatreëls lê die klem op wat billik is (Oosthuizen, 1998b:49). Skoolreëls moet voldoen aan die norme en waardes van die gemeenskap waarin die skool geleë is. Indien die gemeenskap voel dat die skoolreëls en die tugmaatreëls wat in die skool toegepas word billik is, sal die onderwysbestuurder van die skool feitlik nooit probleme met sy ouergemeenskap hê nie (Oosthuizen, 1998c:35, 1998d:66).

3.3.1.2 Die verpligting ten opsigte van sorgsame toesig

Die verpligting ten opsigte van sorgsame toesig behels die toesighouding oor die fisieke welstand van die leerder. Verder moet omgesien word na die psigiese welsyn

van die opvoeding. Dit is van groot belang dat die opvoeder terreine van potensiële gevaar op die skoolterrein identifiseer. Dit is plekke soos die skoolwerkwinkel, wetenskap- en biologieselaboratoriums en die LO-gimnasiums (Oosthuizen, 1998b:49).

3.3.2 SINTESE

Enige persoon wat as 'n *in loco parentis*-persoon ageer, moet altyd billik optree teenoor dié persoon vir wie hy/sy *in loco parentis* optree. Die plig van 'n opvoeder kan hoogstens vergelyk word met dié van die ouer soos dit in die *in loco parentis*-beginsel geïmpliseer word maar dit kan nie gelyk gestel word aan die plig van die ouer nie (Oosthuizen, 1998b:48).

3.4 SORGSAME TOESIG

Die begrip "sorgsame toesig" word in die HAT (1994:979,189) omskryf as:

- sorgsaam: volsorg, oppassend;
- toesig: bewaking, sorg, toesig hou oor 'n minderjarige.

Sorgsame toesig word dus omskryf as die bewaking en versorging van die minderjarige. Dit beteken dat die verantwoordelike toesighouers tot verantwoording geroep kan word indien hulle, hulle plig versuim om die minderjarige te bewaak en/of te versorg.

3.4.1 DIE RELIGIEUSE OPDRAG TEN OPSIGTE VAN SORGSAME TOESIG-HOUDING

Ouerskap is 'n voorreg en 'n roeping wat beteken dat die ouer moet aanvaar dat hy/sy die kind wat aan hom/haar toevertrou is deur God na liggaam en siel moet versorg en beskerm (Oosthuizen, J.J., 1992:11). Aansluitend hierby laat doop die meeste van die ouers in Suid-Afrika hulle kinders in die kerk. Wanneer 'n kind gedoop word, lê die ouers 'n doopbelofte af waar die ouer beloof om die kind te onderrig en te laat onderrig in die leer en lewe van die betrokke kerk. Hierdie belofte plaas 'n opvoedingsplig op die ouers om te sorg dat hulle kind 'n opvoeding ontvang. Christenouers is daarom ook

verplig om hulle kind in 'n skool te plaas waar die kind 'n Christelike opvoeding sal ontvang (Oosthuizen, J.J., 1992:11).

Dit is dus duidelik dat Christenouers 'n geweldige religieuse verantwoordelikheid het om te sorg dat hulle kind 'n Christelike opvoeding ontvang. Christenouers het verder die verpligting om hulle kind te versorg en met liefde te koester. Die voorreg van ouerskap bring 'n verantwoordelikheid mee wat met groot omsigtigheid hanteer moet word (Els, 1994:8).

3.4.2 DIE OUER SE VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN SORGSAME TOESIGHOUDING

Die ouer is die primêre opvoeder. Die huisgesin is ook 'n primêre samelewingsverband wat deur God ingestel is. Die vernaamste taak van die ouers is die liefdevolle versorging en opvoeding van die kinders wat deur God aan die ouers gegee is (Els, 1994:8). Versorging behels ook sorgsame toesighouding oor die kinders wat aan die ouers gegee is.

Die sorgsame toesig en versorging van die kind is 'n juridiese plig wat sy oorsprong het in die gemene- sowel as die statutêre reg (Els, 1994:8). Dit beteken dat die kind 'n reg het om versorg en opgevoed te word. Soos dit reeds aangetoon is, word hierdie feit deur die *Grondwet* in artikel 28 beklemtoon en as 'n reg voorgeskryf (RSA, 1996a/108, vgl. par. 2.3.1). Van der Vyver & Joubert, (1991:116) lig die volgende belangrike aspekte van die onderhouds- en opvoedingsplig uit:

- Voorsiening van huisvesting, voedsel, kleding en geneeskundige hulp,
- liggaamlike opvoeding, karaktervorming, godsdiensonderrig, skoling en kulturele vorming en
- beskerming teen gevare en onheil deur onder meer deurlopend toesig te hou oor die kind.

Die pligte van die ouer ten opsigte van sorgsame toesighouding gaan gepaard met sekere magte wat hom in staat stel om sy verpligtinge na te kom (Khan & Williams,

1993:157). Dit is duidelik dat ouers, benewens hulle ander verpligtinge, ook 'n beskermingsplig het wat hulle verplig om hulle kind teen gevare te beskerm en dat hulle voorsorg moet tref teen gevare wat moontlik kan intree (Oosthuizen, J.J., 1992:13). Ouers kan die voorsorg tref deur verantwoordelike toesig oor hulle kinders en deur voorkomende maatreëls te tref (Van der Vyver & Joubert, 1991:612).

Dit is baie belangrik dat hierdie verpligting van ouers verstaan moet word aangesien opvoeders 'n soortgelyke verpligting het wanneer die kind onder hulle toesig is (Els, 1994:9). Vir die doel van hierdie studie is die verpligtinge van die ouer nie werklik ter sprake nie en dit sal nie verder bespreek word nie.

3.4.3 DIE OPVOEDER SE VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN SORGSAME TOESIGHOUDING

Ouers kan vanweë die kompleksiteit van die samelewing nie alle fasette van die kind se opvoeding behartig nie; daarom is dit nodig dat gespesialiseerde hulp verkry moet word om ouers met die opvoeding van hulle kinders by te staan (Els, 1994:9). Die opvoeder, as professionele opvoeder, is een van die persone aan wie hierdie taak opgedra kan word.

Oor die vraag of 'n opvoeder 'n verpligting het om die leerders onder sy toesig teen gevare te beskerm, is skrywers oor dié onderwerp dit eens dat 'n opvoeder wél so 'n verpligting het (Botha, 1998:72). Sommige skrywers is van mening dat die opvoeder se verpligting 'n gedelegeerde verpligting is (Oosthuizen, J.J. 1992:14). Indien die opvoeder 'n gedelegeerde verpligting het, kan aanvaar word dat die opvoeder se verpligting nie verskil van die verpligting van die ouer nie (Botha, 1998:72). Die ander standpunt is dat opvoeders 'n oorspronklike verpligting het ten opsigte van die veiligheid van die leerders wat aan hulle sorg toevertrou is (Oosthuizen, J.J. 1992:15). Wanneer die opvoeder 'n oorspronklike verpligting het, het dit die implikasie dat die opvoeder nie slegs na die welsyn van die leerder moet omsien nie, maar dit verplig die opvoeder om geskikte stappe te neem om te sorg dat die opvoedingsgebeure by die betrokke onderwysinstansie voortgesit word (Oosthuizen, J.J. 1992:15). Botha

(1998:72) is van mening dat opvoeders ten opsigte van sorgsame toesighouding 'n gedelegeerde sowel as 'n oorspronklike verpligting het teenoor die leerders wat aan hulle sorg toevertrou is.

Vir die doel van hierdie studie is dit nie noodsaaklik om te bepaal of opvoeders 'n oorspronklike of 'n gedelegeerde verpligting het ten opsigte van sorgsame toesig oor die leerders wat aan hulle toevertrou is nie. Die belangrikste feit is dat opvoeders wél 'n verpligting ten opsigte van sorgsame toesighouding teenoor die leerders het.

– Die inhoud van die opvoeder se sorgsame toesighoudingsverpligtinge

Opvoeders, wat *in loco parentis* funksioneer (vgl. par. 3.3) is onderworpe aan statutêre bepalings sowel as gemeenregtelike beginsels. Die *in loco parentis*-posisie verleen aan opvoeders die bevoegdheid om gesag te handhaaf en om met sorg en goeie oordeel toesig te hou oor die veiligheid van die leerders wat aan hulle toevertrou is (Oosthuizen, I.J. 1992:107).

Daar is reeds aangetoon dat opvoeders as gevolg van die gedelegeerde aard van hierdie verpligting dieselfde verpligtinge as ouers het wanneer dit kom by sorgsame toesighouding oor leerders wat aan hulle sorg toevertrou is. Dit beteken dat opvoeders dieselfde regte en pligte het as ouers in hierdie verband. Opvoeders is spesifiek opgelei vir hulle taak en is veronderstel om hierdie taak professioneel en teen vergoeding te verrig. Dit bring mee dat die reg meer van hulle verwag vanweë hulle opleiding (wat gespesialiseerde kennis van leerders insluit) en hulle onderwyservaring. Daar word verwag dat opvoeders groter sorg aan die dag moet lê ten opsigte van moontlike psigiese en fisiese gevare waaraan leerders blootgestel kan word (Els & Oosthuizen, 1995:28).

Die inhoud van die opvoeder se sorgsame toesighoudingsverpligting kan soos volg saamgevat word (Els, 1994:10-11):

- die sorgsaamheidsp lig van die opvoeder is vergelykbaar met dié van die ouer,
- as gevolg van die opvoeder se professionele opleiding word daar groter

eise aan die opvoeder gestel ten opsigte van sy/haar ingesteldheid om moontlike gevare waaraan die leerder blootgestel kan word, te identifiseer;

- die **redelike man**-eis (vgl. par. 3.5.2.2) word altyd gebruik om die opvoeder se optrede te meet;
- die opvoeder moet verseker dat die leerder nie onnodig blootgestel word aan gevare weens onvoldoende toesig en beheer nie; en
- die opvoeder het bepaalde verpligtinge teenoor die leerders wat onder sy/haar beheer is en hierdie verpligting moet duidelik in die skoolbeleid uitgespel word.

3.4.4 SINTESE

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat opvoeders 'n sorgsame toesighoudingsplig het ten opsigte van die veiligheid van die leerders wat aan hulle sorg toevertrou is. 'n Britse hof het in 1968 bevind dat 'n opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig onder sekere omstandighede selfs verder kan strek as dit wat deur wetgewing voorgeskryf word. In dié besondere geval is 'n 16-jarige vakleerlingdrukker se hand beseer deur 'n masjien wat normaalweg nie voorsien word van 'n skerm nie. Ten spyte daarvan dat die Britse Factories Act 1961 nie vereis het dat die betrokke masjien onder normale omstandighede van 'n skerm voorsien moet word nie, het die regter bevind dat dit skole se plig is om na die veiligheid van hulle leerders om te sien (Barrel & Partington, 1985:389). As gevolg van hierdie sorgsame toesighoudingsplig word dit van die opvoeder verwag om sekere maatreëls, wat beserings in die skoolwerkwinkel sal voorkom, te tref.

Indien opvoeders nie hierdie sorgsame toesighoudingsplig nakom nie, loop hulle die gevaar om deliktueel aanspreeklik gehou te word vir enige skade wat leerders en/of hulle ouers kan ly. Vervolgens word deliktuele aanspreeklikheid as 'n beginsel in die gemeenereg bespreek.

3.5 DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID

Volgens die HAT (Odendal, 1994:135) is 'n delik 'n strafbare onregmatige handeling. Aanspreeklikheid word omskryf as "verantwoordelik: ek hou jou aanspreeklik vir die skade." (Odendal, 1994:9). **Deliktuele aanspreeklikheid** kan dus omskryf word as die aanspreeklikheid (verantwoordelik vir nadeel) van 'n persoon weens 'n onregmatige of skuldige handeling wat nadeel aan 'n ander persoon veroorsaak (Neethling *et al.* 1996:4). Hieruit is dit duidelik dat **deliktuele aanspreeklikheid** beteken dat iemand verantwoordelik gehou kan word vir die skade van 'n ander persoon as gevolg van sy/haar onregmatige (onverantwoordelike; onregmatige) optrede.

In die Suid-Afrikaanse reg is die basiese uitgangspunt dat "skade rus waar dit val" (Neethling *et al.* 1996:3). Dit beteken dat die persoon wat op die een of ander manier skade ly daardie skade self moet dra. Hierdie beginsel word nie blindelings deur die reg aanvaar nie en daar is wel 'n uitsondering. Iemand wat 'n ander onregmatig en deur nalatigheid benadeel, is aanspreeklik vir die nadeel wat veroorsaak is. Hy/sy sal dus die benadeelde moet vergoed vir die skade wat hy/sy gely het (Botha, 1998:73).

3.5.1 VERTREKPUNT VIR DIE VOORKOMING VAN SKADE

Daar bestaan geen algemene regsplig in die Suid-Afrikaanse reg wat van 'n persoon verwag om te voorkom dat 'n ander skade opdoen nie (Neethling *et al.* 1996:53). Indien daar 'n plig op elke individu gerus het om onder alle omstandighede skade aan 'n ander te voorkom, sou dit feitlik onmoontlik gewees het om met 'n mens se normale lewe voort te gaan. Onder sekere omstandighede het sekere persone tog 'n plig om skade aan 'n ander te verhoed of te probeer verhoed (Botha, 1998:74). Opvoeders het onder andere as gevolg van hulle amp as *in loco parentis*-persone so 'n plig teenoor leerders wat aan hulle sorg toevertrou is (vgl. par. 3.4.4).

3.5.2 VEREISTES VIR DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID

Volgens Neethling *et al.* (1996:4) is 'n delik 'n onregmatige en skuldige handeling van

'n persoon wat nadeel (skade) aan 'n ander persoon veroorsaak. Om aanspreeklik gehou te word vir 'n delik (onregmatige daad) moet al die elemente teenwoordig wees en dit moet bewys kan word. Die volgende vyf elemente is ter sprake:

- handeling,
- onregmatigheid,
- skuld,
- kousaliteit of oorsaaklikheid,
- nadeel (skade).

3.5.2.1 **Handeling**

'n Handeling word omskryf as 'n menslike willekeurige handeling (Botha, 1998:74). Hierdie handeling sluit in iets wat deur 'n mens gedoen word, of dit kan iets wees wat 'n mens nalaat om te doen. 'n Regspersoon, soos 'n skool, kan ook handel deur middel van die opvoeder en kan sodoende ook deliktueel aanspreeklik wees (Neethling *et al.* 1996:25-26).

3.5.2.2 **Onregmatigheid**

'n Handeling soos dit in die voorafgaande paragraaf bespreek is, moet nadeel tot gevolg hê wat op 'n onregmatige, dit wil sê op 'n ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak is (Neethling *et al.* 1996:33). Die onregmatigheid moet in stryd wees met die regsopvatting van die gemeenskap. Dit moet duidelik gestel word dat alle benadeling nie noodwendig onregmatig is nie. Opvoeders kan byvoorbeeld in die uitvoering van hulle plig leerders regtens tug en in die proses die leerder feitelik benadeel, maar in hierdie geval word die leerder nie onregmatig benadeel nie. Hierdie benadeling word nie as onregmatig aangeteken nie aangesien opvoeders se optrede geregverdig word deur 'n regverdigingsgrond. 'n Opvoeder se tugbevoegdheid dien in so 'n geval as regverdigingsgrond (Botha, 1996:74-75).

3.5.2.3 **Skuld**

Skuld is die verwytbare optrede of gebrek aan optrede van 'n persoon wat onregmatig

gehandel het. Skuld het twee verskyningsvorme, naamlik opset of nalatigheid (Neethling *et al*, 1996:117).

i **Opset**

Neethling *et al*.(1996:120) omskryf opset soos volg:

'n Toerekeningsvatbare persoon tree opsetlik op indien hy die gevolg wil wat hy onregmatig veroorsaak terwyl hy bewus is van die onregmatigheid van sy optrede.

In hierdie studie sal daar nie gekonsentreer word op skuld met opset nie aangesien daar aanvaar kan word dat die gemiddelde opvoeder onder normale omstandighede nie 'n leerder opsetlik skade sal berokken nie. Daar sal veel meer op nalatigheid as vorm van skuld gefokus word.

ii **Nalatigheid**

Nalatigheid staan in regsterme bekend as *culpa*. Hierdie woord word in Hiemstra & Gonin (1990:35) omskryf as: "skuld; onagsaamheid; gebrek aan sorg; nalatigheid". Nalatigheid is volgens Neethling *et al*. (1996:126) wanneer 'n persoon verwyrt word vir die gesindheid of gedrag van onoplettendheid, onorgvuldigheid en/of onversigtigheid omdat hy/sy deur nie genoegsame ag te slaan op wat hy/sy doen nie, nie aan die standaard van versigtigheid wat vanuit regsweë van hom/haar verlang word, voldoen nie.

Die maatstaf wat gebruik word om te bepaal of 'n persoon nalatig (onoplettend, onorgvuldig en/of onversigtig) opgetree het, is die standaard van die redelike man (Botha, 1998:78).

• **Die redelike man**

Die redelike man is 'n fiktiewe persoon wat deur die reg versin is as 'n werkbare maatstaf waarvolgens bepaal kan word hoe 'n mens in die gemeenskap moet optree om

as aanvaarbaar gereken te word (Neethling *et al.* 1996:128). Die redelike man is 'n gewone mens met gemiddelde talente en tekortkominge. Die redelike man is nie buitengewoon intelligent, versigtig of ontwikkel nie, maar hy/sy is ook nie 'n onontwikkelde, onversigtige mens met 'n ondergemiddelde intelligensie nie. Hierdie persoon val dus iewers tussen die twee uiterstes (Kruger & Calitz, 1992:154). Anders gestel: die redelike man is dus 'n *diligens paterfamilias*. Dié regsterm is aan hoofsaaklik twee Latynse konsepte, *diligens* en *paterfamilias* ontleen:

- *Diligens paterfamilias*. Dit beteken "oppassend sorgsame man; sorgvuldige huisvader of gesinshoof; redelike man" (Hiemstra & Gonin, 1986:186).

Die sorgvuldige vader sal, sover dit vir hom moontlik is, sorg dat sy gesin goed versorg is en hy sal moontlike gevare vroegtydig probeer identifiseer ten einde sy gesin te beskerm teen hierdie gevare (Els, 1994:11). Hierdie uitdrukking geld ook vir opvoeders wat as *in loco parentis*-persone optree vir die leerders wat aan hulle sorg toevertrou is (Joubert & Prinsloo, 2001:101).

Om te bepaal of 'n persoon aan die vereistes van die redelike man voldoen, maak die howe gebruik van die redelike man-toets.

• **Die redelike man-toets**

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:101) vra die hof die volgende vraag ten einde die redelike man-toets uit te voer:

- Wat sou die optrede van die redelike man onder soortgelyke omstandighede gewees het?

Voortvloeiend uit hierdie vraag volg die volgende twee vrae (Joubert & Prinsloo, 2001:101):

- Sou dit vir die redelike man moontlik gewees het om die skade, wat as gevolg van sy/haar optrede kon intree, te voorsien?
- Indien die redelike man die skade sou kon voorsien, sou hy/sy stappe geneem het om die verwagte skade te voorkom?

Indien die antwoorde op bogenoemde vrae positief is, sal dit daarop neerkom dat die dader nalatig was en dus moontlik deliktueel aanspreeklik sal wees vir die skade (indien al die ander elemente vir deliktuele aanspreeklikheid ook teenwoordig is) (Botha, 1998:78).

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat nalatigheid op twee bene staan, nl. **voorsienbaarheid** en **voorkombaarheid**. Dié twee moet eers bewys word voordat 'n persoon aan nalatigheid skuldig bevind kan word (Botha, 1998:78-79).

– **Redelike voorsienbaarheid**

In die Suid-Afrikaanse reg bestaan daar hoofsaaklik twee uiteenlopende sienswyses oor die aard van die voorsienbaarheidstoets, naamlik die abstrakte benadering en die konkrete benadering. By die abstrakte benadering word daar gekyk of die benadeling van 'n ander in die algemeen redelikerwys voorsienbaar was. Daarenteen word daar by die konkrete benadering van die standpunt af uitgegaan dat dit nalatig is indien die dader se handeling nie vir die spesifieke gevolg voorsiening gemaak het nie (Neethling *et al.* 1996:135).

Om redelike voorsienbaarheid te bepaal, kyk die hof in die spesifieke situasie na wat die waarskynlikheid was vir die nadeel wat ingetree het (Botha, 1994:79). Indien die waarskynlikheid groot was vir die gevolg om in te tree en die dader het nie die nodige maatreëls getref om die nadeel te voorkom nie, sal die dader na alle waarskynlikheid skuldig wees aan nalatigheid. Die reg verwag dus nie oorversigtigheid nie maar duld ook nie blatante onversigtigheid nie (Neethling *et al.* 1996:137).

– **Redelike voorkombaarheid**

Gewoonlik speel redelike voorsienbaarheid in regspraak die belangrikste rol in die bepaling van nalatigheid. Ten spyte hiervan speel redelike voorkombaarheid ook 'n baie belangrike rol in die nalatigheidstoets en mag dit daarom nie misken word nie (Neethling *et al.* 1998:138).

Neethling *et al.* (1998:138-140) beklemtoon vier oorwegings wat gewoonlik in aanmerking geneem word om te bepaal of die nadeel, wat redelik voorsienbaar was, geredelik voorkombaar was:

- **Aard en omvang van die risiko:** Die redelike man sal nie stappe neem om nadeel te voorkom indien die moontlikheid vir nadeel gering is nie. 'n Leerder in 'n skoolwerkwinkel dra nie 'n hardehoed nie aangesien daar onder normale omstandighede nie op steiers in die skoolwerkwinkel gewerk word nie en die kans dat iets op 'n mens se kop sal val, uiters gering is.
- **Ernstigheidsgraad van die nadeel:** Sou die ernstigheidsgraad van die nadeel wat moontlik kan intree, onbeduidend wees, sal die redelike man nie stappe neem om dit te voorkom nie. Wanneer leerders in die skoolwerkwinkel die vaardigheid inoefen om houtwerkvoeë te maak, bestaan daar 'n moontlikheid dat hulle hulle hand of vinger met die beitels kan beseer. Die ernstigheidsgraad van so 'n besering is normaalweg nie baie groot nie en daarom sal werkwinkelopvoeders, behalwe om die normale veiligheidsmaatreëls aan leerders te verduidelik en te demonstreer en om voortdurend toesig te hou, waarskynlik geen verdere stappe hoef te neem om 'n besering te voorkom nie.
- **Relatiewe belangrikheid van die doel:** Die doel van 'n handeling kan in party gevalle belangriker wees as die belange wat deur die optrede benadeel word. ('n Persoon wat iemand se lewe red en in die proses die ander se besittings beskadig, kan onder normale omstandighede nie skuldig wees aan nalatigheid nie - mits hy/sy binne perke opgetree het.) Indien dieselfde leerder soos bespreek in die vorige geval as voorbeeld geneem word, kan daar ook geredeneer word dat die belangrikheid daarvan vir die leerder om behoorlike houtwerkvoeë te maak swaarder weeg as die moontlikheid dat hy/sy 'n relatief geringe besering in die proses kan opdoen (mits die werkwinkelopvoeder al die normale veiligheidsmaatreëls, wat van toepassing is by die maak van houtwerkvoeë, wél met die leerder bespreek en gedemonstreer het en

indien die werkwinkelopvoeder voortdurend toesig hou om enige onnodige onbeholpenheid voortydig te identifiseer en die nodige remediërende stappe te neem).

- **Koste en moeite ter voorkoming:** Wanneer die koste en moeite ter voorkoming van nadeel buitengewoon hoog is maar die risiko en ernstigheidsgraad van die nadeel nie besonder hoog is nie, sal daar nie van die persoon wat die nadeel kon voorkom het, verwag word om buitengewone koste en moeite aan te gaan nie. Soos reeds aangetoon, sal 'n leerder in 'n skoolwerkwinkel nie 'n peperduur hardehoed hoef te dra nie aangesien die kanse dat daar iets op sy kop sal val, uiters gering is. Behalwe dat die kans dat daar iets op die leerder se kop sal val uiters gering is, sal dit nie die koste regverdig om elke leerder van 'n hardehoed te voorsien vir die uitsonderlike gevalle waar daar vir instandhoudingswerk op steiers gewerk moet word nie. Wanneer daar in uitsonderlike gevalle op steiers in die skoolwerkwinkel gewerk word, sal die opvoeder eerder ander meer toepaslike veiligheidsmaatreëls tref soos om die gebied af te kamp, of om die werkwinkel vir die tydperk van die werksaamhede te sluit.

– **Die redelike deskundige**

Die "redelike deskundige" word gebruik soos dit van toepassing is op die redelike man, maar nou word 'n redelike mate van toepaslike deskundigheid in berekening gebring (Neethling *et al.* 1996:134). Daar word nie superieure kennis of vaardigheid van 'n persoon verwag nie, behalwe as dit aanvaar kan word dat hy/sy in die suksesvolle uitvoering van sy/haar pligte deskundige kennis en vaardighede benodig (Barrel & Partington, 1985:369). Daar word nie van die deskundige verwag om die hoogste mate van deskundigheid in die betrokke beroep aan die dag te lê nie, maar wel deskundigheid wat algemeen, gemiddeld en redelikerwys van 'n persoon in die betrokke beroep verwag kan word (Neethling *et al.* 1996:134).

As deskundiges kan opvoeders hulle nie blindelings daarteen verweer dat hulle

byvoorbeeld onoplettend was wanneer hulle van nalatigheid beskuldig word nie. Opvoeders, as professionele persone, het gespesialiseerde opleiding in die hantering van leerders ontvang (Kruger & Calitz, 1992:155). Wanneer 'n ongeluk plaasvind waarby 'n kind betrokke is en die kind wat onder die toesig en beheer van 'n opvoeder by 'n skool is, sal die hof aanvaar dat die opvoeder oor deskundige kennis en vaardighede beskik ten opsigte van kinders se gedrag en optrede en hy/sy sou dus dienoreenkomstig moes optree om die kind te beskerm (Barrel & Partington, 1985:369). As gevolg van dié opleiding word daar aan die opvoeder 'n hoër eis ten opsigte van sorgsaamheid gestel. Die opvoeder word dus nie meer gemeet aan die standaard van die redelike man nie, maar aan dié van die redelike deskundige (Joubert & Prinsloo, 2001:103). Van die opvoeder word verwag om te voorsien dat leerders partykeer impulsief en irrasioneel optree sonder dat hulle bewus is van die gevare of die gevolge van hul optrede (Kruger & Calitz, 1992:155).

Onder normale omstandighede verwag die reg nie van "die redelike man" om deurgaans op die doelbewuste growwe onredelike optrede van 'n ander bedag te wees en daarop te reageer nie. Doelbewuste, growwe, onredelike optrede sal redelik voorsienbaar wees indien die omstandighede doelbewuste growwe onredelike optrede hoogs waarskynlik maak. Indien die situasie en die gedrag van 'n persoon daarop dui dat bogenoemde omstandighede bestaan, sal 'n persoon se optrede aldus aangepas moet word om bedag te wees op die voorsienbare doelbewuste growwe onredelike optrede van 'n ander persoon. Die blote feit dat opvoeders met kinders werk, verander die beoordeling van die opvoeder se gedrag, ten opsigte van hoe "die redelike man" onder dieselfde omstandighede sou optree. Opvoeders behoort te weet dat kinders 'n beperkte vermoë het om dieselfde mate van redelike sorg aan die dag te lê as volwassenes (Botha, 1998:81). Wanneer daar met kinders gewerk word, moet daar dus 'n groter mate van sorg aan die dag gelê word (Kruger & Calitz, 1992:155).

Daar word uiteraard nie van beginneropvoeders dieselfde mate van kundigheid verwag as van hulle ervare kollegas nie. Beginners moet nogtans voorsorg tref teen moontlike risiko's wat spruit uit 'n gebrek aan ervaring. 'n Gebrek aan ervaring kan nie as verskoning aangebied word by die bepaling van nalatigheid nie. Waar leerders gestrem

of geremd is, moet opvoeders groter voorsorg tref teen die moontlikheid van gevaar (Steenkamp, 1985:79).

Beckmann (1989:58-68) lig negentien belangrike punte uit waaraan die redelike opvoeder moet voldoen. Só 'n persoon kan aan die volgende eienskappe geken word:

- Hy/sy moet kundig en bekwaam wees;
- die kind en sy natuur ken;
- kundig en bekwaam wees met betrekking tot die eise van sy/haar beroep;
- bewus wees van die gevare waaraan die leerder in sy/haar sorg blootgestel word;
- weet van gevaarlike voorwerpe en die aantrekkingskrag daarvan vir die kind;
- bekend wees met burgerlike beskerming en noodplanne wat ten doel het om mense teen gevare te beskerm;
- bedag wees op die moontlike gevaar wanneer leerders alleen in 'n klas gelaat word;
- bekend wees met die areas op die terrein waar daar 'n verhoogde risiko bestaan soos laboratoriums, huishoudkundesentrums, landbouskole en die verskillende sentrums soos die hout- en metaalwerksentrum en die werkwinkels in tegniese skole;
- bewus wees van die moontlike gevare in LO-klasse en gimnasiums;
- bekend wees met die gevare op die skool- en speelterrein;
- bedag wees op gevaarlike speletjies en aggressiewe gedrag wat tussen leerders kan ontstaan;
- bewus wees van die verhoogde risiko wat op die sportterrein bestaan;
- bekend wees met die gevare daaraan verbonde wanneer leerders vervoer word;
- bewus wees daarvan dat hy/sy wel in 'n noodgeval eerstehulp moet verleen, maar dat hy/sy nie mediese behandeling of medikamente aan leerders mag gee wat op die terrein van 'n mediese praktisyn lê nie;
- besef dat 'n kind nie altyd ag slaan op padveiligheid nie;
- bedag wees op die gevare waaraan leerders blootgestel kan word tydens fondsinsamelingsprojekte;

- besef dat leerders blootgestel kan wees aan molestering en misbruik deur volwassenes;
- nie onkundig is ten opsigte van die wette wat van toepassing op sy/haar beroep is nie; en
- nie nalatig is nie.

Daar word dus van die opvoeders, as deskundiges, verwag om 'n bepaalde standaard van sorg aan die dag te lê ten opsigte van die leerders wat onder hulle toesig is (Joubert & Prinsloo, 2001:103).

iii Medewerkende skuld

Dit kan gebeur dat die nadeel wat 'n leerder ly nie slegs te wyte is aan die onregmatige en skuldige optrede van die opvoeder en/of die onderwysinstansie alleen nie. In sulke gevalle speel die optrede van die leerder 'n bydraende rol in die skade wat die leerder opdoen. Daar word na hierdie bydraende rol wat die leerder se optrede speel in die skade wat hy opdoen, verwys as medewerkende skuld (of bydraende skuld) (Botha, 1998:82). Medewerkende skuld is van toepassing op die beperking van die opvoeder en/of die onderwysinstansie se aanspreeklikheid en speel dus 'n belangrike rol in regspraak (Neethling *et al.*, 1996:151). Medewerkende skuld dui dus daarop dat skade wat die leerder ly deur die nalatige optrede van die leerder sowel as die opvoeder en/of onderwysinstansie veroorsaak is (Neethling *et al.* 1996:152).

Wanneer daar medewerkende skuld ter sprake is, moet die hof vasstel hoeveel die opvoeder en/of onderwysinstansie sowel as die leerder van die standaard van die redelike man afgewyk het. Daarna word die skadedragingslas tussen die opvoeder en/of onderwysinstansie en die leerder verdeel ingevolge die *Wet op Verdeling van Skadevergoeding (Wet 34 van 1956)* ooreenkomstig die skuld wat die opvoeder en/of onderwysinstansie en die leerder onderskeidelik tot die skade bygedra het (RSA, 1956/34). Die bedrag vir skadevergoeding word dus pro rata verminder met die bedrag wat na die hof se oordeel aan die onregmatige en skuldige optrede van die leerder self toegeskryf kan word (Barrel & Partington, 1985:380). Dit het die gevolg dat die leerder

self 'n deel van die skade en die opvoeder en/of onderwysinstansie sal dan die res van die skade dra (Botha, 1998:82).

Die onlangse saak *Muntingh v. Gautengse Onderwysdepartement & Hoërskool Vereeniging* (1997) is 'n goeie voorbeeld van medewerkende skuld en sal in hoofstuk 4 volledig bespreek word (vgl. par. 4.3.6).

3.5.2.4 **Kousaliteit**

Die HAT (1994:579) omskryf kousaliteit as: "Verband van oorsaak en gevolg; oorsaaklikheid." Die gevolg van 'n persoon se doen en late moet dus die oorsaak wees van die nadeel of skade wat iemand anders ly alvorens hy/sy aanspreeklik gehou kan word vir die skade of nadeel van 'n ander persoon. 'n Mens kan dus nie aanspreeklik wees vir skade indien sy/haar doen of late dit nie veroorsaak het nie (Neethling *et al.* 1996:165).

3.5.2.5 **Nadeel of skuld**

Soos reeds bespreek, is 'n delik 'n onregmatige en skuldige handeling wat een of ander skade tot gevolg het. Dit het die implikasie dat daar een of ander nadeel moet wees voordat 'n persoon aanspreeklik kan wees vir die nadeel wat deur die delik wat gepleeg is, veroorsaak is. Die deliktereg het ook 'n vergoedings- of goedmakingsfunksie om die benadeelde te vergoed vir die skade, of nadeel wat hy/sy gely het as gevolg van die onregmatige of skuldige handeling van 'n ander persoon (Neethling *et al.* 1996:203).

Skade of nadeel kan omskryf word as die nadelige uitwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat deur die reg as beskermingswaardig gereken word. Skade of nadeel dui dus op die afname in die nuttigheid of kwaliteit van 'n persoon se vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat bydra tot bevrediging van die persoon se behoeftes soos dit deur die reg erken word (Neethling *et al.* 1996:204).

Hieruit kan afgelei word dat wanneer 'n persoon skade opdoen weens die onregmatige

en skuldige optrede van 'n ander, die skade wat gely word vermoënskade en/of persoonlikheidsnadeel kan wees (Botha, 1998:81):

- **Vermoënskade:** Skade aan of verlies van persoonlike besittings, byvoorbeeld klere, skooltas, fiets, ens.
- **Persoonlikheidsnadeel:** Skade aan die persoon self, byvoorbeeld liggaamlike beserings, eergevoel wat gekrenk is, ens.

i **Vermoënskade**

Vermoënskade kan die verlies of die waardevermindering van 'n bate wat 'n persoon besit en/of besit het wees en/of dit kan die ontstaan, vergroting of vervroeging van die vermoënskuld van die benadeelde persoon wees (Neethling *et al.* 1996:212). Enige toekomstige verlies aan inkomste of die vermoë om 'n inkomste te verdien asook toekomstige uitgawes wat die benadeelde moet aangaan as gevolg van die delik, word as vermoënskade gereken. Die kwaliteit of nuttigheidswaarde van vermoënskade word in geldwaarde gemeet deur gebruik te maak van die regte waardebepaling op die bepaalde tydstip (Neethling *et al.* 1996:213).

Skadevergoeding kan vir die volgende soorte vermoënskade geëis word (Botha, 1998:81-82):

- **Saakskade**

Dit is skade wat gely word as gevolg van die beskadiging van persoonlike eiendom, soos die leerder se skoolklere, skooltas, fiets, motorfiets, motor, ens.

- **Mediese uitgawes**

Dit is uitgawes wat aangegaan word vir mediese behandeling van fisieke en psigiese beserings. Mediese uitgawes sluit ook in toekomstige mediese uitgawes wat moontlik aangegaan moet word. Ouers stel gewoonlik 'n eis in om die mediese uitgawes van die leerder te dek aangesien die delik kan veroorsaak dat die ouer se onderhoudspelig verhoog word.

- **Verlies van inkomste en verdienvermoë**

Indien die benadeelde leerder reeds 'n vaste inkomste verdien, kan skadevergoeding verhaal word vir die verlies aan inkomste.

- **Potensiële toekomstige inkomste**

Wanneer die leerders só beseer is dat hulle hulle vermoë verloor om in die toekoms ooreenkomstig hulle potensiaal te verdien, kan skadevergoeding vir die verlies aan verdienvermoë ook geëis word.

ii **Persoonlikheidsnadeel**

Persoonlikheidsnadeel kan gesien word as die nadelige verandering van die persoonlikheidsbelange (wat deur die reg beskerm word) van die benadeelde wat nie sy/haar ekonomiese posisie benadeel nie (Neethling *et al*, 1996:236).

Waar 'n persoon fisieke of psigiese beserings opgedoen het, het die persoon persoonlikheidsnadeel gely. Die hof kan in sulke gevalle 'n geldelike bedrag as kompensasië aan die persoon toeken. Die volgende is vorme van persoonlikheidsnadeel waarvoor kompensasië toegestaan kan word:

- **Pyn en lyding**

'n Persoon kan kompensasië kry vir fisieke en psigiese pyn en die verduur daarvan (Botha, 1998:82). Indien 'n leerder sy/haar oog sou verloor as gevolg van 'n stukkie staal wat daarin beland het terwyl hy/sy slypwerk op 'n slypwiël gedoen het en hy/sy nie voorsien was van 'n geskikte skermbril nie, kan hy/sy kompensasië eis vir pyn en lyding wat hy/sy verduur het indien die hof sou beslis dat die werkwinkelopvoeder, skool en/of onderwysdepartement onregmatig en skuldig opgetree het.

- **Misvorming**

'n Persoon kan kompensasië ontvang vir die permanente misvorming van die liggaam wat die persoon oorgehou het as gevolg van die delik (Botha, 1998:82). Die leerder, soos beskryf in die vorige voorbeeld, sal ook kompensasië vir misvorming kan eis.

■ **Verlies aan algemene gesondheid**

'n Persoon ontvang kompensasië vir die feit dat hy ná die delik sy/haar algemene gesondheid verloor het (Botha, 1998:82). Die verlies aan algemene gesondheid word in die regspraktik volgens Neethling *et al.* (1996:240) meestal ingesluit by die verlies aan lewensgenieting. Wanneer 'n leerder as gevolg van die onregmatige en skuldige optrede van 'n opvoeder, skool en/of onderwysdepartement in 'n skoolwerkwinkelongeluk beseer sou raak, wat tot gevolg het dat die leerder in die toekomst voortdurend medikasie moet neem om infeksies of dergelike toestande te voorkom of te beheer, kan die leerder moontlik kompensasië ontvang vir die verlies van algemene gesondheid.

■ **Verlies aan lewensgenieting**

'n Persoon ontvang kompensasië vir die feit dat hy/sy as gevolg van die delik nie meer die lewe kan lei soos hy/sy dit voorheen gedoen het nie (Botha, 1998:82). Sou 'n leerder as gevolg van die onregmatige en skuldige optrede van 'n opvoeder, skool en/of onderwysdepartement in 'n skoolwerkwinkelongeluk beseer raak wat tot gevolg het dat die leerder byvoorbeeld sy/haar sig verloor kan die leerder 'n eis instel vir die verlies aan lewensgenieting.

■ **Verkorte lewensverwagting**

'n Persoon kan kompensasië ontvang vir die feit dat hy/sy met die gedagte moet rondloop dat sy/haar lewe verkort is as gevolg van die delik (Botha, 1998:82). Wanneer 'n leerder as gevolg van die onregmatige en skuldige optrede van 'n opvoeder, skool en/of onderwysdepartement in 'n ernstige skoolwerkwinkelongeluk beseer sou raak wat tot gevolg het dat die leerder na alle waarskynlikheid 'n verkorte lewensverwagting sal hê, kan die leerder 'n eis instel vir die feit dat hy/sy 'n verkorte lewensverwagting het ná die skoolwerkwinkelongeluk.

■ **Emosionele skok**

Die persoon ontvang kompensasië waar die delik gepaard gegaan het met skok (Botha, 1998:82). Emosionele skok word gewoonlik ook met pyn en lyding geassosieer (Neethling *et al.* 1996:240). Al die leerders, soos

beskryf in die voorafgaande voorbeelde, sal moontlik ook vir emosionele skok kompensasie kan ontvang.

3.5.3 MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID

Middellike aanspreeklikheid is 'n gemeenregtelike term wat beteken dat 'n persoon verantwoordelik gehou kan word vir die optrede van 'n ander (De Waal, 1994:32). Middellike aanspreeklikheid kan dus omskryf word as die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad wat 'n ander persoon gepleeg het. Middellike aanspreeklikheid kan slegs ontstaan wanneer die twee persone in 'n besondere verhouding tot mekaar staan. Daar is drie tipes verhoudings wat vir die doel van middellike aanspreeklikheid ter sprake kom, naamlik die:

- werkgewer / werknemer-verhouding,
- prinsipaal / verteenwoordiger-verhouding, en
- motorvoertuigeienaar / motorvoertuigbestuurder-verhouding (Neethling *et al.* 1996:362).

Dit beteken dat die onderwysowerheid en/of die skoolhoof aanspreeklik gehou kan word vir die onregmatige daad van opvoeders in die uitvoering van hulle pligte (De Waal, 1994:32). By middellike aanspreeklikheid sal vir die doeleindes van hierdie studie slegs gefokus word op die werkgewer / werknemer-verhouding.

– **Werkgewer / werknemer-verhouding**

Waar die werknemer binne die beperking van sy/haar diensbetrekking handel, is sy/haar werkgewer aanspreeklik vir die skade wat veroorsaak word by die pleeg van 'n delik (Neethling *et al.* 1996:362). Vir die werkgewer om middellik aanspreeklik gehou te word vir 'n delik wat deur sy/haar werknemer gepleeg word, moet die verhouding aan die volgende vereistes voldoen (Botha, 1998:84):

- Daar moet 'n werknemer / werkgewer-verhouding bestaan;
- die werknemer moes 'n delik gepleeg het;
- die delik wat die werknemer gepleeg het, moes in die uitvoering van sy/haar plig gewees het; en
- die werknemer moes binne die perke van sy/haar pligte opgetree het.

Die werkgewer het vanselfsprekend 'n regresreg teen die opvoeder vir die skade wat die werkgewer gely het weens 'n suksesvolle skadevergoedingseis van 'n buitestander en wat benadeel is deur die optrede van die werknemer (De Waal, 1994:33).

Die HAT (1994:846) omskryf *regres* as "Reg op skadevergoeding; verhaal van skade." *Regresreg* is met ander woorde die reg van 'n persoon of organisasie om by 'n geregtshof aansoek te doen om die skade wat hy/sy as gevolg van die onregmatige en agterlosige optrede van 'n ander persoon of organisasie gely het, te verhaal.

3.5.4 SINTESE

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat alhoewel daar in die Suid-Afrikaanse gemeenereg nie 'n algemene regsplig op 'n mens rus om 'n ander persoon teen nadeel te beskerm nie, is dit van kardinale belang dat opvoeders uit die aard van hulle amp, deskundigheid en die onvoorspelbaarheid van 'n kind se gedrag 'n hoër mate van sorg aan die dag moet lê in hulle daaglikse omgang met leerders. Veral ten opsigte van leerders se veiligheid sal opvoeders daarop bedag moet wees dat hulle alles in hulle vermoë moet doen om leerders teen moontlike gevare te beskerm, anders kan hulle dalk aanspreeklik gehou word indien 'n leerder onder hulle sorg 'n besering as gevolg van 'n ongeluk in die skoolwerkwinkel sou opdoen.

Werkwinkelopvoeders moet dus seker maak dat hulle altyd op hoogte bly van die nuutste metodes en tegnieke oor hoe om die werkwinkel 'n veiliger plek te maak vir die leerders wat daarin opgelei word. Werkwinkelopvoeders moet ook sorg dat hulle die nuutste metodes en tegnieke om die werkwinkel 'n veiliger plek te maak, toepas en gebruik.

3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die gemeenregtelike determinante vir die bestuur van die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel.

Daar is in besonder gefokus op die gemeenregtelike posisie van die kind, die *in loco parentis*-posisie van opvoeders en leerders onder hulle toesig, die sorgsame toesighoudingsverpligting van opvoeders en deliktuele aanspreeklikheid wat opvoeders in die gesig kan staar indien hulle nie versigtig is nie.

Vanuit van hierdie gemeenregtelike beginsels is dit duidelik dat dit vir werkwinkelopvoeders nodig geword het om meer aandag te gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel waarvoor hulle verantwoordelik is.

HOOFSTUK 4

REGSPRAAK AS DETERMINANT VIR DIE SORGSAME TOESIGHOUDINGSPLIG VAN DIE OPVOEDER IN DIE SKOOLWERKWINKEL

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die gemeenregtelike determinante wat 'n rol speel in die sorgsame toesighoudingsplig van die werkwinkelopvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel bespreek.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan regspraak wat in verband gebring kan word met die veiligheid van leerders wat aan die werkwinkelopvoeder se sorg toevertrou word. Internasionale sowel as Suid-Afrikaanse regspraak word in hierdie verband bespreek. By die internasionale regspraak word daar gekonsentreer op die Britse, Amerikaanse en Australiese regspraak.

Alhoewel sommige van die hofuitsprake wat in hierdie studie gerapporteer word baie ou hofuitsprake is, is die regsbeginsels soos dit vervat is in hierdie hofuitsprake steeds geldig (Stewart & Knott, 2002:44). Dit wil voorkom asof daar in sekere gevalle nie meer resente hofuitsprake is wat so goed van toepassing gemaak kan word op hierdie studie nie.

4.2 INTERNASIONALE REGSPRAAK

Alhoewel elke land sy eie unieke regstelsel het, en omdat die hofuitsprake moontlik lank terug en in 'n ander land gemaak is, beteken nie dat hierdie hofuitsprake nie as riglyne in Suid-Afrika en in die kontemporêre Suid-Afrikaanse skool kan dien nie. So

oud as wat die hofuitsprake mag wees, bevat dit nog steeds sekere regsbeginsels wat sentraal staan ten opsigte van die manier hoe leerdergesondheid-en-veiligheid in kontemporêre Suid-Afrikaanse skole verseker kan word (Steward & Knott, 2002: 44).

4.2.1 **BRITSE REGSPRAAK**

Die Suid-Afrikaanse regstelsel is oorgeërf uit die Romeins-Hollandse en Engelse regstelsels. Heelwat van die basiese regsbeginsele wat in Engeland en Amerika geld, geld ook in Suid-Afrika en kan in Suid-Afrika van toepassing gemaak word (Els, 1994,23).

4.2.1.1 ***Williams v. Eady (1893)***

In hierdie saak het dit gegaan oor bottels wat saam met krieketuitrusting in die konservatorium van 'n privaatskool in Surrey gestoor is. Tussen die bottels was 'n bottel wat fosfor bevat het. Kenneth Williams, die klaer, het beweer dat hulle toegang tot die konservatorium gehad het, maar Eady, die verweerder, het beweer dat die leerders toestemming daarvoor moes verkry (wat gewoonlik geredelik toegestaan is) aangesien die sleutel in die kombuis gebêre is waar die leerders nie toegelaat is nie.

Nadat van die seuns toegang tot die konservatorium verkry het, het 'n seun die bottel met fosfor geneem, 'n brandende vuurhoutjie daarin gegooi en dit geskud. Die bottel het ontplof terwyl die eiser verbygeloop het. Die eiser het ernstige brandwonde aan sy gesig en hande opgedoen (Barrel, 1970:240).

Die eiser het skade weens nalatigheid geëis. Terselfdertyd was daar 'n eis deur die verweerder gewees vir die skoolgelde van die eiser en sy broers (wat ook in die skool was) asook vir 'n doktersrekening wat deur die skool betaal is. Daar was ook 'n eis vir kontrakbreuk omdat die eiser en sy broers strydig met die kontrak uit die skool gehaal is sonder die vereiste kwartaal-kenningsgewing (Barrel, 1970:240).

Regter Cave het in sy uitspraak bevind dat die skool nalatig was (Barrel, 1970:240). Hierdie hofsak het nie bekend geraak vanweë die uitspraak nie, maar omdat dit die

eerste saak is waarin die hof uitspraak gelewer het oor die pligte en verantwoordelikheid van die opvoeder teenoor die leerders wat aan sy sorg toevertrou is (Adams, 1984:103). Lord Esher, die appèlregter, word soos volg deur Barrel (1970:241) aangehaal:

... the schoolmaster was bound to take such care of his boys as a careful father would take of his boys, and there could not be a better definition of the duty of a schoolmaster.

Hierdie siening word vandag nog in Engeland sowel as in Suid-Afrika gehuldig (Els, 1994:24).

4.2.1.2 ***Smerkinich v. Newport Corporation (1912)***

Smerkinich, die eiser in hierdie saak, was 'n negentienjarige vakleerling wat reeds vier jaar besig was met sy vakleerlingskap as skrynwerker. Tydens die vakleerling se eerste sessie by die Newport Tegnieke Instituut is hy toegelaat om 'n 330 mm elektriese aangedrewe sirkelsaag op sy eie te gebruik. Tydens die tweede sessie het hy die sirkelsaag gereeld gebruik. Die instrukteur het die klas gewys hoe om die saag te gebruik. Terwyl die vakleerling met die toestemming van die instrukteur 'n stuk hout gesaag het, het hy sy linkerduim raakgesaag. Dit moes afgeskakel word (Barrel, 1970:265).

Die eiser het die Newport Corporation, as die persone verantwoordelik vir die bestuur van die Instituut, vir skade wat veroorsaak is as gevolg van nalatigheid gedagvaar aangesien hulle nie genoegsaam voorsiening gemaak het deur 'n geskikte skerm aan die saag aan te bring en/of om hom te waarsku dat die saag gevaarlik is nie (Barrel, 1970:265).

Die saag het nie 'n skerm gehad nie en die eiser het aangevoer dat alle sirkelsae wat hy al gesien het, van 'n skerm voorsien was. Verder beweer hy dat hy toegelaat was om die saag sonder toestemming te gebruik. Dié betrokke dag het hy toestemming gehad om die saag te gebruik aangesien daar vroeër 'n kragonderbreking was en hy nie geweet het of die masjinerie dalk foutief was nie. Hy het geweet dat 'n saag gevaarlik

is, maar hy het nie 'n voorstel aan die instrukteur gemaak om 'n skerm aan die masjien aan te bring nie (Barrel, 1970:265).

'n Ander vakleerling het getuig dat hy gehoor het hoe die eiser toestemming gevra het om die saag te gebruik en dat die instrukteur "ja" geantwoord het. Die instrukteur het ook gesê dat hy versigtig moet wees (Barrel, 1970:265).

In sy uitspraak het regter Kelly van die graafskapshof bevind dat dit nalatig was van Newport Corporation om nie die masjien van 'n skerm te voorsien nie, veral in 'n werkwinkel wat deur seuns tussen die ouderdom van sewentien en negentien jaar gebruik word (Barrel, 1970:265).

In die appèlsaak het regters Ridley en Lush die uitspraak ter syde gestel. Die argument wat ten gunste van die tersydestelling aangevoer is, kom in hoofsaak daarop neer dat daar wel 'n element van nalatigheid aan die kant van die appellant (Newport Corporation) was, maar dat die respondent (Smerkinich) reeds vier jaar 'n vakleerling was en dat hy reeds twee jaar met die saag gewerk het. Hy het dus oor die ervaring beskik om te beseft dat daar 'n besondere gevaar aan verbonde is om met die saag te werk. Die respondent (Smerkinich) het erken dat hy beseft het dat dit gevaarlik kan wees om met die saag te werk. Al die sae wat die respondent (Smerkinich) voorheen gesien het, was van skerm voorsien maar hy het dit nie aan die instrukteur uitgewys nie. Verder het die respondent (Smerkinich) uit vrye wil met die saag gewerk en hy was geensins onder dwang nie (Barrel, 1970:266 -268).

Volgens regsbeginsels bly dit die plig van die respondent (Smerkinich) om te bewys dat die appellant (Newport Corporation) 'n verpligting, wat hulle teenoor die respondent (Smerkinich) gehad het, verbreek het. Met ander woorde, hulle het nie na hom omgesien soos wat van hulle verwag is nie. Verder moet hy nalatigheid as die werklike oorsaak van die nadeel wat hom getref het bewys (Barrel, 1970: 266-269). Regter Lush sê onder andere: "I am far from satisfied that there was any real evidence of negligence." (Barrel, 1970:267)

Uit hierdie belangrike saak is dit dus duidelik dat daar op die benadeelde ook sekere

pligte rus. Die ervaring van die betrokkenes speel 'n belangrike rol. Opvoeders sal meer sorg aan die dag moet lê wanneer hulle graad 8-leerders onder hulle toesig het as in die geval van graad 12-leerders (vgl. 3.2.4).

4.2.1.3 ***Butt v. Inner London Education Authority (1968) 66 L.G.R. 379***

Die eiser in hierdie saak, David Edward Butt, was 'n vakleerling by Camberwell School of Arts and Crafts. In Januarie 1965 toe hy amper sewentien jaar oud was, het sy hand in die bewegende dele van 'n Thompson-British drukpers beland. Dit was die eerste keer dat hy met die betrokke masjien gewerk het. Drie van sy vingers is gebreek en nadat sy vingers herstel het, was een vinger ongeveer 6 mm korter as wat dit voorheen was (Barrel, 1970:268).

Butt het die Inner London Education Authority vir die skade wat hy as gevolg van die verweerder (London Education Authority) se nalatigheid gely het, gedagvaar. Regter Barrington het 150 pond as skadevergoeding aan die eiser toegestaan (Barrel, 1970:268).

Die verweerdere het appêl aangeteken teen die uitspraak. In die uitspraak van die appêlhofsaak het regter Danckwerts tot die volgende bevinding gekom (Barrel, 1970:269 - 271):

- Die klag van die respondent dat hy toegelaat is om sonder voldoende toesig met die masjien te werk, is verwerp aangesien hy onder die toesig van 'n ervare vakleerling, wat heelwat ondervinding in die werking van die betrokke masjien gehad het, gewerk het. Die feit dat die toesighoudende vakleerling ervaring van die betrokke masjien gehad het, het hom geskik gemaak om toesig oor die respondent te hou.
- Die regter het bevind dat daar twee instrukteurs vir die klas van sestien vakleerlinge was. Die aantal instrukteurs-per-vakleerlinge was dus voldoende.
- Verder is bevind dat die instrukteurs gereeld en voldoende waarskuwings aan die vakleerlinge gerig het om hulle hande onder geen omstandighede in die bewegende masjiene te sit nie.

- Die betrokke masjien was nie afgeskerm nie, maar dat dit ingevolge die Factories Act 1961 en die getuienis van verskeie kundiges nie nodig was dat die betrokke masjien (wanneer dit in fabriek gebruik word) afgeskerm hoef te word nie.
- Die skool is ingevolge die gemenerereg verantwoordelik vir die veiligheid van die vakleerlinge. Die skool moes dus die betrokke masjien van die nodige skerm voorsien het, al sou dit beteken dat die skerm spesifiek vir die masjien ontwerp en gebou moes word.
- Die skool het as gevolg van die laaste bevinding nie voldoende in die veiligheidsbehoefte van die vakleerlinge voorsien nie en daarom het hy die appèl verwerp.

Regters Diplock en Sachs het met regter Danckwerts se uitspraak saamgestem (Barrel, 1970:271).

'n Belangrike beginsel wat uit hierdie hofuitspraak voortspruit en wat op die skoolwerkwinkel van toepassing gemaak kan word, is dat leerdergesondheid-en-veiligheid voorrang bo statutêre bepalings geniet. Dit beteken dat al sou statutêre bepalings nie gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls vir 'n spesifieke situasie voorskryf nie, en die werkwinkelopvoeder as deskundige opvoeder voorsien dat die situasie moontlik tot leerderbeserings kan lei, moet die werkwinkelopvoeder voorkomend optree.

4.2.2 AMERIKAANSE REGSPRAAK

Voorsienbaarheid as 'n voorvereiste om nalatigheid te bewys, is in die Amerikaanse regstelsel 'n belangrike begrip. Die volgende drie sake, soos bespreek deur Els (1994:24) en Alexander & Alexander (1992, 1992:467 - 469), is 'n toepaslike voorbeelde hiervan.

4.2.2.1 *Matteucci v. High School District [III. App. 1972]*

In die werkwinkel van die betrokke skool was daar 'n saag in gebruik, wat nie van 'n

skerm voorsien was nie. Rondom die saag was daar 'n klomp saagsels. 'n Veertienjarige seun het op die saagsels gegly en in die poging wat hy aangewend het om sy balans te herwin, het hy na die lopende saaglem gegryp. In die proses is hy ernstig beseer. Die seun het die skool gedagvaar vir die beserings wat hy opgedoen het. Hy het aangevoer dat die skool nalatig was aangesien die saag nie van 'n skerm voorsien was nie en omdat die opvoeder toegelaat het dat daar soveel saagsels rondom die saag opgaar.

Die hof het bevind dat die opvoeder **aanspreeklik** was vir die beserings wat die seun opgedoen het, aangesien die opvoeder moes voorsien het dat so 'n ongeluk kon plaasvind.

4.2.2.2 ***McKnight v. Philadelphia (455 A. 2 d 778 [Pennsylvania. 1982])***

'n Opvoeder van die betrokke skool het vroeër in die betrokke semester die skerm van die rolsaag verwyder en het versuim om dit weer terug te sit. 'n Hoërskoolseun het die vinger van sy een hand afgesaag terwyl hy besig was om stroke hout te saag.

Die hof het bevind dat die opvoeder **aanspreeklik** was vir die seun se besering en dat hy nalatig was aangesien hy die moontlikheid van so 'n besering moes voorsien het. Die appèlhof het die uitspraak gehandhaaf.

4.2.2.3 ***Brown v. Tesack, Supreme Court of Louisiana, 1990. 566 So.2d 955***

In Augustus 1984 het twee seuns vier gedeeltelik gebruikte houers met hoogs ontvlambare dupliseervloeistof uit Henderson H. Dunn Elementary School se vullisdromme verwyder. Dit was bekend dat die betrokke skool 'n geskiedenis van inbrake, diefstal en vandalisme het (Alexander & Alexander, 1992:467).

Die twee seuns wat die dupliseervloeistof uit die vullisdromme verwyder het, Leonard Kisack (13 jaar) en Gerald Preston (12 jaar), het die dupliseervloeistof gebruik om klein

vure aan te steek. Die eiser, Brown, was nie deel van hierdie bedrywighede nie, maar het onverwags op die gebeure afgekom en is deur 'n "vuurbal" teen die bors getref. Dit het veroorsaak het dat hy ernstige brandwonde aan 'n groot gedeelte van sy gesig en lyf opgedoen het (Alexander & Alexander, 1992:467).

Die skoolhoof, Wilfred F. Dunn, het onder meer breedvoerig getuig (Alexander & Alexander, 1992:468):

- oor die voorsorgmaatreëls wat by die skool voorgeskryf en getref word met die berging en weggooi van die dupliseervloeistof. Volgens hom besef die skool dat mense die vloeistof kan misbruik om kriminele dade, soos brandstigting, te pleeg.
- dat die skool bekend was vir periodieke inbrake, diefstal en vandalisme.
- dat die skoolterrein se hekke nie gesluit word nie aangesien hulle nie probeer het om die kinders te verhoed om op die skoolterrein te speel nie. Dit sou in elk geval vanweë die inbrake, diefstal en vandalisme nie gehelp het om die hekke te sluit om mense van die skoolterrein af te probeer hou nie.
- dat die vullisdromme baie maklik deur enige iemand wat op die skoolterrein kom, bereik kan word.
- dat die skoolraad daarvan bewus was dat kinders op die skoolterrein en by die vullisdromme speel.

Die hof se uitspraak het die volgende feite beklemtoon (Alexander & Alexander, 1992:468):

- Die skoolraad het besef dat die dupliseervloeistof vir kriminele dade soos die stig van brande gebruik kon word. Juis daarom het die skoolraad en skool uitgebreide voorsorgmaatreëls getref vir die berging en weggooi van die dupliseervloeistof. Die verwydering van die dupliseervloeistof-houers uit die vullisdromme was dus nie slegs **redelik voorsienbaar** nie, maar die moontlikheid is wel **voorsien**.
- Die beserings van die eiser wat deur die vuur veroorsaak is, is ook **voorsien**. Dit is juis waarom al die voorgeskrewe voorsorgmaatreëls by die berging en weggooi van die dupliseervloeistof voorgeskryf is.

- Die verweerder het 'n plig gehad om te verseker dat die dupliseervloeistof nie in die verkeerde hande beland nie.
- Die verweerder was nalatig deur die dupliseervloeistof in 'n vullisdrom van die skool weg te gooi wat deur enige iemand, wat toegang tot die skoolterrein en die vullisdromme gehad het, verwyder kon word. Die hof het verder bevind dat enige iemand maklike toegang tot die skoolterrein en vullisdromme gehad het aangesien die skoolhekke nie gesluit was nie. Die verweerder was ook daarvan bewus dat die skoolterrein en die vullisdromme 'n gewilde speelplek vir kinders was.
- Die skool het nie die voorgeskrewe voorsorgmaatreëls vir die berging en weggooi van die dupliseervloeistof nagekom nie.
- Die skool was nalatig en gevolglik verantwoordelik vir die beserings en skade wat die eiser gely het.

Hierdie uitsprake beklemtoon weer eens die sorgsame toesighoudingsplig wat die werkwinkelopvoeder te alle tye ten opsigte van leerderveiligheid het (Els, 1994:25).

4.2.3 AUSTRALIESE REGSPRAAK

Australiese regspraak wemel van sake wat van toepassing is op die onderwys. Daar is heelwat sake wat uitspraak gelewer het oor die **nalatigheid** al dan nie van 'n opvoeder. Die vereistes vir **sorgsame toesighouding** van die opvoeder word deeglik in hierdie hofsake aangespreek. Vir die doeleindes van hierdie studie word slegs enkele van hierdie sake bespreek, naamlik: *Bills v. State of South Australia* (1985) 38 SASR 80 (Brown & Williams, 1994:24-28), *Close v. Minister for Education WA*, (1968) 'n ongerapporteerde uitspraak van die hooggeregshof in Wes-Australië (Brown & Williams, 1994:61-66), *Igglesden v. Minister for Education* (1967), 'n ongerapporteerde uitspraak van die hooggeregshof in Wes-Australië (Brown & Williams, 1994:179-181) en *State of New South Wales v Moss* (2000), 'n appèlhofsak in New South Wales (Steward & Knott, 2002:46).

Hierdie is 'n appêlsaak ná die uitspraak van die hooggeregshof in Suid-Australië wat gebaseer is op 'n aksie waar daar beweerde nalatigheid aan die kant van 'n onderwyseres was en ook middellike aanspreeklikheid van die onderwyseres se werkgever.

Die feite van die saak is kortliks dat Bills, die eiser in hierdie saak, 'n vyftienjarige skooiseun was wat een maal per week vir twee periodes trampolienlesse ontvang het. Op die betrokke dag het die kinders trampolien gesprong vir ontspanning. Die onderwyseres het toetse gemerk by 'n tafel naby die trampolien. 'n Paar minute voor die einde van die periode het die onderwyseres opdrag gegee om op te pak. Die opdrag het geïmpliseer dat die kinders hulle skoene moes aantrek en die trampoliens moes uitmekaar gemaak word en in 'n stoor weggepak word. Nadat sy die opdrag gegee het, het sy opgestaan om volgens haar die toetse in 'n stoor wat ongeveer drie meter weg was, te bêre. Van die ander getuies het beweer dat sy verder weg was. Sy het beweer dat sy ongeveer vyf-en-veertig sekondes weg was terwyl ander getuies beweer het dat sy 'n aantal minute weg was en dat sy eers teruggekeer het nadat sy van die ongeluk in kennis gestel is (Brown & Williams, 1994:24).

Die ongeluk het plaasgevind terwyl die eiser op die trampolien was nadat die onderwyseres die lokaal verlaat het. Die eiser is deur een of twee kinders wat langs die trampolien was in die lug opgeskiet deur die mat van die trampolien in te druk op die oomblik wat die eiser kontak gemaak het met die mat. Dit het veroorsaak dat hy sy balans verloor en op die raam van die trampolien te lande gekom het (Brown & Williams, 1994:24). Die gevolg was dat sy milt gebars het en verder het hy hoofbeserings opgedoen. Sy milt moes verwyder word en vir vier-en-twintig uur het hy aan serebrale irritasie gely. Hy was vir tien dae in die hospitaal en daarna moes hy nog vir sewe weke op sy rug lê. Die eerste jaar na die ongeluk het hy ook gereeld hoofpyne gehad. Afgesien van die feit dat sy immuunstelsel geaffekteer is as gevolg van die milt wat verwyder is, en dat sy dokter aanbeveel het dat hy nie verder aan kontaksport kon deelneem nie, het hy geen verdere nagevolge van die besering oorgehou nie (Brown & Williams, 1994:26 - 27).

In die hooggeregshofuitspraak het regter Milbourne bevind dat daar nalatigheid bewys is aan die kant van die onderwyseres en dat die onderwysdepartement middellik aanspreeklik is. Die regter het ook bevind dat daar geen medewerkende skuld aan die kant van die eiser was nie (Brown & Williams, 1994:24).

In die appèlsaak het die appèlregter in sy uitspraak bevind dat die kinders tussen vyftien en sestien jaar oud was en dat hulle ervare trampolienspringers was. Hulle het 'n opdrag gehad om op te pak. Daar was geen getuieis wat daarop dui dat die kinders nie die opdrag gehoorsaam het nie. Daar was ook geen bewys dat die respondent (Bills), of enige ander kind nog op die trampolien was, of van plan was om op die trampolien te klim voordat die onderwyseres die klas verlaat het nie. Die onderwyseres het dus geen rede gehad om te dink dat die kinders haar opdrag sou verontagsaam nie. Wanneer 'n mens met kinders besig is, is daar altyd die moontlikheid dat hulle in 'n groep iets onverantwoordeliks en gevaarlik kan doen wat beserings tot gevolg kan hê. Vir die redelike versigtige opvoeder sou die moontlikheid van 'n besering op daardie stadium minimaal klein gewees het. Gesien in daardie lig was die onderwyseres se afwesigheid van die lokaal nie 'n verbreking van haar sorgsame toesighoudingsplig nie (Brown & Williams, 1994:25 - 26).

Die appèlregter het bevind dat daar voldoende bewyse was dat die onderwyseres in die verlede die kinders al verbied het om mekaar in die lug op te skiet deur die mat af te druk. Die respondent en die ander kinders was dus deeglik bewus daarvan en dat dit gevaarlik is. Die respondent was 'n ervare trampolienspringer wat bewus was van die gevare daaraan verbonde. Die respondent was moontlik nie bewus van presies hoe gevaarlik dit is nie, maar die punt is dat hy bewus was van die gevaar. Die respondent was bewus daarvan dat hy op daardie stadium nie op die trampolien moes wees nie. Die respondent was oud genoeg om te besef dat hy dit nie moes toelaat dat hy in die lug opgeskiet word nie. Die respondent was dus nie sorgsaam genoeg ten opsigte van sy eie veiligheid nie. Die regter se bevinding was dat die respondent medewerkende skuld het van ten minste vyf-en-twintig persent van die skade (Brown & Williams, 1994:26).

Hierdie saak is 'n sprekende voorbeeld van hoe die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel toegepas behoort te word aangesien die leerders in die skoolwerkwinkel ook aan 'n verhoogde risiko blootgestel is. Die ouderdom en ervaring van die leerders en die mate waarin hulle deur die opvoeder ingelig word oor spesifieke gevaarlike situasies, word ook in hierdie saak uitgelig (vgl. 3.2.4).

4.2.3.2 ***Close v. Minister for Education WA (1968)***

Hierdie saak ondersoek die vereistes vir sorgsame toesig van die opvoeder teenoor 'n vakleerling in 'n tegniese skool. Die vereistes vir middellike aanspreeklikheid is ook deur die saak ondersoek (Brown & Williams, 1994:61).

Die eiser (Close) in hierdie saak was 'n gietervakleerling wat deur gesmelte aluminium gebrand is tydens 'n les waar die vakleerlinge geleer is om metaal te giet. Die eiser beweer dat die opvoeder nalatig was in die uitvoering van sy pligte. Hy was op daardie stadium in sy eerste jaar as vakleerling verbonde aan die skool. Die eiser was deel van 'n klas van sowat agt leerders wat geleer is om gesmelte metaal in 'n gietvorm te giet. Mnr. Hall was die opvoeder wat die les aangebied en toesig gehou het (Brown & Williams, 1994:61).

Die eiser het beweer dat hy en die ander studente ongeveer een meter vanaf die gietvorms gestaan en kyk het terwyl die opvoeder en twee studente die aluminium gegiet het. Hulle het in 'n halvesirkel gestaan tussen die oond en die gietvorms wat in 'n reguit lyn gepak was. Twee van die studente het die pot met die gesmelte aluminium met 'n spesiale gereedskapstuk gedra. Die enigste beskerming wat die assistente en die ander studente aangehad het, was oorpakke. Die manier waarop die pot met gesmelte metaal gedra is en die opvoeder se posisie ten opsigte van die pot, was gevaarlik (Brown & Williams, 1994:61).

Die opvoeder het beweer dat die studente ongeveer vyf meter vanaf die plek waar hy die pot uit die oond gehaal het en sowat twee meter vanaf die gietvorms gestaan het.

Die aluminium was aanvanklik te warm om dadelik te giet en daarom is die pot eers neergesit om af te koel. Terwyl hulle gewag het vir die aluminium om af te koel, het die opvoeder 'n metaalgietblok waarin die oortollige aluminium gegiet moes word, op die oond gesit om enige vogtigheid wat daarin is, te laat verdamp. Nadat die aluminium genoegsaam afgekoel het, het die opvoeder voortgegaan om die aluminium te giet in die sandgietvorms wat op die vloer gevorm was. Nadat dit voltooi is, het die opvoeder die metaalgietvorm op die oond gaan haal. Alhoewel die opvoeder geweet het dat die metaalgietvorm warm is, het hy dit met die hand gevat. Die gietvorm het sy hand gebrand. Nadat hy die gietvorm laat val het, het hy dit met sy voet regop geskop. Aanvanklik het hy soos die prosedure dit vereis, eers net genoeg aluminium gegiet om die boom van die gietvorm te bedek. Dit word gedoen om te toets en te verseker dat die gesmelte metaal sonder probleme gegiet kan word. Aangesien niks buitengewoons gebeur het nie, het die opvoeder voortgegaan om die aluminium te giet. Toe die gietvorm ongeveer negentig persent vol was, was daar 'n geweldige ontploffing. Van die gesmelte aluminium het die eiser se gesig, hare en regterarm verbrand. As gevolg van die beserings moes hy in die hospitaal behandel word. Aangesien van die eiser het van die ander studente en die opvoeder ook ligte beserings opgedoen (Brown & Williams, 1994:62 - 63).

Deskundige getuienis het aan die lig gebring dat die opvoeder al die veiligheidsmaatreëls ten opsigte van die giet van metaal nagekom het. Die probleem is dat hy nie voorsiening gemaak het vir die studente ten opsigte van veiligheidsklere nie. Die opvoeder moes die gevaar verbonde aan die giet van metaal voorsien het. Hoewel van die deskundige getuies gesê het dat dit partykeer gevaarliker is om met 'n veiligheidsbril te werk aangesien dit toewasem, moes die studente almal toegerus gewees het met veiligheidsbrille en beskermende klere aangesien hulle net toegekyk het en nie self metaal gegiet het nie. Die opvoeder moes ook nie toegelaat het dat die studente so naby die aktiwiteite kom nie (Brown & Williams, 1994:63 - 65).

Regter Wolff het bevind dat daar nie behoorlik omgesien is na die veiligheid van die eiser en die ander vakleerlinge nie. Wanneer metaal gegiet word, is daar 'n element van gevaar, wat bekend was aan die instrukteur. Die assistente moes veiligheidsbrille

gedra het. Per geluk is nie een van die assistente beseer nie, ten spyte daarvan dat hulle baie naby aan die aksie was. Die instrukteur moes nie toegelaat het dat die eiser so naby (ongeveer een meter) aan die gieterij gestaan het sonder 'n veiligheidsbril, handskoene en 'n voorskoot nie. Al was die eiser ongeveer drie meter van die aksie af, soos die instrukteur beweer het, was dit steeds te naby (Brown & Williams, 1994:65).

Die eiser het pynlike en permanente beserings opgedoen wat hom in 'n geringe mate laat agter raak het met sy kursus. Alhoewel die veloorplantings wat die eiser ondergaan het suksesvol was, het hy steeds 'n geringe mate van misvorming oorgehou. Daarom het regter Wolff 'n bedrag van drieduisend vyfhonderd Australiese dollar toegestaan vir algemene skadevergoeding vir pyn en lyding, ongemak, misvorming, verlies aan inkomste weens die vertraging in die voltooiing van sy kursus en uitgawes vir moontlike verdere mediese uitgawes, ten einde sy misvorming met plastiese snykunde te herstel. 'n Verdere negehonderd agt-en-veertig Australiese dollar is vir spesiale skade gely toegestaan (Brown & Williams, 1994:65 - 66).

Vir die opvoeder in die skoolwerkwinkel is hierdie saak 'n sprekende voorbeeld van wat van hom verwag word ten opsigte van sorgsame toesighouding en veiligheidsbestuur.

4.2.3.3 ***Igglesden v. Minister for Education (1967)***

In hierdie saak gaan dit oor die aanspreeklikheid van die werknemers van 'n tegniese skool ten opsigte van 'n leerder aan die skool. Dit handel ook oor die middellike aanspreeklikheid van die Minister van Opvoeding (Brown & Williams, 1994:179).

Die eiser (Igglesden), wat 'n leerder van die skool was, voer aan dat die werknemers nalatig was deur nie voldoende toesig te hou nie. As die gevolg daarvan het die leerders beserings opgedoen. Op die betrokke dag was die leerders ongeveer vyftien minute voordat die klas moes begin in die klaskamer. Die leerders het vuurpyle, wat deur een van die leerders skool toe gebring is, in die klas geskiet. Die vorige dag en die betrokke oggend het die leerders ook van die vuurpyle buite die klas geskiet. Die eiser was in die klas terwyl van die leerders vuurpyle geskiet het. Nadat een van die

vuurpyle amper een van sy klasmaats getref het, het die eiser die skuldiges gevra om op te hou en het hy die klaskamer verlaat. Kort voordat die les moes begin, het hy teruggekeer na die klaskamer. Net toe hy by die deur inkom, het een van die vuurpyle hom in die oog getref wat 'n ernstige oogbesering veroorsaak het (Brown & Williams, 1994:179).

Dit was 'n groot skool met meer as 3500 leerders. Die personeel het bestaan uit tussen vyftig tot sestig permanente en tussen sestig en sewentig tydelike personeel. Dit was 'n voldagskool wat van vroegoggend tot laat in die aand klasse aangebied het. Klaskamers is sowat vyf minute voordat die les sou begin, oopgesluit. Al die personeel het 'n gedelegeerde mag gehad om die leerders te dissiplineer. Dit is nie van die dames op die personeel verwag om 'n manlike leerder te dissiplineer nie (Brown & Williams, 1994:180).

Die betrokke klaskamer het aan 'n stil straat gefront en dit was nie naby die hoofkompleks van die skool nie. Die ouderdom van die leerders in hierdie klas het tussen vyftien en sestien gewissel. Die leerders in hierdie klas kon as bogemiddeld intelligent geklassifiseer word (Brown & Williams, 1994:180).

Ongeveer drie weke voor die voorval het die leerders in die klas ook vuurwerke binne en buite die klaskamer geskiet. 'n Opvoeder het by die geleentheid met die klas gepraat en opgemerk dat hulle op daardie stadium oud genoeg was om nie meer soos klein kindertjies op te tree nie. Hy het hulle gewaarsku teen 'n herhaling van soortgelyke optrede. Die eiser het dit bevestig en gesê dat die skiet van die vuurwerke toe opgehou het (Brown & Williams, 1994:179).

Daar was géén bewyse dat enige lid van die personeel bewus was van die feit dat die leerders besig was om vuurpyle te skiet nie. Die vuurpyle het nie 'n groot geraas gemaak nie en die reuk daarvan was ook minimaal. Die leerders het groot sorg aan die dag gelê dat die personeel nie van die vuurpyle uitvind nie deur dit aan die agterkant van die klaskamer te skiet. Die leerders het ook gesorg dat daar nie 'n opvoeder in sig is nie. Die personeel aan diens se kantore en klaskamers was ook nie naby hierdie klaskamer nie. Al die leerders wat betrokke was, was bewus gewees van die moontlike

gevaar wat die skiet van vuurpyle in 'n klaskamer inhou (Brown & Williams, 1994:180).

Die aanklag word grootliks daarop gebaseer dat 'n klas wat 'n geskiedenis het van ondeundhede onder voortdurende toesig moes wees (Brown & Williams, 1994:181).

Die standaardvereistes van sorgsame toesig wat deur die reg vereis word, word soos volg deur die regter uiteengesit: 'n opvoeder het die plig om te sorg dat die leerders van sy skool onder toesig is wanneer hulle op die skoolterrein of in 'n klaskamer is. Die mate van toesig word onder andere bepaal deur die ouderdom van die leerders asook die aktiwiteit waarmee hulle besig is. Gedurende klastyd word 'n groter mate van toesig vereis as tydens pouses. Wanneer kinders gesond is en oor normale vermoëns beskik, is dit nie nodig om hulle onder voortdurende toesig te hou nie, al is van die kinders slegs ses jaar oud. Indien die opvoeder daarvan bewus is dat die kinders besig is om gevaarlike speletjies te speel, of as hulle besig is met aktiwiteite wat beserings tot gevolg kan hê, moet hy sorg dat die kinders onderworpe is aan voortdurende toesig anders kan hy aanspreeklik gehou word indien een van die leerders beseer sou raak (Brown & Williams, 1994:181).

Die regter meen dat hierdie beginsels nie in twyfel getrek word nie. Hy voel dat dit onredelik sou wees om van die minister, skoolhoof en die opvoeders te verwag om leerders van dié ouderdom onder voortdurende toesig te hou. Indien dit bewys kon word dat die skoolhoof en/of die opvoeders bewus was van die vuurpyle wat geskiet is, en hulle het niks daaraan gedoen nie, kon daar moontlik nalatigheid bewys word en dan sou hulle aanspreeklik gewees het. Dit kon nie in hierdie saak bewys word nie. Die seuns het groot sorg aan die dag gelê dat die opvoeders nie van hulle aktiwiteite bewus raak nie. Die eis word dus ter syde gestel (Brown & Williams, 1994:181).

Uit hierdie saak is dit duidelik dat die opvoeder in die skoolwerkwinkel moet beseef dat daar groter sorg aan die dag gelê moet word wanneer graad 8- of 9-leerders in die werkwinkel is as wanneer graad 11- of 12-leerders in die werkwinkel is (vgl. 3.2.4). Verder dra die aktiwiteit waarmee die leerders besig is ook by tot die mate van sorg wat deur die opvoeder aan die dag gelê moet word.

4.2.3.4 ***State of New South Wales v. Moss (2000)***

Die voorval wat tot die regsaksie in hierdie saak gelei het, was 'n ongeluk wat in die huishoudkundesentrum van 'n staatskool plaasgevind het. Die eiser, Moss, het ernstige brandwonde opgedoen. (Steward & Knott, 2002:46).

Die eiser (Moss) was 'n 14-jarige leerder aan 'n staatskool in Sydney. Sy was saam met ander leerders besig met 'n eksperiment om vette uit worsies te onttrek. Die worsies is in 'n houer geplaas en op 'n driepootbrander opgewarm. Brandspiritus is daarna in die houer gegooi. Op hierdie stadium het daar 'n ontploffing, wat ernstige brandwonde aan die gesig, nek en hande van Moss veroorsaak het, plaasgevind (Steward & Knott, 2002:46).

Die eiser se loopbaanbeplanning het ingesluit dat sy in haarkappery sou spesialiseer met die ideaal om eendag haar eie salon te besit. Alhoewel sy ná die ongeluk nooit na die skool toe teruggekeer het nie, het sy haar New South Wales-sertifikaat suksesvol voltooi. Ondanks haar akademiese uitslae het die kosmetiese en fisieke beserings wat sy tydens die ongeluk opgedoen het, verhoed dat sy haar voorgename loopbaankeuse kon uitoefen. Alhoewel sy nog aktief aan sport deelgeneem het en 'n goeie werkrekord gehad het, het sy ernstige velmisvorming opgedoen. Sy het ook ander gesondheidsprobleme as gevolg van die ongeluk in die skool se huishoudkundesentrum ondervind (Steward & Knott, 2002:47).

Tydens die hofsitting het die skool nalatigheid aan hulle kant erken en die jurie het ongeveer agthonderdduisend Australiese dollar as skadevergoeding aan die eiser toegestaan. Daar is later teen die bedrag van die skadevergoeding geappelleer. Die appèl is egter van die hand gewys (Steward & Knott, 2002:47).

In die appèlsaak is die beslissing van die hof, dat die skool en die opvoeder 'n sorgsame toesighoudingsplig teenoor die leerder het, nooit betwis nie. Die skool het ook aanvaar dat die sorgsame toesighoudingsplig van die skool en opvoeder teenoor

die leerder nie nagekom is nie en dat sy as gevolg daarvan die brandwonde opgedoen het (Steward & Knott, 2002:47).

Hierdie en ander sake toon net weer eens dat werkwinkelopvoeders 'n verhoogde sorgsame toesighoudingsplig teenoor leerders in die skoolwerkwinkel het aangesien die leerders in die skoolwerkwinkel aan verhoogde risiko's blootgestel word. Dit word van die werkwinkelopvoeder verwag om alle voorskrifte vanuit die statutêre en gemenerereg ten opsigte van gesondheid-en-veiligheid noudeset na te kom (Steward & Knott, 2002:47).

4.2.4 SINTESE

Uit die voorafgaande uiteensetting van Britse, Amerikaanse en Australiese regspraak in die onderwys rakende sorgsame toesighoudingsplig van werkwinkelopvoeders, blyk 'n aantal regsbeginsels van kardinale belang vir opvoeders in die skoolwerkwinkel. Die belangrikste regsbeginsels wat hier ter sprake is, is dat:

- opvoeders 'n sorgsame toesighoudingsplig het teenoor die leerders wat onder hulle toesig geplaas is;
- werkwinkelopvoeders 'n verhoogde sorgsame toesighoudingsplig het;
- die ouderdom van die leerders onder opvoeders se toesig 'n deurslaggewende rol speel in die mate van sorgsame toesighouding;
- die moontlike gevaar waaraan die leerder blootgestel is 'n belangrike rol speel in die mate van sorgsame toesighouding;
- die relatiewe belangrikheid en gevaar verbonde aan 'n opdrag 'n pertinente rol kan speel in die mate van sorgsame toesighouding;
- voorsienbaarheid van moontlike skade 'n deurslaggewende rol in die mate van sorgsame toesighouding speel;
- voorkombaarheid van moontlike skade 'n belangrike rol speel in die mate van sorgsame toesighouding;
- leerdergesondheid-en-veiligheid in sekere gevalle voorrang bo statutêre bepalings geniet; en
- daar van die werkwinkelopvoeder verwag word om alle voorskrifte vanuit

die statutêre en gemeenereg ten opsigte van gesondheid en veiligheid nougeset na te kom.

4.3 SUID-AFRIKAANSE REGSPRAAK

Suid-Afrikaanse hofbeslissings wat verband hou met leerder gesondheid en veiligheid wat in die verlede gemaak is, is 'n belangrike kenbron in die Suid-Afrikaanse reg (Van Wyk, 1986:136). Die effek wat 'n vorige hofsake onder sekere omstandighede op latere hofuitsprake het, staan bekend as die beginsel van *presedenteleer* en dit speel 'n belangrike rol in regspraak (Bray *et al.* 1989:8).

Alhoewel dit wil voorkom asof daar nie aangetekende Suid-Afrikaanse hofsake is wat oor leerderbeserings in die skoolwerkwinkel handel nie, is daar tog aangetekende sake wat oor opvoedende onderwys handel en wat die beginsel van **nalatigheid** en die **aanspreeklikheid** van die opvoeder aanspreek. Die beginsels wat in hierdie hofsake van toepassing gemaak is, kan op die skoolwerkwinkel toegepas word én die beslissings kan as kenbron van die geldende onderwys gebruik word (Oosthuizen, I.J., 1992:82).

Sake waarna verwys kan word, is die volgende: *Rusere v The Jesuit Fathers* 1970 4 SA 537 (RSC), *Knouwds v Administrateur, Kaap* 1981 (1) SA 544 (K), *Broom v The Administrator, Natal* 1966 3 SA 505 (D), *Transvaal Provincial Administration v Coley* 1925 AD 24, *Peter Wynkward v Minister of Education and Another* 2002, case 4168/199 (C) en die onlangse hofsake wat op skikkings uitgespreek het en wat nie in hofverslae voorkom nie, nl. *Van der Merwe v H. T. S. Tom Naudé* 1995 (Rademeyer, 1995:6), *De Kock v Hoërskool Oosterland en Cronjé* 1997 (Pienaar, 1997:3) en *Muntingh v Die Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging* 1997 (Jonker, 1997:4, Tempelhoff, 1998:2). Slegs bogenoemde sake gaan vervolgens bespreek word om die belangrikste regsbeginnels ten opsigte van **sorgsame toesighouding** uit te lig.

4.3.1 **BROOM V. THE ADMINISTRATOR, NATAL 1966 3 505 (D)**

Op die betrokke dag het 'n ervare opvoeder in Liggaamlike Opvoeding die leerders laat sagtebal speel. As kolf het die seuns 'n krieketpaaltjie sonder 'n metaaldoppie gebruik. Die opvoeder, wat as skeidsregter opgetree het, het agter die kolwer gestaan. Dié seuns wat gewag het op 'n beurt om te kolf, het ook agter die kolwer - maar 'n paar meter weg - in 'n informele ry gestaan. Die eiser (Broom) was vierde in hierdie ry en het sowat sewe meter van die kolwer af gestaan. Terwyl een seun gekolf het, het die krieketpaaltjie die Broom-seun teen die kop reg agter die regteroor getref. Hy het ernstige kopbeserings opgedoen.

Mnr. Broom, die seun se pa, het beweer dat die opvoeder nalatig was en skadevergoeding geëis. Om vas te stel of die opvoeder nalatig was deur toe te laat dat die seuns met 'n krieketpaaltjie kolf en tweedens deur toe te laat dat van die seuns so naby aan die kolwer staan, vra regter Hartcourt die volgende regsrae: Wat sou die omvang van die skade, of moontlike beserings wees wat die **redelike man** onder dieselfde omstandighede sou voorsien het? Hoe sou die **redelike man** onder hierdie omstandighede opgetree het? Regter Hartcourt wys verder daarop dat liggaamlike opvoeding 'n noodsaaklike komponent van die skoolkurrikulum uitmaak. Daar is 'n mate van gevaar verbonde aan 'n aktiwiteit soos liggaamlike opvoeding. Die blote feit dat daar gevaar aan verbonde is, beteken nie dat die opvoeder nalatig was nie.

Die regter gaan voort deur te sê dat al sou die **redelike man** dit voorsien het dat daar die moontlikheid van beserings bestaan deur 'n krieketpaaltjie as kolf te gebruik, sou die **redelike man** nie voorsien het dat die besering só ernstig sou wees dat daar besondere voorsorgmaatreëls getref moes word, of om nie die krieketpaaltjie as kolf te gebruik nie. Regter Hartcourt word in dié verband aangehaal (1966 3 SA 522 (D)):

In my view the probable lack of seriousness of harm and the small chance of its happening were such that the stump cannot itself be regarded as sufficient proof of negligence....

Ten opsigte van nalatigheid op grond van gebrekkige voorsorgmaatreëls kom die regter tot die gevolgtrekking dat die seuns wat gewag het om te kolf, op 'n veilige afstand en

plek gestaan het. Hy voel dat die **redelike man** nie die seuns op 'n ander plek sou laat staan het nie want dan sou die seuns in die warm son staan of hulle sou so naby aan die skoolgebou gestaan het dat hulle ander klasse sou steur. Die krieketpaaltjie was ook nie glibberig of nuut nie en die vorm daarvan was van so 'n aard dat 'n mens 'n stewige greep daarop kon hê.

Op grond van die feite en die voorafgaande argument het regter Hartcourt bevind dat die opvoeder nie skuldig was aan nalatigheid nie.

Die regter het besondere aandag gegee aan die hoedanighede van die **redelike man** in die alledaagse lewe. Daar word ook riglyne gegee oor die optrede van die **redelike man** in sekere omstandighede (Bray *et al.* 1989:39).

Hierdie hofspraak is 'n goeie voorbeeld van hoe die **redelike man-toets** in die praktyk sy inslag vind. Dieselfde eienskappe word van die opvoeder as **professionele** persoon in die skoolwerkwinkel verwag, aangesien die leerders in die skoolwerkwinkel blootgestel is aan 'n hoë risiko. Opvoeders in skoolwerkwinkels kan hierdie riglyne goed toepas in hulle besondere omstandighede.

4.3.2 **RUSERE V. THE JESUIT FATHERS 1970 4 537 (RSC)**

In hierdie saak het Rusere 'n eis teen die Jesuit Fathers, die beheerliggaam van 'n Rhodesiese sendingskool, ingestel vir die oogbesering wat 'n agtjarige seun opgedoen het terwyl die seun onder die toesig van die skool se personeel was.

Op die spesifieke dag het die koshuisseuns ná afloop van 'n sokkeroefening "Cowboys" en "Indians" gespeel in die uur tussen die sokkeroefening en bad- en etenstyd. Hulle het op 'n gedeelte van die terrein waar daar baie bome, bosse en lang gras was, gespeel. Hulle het pyle en boë gemaak. Die pyle was grasstingels wat ongeveer 50 cm lank was. Een van die seuns het die agtjarige Rusere op 'n kort afstand in die regteroog geskiet. As gevolg van die ongeluk het hy die gebruik van sy oog permanent verloor.

Die eiser (Rusere) het aangevoer dat die opvoeder nie genoegsame toesig gehou het nie en daarom nalatig was. Hy het beweer dat die gebrek aan **sorgsame toesig** daartoe bygedra het dat die ongeluk plaasgevind het.

Uit hofstukke blyk dit dat die leerders gereeld gewaarsku is teen gevaarlike speletjies en dat sekere reëls gegeld het. Die koshuispersoneel en prefekte was beskikbaar. Die speelterrein was ook nie so potensieel gevaarlik soos 'n swembad nie. Die koshuispersoneel was vertrouwd met die situasie en die leerders het nie gewoonlik hierdie speletjie gespeel nie.

Regter Beck het aangetoon dat dit onmoontlik is om te verwag dat leerders onder normale omstandighede voortdurend opgepas moet word. Hy het bevind dat die koshuispersoneel opgetree het soos die **redelike man** onder dieselfde omstandighede sou optree en daarom het hy die beheerliggaam onskuldig bevind aan nalatigheid.

Hierdie hofsak dien as waardevolle riglyn ten opsigte van wat van die opvoeder verwag word om voldoende toesig te hou. Die gevaar waaraan leerders blootgestel word, is die maatstaf vir die opvoeder wat toesig moet hou (Bray *et al.* 1989:34).

Die skoolwerkwinkel is 'n potensieel gevaarlike omgewing vir leerders en die opvoeder in die werkwinkel moet dit besef. Die eise van **sorgsame toesig** in die werkwinkel is dus hoër as vir die opvoeder wat nie in 'n werkwinkel diens doen nie (Els, 1994:26).

4.3.3 ***KNOUWDS V. ADMINISTRATEUR, KAAP 1981 (1) SA 544 (K)***

Knouwds stel namens haar 8-jarige dogter, Ester Louw, 'n eis van skadevergoeding in vir beserings wat sy opgedoen het. Die betrokke dag het Ester en 'n vriendin voor skool resies gehardloop op 'n grasperk tussen die skoolgeboue. Gert Links, 'n arbeider, was op daardie stadium besig om gras te sny. Die opsigter, mnr. Smit, was sowat 30 meter van die grassnyer af op pad na die administratiewe blok. Ester se vriendin het haar gestamp om te verhoed dat Ester haar verbysteek. Ester het haar balans verloor en op

die grassnyer gedruk om haar balans te herwin. In die proses het haar vinger in die waaierband van die grassnyer beland. Die vinger is só ernstig beseer dat dit later afgesit moes word.

Die skoolhoof het 'n brief aan die skoolraad geskryf om die ongeluk te rapporteer. In hierdie brief noem die skoolhoof dat die opsigter moes toesien dat daar geen kinders op die spesifieke grasperk kom nie. Die hoof sê verder dat die gras nie tydens skoolure gesny kon word nie aangesien dit 'n steurnis veroorsaak. Ná skool was al die arbeiders besig om die skoolgebou skoon te maak. Die kinders is ook gereeld gewaarsku om nie tussen die skoolgeboue te hardloop nie en om weg te bly van die grassnyers aangesien dit gevaarlik is.

Regter Friedman maak in sy uitspraak melding van die feit dat die kinders soggens voor skool op die betrokke grasperk gespeel het. Hy beklemtoon die feit dat dit bekend is dat kinders soms impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik optree. Kinders raak so verdiep in aktiwiteite waarmee hulle besig is dat hulle totaal onbewus is van dinge rondom hulle. As professionele opvoeder wat daaglik met kinders in die primêre skool werk, moes die hoof deeglik bewus gewees het van hierdie eienskappe van kinders. Die grassnyer wat gebruik is, het geen veiligheidskerm gehad nie.

Die moontlikheid dat kinders op daardie tydstip op dié betrokke plek teen die grassnyer kon vashardloop, was ook baie groot. Aangesien die opsigter moes toesien dat daar nie kinders op die grasperk kom nie, moes hy die moontlikheid voorsien het dat kinders daar beseer kon raak. In die lig van bogenoemde meen regter Friedman dat die risiko vir besering onnodig verhoog is deur die gras op daardie stadium te sny.

Regter Friedman maak die gevolgtrekking dat die skoolhoof nie genoegsame voorsorg getref het om beserings te voorkom nie. Hy meen dat die rede wat deur die skoolhoof aangevoer is waarom hulle nie op 'n ander stadium die gras kon sny nie, nie aanvaarbaar is nie. Die koste of ongerief daaraan verbonde kan nie opgeweeg word teen die risiko waaraan die skoolkinders op daardie tydstip blootgestel was nie. Onder die betrokke omstandighede moes die leerders onder voortdurende toesig gewees het.

Op grond van hierdie feite bevind die regter dat die skoolhoof, die opsigter en die arbeider nalatig was.

Opvoeders as **professionele** persone moet deeglik bewus wees van kinders se impulsiwiteit, onvoorspelbaarheid en onverantwoordelikheid en hulle moet daarmee rekening hou. Die feit dat kinders dikwels so verdiep raak in dit wat hulle doen dat hulle totaal onbewus is van dinge rondom hulle, móét deel wees van die kennis van die opvoeder. 'n Skool het 'n besondere plig om te verseker dat leerders vóór skool, gedurende pouses en ná skool veilig op die terrein is (Bray *et al.* 1989:37).

Uit die saak is dit duidelik dat die opvoeder in staat moet wees om 'n potensieel gevaarlike situasie te identifiseer en om dan voldoende voorsorg te tref om onnodige beserings te voorkom. Die ouderdom van die leerder speel vanselfsprekend 'n baie belangrike rol (vgl. 3.2.4).

Die skoolwerkwinkel lewer vanselfsprekend ook potensieel gevaarlike situasies op wat uniek is aan die skoolwerkwinkel. Daarvan moet werkwinkelopvoeders deeglik bewus wees en hulle moet voldoende aandag daaraan gee.

4.3.4 VAN DER MERWE V. TOM NAUDÉ 1995 (Saaknommer: 6801/94)

Hierdie saak is buite die hof geskik en die skikking is later in 'n skikkingsakte 'n bevel van die hooggeregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling) gemaak. Dit is dus 'n ongerapporteerde saak.

'n Graad 10-leerder aan die Hoër Tegniese Skool Tom Naudé het op die betrokke dag die leer waarop 'n opvoeder op die skoolterrein gestaan en onderhoudswerk doen het, vasgehou toe dit ongeval het. Die opvoeder en die leer het op hom geval. In die proses het hy sy linkerbeen gebreek, knie-, kop- en nekbесerings opgedoen. Die seun was twee maande op krukke en loop nou, twee jaar na die ongeluk, mank. Hy is nie meer so beweeglik as vroeër nie en kan nie meer so geredelik aan sport deelneem nie. Die

seun se vader het namens hom die eis vir skadevergoeding ingestel. Mnr. Van der Merwe voer aan dat die skoolhoof en die betrokke opvoeder nalatig was. Skoolseuns het werk op die terrein gedoen terwyl dit nie veilig was nie. Volgens die hofstukke voer mnr. Van der Merwe aan dat sy seun op daardie dag onder die toesig en beheer van die skoolhoof en die betrokke opvoeder was (Rademeyer, 1995:6).

Die partye het tot 'n skikking gekom voordat die hofspraak begin het. Die skool moes veertig duisend rand skadevergoeding aan die seun betaal. Adjunkregter-President D.J. Curlewis het die skikking 'n hofbevel gemaak (Skikkingsakte, Saaknommer: 6801/94).

Die uitslag van hierdie hofspraak bevestig net weereens hoe belangrik die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder is. Opvoeders moet hulle deeglik vergewis van die gesondheid-en-veiligheid van die leerders wat onder hulle toesig is.

Vir die opvoeder in die skoolwerkwinkel kan hierdie hofspraak in die besonder van groot belang wees aangesien dit gereeld van opvoeders in die skoolwerkwinkel en die leerders onder hulle toesig verwag word om herstelwerk, wat deel van die kind se opleiding is, te verrig. Dit is dikwels nodig om van 'n leer gebruik te maak.

4.3.5 DE KOCK V. HOËRSKOOL OOSTERLAND EN CRONJÉ 1997

Hierdie saak is buite die hof geskik en die skikking is later in 'n skikkingsakte 'n bevel van die hooggeregshof gemaak. Dit is dus 'n ongerapporteerde saak.

In hierdie saak eis mev. De Kock namens haar seun skadevergoeding van die skool en die klasmaat, Cronjé, wat die besering aan haar seun veroorsaak het (Pienaar, 1997:3).

Op die betrokke dag het Cronjé vir De Kock met 'n stuk teël op die regterwang raakgegooi. Die stuk teël was afkomstig van 'n hoop bourommel wat op die skoolterrein gelê het. As gevolg van die insident het De Kock 'n winkelhaakvormige besering aan sy regterwang opgedoen. Hy het sy regteroog verloor en na verskeie operasies het De Kock nou 'n glasoog. Verder moes hy sielkundige behandeling ontvang om die trauma te verwerk (Pienaar, 1997:3).

In die hofstukke word aangevoer dat De Kock beseer is weens die nalatige en onregmatige optrede van die skool en Cronjé wat die teël gegooi het. Mev. De Kock voer aan dat die skool nalatig was aangesien die skool nie toegesien het dat die skoolterrein veilig was nie en omdat die leerders nie onder voldoende toesig en beheer was nie. De Kock het getuig dat hy Cronjé kort voor die voorval gewaarsku het dat iemand beseer kon raak met die gooier (Pienaar, 1997:3).

In getuienis namens die skool en Cronjé is aangevoer dat die teëls in "frisbee-styl" na mekaar gegooi is op 'n voorstel van De Kock. De Kock en Cronjé het toe ook die teëls oor-en-weer vir mekaar gegooi. De Kock het die bewerings ontken (Pienaar, 1997:3).

Ingevolge die skikkingsooreenkoms wat tussen die skool, Cronjé en De Kock bereik is, moes die skool en Cronjé skadevergoeding van R92 500-00 aan De Kock betaal (Pienaar, 1997:3).

Uit hierdie hofsak is dit duidelik dat die skool en opvoeders moet sorg dat die skoolterrein en plekke waar die leerders beweeg, te alle tye veilig moet wees, of dat daar voorsorgmaatreëls getref moet word indien die skoolterrein om een of rede nie veilig is nie. Daar moet ook voldoende toesig wees oor die leerders van die skool.

Die skoolwerkwinkel is een van daardie plekke wat nie altyd veilig is vir die leerders nie. Dit is daarom noodsaaklik dat werkwinkelopvoeders voldoende voorsorgmaatreëls moet tref ten einde die leerders se veiligheid soverre dit moontlik is, te verseker. Werkwinkelopvoeders moet ook sorg dat die leerders in die skoolwerkwinkel voortdurend onder hulle toesig en beheer is. Dit beteken dat werkwinkelopvoeders 'n verhoogde sorgsame toesighoudingsplig het.

4.3.6 *MUNTINGH V. GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN DIE HOËRSKOOL VEREENIGING 1997*

Hierdie saak is buite die hof geskik en die skikking is later in 'n skikkingsakte 'n bevel

van die Pretoriase Hoërhof gemaak. Dit is dus 'n ongerapporteerde saak (Tempelhoff, 1998:2).

Muntingh eis in hierdie saak skadevergoeding van die Gautengse Departement van Onderwys en die Hoërskool Vereeniging waar hy 'n leerder was toe hy na 'n ongeluk in die swembad verlam geraak het (Tempelhoff, 1998:2, Jonker, 1997:4).

Tydens die periode in Liggaamlike Opvoeding het die klas onder die toesig van 'n Afrikaansonderwyseres gaan swem. Muntingh het die dag kop eerste by die vlak kant van die swembad ingedui terwyl hy sy broek vasgehou het. Die leerders is toegelaat om met hulle kortbroeke te swem. Muntingh het sy kop teen die bodem van die swembad gestamp. As gevolg van die beserings wat hy die dag opgedoen het, is hy nou 'n kwadrupleeg (Tempelhoff, 1998:2, Jonker, 1997:4).

Muntingh beweer in hofstukke dat die skool nalatig opgetree het aangesien die leerders onder die toesig van 'n Afrikaansonderwyseres was wat nie opgelei was om leerders in noodsituasies te help nie. Die onderwyseres het ná die ongeluk ook nie onmiddellik gaan hulp soek nie. Sy het verder toegelaat dat omstanders Muntingh rondbeweeg. Volgens die hofstukke kon Muntingh minimale skade oorgehou het indien 'n kundige gekeer het dat Muntingh onnodig rondbeweeg is. Afgesien daarvan dat die Afrikaans onderwyseres op die betrokke dag die enigste toesighouer by die swembad was, was daar ook geen noodhulpgeriewe nie (Tempelhoff, 1998:2, Jonker, 1997:4).

Afgesien daarvan dat Muntingh 'n kwadrupleeg is, ly hy volgens die hofstukke ná die ongeluk aan emosionele trauma, skok en pyn. Hy het 'n verlies aan lewensgenietinge en 'n inkomste, en hy sal vir die res van sy lewe sorgbehoewend wees (Jonker, 1997:4).

Volgens die verweerders het Muntingh vrywillig aan die swemklas deelgeneem. Hulle voer verder aan dat hy bewus was van die risiko's en dat hy bydraend nalatig opgetree (Jonker, 1997:4).

Die Pretoriase hoërhof het gelas dat die Hoërskool Vereeniging en die LUR vir

onderwys in Gauteng medeverantwoordelik is vir die skade wat Muntingh gely het en dat hulle skadevergoeding aan Muntingh moet betaal. In die ooreenkoms wat bereik is, sal die skool verantwoordelik wees vir 13% van die skade terwyl die LUR vir onderwys in Gauteng verantwoordelik is vir 5% van die skade (Jonker, 1997:4). Volgens 'n verdere ooreenkoms wat bereik is, beloop die 13% van die skade wat die skool moet betaal sowat R1,4 miljoen terwyl die LUR vir onderwys in Gauteng se 5% R500 000 beloop (Tempelhoff, 1998:2).

Uit hierdie hofsak is dit duidelik dat die Departement van Onderwys en 'n skool sorg moet dra dat daar behoorlik gekwalifiseerde toesig oor leerders moet wees en dat daar in die geval van 'n ongeluk noodhulptoerusting beskikbaar moet wees om voldoende eerste hulp te verskaf.

Verder beklemtoon hierdie saak weereens dat werkwinkelopvoeders 'n verhoogde sorgsame toesighoudingsplig het aangesien daar in die skoolwerkwinkel eiesoortige gevare is waaraan die leerder blootgestel word. Dit is ook belangrik dat werkwinkelopvoeders toegerus moet wees om enige noodgeval wat in hulle werkwinkel mag voorkom, die hoof te kan bied.

4.3.7 *PETER WYNKWART V. MINISTER OF EDUCATION AND ANOTHER 2002.* *CASE 4168/199 (C)*

Die eiser in hierdie saak is Peter Wynkwart wat namens sy minderjarige seun, Randall Wynkwart, 'n eis vir skadevergoeding teen die Minister van Onderwys en Highlands Primary School, die verweerders, ingedien het.

Die vraag wat in hierdie saak ontstaan het, was of die verweerders aanspreeklik gehou kan word vir die beserings wat die eiser opgedoen het toe hy van 'n ongebruikte skoolhek af op sy kop geval het. Hierdie hek was ten tye van die ongeluk gesluit.

Beide die eiser en verweerder het oor die volgende saamgestem dat:

- die skool het op die dag van die ongeluk vir al die leerders tot graad drie om 14:25 verdaag het;

- die meeste van hierdie leerders het hek 5 gebruik om die skool te verlaat;
- die leerders het onder die toesig van hulle onderskeie klasopvoeders beweeg tot op 'n spesifieke punt net voor die hek;
- leerders is op hierdie punt onder die toesig van 'n ander diensdoenende opvoeder geplaas is wat bygestaan is deur 'n skolierepatrollie wat ten minste tien lede gehad het;
- hierdie skolierepatrollie het die leerders vergesel tot buite die skoolhek waar die leerders onder die toesig van 'n volgende skolierepatrollie geplaas is;
- die tweede skolierepatrollie het die leerders oor 'n besige en gevaarlike straat vergesel vanwaar die leerders dan op hulle eie verder gegaan het; en
- dit was redelik veilig nadat die leerders die gevaarlike en besige straat oorgesteek het.

Op die betrokke dag het Randall, nadat hy sy klas verlaat het, die skoolterrein via die ongebruikte hek 4, wat gesluit was, verlaat. Hy het oor die hek geklim. Toe hy bo-op die hek was, het sy broek vasgehaak wat veroorsaak het dat hy gegly en geval het. Hy het op sy kop geval en was onmiddellik verlam. Sy klasopvoeder, mev. Nelson, het later opgedaag en nog later die ambulans. Hierna is hy na die hospitaal geneem.

Ander getuies het onder ander andere getuig dat mev. Nelson vir Randall gereeld gedurende skooltyd na die snoepwinkel gestuur het en dat hy dan met haar medewete ook hek 4 gebruik het. Hierdie bewering het mev. Nelson hewig ontken. Verder het Randall getuig dat niemand by die skool ooit vir die leerders gesê dat hulle nie hek 4 mag gebruik nie en dat ander leerders op die betrokke dag óók die hek gebruik het.

Die verweerders het getuig dat die leerders gedurig tydens saalopeninge gewaarsku is om nie oor heinings te klim nie en dat dit ook tydens leerders se oriëntering beklemtoon is.

Mev. Nelson het vervolgens getuig dat:

- Randall 'n baie gehoorsame leerder was;

- sy die leerders op die betrokke dag vergesel het tot by die punt waar sy die leerders in die sorg van die eerste skolierepatrollie gelaat het;
- sy daarna teruggekeer het na haar klas;
- sy later 'n boodskap ontvang het dat een van haar leerders beseer is;
- sy onmiddellik na die beseerde leerder toe is waar sy gesien het dat dit Randall was;
- sy die hoof toe van die ongeluk in kennis gestel het en teruggekeer het na die ongelukstoneel;
- sy saam met Randall in die ambulans hospitaal toe gery het en eers toe dit begin donker word, daar weg is; en
- sy voor die dag van die ongeluk nooit 'n leerder oor hek 4 of die heining sien klim het nie.

In sy uitspraak verwys regter Ngwenya na onder andere die uitsprake van hofsake soos *Rusere v The Jesuit Fathers*, *Broom v The Administrator, Natal en Knouwds v. Administrateur, Kaap* wat vroeër in die hoofstuk bespreek is.

Regter Ngwenya het bevind dat die getuienis van Randall dat hy direk vanaf die klas na hek 4 is, die mees waarskynlike moontlikheid is. Verder het die regter bevind dat daar ongetwyfeld 'n plig op mev. Nelson gerus het om die leerders na die skolierepatrollie te begelei aangesien leerders van so 'n jong ouderdom baie impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik is en dat hulle onder sekere omstandighede geneig is om alles te vergeet wat aan hulle geleer is. Die verweerders het dus 'n sorgsame toesighoudingsplig teenoor Randall gehad. Die vraag is of die verweerders alle redelike stappe geneem het om te verseker dat Randall soos sy klasmaats die skool deur die korrekte hek verlaat. Dit sou 'n verbreking van hulle sorgsame toesighoudingsplig gewees het indien hulle nie verseker het dat Randall die skool deur die korrekte skoolhek verlaat het nie. Regter Ngwenya het bevind dat dit nie genoeg is om die leerders slegs tydens oriëntering en saalopening te waarsku om nie oor die heinings te klim nie. Dit is juis waarom opvoeders opgelei word om die gedrag van kinders te verstaan. Opvoeders kan hulle verantwoordelikheid nie abdikeer deur bloot te sê dat die leerders ingelig is dat hulle nie oor die heinings mag klim nie.

Die volgende vraag is of die skade wat Randall gely het, voorsienbaar was. Die feit dat die leerders onder streng toesig tot aan die ander kant van die gevaarlike en besige straat tot relatiewe veiligheid begelei is, wys daarop dat die skoolhoof en die opvoeders deeglik daarvan bewus was dat leerders van daardie ouderdom baie impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik is. Dit dui daarop dat die verweerders wél die moontlikheid dat die leerders skade kan opdoen as hulle nie onder voortdurende toesig is nie, voorsien het. Regter Ngwenya het bevind dat alhoewel die omvang van die skade moontlik nie voorsienbaar was nie, was die skade wel voorsienbaar.

Regter Ngwenya het verder bevind dat die verweerders onder bogenoemde omstandighede wél nalatig was en dus aanspreeklik gehou word vir die feit dat Randall permanent 'n kwardupleeg sal wees nadat hy van die hek afgeval het.

Hierdie saak is 'n baie goeie voorbeeld van die bestek van die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig. Dit toon aan hoe **voorsienbaarheid** en **voorkombaarheid** in die praktyk inslag vind. Opvoeders in skoolwerkwinkels kan baie duidelik uit hierdie saak sien wat die bestek van hulle sorgsame toesighoudingsplig behels en hoe dit in die skoolwerkwinkel toegepas behoort te word. Opvoeder in die skoolwerkwinkels kan hierdie beginsels goed toepas in hulle besondere omstandighede.

4.3.8 SINTESE

Uit die voorafgaande uiteensetting van Suid-Afrikaanse regspraak in die onderwys rakende sorgsame toesig, blyk dit dat daar 'n aantal regsbeginnels is wat van kardinale belang vir die opvoeder in die skoolwerkwinkel is. Die belangrikste regsbeginnels wat hier ter sprake is, is dat:

- opvoeders 'n sorgsame toesighoudingsplig teenoor die leerders het wat onder hulle toesig geplaas is;
- werkwinkelopvoeders 'n verhoogde sorgsame toesighoudingsplig het;
- leerdergesondheid-en-veiligheid in sekere gevalle voorrang bo statutêre bepalinge geniet; en

- dit van die werkwinkelopvoeder verwag word om alle voorskrifte rakende die statutêre en gemenerereg ten opsigte van gesondheid en veiligheid noudeset na te kom.
- Die volgende determinante speel 'n deurslaggewende rol in die opvoeder se sorgsame toesighoudingsplig:
 - die ouderdom van die leerders onder hulle toesig,
 - die moontlike gevaar waaraan die leerder blootgestel,
 - die relatiewe belangrikheid en gevaar verbonde aan 'n taak,
 - voorsienbaarheid van moontlike skade en
 - voorkombaarheid van moontlike skade.

4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op regspraak as determinant vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel. Daar is in die besonder aandag gegee aan internasionale en nasionale hofuitsprake wat verband hou met die besondere verpligting wat opvoeders in skoolwerk winkels het teenoor die leerders wat onder hulle toesig is.

Dit wil voorkom of die regsbeginsels wat in Britse, Amerikaanse en Australiese regspraak gebruik word, grootliks ooreenkom met die regsbeginsels wat in Suid-Afrikaanse regspraak gebruik word.

Hierdie hofuitsprake en die verhoogde verpligting tot sorgsame toesighouding, het dit weereens beklemtoon dat dit vir die opvoeder in die skoolwerkwinkel tyd geword het om meer aandag aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te gee.

HOOFSTUK 5

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK NA GESONDHEID-EN- VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

5.1 INLEIDING

Die doel van die empiriese ondersoek was om te bepaal hoe gesondheid en veiligheid in die kontemporêre skoolwerkwinkel van die Departement van Onderwys in die Noordwes Provinsie bestuur word (vgl. par. 1.3, navorsingsdoelwit 2). 'n Verdere doel was om te bepaal tot watter mate die werkwinkelopvoeder in die Noordwes Provinsie toegerus is vir sy taak as sorgsame toesighouer (vgl. 1.3, navorsingsdoelwit 3). Daar is ook deur die ondersoek gepoog om te bepaal of daar spesifieke veiligheidsmaatreëls deur opvoeders geïmplementeer word wat nie noodwendig deur beleidstukke, departementele handleidings of wetgewing voorgeskryf word nie.

Om die inligting te bekom, is 'n opname gedoen by óf die betrokke adjunkhoof óf die departementshoof verantwoordelik vir die skoolwerkwinkels óf die mees senior werkwinkelopvoeder van die betrokke openbare sekondêre skool. Al die openbare sekondêre skole met werkwinkels in die Noordwes Provinsie is vir die opname gebruik. Skole wat Afrikaans as taal van onderrig gebruik, het 'n Afrikaanse vraelys ontvang terwyl die wat Engels as taal van onderrig gebruik, 'n Engelse vraelys ontvang het.

5.2 NAVORSINGSONTWERP

Met inagneming van die studiepopulasie wat so klein was, die hoë koste en die tydsaspek verbonde aan ander metodes vir die insameling van data, is besluit om die posvraelys te kies as metode vir die insameling van data vir hierdie studie.

5.2.1 DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT

Om navorsingsgegewens in te win, kan vrae tydens 'n onderhoud aan die respondēt persoonlik gevra word, of dit kan deur middel van 'n vraelys onpersoonlik aan die respondēt gevra word (Van der Westhuizen, 1992:56).

Gewoonlik word hoofsaaklik van twee tipes vraelyste gebruik gemaak: Die oop vraelys (ongestruktureerde vraelys) en die geslote vraelys (gestruktureerde vraelys). By die oop vraelys het die respondēt volle vryheid om sy eie mening te lug terwyl die geslote vraelys die respondēt beperk deur hom net 'n paar keuses vir 'n antwoord te gee (Van der Westhuizen, 1992:56 -57).

Vervolgens word enkele voordele en nadele van die oop en geslote vraelyste gegee soos dit deur Erasmus (1994:53 - 55) beskryf word:

5.2.1.1 Die oop vraelys

i Voordele

- Daar is geen beperking op die respondēt se respons nie en daar kan dus presies bepaal word wat die respondēt se eie siening is.
- Wanneer die navorser nie seker is oor die antwoorde wat van die respondēte af verkry gaan word nie, word oop vrae gebruik.
- Wanneer daar 'n groot aantal moontlike antwoorde is, word gebruik gemaak van die oop vraelys.
- Hierdie tipe vrae is by uitstek geskik daarvoor om responspatrone tydens 'n voortoets te bepaal.
- Met hierdie tipe vrae kan dieperliggende inligting oor die respondēte verkry word. Daar kan ook antwoorde op sensitiewe en afkeurenswaardige gedrag verkry word.

ii **Nadele**

- Die aantal vrae wat gevra kan word, is beperk aangesien dit tydrowend is om oop vrae te beantwoord.
- Onderliggende probleme word nie noodwendig deur hierdie tipe vrae geïdentifiseer nie. Dit kan die navorser onder die verkeerde indruk bring en misleidend wees.
- Rekenaarverwerking word bemoeilik aangesien daar nie 'n klassifikasiestelsel bepaal kan word nie.
- Om hierdie tipe vrae te beantwoord, verg dikwels heelwat inspanning van die respondent.

5.2.1.2 **Die geslote vraelys**

i **Voordele**

- Hierdie tipe vrae word vooraf geklassifiseer en dit maak dit makliker en vinniger om te beantwoord.
- Dié tipe vraelys kan makliker gekodeer word.
- Op hierdie manier word daar nie gediskrimineer tussen die respondent wat baie en die een wat min skryf nie.
- Met hierdie tipe vrae kan daar op fyner besonderhede gefokus word.

ii **Nadele**

- Indien daar nie deeglike navorsing gedoen is oor die verskillende responsmoontlikhede nie, kan dit daartoe lei dat die respondent gefrustreerd raak aangesien sy posisie nie in die responsmoontlikhede gedek word nie.
- Dit is baie tydrowend om 'n geslote vraelys te ontwikkel.

5.2.1.3 Keuse van die tipe vraelys vir hierdie studie

Vir die doel van hierdie studie is daar besluit op 'n vraelys wat 'n samestelling is tussen 'n oop en 'n geslote vraelys. Hierdie besluit is geneem aangesien daar 'n groot aantal vrae gevra kon word waar die skrywer met 'n groot mate van sekerheid genoeg responsmoontlikhede kon gee vir die beantwoording van die vrae. Daar was egter 'n aantal vrae waar die respondente se eie mening noodsaaklik was. Daar was ook vrae waarop die antwoord nie vooraf bepaal kon word nie.

5.2.1.4 Posvraelys

Hierdie vraelys kan 'n oop of geslote vraelys wees, of dit kan 'n samestelling van die twee vraelyste wees. Met hierdie vraelys kan 'n groot groep mense in 'n relatiewe kort tydskedule en teen 'n relatiewe lae koste bereik word (Els, 1994:44). Die vraelys kan aan die respondent persoonlik gepos word, of dit kan aan 'n skakelpersoon gestuur word met 'n versoek om dit aan die respondent te oorhandig (Van der Westhuizen, 1992:49).

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar besluit om die vraelys aan die respondente te oorhandig tydens 'n vergadering waar die werkwinkelopvoeders van al die skole wat oor werkwinkels beskik in die Noordwes Provinsie teenwoordig was.

5.2.1.5 Die voordele van 'n posvraelys

Van der Westhuizen (1992:56) lig die volgende voordele van die posvraelys uit:

- Daar kan 'n groot groep mense op 'n relatief maklike manier bereik word.
- 'n Vraelys as meetinstrument is meer betroubaar as 'n onderhoud.
- Die identiteit van die respondente bly onbekend.
- Omdat daar nie persoonlike kontak is nie, is die menings objektief.
- Gestandaardiseerde instruksies lei daartoe dat die respondente presies weet wat van hulle verwag word.

- Posvraelyste neem minder tyd in beslag as persoonlike onderhoude.
- Posvraelyste is goedkoper as onderhoude.
- Analise en tabulering van die response is makliker.

5.2.1.6 **Die nadele van 'n posvraelys**

Van der Westhuizen (1992:56) noem die volgende nadele van die posvraelys:

- Die posvraelys se geldigheid en betroubaarheid is moeilik bepaalbaar.
- Vrae kan nie altyd só opgestel word dat dit op dieselfde manier deur verskillende respondente vertolk word nie.
- Die antwoorde se korrektheid kan moeilik bepaal word.
- Die respondent kan die vrae van 'n geslote vraelys willekeurig beantwoord of die respondent kan die taak delegeer aan 'n ander persoon wat minder bevoeg is om dit te beantwoord.
- Swak terugvoering kan die betroubaarheid van die resultate nadelig beïnvloed.

5.2.2 **DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS**

5.2.2.1 **Afdeling A: Biografiese gegewens (vrae 1 - 4)**

Die biografiese gegewens wat ingesamel is, se doel was om te bepaal:

- watter pos die respondent beklee,
- hoeveel ervaring die respondent in die skoolwerkwinkel het,
- of die respondent oor enige onderwysregtelike opleiding beskik en
- wat die hoogste kwalifikasie van die respondent is.

5.2.2.2 **Afdeling B: Veiligheidsdeterminante in die skoolwerkwinkel (vrae 5 - 14)**

Hierdie gegewens is ingesamel om die volgende inligting te bekom:

- hoeveel leerders per jaar in die skoolwerkwinkel opgelei word,
- hoeveel leerders die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkels beseer is,
- of die interne vakbeleid van die tegniese vakke van die skool leerderveiligheid aanspreek,
- of leerderveiligheid in die skool se skoolbeleid aangespreek word,
- hoeveel skoolwerkwinkels tans by die skool in bedryf is,
- hoe vertrouwd die respondente is met die voorskrifte wat betrekking het op veiligheid in die skoolwerkwinkel ten opsigte van die:
 - vakbeleid,
 - skoolbeleid,
 - departementele stukke en
 - toepaslike wetgewing.
- of die beskikbare voorskrifte noukeurig uitgevoer word soos dit vervat is in:
 - beleidstukke,
 - departementele handleidings en
 - wetgewing.
- of daar voldoende aandag gegee is aan veiligheidsaspekte ten opsigte van die skoolwerkwinkel soos dit vervat is in die:
 - vakbeleid,
 - skoolbeleid,
 - departementele stukke en
 - toepaslike wetgewing.
- of daar in die skoolwerkwinkel behoorlik aandag gegee word aan:
 - die implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leerderveiligheid,
 - voorligting aan leerders ten opsigte van leerderveiligheid,
 - die uitvoering van beleid met die klem op leerderveiligheid,
 - die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel,
 - voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid,
 - die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerders wat veiligheidsmaatreëls oortree,

- die noukeurige rekordhouding van alle ongelukke met die doel om 'n herhaling te voorkom en
- die getal werkwinkelopvoeders wat in die gesondheid-en-veiligheidskomitee van die skool verteenwoordig is.

5.2.2.3 **Afdeling C: Die menings van die respondente ten opsigte van veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vrae 15 - 30)**

Die doel van hierdie afdeling was om te bepaal of die respondente bewus is van die gemenereg en statutêre bepalings en hoe hierdie kennis in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel geïmplementeer word.

Die respondente se bewustheid van die gemenereg en statutêre bepalings en die implementering daarvan is deur die volgende vrae ingesamel:

- Om die veilige ontruiming van die skoolwerkwinkel in die geval van 'n brand te verseker, word:
 - elke buitendeur van die skoolwerkwinkel onbelemmerd gelaat,
 - nie met 'n veiligheidshenk afgesper wanneer daar mense in die skoolwerkwinkel is nie en
 - die slot só gekonstrueer is dat dit maklik van binne af oopgemaak kan word?
- Sou 'n leerder of sy ouers se eis om skadevergoeding teen die werkwinkelopvoeder kon slaag (indien nalatigheid aan die kant van die opvoeder bewys kan word) indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak en as gevolg van die besering:
 - aan skok sou ly,
 - vir pyn en lyding van die leerder,
 - vir onsierlike letsels aan die leerder se liggaam,
 - vir verlies van lewensgenietinge by die leerder,
 - vir gesondheidsverlies by die leerder,
 - vir mediese uitgawes en

- vir die verlies aan maandelike toekomstige inkomste van die leerder?
- Sal die ouderdom van 'n leerder 'n rol speel in die sorgsame toesighoudingplig van die opvoeder?
- Moet die werkwinkelopvoeder:
 - onmiddellik eerste hulp op die leerder toepas,
 - die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy ouerhuis vervoer,
 - die leerder se ouers in kennis stel en
 - die voorgeskrewe dokumentasie voltooi en/of afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente stuur indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak?
- Word daar in die skool toegesien dat:
 - daar genoeg geskikte brandbestrydingstoerusting is en
 - word die brandbestrydingstoerusting gereeld geïnspekteer en nagesien om dit in 'n goeie werkende toestand te hou soos deur die brandweerhoof van die plaaslike munisipale owerheid voorgeskryf word?
- Weet die opvoeder wat die leerder-per-opvoeder-verhouding volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en/of die betrokke regulasies behoort te wees?
- Hoe dikwels:
 - behoort die gesondheid-en-veiligheidskomitee te vergader en
 - hoe dikwels vergader die gesondheid-en-veiligheidskomitee werklik?
- Wie as hoof-uitvoerende beampte by die skool:
 - behoort op te tree en
 - wie werklik die hoof-uitvoerende beampte by die skool optree?
- Hoe gereeld die hystoestelle ("lifts") van die skool:
 - versien en nagegaan behoort te word en
 - werklik deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting

en instandhouding van die betrokke hystoestel versien en nagegaan word?

- Hoe gereeld die drukhouers van die kompressors van die skool aan interne en eksterne inspeksies en druktoetse:
 - onderwerp behoort te word en
 - werklik aan bogenoemde toetse onderwerp word deur 'n bevoegde persoon wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers in die bedryf?
- Hoeveel gekwalifiseerde noodhulpwerkers:
 - behoort gedurende normale skoolure op 'n voltydse grondslag by die skool beskikbaar te wees en
 - is wél tydens bogenoemde ure by die skool beskikbaar?
- Watter van die volgende persone moet in kennis gestel word indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer is?
 - Vergoedingskommissaris.
 - Ongevallekommissaris.
 - Die leerder se ouers.
 - Die skoolhoof.
 - Die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid.
 - Die departementshoof van die Departement van Onderwys.
 - Die vakadviseur vir die betrokke vak.
 - Die hoof-uitvoerende beampte van die skool.
- Word onveilige toestande, toerusting, masjinerie en/of voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het tydens die vergaderings van die gesondheid-en-veiligheidskomitee van die skool bespreek?
- Watter van die volgende persone / dokumente / registers is by die skool beskikbaar?
 - 'n Opgedateerde kopie van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die betrokke regulasies.
 - 'n Register waarin die volle besonderhede van prestasietoetse, veranderings en/of herstelwerk wat aan die hystoestelle gedoen is, aangeteken word.

- 'n Register waarin alle voorvalle en ondersoeke in die skoolwerkwinkel aangeteken word.
 - 'n Register waarin die resultate van inspeksies, toetse, veranderings en/of herstelwerk wat aan houeers onder druk (kompessors) gedoen is, aangeteken word.
 - 'n Heeltydse persoon wat 'n vakleerlingskap deurloop het, wat die bediening en onderhoud van masjiene insluit, en wat as installasie-elektrisiën geregistreer is.
 - Notules van vergaderings wat deur die skool se gesondheids-en-veiligheidskomitee gehou is.
- Hoe gereeld:
 - behoort die brandbestrydingstoerusting van die skool deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien te word om te verseker dat dit in 'n goeie werkende toestand is en
 - word die brandbestrydingstoerusting van die skool deur 'n persoon met bogenoemde kwalifikasies gediens en nagesien?
 - Wat is die verband tussen die **redelike man** en leerderveiligheid?

5.2.2.4 **Afdeling D: Veiligheidsmaatreëls wat spesifiek ontwikkel is vir die skool se werkwinkels (vrae 31 - 32)**

In hierdie afdeling is daar gepoog om vas te stel, of daar respondente is wat unieke veiligheidsmaatreëls vir die skoolwerkwinkel ontwikkel het wat sinvol deur ander opvoeders in die skoolwerkwinkel gebruik kan word.

In hierdie afdeling is ook gepoog om vas te stel of die werkwinkelopvoeder kennis dra van die nuutste omsendbriewe, -minute, wetgewing en beleidstukke wat betrekking het op die veiligheid van leerders in die skoolwerkwinkel.

5.2.3 DIE LOODSVRAELYS

Proefpersone wat nie deel was van die empiriese ondersoek nie, is versoek om 'n aantal loodsvraelyste ($n = 4$) in te vul. Die doel hiervan was om vas te stel hoe lank dit sal neem om die vraelys te voltooi en om moontlike onduidelikhede daarin te identifiseer. Hierna is die vraelys aangepas, gerekenariseer en gefinaliseer.

5.2.4 DIE FINALE VRAELYS

Na voorvermelde terugvoer, wat van die loodsondersoek verkry is, is die finale vraelys saamgestel (vgl. bylae C).

5.2.5 ADMINISTRATIEWE PROSEDURE

Skriftelike toestemming is van die Superintendent-generaal van die Departement van Onderwys in die Noordwes Provinsie (vgl. bylae A) verkry om die empiriese ondersoek in al die sekondêre skole van die Noordwes Provinsie wat skoolwerkwinkels het te loods (vgl. bylae B).

Die vraelyste is aan die respondente oorhandig tydens 'n vergadering waar al die skole wat oor werkwinkels in die Noordwes Provinsie teenwoordig was met 'n versoek om die vraelyste in te vul en terug te gee voordat die respondente vertrek.

5.2.6 STUDIEPOPULASIE

Die studiepopulasie in hierdie empiriese ondersoek was die adjunkhoof of departementshoof verantwoordelik vir die skoolwerkwinkels van die skool, of die mees senior werkwinkelopvoeders van al die sekondêre skole met werkwinkels in die Noordwes Provinsie ($n = 56$).

Tabel 5.1: Respons van respondente

AANTAL UITGESTUUR	AANTAL ONTVANG	%
56	56	100%

Daar word allerweë aanvaar dat daar nie betroubare en geldige afleidings gemaak kan word as daar nie minstens 'n 70%-respons is nie (Landman, 1980:112). Aangesien daar 'n respons van 100% was, kan aangeneem word dat geldige afleidings en veralgemenings vir die studiepulasie van hierdie empiriese ondersoek gemaak kan word.

In hierdie studie word daar nie gebruik gemaak van statistiese inferensies nie. Dit beteken dat daar geen p - waardes gerapporteer word nie. Statistiese inferensies word nie gebruik nie aangesien daar nie met 'n ewekansige steekproef gewerk word nie, maar met die studiepulasie in sy geheel. Soos dit reeds aangetoon is, is die empiriese ondersoek gedoen by al die sekondêre skole met werkwinkels in die Noordwes Provinsie. Daarom word daar in hierdie studie gebruik gemaak van effekgroottes om prakties betekenisvolle verskille aan te toon.

5.2.7 STATISTIESE TEGNIEKE

Die response van die gedeelte van die vraelys wat geslote vrae bevat, is deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO met behulp van die SAS System for Windows Release 6.12 (Statistical analysis system) verwerk (SAS INSTITUTE. 1996). Deur middel van die program is die volgende statistiese tegnieke en metodes gebruik om die data te analiseer:

- frekwensies is ten opsigte van die hele vraelys bepaal en
- Cohen se d-waarde en phi-koëffisiënte is bepaal.

Die response van die respondente oor die gedeelte van die vraelys wat oop vrae bevat, is per hand verwerk.

Die inligting wat van die empiriese ondersoek verkry is, het dit moontlik gemaak om die response van die respondente ordelik weer te gee en te bespreek.

By sekere vrae het heelwat van die respondente se antwoorde geen response opgelewer nie. In die gevalle waar kennis van toepassing was, is die leë response as verkeerd geïnterpreteer. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die respondent nie die antwoord gegee het nie.

5.3 INTERPRETASIE VAN DIE DATA

Vir die doel van hierdie studie is daar by die interpretasie van die data verskillende afleiers by sommige van die vrae saamgevoeg. In ander gevalle is afleiers afsonderlik geïnterpreteer. Waar die afleiers vir interpretasiedoeleindes saamgevoeg is, word dit aangetoon en gemotiveer.

5.3.1 AFDELING A: BIOGRAFIESE GEGEWENS

Met vrae 1 – 4 (vgl. bylae C) is gepoog om 'n beeld te vorm van die biografiese inligting wat van die respondente bekom is. Tabelle 5.2 en 5.3 gee die gegewens van hierdie afdeling weer.

5.3.1.1 Biografiese gegewens

Uit **vraag 1** se response, wat in tabel 5.2 weergegee word, is die volgende gegewe duidelik:

- 48,21% van die respondente is opvoeders,
- 37,5% departementshoofde,
- 10,71% adjunkhoofde en
- 1,79% skoolhoofde.

Alhoewel 'n groot aantal van die respondente opvoeders is, is die respondente

Tabel 5.2: Biografiese gegewens

	RESPONSE	f	%
1. Pos wat u beklee:	Skoolhoof	1	1,79
	Adjunkhoof	6	10,71
	Departementshoof	21	37,50
	Opvoeder	27	48,21
	Geen respons	1	1,79
	TOTAAL	56	100
2. Ervaring as werkwinkelopvoeder:	0 - 3 jaar	7	12,50
	4 - 8 jaar	17	30,36
	9 - 12 jaar	8	14,29
	Meer as 12 jaar	23	41,07
	Geen respons	1	1,79
	TOTAAL	56	100

oor die algemeen baie ervare werkwinkelopvoeders aangesien **vraag 2** (tabel 5.2) se respons die volgende aandui:

- 41,07 % van die respondente het meer as 12 jaar,
- 14,29% het 9 -12 jaar,
- 30,36% het 4 - 8 jaar en
- slegs 12,5% van die respondente het 0 - 3 jaar ervaring as werkwinkelopvoeders.

Die respondente wat meer as 9 jaar ervaring as werkwinkelopvoeder het, maak 55,36% van alle respondente uit wat 'n aanduiding gee dat die vraelys oorwegend deur ervare respondente voltooi is. Selfs die groep wat 4 - 8 jaar ervaring het, kan allermins as onervare werkwinkelopvoeders gesien word.

Uit hierdie response kan die afleiding gemaak word dat die respondente oor die algemeen ervare werkwinkelopvoeders is. Daarom kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die response wat op die vraelyste ontvang is, 'n getroue weergawe bied van wat in die praktyk in die skoolwerkwinkel met ervare opvoeders gebeur.

5.3.1.2 Opvoederkwalifikasies

In tabel 5.3, wat **vraag 3** se respons toon, kan gesien word dat:

- 'n groot groep, nl. 37,5% van die respondente oor geen onderwysregtelike kwalifikasie beskik nie,
- slegs 23,21% het 'n Onderwysregkursus bygewoon;
- 28,57% beskik oor 'n VDO in Onderwysbestuur;
- slegs 10,71% het 'n B.Ed.-graad met Onderwysreg as vakke en
- daar was geen respondente wat 'n M.Ed-grad met Onderwysreg as vak(ke) het nie.

Dit impliseer dus dat slegs 39,28% van die respondente oor enige formele kwalifikasie in Onderwysreg beskik en dat 60,71% van die respondente geen kursus in Onderwysreg bygewoon het nie.

Tabel 5.3: Opvoederkwalifikasies

	RESPONSE	f	%
3. Wat is die hoogste kursus/kwalifikasie wat in Onderwysreg bygewoon/behaal is?	Kursus bygewoon	13	23,21
	VDO in Onderwysbestuur	16	28,57
	B. Ed. met Onderwysreg as vakke	6	10,71
	M. Ed. met Onderwysreg as vak(ke)	0	0
	Geen	21	37,50
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100
4. Hoogste kwalifikasie:	Gekwalifiseerde ambagsman met N3	0	0
	Gekwalifiseerde ambagsman met N3 en 'n onderwysdiploma	5	8,93
	Gekwalifiseerde ambagsman met N3, onderwysdiploma en B-graad	3	5,36
	Gekwalifiseerde ambagsman met N3, onderwysdiploma en 'n nagraadse kwalifikasie	1	1,79
	Onderwysdiploma (3 of 4 jaar)	25	44,64
	Onderwysdiploma (3 of 4 jaar) met een of meer VDO's	15	26,79
	B-graad met onderwysdiploma	4	7,14
	Nagraadse kwalifikasie met onderwysdiploma	3	5,36
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100

Uit **Vraag 4**, wat in tabel 5.3 weergegee word, blyk die volgende:

- 44,64% van die respondente het 'n drie- of vierjaaronderwysdiploma,
- 26,79% het 'n drie- of vierjaaronderwysdiploma met een of meer VDO's,
- 7,14% beskik oor 'n Baccalaureusgraad met 'n onderwysdiploma en
- 5,36% het 'n nagraadse kwalifikasie plus 'n onderwysdiploma.

Hieruit is dit duidelik dat:

- die oorgrote meerderheid van die respondente (83,93%) slegs oor onderwyskwalifikasies en oor geen ambagskwalifikasie of kwalifikasie uit die nywerheid beskik nie,
- nie een van die respondent is slegs 'n gekwalifiseerde ambagsman met 'n N3 is nie,
- 8,93% van die respondente gekwalifiseerde ambagsmanne is en wat 'n N3 met 'n onderwysdiploma het;
- 5,36% van die respondente gekwalifiseerde ambagsmanne is met 'n N3, onderwysdiploma en 'n Baccalaureusgraad en
- 1,79% van die respondente is gekwalifiseerde ambagsmanne is met 'n N3, onderwysdiploma en 'n nagraadse kwalifikasie.

Dit beteken dat al die respondente oor onderwyskwalifikasies beskik. Hieruit kan ook gesien word dat slegs 16,08% van die respondente oor kwalifikasies uit die nywerheid beskik.

Dit sal dus nie vergesog wees nie om die afleiding te maak dat die meeste van respondente oor baie min of selfs geen ervaring van die nywerheidspraktik beskik nie. Dit beteken dat die meeste respondente nie ervaring het oor hoe die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* in die nywerheid toegepas word nie.

Aangesien al die respondente oor onderwyskwalifikasies beskik, behoort die respondente bewus te wees van die werkwinkelopvoeder se sorgsame toesighoudingsplig en van 'n kind se impulsiwiteit, onvoorspelbaarheid en onverantwoordelikheid.

5.3.2 AFDELING B: VEILIGHEIDSDETERMINANTE IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Hierdie afdeling bied algemene inligting en die doel daarmee was om 'n oorsig te verkry oor leerdergegewens, die werkwinkelopvoeder se vertroudheid met en die uitvoering van die veiligheidsmaatreëls. Daar is ook gepoog om tendense wat moontlik mag voorkom, vas te stel en om verklarings daarvoor te verkry.

5.3.2.1 Algemene inligting

Vrae 5, 6, 9 en 14 (vgl. bylae C) het ten doel om te bepaal:

- hoeveel leerders per jaar in die skoolwerkwinkel onderrig en opgelei word,
- die getal leerders wat die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkel beseer is,
- hoeveel skoolwerkwinkels tans by die skool in bedryf is en
- hoeveel werkwinkelopvoeders verteenwoordiging in die skool se gesondheid-en-veiligheidskomitee het.

Hierdie gegewens word in tabelle 5.4, 5.5 en 5.8 weergegee.

Vraag 5 (tabel 5.4) se response dui daarop dat:

- 69,64% van die respondente aan minder as 100 leerders per jaar in die skoolwerkwinkel onderrig en opleiding gee en
- 30,36% van die respondente jaarliks aan 100 of meer leerders in die skoolwerkwinkel onderrig en opleiding verskaf.

Vraag 6 (tabel 5.4) se response dui daarop dat daar by:

- 57,14% van die respondente se skole geen beserings die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkel was is nie en
- 42,86% van die respondente se skole minder as 10 beserings gedurende die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkel voorgekom het.

Tabel 5.4: Algemene inligting

	RESPONSE	f	%
5. Aantal leerders wat per jaar in die skoolwerkwinkel onderrig en opgelei word?	Minder as 50	18	32,14
	50 - 99	21	37,50
	100 - 149	8	14,29
	150 - 199	5	8,93
	Meer as 199	4	7,14
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100
6. Hoeveel leerders is die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkel beseer?	Geen	32	57,14
	Minder as 10	24	42,86
	11 - 15	0	0
	16 - 20	0	0
	Meer as 20	0	0
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100

Dit blyk dus dat daar oor die algemeen baie min beserings in die skoolwerkwinkel voorkom, maar daar moet altyd gepoog word om beserings aan leerders ten alle koste te voorkom (vgl. par. 3.4.3.1).

Uit die response op **vraag 9** wat uit tabel 5.5 verkry is, het dit geblyk dat daar 5,36% van die respondente se skole (4) is waar daar geen skoolwerkwinkel is wat tans in bedryf is nie. Hierdie resultaat is effens teenstrydig aangesien slegs skole met werkwinkels in hierdie empiriese ondersoek betrek is.

Die respondente het ook aangetoon dat:

- 39,28% van die skole een,
- 8,93% van die skole twee,
- 14,29% van die skole drie,
- 12,5% van die skole vier,
- 8,93% van die skole vyf en
- 10,71% van die skole ses of meer skoolwerkwinkels het wat tans in bedryf is.

Die response van **vraag 14** (tabel 5.8) toon dat 46,43% van die respondente se skole se werkwinkelopvoeders geen verteenwoordiging in die skool se gesondheids-en-veiligheidskomitee het nie. Indien hierdie skole artikel 17(1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, wat vereis dat daar 'n veiligheidsverteenwoordiger aangestel moet word wanneer daar meer as 20 werknemers is, toepas soos dit vir die nywerheid bedoel is, kan van die respondente se skole steeds binne die raamwerk van artikel 17(1) opereer aangesien van die skole minder as 20 opvoeders in hulle personeel kan hê (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vii).

Ongelukkig kan daar nie met hierdie empiriese ondersoek bepaal word of hierdie skole in ooreenstemming met die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* optree nie aangesien daar nie 'n vraag was wat bepaal het hoeveel opvoeders die skole in hulle personeel het nie. Dit moet as 'n leemte in die onderhawige studie beskou word.

Tabel 5.5: Veiligheidsdeterminante in die skoolwerkwinkel

	RESPONSE	f	%
7. Spreek die interne vakbeleide van die tegniese vakke van die skool leerdereveiligheid aan?	Ja	52	92,86
	Nee	4	7,14
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100
8. Word leerdereveiligheid in die skool se skoolbeleid aangespreek?	Ja	48	85,71
	Nee	8	14,29
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100
9. Hoeveel skoolwerkwinkels is daar tans by die skool in bedryf?	Geen	3	5,36
	1	22	39,28
	2	5	8,93
	3	8	14,29
	4	7	12,50
	5	5	8,93
	6 of meer	6	10,71
	Geen respons	0	0
	TOTAAL	56	100

Ten spyte daarvan dat van die skole binne die raamwerk van artikel 17 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* kan wees en dat die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* wel toegepas word in skoolwerkinkels bly die resultaat van die response op hierdie vraag kommerwekkend.

Daar is reeds in hoofstuk 2 aangetoon dat die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85) ook voorsiening maak vir die beskerming van ander persone se gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit, of in verband staan met die bedrywighede van die persone by die werk of van persone wat op die perseel onder die beheer van die werkgewer is (vgl. par. 2.3.2.5). Hier word spesifiek verwys na artikel 8(2)(g) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* wat volledig bespreek word in paragraaf 2.3.2.5 i. Hierdie Wet maak dus nie spesifiek voorsiening vir persele wat uitsluitlik gebruik word vir onderrig en opleiding van leerders in primêre, sekondêre of tersiêre onderwysinrigtings nie (vgl. par. 2.3.2.5). Die leerder in die skoolwerkinkel word voortdurend blootgestel aan masjinerie en gereedskap wat die leerder se gesondheid en veiligheid kan bedreig indien dit nie behoorlik in stand gehou en gebruik word nie (vgl. par. 2.3.2.5).

Die response het verder getoon dat:

- 21,43% van die respondente se skole een werkwinkelopvoeder as verteenwoordiger vir al die skoolwerkinkels het,
- 1,79% van die skole een werkwinkelopvoeder as verteenwoordiger vir drie skoolwerkinkels het;
- 5,36% van die skole een werkwinkelopvoeder as verteenwoordiger vir twee skoolwerkinkels het en
- 23,21% van die skole een werkwinkelopvoeder as verteenwoordiger vir elke skoolwerkinkel in die gesondheid-en-veiligheidskomitee het.

5.3.2.2 Veiligheidsdeterminante in die skoolwerkinkel

Vrae 7 en 8 (vgl. bylae C) het ten doel om te bepaal of die interne vakbeleide van die tegniese vakke van die skool en die skoolbeleid van die skool leerderveiligheid aanspreek. Hierdie gegewens word in tabel 5.5 weergegee.

Die response op **vraag 7** (tabel 5.5) toon dat:

- die interne vakbeleide van die tegniese vakke in die respondente se skole by 92,86% van die gevalle wél leerderveiligheid aanspreek terwyl
- dit in slegs 7,14% van die gevalle nie die geval is nie.

Die antwoorde van **vraag 8** in tabel 5.5 wys dat:

- 85,71% van die algemene skoolbeleide van die respondente se skole leerderveiligheid aanspreek terwyl
- leerderveiligheid in 14,29% van die respondente se skole nié in die algemene skoolbeleide aangespreek word nie.

Uit hierdie resultate kan die afleiding gemaak word dat leerderveiligheid moontlik wel in die meerderheid van die respondente se skole 'n prioriteit is.

5.3.2.3 **Veiligheidsvoorskrifte vir die skoolwerkwinkel**

Vrae 10 - 12 (vgl. bylae C) se doel is om te bepaal:

- in watter mate die werkwinkelopvoeder vertrou is met die veiligheidsvoorskrifte wat van toepassing is op die skoolwerkwinkel soos dit vervat is in die:
 - vakbeleid,
 - skoolbeleid,
 - departementele stukke en
 - toepaslike wetgewing.
- in watter mate die veiligheidsvoorskrifte uitgevoer word en
- in watter mate aandag gegee is aan die veiligheidsaspekte ten opsigte van die skoolwerkwinkel soos dit vervat is in die:
 - vakbeleid,
 - skoolbeleid,
 - departementele stukke en

- toepaslike wetgewing tydens die werkwinkelopvoeder se aanvanklike opleiding.

Hierdie response word in tabel 5.6 gereflekteer.

By vrae 10 - 12 word 'n koppeling gemaak tussen die respondente wat meen hulle is in 'n meerdere mate (afleier 3) of ten volle (afleier 4) op hoogte van bogenoemde.

Die response op **vraag 10**, wat in tabel 5.6 weergegee word, kan soos volg saamgevat word:

- Die meerderheid (83,93%) van die respondente is van mening dat hulle in 'n meerdere mate (30,36%) of ten volle (53,57%) vertrou is met die veiligheidsvoorskrifte soos dit in die vakbeleid vervat is.
- Die meerderheid (82,14%) van die respondente is van mening dat hulle in 'n meerdere mate (39,28%) of ten volle (42,86%) vertrou is met die veiligheidsvoorskrifte soos dit in die skoolbeleid vervat is.
- Die meerderheid (78,57%) van die respondente is van mening dat hulle in 'n meerdere mate (35,71%) of ten volle (42,86%) vertrou is met die veiligheidsvoorskrifte soos dit in departementele stukke vervat is.
- Daar is 64,29% van die respondente wat van mening is dat hulle in 'n meerdere mate (37,50%) of ten volle (26,79%) vertrou is met die veiligheidsvoorskrifte soos dit in die toepaslike wetgewing vervat is.

Die afleiding wat uit hierdie gegewens gemaak kan word, is dat die meerderheid (77,23%) van die respondente van mening is dat hulle in 'n meerdere mate, of ten volle vertrou is met die veiligheidsvoorskrifte soos dit van toepassing is op die skoolwerkwinkel.

Uit **vraag 11** se response, wat in tabel 5.6 weergegee word, kan die afleiding gemaak word dat 76,79% van die respondente die veiligheidsvoorskrifte wat van toepassing is op die skoolwerkwinkel in 'n meerdere mate (46,43%), of ten volle (30,36) uitvoer.

Die response op vraag 10 en 11 gee dus die indruk dat die respondente in 'n groot mate vertrou is met die toepaslike veiligheidsvoorskrifte soos dit vervat is in die:

Tabel 5.6: Veiligheidsvoorskrifte vir die skoolwerkwinkel

10. Vertroud met voorskrifte met betrekking tot veiligheid in die skoolwerkwinkel soos vervat in:	GLAD NIE		GERINGE MATE		MEERDERE MATE		TEN VOLLE		GEEN RESPONS	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
Die vakbeleid	0	0	7	12,50	17	30,36	30	53,57	2	3,57
Die skoolbeleid	1	1,79	7	12,50	22	39,28	24	42,86	2	3,57
Departementele stukke	1	1,79	9	16,07	20	35,71	24	42,86	2	3,57
Die toepaslike wetgewing	7	12,50	13	23,21	21	37,50	15	26,79	0	0
11. In watter mate word die voorskrifte noukeurig uitgevoer soos dit vervat is in beleidstukke, departementele handleidings en wetgewing?	1	1,79	8	14,29	26	46,43	17	30,36	4	7,14
12. Die mate waarin daar tydens aanvanklike opleiding aandag gegee is aan die veiligheidsaspekte										
Lo.v. die skoolwerkwinkel vervat in:										
Die vakbeleid	1	1,79	22	39,28	15	26,79	16	28,57	2	3,57
Die skoolbeleid	6	10,72	22	39,28	15	26,79	11	19,64	2	3,57
Departementele stukke	1	1,79	28	50,00	17	30,36	9	16,07	1	1,79
Die toepaslike wetgewing	8	14,29	22	39,28	16	28,57	9	16,07	1	1,79

- vakbeleid,
- skoolbeleid,
- departementele stukke en
- toepaslike wetgewing en dat dit ook in 'n groot mate tot uitvoering gebring word (vgl. 2.3).

Op **vraag 12**, wat handel oor die mate waarin daar tydens aanvanklike opleiding aandag gegee is aan veiligheidsaspekte, het die respondente ten opsigte van die betrokke dokumentasie soos volg geantwoord (vgl. tabel 5.6):

- vakbeleid - 55,36% (26,79% in 'n meerdere mate en 28,57% ten volle),
- skoolbeleid - 46,43% (26,79% in 'n meerdere mate en 19,64% ten volle),
- departementele stukke - 46,43% (30,36% in 'n meerdere mate en 16,07% ten volle) en
- toepaslike wetgewing - 44,64% (28,57% in 'n meerdere mate en 16,07% ten volle).

Wanneer daar in die algemeen gekyk word na die resultate wat verkry word by die beantwoording van vraag 12, lyk dit asof slegs 48,22% van die respondente van mening is dat daar gedurende die aanvanklike tydperk van opleiding voldoende aandag gegee word aan die verskillende veiligheidsaspekte soos dit vervat is in die vak- en skoolbeleid, departementele stukke en toepaslike wetgewing. Nagenoeg 51,78% van die respondente voel dat daar nie genoeg aandag aan die verskillende veiligheidsaspekte gegee word nie. Aangesien hierdie slegs 'n meningsopname is wat 'n spesifieke aspek van tersiêre opleiding aanspreek wat nie heeltemal binne die raamwerk van hierdie studie val nie, sal daar nie verder aan hierdie aangeleentheid in hierdie studie aandag gegee word nie.

5.3.2.4 Toepassing van die veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leederveiligheid in die skoolwerkwinkel

In vraag 13 (vgl. bylae C) word daar gepoog om te bepaal in watter mate daar aandag gegee word aan die:

- implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leederveiligheid,

- gee van voorligting aan leerders ten opsigte van leerderveiligheid,
- uitvoer van die beleid met die klem op leerderveiligheid,
- uitken van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel,
- tref van voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid,
- toepas van dissiplinêre maatreëls teenoor leerders wat veiligheidsmaatreëls oortree het en
- noukeurige rekordhouding van alle ongelukke met die doel om 'n herhaling daarvan te voorkom.

Tabel 5.7 reflekteer hierdie data.

Vraag 13 (tabel 5.7) toon aan wat die huidige situasie in die skole van die respondente is:

- In 75% van die respondente se skole word daar in 'n meerdere mate (42,86%), of ten volle (32,14%) aandag gegee aan die implementering van 'n duidelike skoolbeleid waarin daar aandag gegee word aan leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel.
- In 94,64% van die respondente se skole word daar in 'n meerdere mate (48,21%), of ten volle (46,43%) voorligting gegee aan die leerders ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel.
- By 83,93% van die respondente se skole word daar in 'n meerdere mate (46,43%), of ten volle (37,5%) aandag gegee aan die uitvoer van die beleid waar die klem op leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel val.
- Ten opsigte van die uitken van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel word daar by 87,5% van die respondente se skole in 'n meerdere mate (35,71%), of ten volle (51,79%) aandag aan hierdie saak gegee.
- In die grootste meerderheid (92,86%) van die respondente se skole word daar in 'n meerdere mate (55,36%), of ten volle (37,5%) aandag gegee aan die tref van voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel.

Tabel 5.7: Toepassing van veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel

13. In watter mate word daar in die werkwinkel van die skool aan die volgende aandag gegee?	GLAD NIE		GERINGE MATE		MEERDERE MATE		TEN VOLLE		GEEN RESPONS	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
Die implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leerderveiligheid.	0	0	14	25,00	24	42,86	18	32,14	0	0
Voorligting aan leerders t.o.v. leerderveiligheid.	1	1,79	2	3,57	27	48,21	26	46,43	0	0
Die uitvoering van beleid met die klem op leerderveiligheid.	0	0	9	16,07	26	46,43	21	37,50	0	0
Die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel.	1	1,79	6	10,71	20	35,71	29	51,79	0	0
Voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid.	0	0	4	7,14	31	55,36	21	37,50	0	0
Die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerders wat veiligheidsmaatreëls oortree.	1	1,79	10	17,86	20	35,71	25	44,64	0	0
'n Noukeurige rekord van alle ongelukke met die doel om herhaling te voorkom.	8	14,29	14	25,00	7	12,50	25	44,64	2	3,57

Tabel 5.8: Veiligheidsverteenwoordigers in die skoolwerkwinkel

		RESPONSE	f	%
14. Hoeveel werkwinkelopvoeders het verteenwoordiging in die gesondheid-en-veiligheidskomitee van die skool?	Geen		26	46,43
	Een werkwinkelopvoeder vir al die skoolwerkinkels.		12	21,43
	Een werkwinkelopvoeder vir drie skoolwerkinkels.		1	1,79
	Een werkwinkelopvoeder vir twee skoolwerkinkels.		3	5,36
	Een werkwinkelopvoeder vir elke skoolwerkwinkel.		13	23,21
	Geen respons		1	1,79
	TOTAAL		56	100

- Wanneer 'n leerder doelbewus die veiligheidsmaatreëls in die skoolwerkwinkel oortree, word daar in 80,35% van die respondente se skole in 'n meerdere mate (35,71%), of ten volle (44,64%) dissiplinêr teen so 'n leerder opgetree.
- Daar word in slegs 57,14% van die respondente se skole in 'n meerdere mate (12,5%), of ten volle (44,64%) noukeurige rekord gehou van alle ongelukke wat in die skoolwerkwinkel plaasvind met die doel om 'n herhaling van so 'n ongeluk te probeer voorkom.

Die ontleding van hierdie vraag se gegewens dui daarop dat die meeste skole se respondente aandag gee aan basiese veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel. Uit vraag 2 (tabel 5.2) se data is die afleiding gemaak dat die respondente oorwegend baie ervare is. Die ervaring van die respondente kan dus moontlik verantwoordelik wees vir die resultate wat verkry is uit vraag 13 in tabel 5.7. Hierdie bevinding word later in die hoofstuk getoets deur gebruik te maak van eenrigtingvariëansie-analise en Cohen se d-waardes (vgl. par. 5.3.2.5).

Deur verdere ontleding lyk dit of minstens 42,86% van die respondente se skole versuim om noukeurig rekord te hou van alle ongelukke (voorvalle) met die doel om 'n herhaling te voorkom. Dit lyk asof daar 'n beduidende groep van die respondente se skole is wat nie voldoen aan regulasie 8 van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* wat vereis dat daar onder andere behoorlik register gehou moet word van alle voorvalle soos omskryf deur artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* nie (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iv).

Opsommenderwys kan daar oor die resultate wat uit hierdie afdeling van die vraelys verkry is, afgelei word dat die respondente oor die algemeen hulle sorgsame toesighoudingsplig ten opsigte van leerder gesondheid en veiligheid goed uitvoer. Dit is belangrik dat die werkwinkelopvoeder daarop bedag moet wees om beserings in die skoolwerkwinkel te voorkom. Indien daar gekyk word na die verhouding tussen die aantal leerderbeserings (tabel 5.4, vraag 6) teenoor die aantal leerders wat jaarliks in die skoolwerkwinkel onderrig en opgelei word (tabel 5.4, vraag 5), is dit duidelik dat die werkwinkelopvoeder oor die algemeen voorkomend optree.

**5.3.2.5 Effekgroottes van die verskil tussen die ervaring van die
werkwinkelopvoeder en die aandag wat gegee word aan basiese
veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die
skoolwerkwinkel**

Vervolgens word die respondente volgens hulle ervaring in die volgende drie groepe verdeel (vgl. vraag 2, tabel 5.2):

- Groep 1 bestaan uit die respondente met 0 - 3 jaar ervaring as werkwinkelopvoeder.
- Groep 2 bestaan uit respondente met 4 - 12 jaar ervaring as werkwinkelopvoeder.
- Groep 3 bestaan uit die respondente met meer as 12 jaar ervaring as werkwinkelopvoeder.

Hierdie groepe is afsonderlik vergelyk met vraag 13 (tabel 5.7) oor die mate waarin daar in die skoolwerkwinkel aandag gegee word aan:

- die implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leerderveiligheid,
- voorligting aan leerders ten opsigte van leerderveiligheid,
- die uitvoering van beleid met die klem op leerderveiligheid,
- die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel,
- voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid,
- die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerders wat veiligheidsmaatreëls oortree en
- die noukeurige rekordhouding van alle ongelukke met die doel om 'n herhaling te voorkom.

Vervolgens word effekgroottes bereken om te bepaal of daar prakties beduidende verskille is tussen die ervaring van die werkwinkelopvoeder soos dit weergegee word in vraag 2 (tabel 5.2) en die mate waarin die werkwinkelopvoeder aan basiese veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel aandag gee soos dit weergegee word in vraag 13 (tabel 5.7).

Daar is 'n effekgrootte bereken om te bepaal of die drie groepe in die praktyk verskil. Die effekgrootte-waardes word deur middel van die volgende formule bereken:

$$\eta^2 = \frac{[f(k-1)] - (k-1)}{[f(k-1)] + (N-k) + 1}$$

Die volgende riglyn geld wanneer afleidings gemaak word deur gebruik te maak van effekgrootte-waardes (Cohen, 1977:222 - 225):

- $\eta^2 = 0,01$ klein effek
- $\eta^2 = 0,06$ medium effek
- $\eta^2 = 0,14$ groot effek en ook prakties betekenisvol

Behalwe by die mate waaraan daar aandag gegee word aan die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel, was daar nie prakties betekenisvolle verskille gebaseer op grond van ervaring nie. In bogenoemde geval was die effekgrootte-waarde 0,09 wat beteken dat daar 'n medium effekgrootte is.

Effekgroottes is ook gebruik om te bepaal waar die verskille was. Die prakties betekenisvolle verskille is tussen die respondente met 0 - 3 jaar ervaring en die met meer as 12 jaar ervaring gevind.

Cohen se effekgrootte (d-waardes) is bereken om te bepaal hoe groot die verskil in die praktyk werklik is. Die volgende riglyn geld in hierdie verband (Cohen, 1977:20 - 27):

- $d = 0,2$ klein effek
- $d = 0,5$ medium effek
- $d \geq 0,8$ groot effek en ook prakties betekenisvol.

Die effekgrootte van die verskil in die gemiddelde waarde (d-waarde) is deur middel van die volgende formule bepaal:

$$d = \frac{\text{Verskil tussen die gemiddelde tellings van die twee groepe}}{\text{Vierkantwortel van die gemiddelde kwadratiese fout}}$$

Die d-waarde toon 'n prakties beduidende verskil tussen respondente met 0 - 3 jaar ervaring en respondente met meer as 12 jaar ervaring en hulle response oor die mate waaraan hulle aandag gee aan die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel. Hier is die d-waarde 1,135 wat beteken dat die verskil groot en ook prakties betekenisvol is.

Tabel 5.9: Prakties betekenisvolle verskil tussen respondente met 0 -3 jaar ervaring en respondente met meer as 12 jaar ervaring

Ervaring	Gemiddeld	Standaardafwyking	d-waarde	Effekgrootte van verskil
0 - 3 jaar	2,8571	0,8997	1,135	Groot
Meer as 12 jaar	3,6521	0,4869		

Uit die gegewens in tabel 5.9 blyk dit asof die respondente met meer as 12 jaar ervaring moontlik vanweë hul meerdere ervaring beter toegerus is om onveilige toestande in die skoolwerkwinkel uit te ken. Aangesien hulle beter toegerus is, gee hulle in 'n groter mate aandag aan die uitkenning van onveilige toestande ten einde leerdereveiligheid te verseker.

Soos reeds aangetoon is, was daar nie prakties betekenisvolle verskille gebaseer op grond van ervaring in die response ten opsigte van die mate wat daar in die skoolwerkwinkel aandag gegee word aan (vgl. vraag 13, tabel 5.7):

- die implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leerdereveiligheid,
- voorligting aan leerders ten opsigte van leerdereveiligheid,
- die uitvoering van beleid met die klem op leerdereveiligheid,
- voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerdereveiligheid,
- die toepassing van dissiplinêre maatreëls teenoor leerders wat veiligheidsmaatreëls oortree en
- die noukeurige rekordhouding van alle ongelukke met die doel om 'n herhaling te voorkom nie.

Die feit dat ervaring in meeste van die gevalle nie 'n verskil in die respondente se toepassing van veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel speel nie dui moontlik op 'n algemene gebrek aan toepaslike statutêre kennis en begrip van opvoeders se gemeenregtelike verpligting tot sorgsame toesighouding oor die leerders onder hulle toesig (vgl. hfst. 2, 3 & 4 & par. 5.3.3).

5.3.3 AFDELING C: DIE MENING VAN DIE RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Vrae 15 - 30 (vgl. bylae C) het ten doel om die gemenerereg en statutêre kennis van die respondente te bepaal ten einde vas te stel hoe hierdie kennis in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel geïmplementeer word.

5.3.3.1 Gemenereregkennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

Met vrae 16, 17 en 30 (vgl. bylae C) word gepoog om vas te stel wat die gemenereregkennis van die respondente is en in watter mate hierdie kennis in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel geïmplementeer word. Tabelle 5.11, 5.12 en 5.24 reflekteer hierdie data.

By **vraag 16** (tabel 5.11) word die afleiers **JA** en **SOMS** saamgevoeg aangesien beide die antwoorde korrek kan wees. In die geval van 'n besering aan 'n leerder in die skoolwerkwinkel, kan 'n leerder of sy ouers se eis vir skadevergoeding teen die werkwinkelopvoeder slaag indien nalatigheid aan die kant van die werkwinkelopvoeder bewys kan word. Vir al die genoemde moontlikhede is 'n **JA**-antwoord korrek (vgl. par.3.5 en 4.3). Daar is verder sekere voorwaardes waaraan die nalatigheid en die leerder se optrede moet voldoen voordat so 'n eis kan slaag. **SOMS** as antwoord is ook korrek (vgl. 3.5, veral par. 3.5.2.3 iii & 4.3). Die afleiers **NEE**, **ONSEKER** en die **GEEN RESPONSE** dui daarop dat die respondente die vraag verkeerd beantwoord het.

Tabel 5.10: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

15. Om ontruiming van die skoolwerkwinkel in die geval van 'n brand te verseker, is dit nodig dat elke buitedeur van die skoolwerkwinkel:	JA		NEE		SOMS		ONSEKER		GEEN RESPONS	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
onbelemmerd gelaat word,	46	82,14	4	7,14	5	8,93	1	1,79	0	0
nie met 'n veiligheidshek afgesper word wanneer daar mense in die skoolwerkwinkel is nie en	43	76,79	10	17,86	1	1,79	1	1,79	1	1,79
se slot so gekonstrueer is dat dit maklik van binne af oopgemaak kan word.	43	76,79	12	21,43	0	0	1	1,79	0	0

Tabel 5.11: Gemeneregkennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

16. In die geval van 'n besering aan 'n leerder in die skoolwerkwinkel: Sal 'n leerder, of sy ouers se eis om skadevergoeding teen 'n werkwinkelopvoeder kan slaag indien nalatigheid aan die kant van die opvoeder bewys kan word t.o.v.:	JA		NEE		SOMS		ONSEKER		GEEN RESPONS	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
Skok waaraan die leerder kon ly?	17	30,36	20	35,71	8	14,29	10	17,86	1	1,79
Pyn en lyding van die leerder?	23	41,07	16	28,57	7	12,50	8	14,29	2	3,57
Onsierlike letsels aan die leerder se liggaam a.g.v. die besering?	17	30,36	15	26,79	10	17,86	13	23,21	1	1,79
Die verlies van lewensgenietinge by die leerder a.g.v. die besering?	18	32,14	15	26,79	9	16,07	13	23,21	1	1,79
Gesondheidsverlies by die leerder a.g.v. die besering?	20	35,71	14	25,00	10	17,86	11	19,64	1	1,79
Mediese uitgawes wat die besering meegebring het?	22	39,28	14	25,00	9	16,07	10	17,86	1	1,79
Die verlies aan moontlike toekomstige inkomste van die leerder a.g.v. die besering?	17	30,36	19	33,93	5	8,93	14	25,00	1	1,79

Die respondente se antwoorde op **vraag 16**, wat in tabel 5.11 weergegee word, wil dit lyk asof die respondente van mening is dat 'n leerder of sy ouers se eis om skadevergoeding (nadat die leerder in die skoolwerkwinkel beseer geraak het) teen 'n werkwinkelopvoeder kan slaag indien nalatigheid aan die kant van die opvoeder bewys kan word. Die aantal korrekte menings word in persentasie uitgedruk. Hiervolgens sou die leerder of sy ouers kon eis vir:

- skok waaraan die leerder kon ly - 44,65%,
- pyn en lyding - 53,57%,
- onserlike letsels aan die leerder se liggaam as gevolg van die beserings - slegs 48,22%,
- die verlies van lewensgenietinge by die leerder as gevolg die beserings - 48,21%,
- gesondheidsverlies by die leerder as gevolg van die beserings - 53,57%,
- mediese uitgawes wat die besering meegebring het - 55,35% en
- die verlies aan moontlike toekomstige inkomste van die leerder as gevolg van die beserings - slegs 39,29%.

By die ontleding van hierdie vraag is dit duidelik dat die meerderheid van die respondente nie behoorlik op hoogte is van die vereistes van deliktuele aanspreeklikheid (vgl. par. 3.5 en 4.3) en watter tipe eise (vgl. par. 3.5.2.5 en 4.3) moontlik toegestaan kan word nie.

Volgens die data van **vraag 17**, wat in tabel 5.12 weergegee word, beseft die meerderheid (76,79%) van die respondente dat die ouderdom van 'n leerder 'n rol sal speel in die sorgsame toesighoudingspoging van die werkwinkelopvoeder (vgl. par. 3.2.4 & 3.4).

Vraag 30 (tabel 5.24) was 'n oop tipe vraag (vgl. bylae C). Hier is die vraelyste per hand deurgewerk en elke respons is as "0" (**KORREK**) of "1" (**VERKEERD**) gemerk. "0" (**KORREK**) is gebruik indien die respondent in sy/haar respons getoon het dat hy/sy 'n goeie begrip het van die term "**redelike man**" en dat hy/sy 'n verband tussen die

Tabel 5.12: Gemeneregs- en statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

	JA		NEE		SOMS		ONSEKER		GEEN RESPONS	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
17. Speel die ouderdom van 'n leerder 'n rol in die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder?	43	76,79	8	14,29	4	7,14	0	0	1	1,79
18. Wanneer 'n leerder beseersou raak terwyl hy onder die toesig van die werkwinkelopvoeder is, behoort die opvoeder:										
onmiddellik eerste hulp toe te pas.	54	96,43	2	3,57	0	0	0	0	0	0
die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy ouerhuis te vervoer.	46	82,14	3	5,36	7	12,50	0	0	0	0
sy ouers onmiddellik in kennis te stel.	53	94,64	1	1,49	1	1,79	1	1,79	0	0
die voorgeskrewe dokumentasie te voltooi.	53	94,64	1	1,79	0	0	2	3,57	0	0
afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente te stuur.	46	82,14	4	7,14	4	7,14	2	3,57	0	0

"redelike man" en leerderveiligheid kon aantoon (vgl. par. 3.5.2.3 ii). Indien die respondente in sy/haar antwoord nie bogenoemde begrip en verband kon aantoon nie, is die vraelys met 'n "1" (**VERKEERD**) gemerk.

In die response by **vraag 30**, wat in tabel 5.24 weergegee word, kon slegs 10,71% van die respondente 'n verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid aantoon (vgl. par. 3.5.2.3 ii).

Die afleiding wat by die reponse van hierdie vraag gemaak kan word, is dat die respondente nie die baie belangrike begrip, die "**redelike man**", ken en/of verstaan nie en daarom nie die verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid kon aantoon nie. Dit kom in 'n mate ooreen met die response op vraag 3 waar dit duidelik was dat slegs 39,28% van die respondente oor 'n formele kwalifikasie in Onderwysreg beskik. Hierdie bevinding word later in die hoofstuk getoets deur gebruik te maak van Cohen se d-waardes (vgl. par. 5.3.3.2).

Opsommenderwys kan daar oor die resultate wat uit hierdie vrae in die vraelys verkry is, met redelike sekerheid 'n aanname gemaak word dat die respondente se gemeneregskennis rakende leerdereveiligheid behoort te verbeter. Indien 'n werkwinkelopvoeder 'n goeie kennis van die gemenereg het, behoort hy sy sorgsame toesighoudingsplig beter te verstaan en dit in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel te implementeer.

5.3.3.2 Prakties beduidende verband tussen die onderwysregkwalifikasies van die respondente en die onderwysregskennis van die respondente

Vervolgens word 'n vergelyking getref tussen vraag 3 (tabel 5.3) waar die respondente moes aantoon of hulle oor 'n kwalifikasie in Onderwysreg beskik en vraag 30 (tabel 5.24) waar die respondente 'n verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid moes aantoon.

Deur gebruik te maak van die phi-koëffisiënt word bepaal of daar 'n prakties beduidende verband tussen die respondente se kwalifikasie in Onderwysreg en hulle kennis en begrip van die "redelike man" bestaan en of hulle die verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid kon aantoon.

Die phi-koëffisiënt word gebruik om 'n uitspraak oor die effekgrootte te gee. Die skaal wat in hierdie gevalle gebruik word, is (Cohen, 1977:222 - 225):

- 0,1 klein effekgrootte
- 0,3 medium effekgrootte
- 0,5 groot en prakties betekenisvolle effekgrootte.

In hierdie vergelyking was die phi-koëffisiënt = 0,1942 wat beteken dat die effekgrootte klein was en dus nie prakties betekenisvol is nie.

Tabel 5.13: Verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid

Met Onderwysreg-kwalifikasies				Sonder Onderwys-regkwalifikasie				phi-koëff.	Effekgrootte van verband tussen groepe
Korrek		Verkeerd		Korrek		Verkeerd		≈0,2	Klein
f	%	f	%	f	%	f	%		
4	18,2	18	81,8	2	5,9	32	94,1		

Uit die gegewens wat in tabel 5.13 saamgevat is, toon die phi-koëffisiënt dat die effekgrootte klein is. Die phi-koëffisiënt neig egter na 'n waarde wat 'n medium effekgrootte van 'n verband tussen die groepe aantoon. Dit lyk dus asof die respondente met Onderwysregkwalifikasies tog effens beter gevaar het as die respondente sonder Onderwysregkwalifikasies. Van die 22 respondente met Onderwysregkwalifikasies kon 18,2% die verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid aantoon terwyl slegs 5,9% van die 34 respondente sonder Onderwysregkwalifikasies bogenoemde verband kon aantoon.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die respondente met Onderwysregkwalifikasies se gemeenregtelike kennis en begrip rakende leerderveiligheid tog (in 'n klein mate) beter is as die respondente wat nie oor Onderwysregkwalifikasies beskik nie. Die algemene resultaat is nie naasteby so goed as wat dit behoort te wees nie. Dit lyk dus tog asof die respondente se response op vraag 12 (tabel 5.6), waar 51,78% van die respondente van mening is dat daar tydens hulle aanvanklike opleiding nie genoeg aandag aan die verskillende veiligheidsaspekte in die skoolwerkwinkel gegee word nie, korrek was. Dit lyk dus of nie al die tersiêre inrigtings wat opvoeders oplei se opleidingstandaard ten opsigte van Onderwysreg en leerderveiligheid op standaard is nie.

5.3.3.3 Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

Met vrae 15 en 18 - 29 (vgl. bylae C) is gepoog om vas te stel wat die statutêre kennis van die respondente is en in watter mate sodanige kennis in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel geïmplementeer word. Tabelle 5.10 en 5.12 - 5.23 reflekteer hierdie data.

By **vraag 15** (tabel 5.10) is slegs die afleier **JA** die korrekte moontlikheid by al drie die onderafdelings van die vraag, aangesien regulasie 9 (1)(b) van die *Omgewingsregulasies vir Werkplekke* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat elke nooddeur onbelemmerd gehou word en dit moet maklik van binne af oopgemaak kan word om die skoolwerkwinkel so spoedig moontlik in die geval van 'n brand te ontruim (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 v).

Uit die response van **vraag 15**, wat in tabel 5.10 weergegee word, blyk die volgende: Om ontruiming van die skoolwerkwinkel in die geval van 'n brand te verseker, is dit nodig dat elke buitedeur van die skoolwerkwinkel:

- onbelemmerd gelaat word. Hier het die oorgrote meerderheid (82,14%) van die respondente aangetoon dat dit in hulle skole wel die geval is.

- nie met 'n veiligheidshek afgesper word wanneer daar mense in die skoolwerkwinkel is nie. Die grootste meerderheid (76,79%) van die respondente aangetoon dat dit in hulle skole wel die geval is.
- se slot so gekonstrueer is dat dit maklik van binne af oopgemaak kan word. Die meerderheid (76,79%) van die respondente het aangetoon dat dit in hulle skole wel die geval is.

By die response op hierdie vraag het dit geblyk dat die meerderheid van die respondente se optrede in ooreenstemming is met regulasie 9 (1)(b) van die *Omgewingsregulasies vir Werkplekke* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 v). Die response op die onderafdelings van die vraag, wat handel oor die feit dat alle buitendeure onbelemmerd gelaat moet word en dat die deure nie met 'n veiligheidshek afgesper mag word wanneer daar mense in die skoolwerkwinkel is nie, toon 'n afwyking. Wanneer 'n buitendeur deur 'n veiligheidshek afgesper is, impliseer dit dat die deur nie onbelemmerd gelaat is nie. In die eerste geval het 82,14% van die respondente korrek geantwoord terwyl 76,79% van die respondente op die tweede moontlikheid korrek geantwoord het.

Die verskil wat in die response op hierdie vraag verkry is, is nie werklik beduidend nie en daar kan nie enige sinvolle afleidings hieruit gemaak word nie.

By **vraag 18** (tabel 5.12) word die afleiers **JA** en **SOMS** by sommige van die onderafdelings van die vraag saamgevoeg aangesien beide antwoorde korrek kan wees. In die geval van 'n besering aan 'n leerder wat onder die toesig van die werkwinkelopvoeder is, behoort die werkwinkelopvoeder die volgende te doen:

- Onmiddellik eerstehulp toepas. Regulasie 3(1) van die *Algemene Veiligheids Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat daar in die geval van 'n besering aan 'n leerder in die skoolwerkwinkel onverwyld eerstehulp toegepas moet word. (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.7 ii). **JA** is dus in hierdie geval die enigste korrekte antwoord.

- Die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy/haar ouerhuis te vervoer. In hierdie geval is dit duidelik dat indien 'n leerder slegs 'n geringe snywond aan sy/haar vinger opdoen, dit nie nodig sal wees om die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy/haar ouerhuis te vervoer nie. Van die respondente kon die aanname gemaak het dat daar slegs verwys word na ernstige beserings terwyl ander alle moontlike beserings in aanmerking geneem het. Om enige verwarring wat moontlik by respondente kon ontstaan het te voorkom, word **JA** en **SOMS** beide as korrek in hierdie geval aanvaar.
- Ouers onmiddellik in kennis te stel. Soos in die vorige vraag is dit duidelik dat indien 'n leerder slegs 'n geringe snywond aan sy/haar vinger opdoen, dit nie nodig sal wees om die leerder se ouers in kennis te stel nie. Van die respondente kon weereens die aanname gemaak het dat daar slegs verwys word na ernstige beserings terwyl ander alle moontlike beserings in aanmerking geneem het. Om enige verwarring wat moontlik by respondente kon ontstaan het, te voorkom, word **JA** en **SOMS** beide as korrek in hierdie geval aanvaar.
- Die voorgeskrewe dokumentasie te voltooi. Regulasie 6 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat alle voorvalle waarna verwys word in Artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* binne sewe dae op die voorgeskrewe vorms aangemeld word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iii). Nie alle voorvalle moet op die voorgeskrewe vorms aangemeld word nie - slegs dié voorvalle soos omskryf deur artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. 2.3.2.5 xi). Dit is dus nie nodig om die voorgeskrewe dokumentasie vir alle voorvalle te voltooi nie. Soos in die vorige twee vrae is dit duidelik dat indien 'n leerder slegs 'n geringe snywond aan sy/haar vinger sou opdoen, dit nie nodig sal wees om voorgeskrewe dokumentasie te voltooi nie. Van die respondente kon weereens die aanname gemaak het dat daar slegs verwys word na ernstige beserings terwyl ander alle moontlike

beserings in aanmerking geneem het. Om enige verwarring wat moontlik by respondente kon ontstaan het, te voorkom, word **JA** en **SOMS** beide as korrek in hierdie geval aanvaar.

- Afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente te stuur. Regulasie 6 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat alle voorvalle waarna verwys word in artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* binne sewe dae op die voorgeskrewe vorms aangemeld word (RSA, 1993/85, vgl. 2.3.3.5 iii). Nie alle voorvalle moet op die voorgeskrewe vorms aangemeld word nie, slegs die voorvalle soos omskryf deur artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. 2.3.2.5 x). Weereens is dit nie nodig om afskrifte van die dokumentasie vir alle voorvalle aan die betrokke departemente te stuur nie. Soos in die vorige drie vrae is dit duidelik dat, indien 'n leerder slegs 'n geringe snywond aan sy/haar vinger opdoen, dit nie nodig sal wees om afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente te stuur nie. Van die respondente kon weer die aanname gemaak het dat daar slegs verwys word na ernstige beserings terwyl ander alle moontlike beserings in aanmerking geneem het. Om enige verwarring wat moontlik by van die respondente kon ontstaan het, te voorkom, word **JA** en **SOMS** beide as korrek in hierdie geval aanvaar.

Die afleiers **NEE**, **ONSEKER** en die **GEEN RESPONSE** word in al die gevalle geïnterpreteer as 'n verkeerde antwoord.

Die respondente se antwoorde op elke stelling in **vraag 18**, wat in tabel 5.12 weergegee word, kan die korrekte antwoorde soos volg saamgevat word. In die geval van 'n besering aan 'n leerder wat onder toesig van die werkwinkelopvoeder is, behoort die werkwinkelopvoeder:

- onmiddellik eerstehulp toe te pas - 96,43%,
- die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy/haar ouerhuis te vervoer - 94,64%,

- die leerders se ouers in kennis te stel - 96,43%,
- die voorgeskrewe dokumentasie te voltooi - 96,43% en
- afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente te stuur - 89,28%.

By die response op hierdie vraag het dit geblyk dat die meerderheid van die respondente in ooreenstemming met regulasie 3(1) van die *Algemene Veiligheidsregulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, regulasie 6 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* geantwoord het (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iii & 2.3.3.7 ii). Die response op dié onderafdelings van hierdie vraag word later in die hoofstuk geverifieer.

Uit die respondente se antwoorde op **vraag 19**, wat in tabel 5.14 weergegee word, blyk die volgende:

- 80,36% van die respondente het bevestig dat daar in hulle skole toegesien word dat daar genoeg geskikte brandbestrydingstoerusting, soos voorgeskryf deur die brandweerhoof van die plaaslike munisipale owerheid, is.
- Die meerderheid (71,43%) van die respondente is van mening dat daar in hulle skole toegesien word dat die brandbestrydingstoerusting, soos voorgeskryf, gereeld gediens en nagesien word om dit in 'n goeie toestand te hou.

Dit lyk of die grootste meerderheid van die respondente se skole uitvoering gee aan regulasie 9 (2) van die *Omgewingsregulasies vir Werkplekke* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 v).

Voorsorg teen brand en die instandhouding van brandbestrydingstoerusting is een van die gedeeltes van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* wat onbekostigbaar kan wees vir die meeste skole. Die Departement van Onderwys, as eienaar van die

Tabel 5.14: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

19. Word daar in die skool toegesien dat:	JA		NEE		SOMS		ONSEKER		GEEN RESPONS	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
daar genoeg geskikte brandbestrydingstoerusting is soos voorgeskryf deur die brandweerhoof van die plaaslike munisipale owerheid?	45	80,36	6	10,71	4	7,14	1	1,79	0	0
die brandbestrydingstoerusting, soos voorgeskryf, gereeld gediens en nagesien word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou?	40	71,43	7	12,50	6	10,71	2	3,57	1	1,79

meeste skoolgeboue en as werkgewer, is die instansie wat in hierdie verband verantwoordelik gehou kan word. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die beheerliggaam van die skool, die skoolhoof en/of die werkwinkelopvoeder om enige tekortkominge in hierdie verband onder die aandag van die departementshoof van die Departement van Onderwys te bring.

Vraag 20 (tabel 5.15) handel oor 'n aspek wat nie deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* omskryf of gedek word nie. Die doel met hierdie vraag is om die respondente se fyner aanvoeling of gebrek aan kennis van toepaslike wetgewende bepalings te peil. Die enigste artikel of regulasie wat moontlik met hierdie vraag in verband gebring kan word, is regulasie 6 van die *Omgewingsregulsies vir Werkplekke* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* waar 2,25 vierkante meter vryeruimte in 'n werkplek voorgeskryf word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 iii). Die feit dat wetgewing nie 'n leerder-opvoeder-verhouding vir die skoolwerkwinkel voorgeskryf nie, kan as 'n tekortkoming in die wetgewing gesien word.

By die response van **vraag 20**, wat in tabel 5.15 weergegee word, was daar slegs 1,79% (1 respondente)) van die respondente wat aangedui het dat nie een van die afleiers die korrekte antwoord op die vraag is nie.

Die resultaat van die response dui daarop dat daar vir een of ander rede 'n wanpersepsie ten opsigte van die leerder-opvoeder-verhouding onder die respondente bestaan. Dit lyk asof die respondente onder die indruk is dat die leerder-opvoeder-verhouding in die skoolwerkwinkel wel deur wetgewing voorgeskryf word.

In vrae 21 - 25 en 29 (vgl. bylae C) wat in tabelle 5.16 - 5.20 en 5.23 gereflekteer word, is van die respondent verwag om aan te toon wat:

- die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die regulasies ten opsigte van die inhoud van die betrokke vraag vereis.
- en wat werklik in dié verband in die respondente se skole plaasvind.

Vraag 21 (tabel 5.16) handel oor artikel 19 (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (*Wet 85 van 1993*) wat vereis dat gesondheid-en-veiligheidskomitees so

Tabel 5.15: Statutère kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

	RESPONSE	f	%
20. Wat behoort die leerder-per-opvoeder-verhouding volgens die <i>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid</i> en/of die betrokke regulasies te wees?	1 tot 35	7	12,50
	1 tot 30	1	1,79
	1 tot 25	7	12,50
	1 tot 16	10	17,86
	1 tot 15	29	51,79
	Nie een van bogenoemde nie	1	1,79
	Geen respons	1	1,79
	TOTAAL	56	100

dikwels as wat nodig mag wees moet vergader, maar dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee ten minste eenmaal elke drie maande (kwartaalliks) moet vergader (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 ix).

By **vraag 21** (tabel 5.16) oor hoe dikwels die gesondheid-en-veiligheidskomitee:

- behoort te vergader is afleier 3 (**kwartaalliks**) is dus die korrekte antwoord.
- van die skool werklik vergader is afleiers 1, 2 en/of 3 (**weekliks, maandeliks en/of kwartaalliks**) is dus die korrekte antwoord.

Uit die respondente se antwoorde op **vraag 21**, wat in tabel 5.16 weergegee word, blyk die volgende:

- 46,43% van die respondente het aangedui dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee kwartaalliks behoort te vergader.
- Slegs 42,86% van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitees wel in hulle skole vergader soos dit deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is.

Ten spyte daarvan dat 46,43% van die respondente bewus is van die vereiste frekwensie van die vergaderings van die gesondheid-en-veiligheidskomitee, soos voorgeskryf deur artikel 19 (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, is daar dus slegs 42,86% van die respondente se skole wat in ooreenstemming met bogenoemde vereiste optree. 'n Verdere 35,71% van die respondente het aangetoon dat hulle skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees nooit vergader nie.

Vraag 22 (tabel 5.17) handel oor artikel 16 (2) en (4). Volgens artikel 16 (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* is die departementshoof van die Departement van Onderwys die hoof-uitvoerende beampte van alle skole. Volgens artikel 16 (2) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* mag die departementshoof van die Departement van Onderwys sy plig as hoof-uitvoerende beampte aan 'n ondergeskikte delegeer. Die gedelegeerde mag op sy/haar beurt volgens hierdie wet nie die plig

Tabel 5.16: Statutaire kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

BEHOORT		21. Hoe dikwels:	- behoort die gesondheid-en-veiligheidskomitee te vergader, en - vergader bogenoemde komitee werklik in die skool?	WERKLIK	
f	%			f	%
3	5,36		Weekliks	0	0
13	23,21		Maandeliks	9	16,07
26	46,43		Kwartaaliks	15	26,79
3	5,36		Halfjaarliks	4	7,14
3	5,36		Jaarliks	5	8,93
2	3,57		Nooit	20	35,71
6	10,71		Geen respons	3	5,36
56	100		TOTAAL	56	100

verder delegeer nie, en hy/sy sal dus as die hoof-uitvoerende beampte van daardie skool moet optree (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vi). Die gedelegeerde mag wel ander persone aanstel om hom/haar by te staan met die uitvoering van sy/haar pligte as hoof-uitvoerende beampte. Alhoewel die departementshoof by magte is om sy/haar plig as hoof-uitvoerende beampte te delegeer, bly hy/sy volgens artikel 16 (2) verantwoordelik en aanspreeklik vir wat in die skoolwerkwinkel gebeur. (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vi).

Vraag 22 (tabel 5.17) poog om te bepaal of die respondente weet wie as die hoof-uitvoerende beampte by die skool:

- behoort op te tree. Hier is afleiers 3 en/of 7, **(skoolhoof en/of hoof van die Onderwysdepartement)** dus die korrekte antwoorde.
- optree. Hier is afleiers 3 en/of 7 **(skoolhoof en/of hoof van die Onderwysdepartement)** dus ook die korrekte antwoorde.

Uit die respondente se antwoorde op **vraag 22**, wat weergegee word in tabel 5.17, blyk die volgende:

- 44,64% van die respondente het aangedui dat die skoolhoof as hoof-uitvoerende beampte by die skool behoort op te tree Nie een van die respondente het aangetoon dat die hoof van die Onderwysdepartement as hoof-uitvoerende beampte van 'n skool behoort op te tree nie.
- Slegs 37,50% van die respondente het aangetoon dat die skoolhoof by hulle skole as hoof-uitvoerende beampte optree, terwyl nie een van die respondente aangetoon het dat die hoof van die Onderwysdepartement as hoof-uitvoerende beampte van hulle skole optree nie.

Ten spyte daarvan dat 44,64% van die respondente aangetoon het dat die skoolhoof as hoof-uitvoerende beampte by die skool behoort op te tree, soos deur artikel 16 (2) en (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf word, is daar slegs 37,50% van die respondente se skole wat in ooreenstemming met bogenoemde vereiste optree. Verder het 12,5% van die respondente aangetoon dat nie een van die

Tabel 5.17: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

BEHOORT		22. Wie: - behoort as hoof-uitvoerende beampte by die skool op te tree, en - tree werklik as hoof-uitvoerende beampte by die skool op?	WERKLIK	
f	%		f	%
9	16,07	Werkwinkelopvoeder	11	19,64
15	26,79	Departementshoof	14	25,00
25	44,64	Skoolhoof	21	37,50
3	5,36	Voorsetter van die beheerliggaam	1	1,79
0	0	Tegniese vakadviseur	0	0
0	0	Hoof van die Onderwysdepartement	0	0
2	3,57	Nie een van bogenoemde nie	7	12,50
2	3,57	Geen respons	2	3,57
56	100	TOTAAL	56	100

ander moontlike persone soos dit in die onderskeie afleiers benoem is as die skool se hoof-uitvoerende beampte optree nie. Dit impliseer gevolglik dat die respondente óf nie weet wat die hoof-uitvoerende beampte is nie óf dat hulle skole nie 'n hoof-uitvoerende beampte het nie.

Vraag 23 (tabel 5.18) handel oor regulasie 18 (5) en (6) van die *Aangedrewe masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Regulasie 18 (5) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat die hyser en alle werkende dele van die toestel deeglik ondersoek word en aan 'n prestasietoets, soos voorgeskryf deur die standaard waarvolgens die hyser vervaardig is, voldoen. Hierdie toets moet uitgevoer word deur 'n persoon wat kennis dra van en ondervinding het in die oprigting en instandhouding van die betrokke soort hyser. Hierdie persoon moet verder die diensbaarheid van die strukture, toue, masjinerie en veiligheidstoestelle nagaan voordat dit in gebruik geneem word of elke keer wanneer die toestel verskuif word en daarna minstens elke 12 maande (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.1 ix). Regulasie 18 (6) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat alle toue, kettings, hake of ander aanhegtoestelle, katrolwiele, remme en veiligheidstoestelle wat deel is van die hyser elke ses maande deeglik deur bogenoemde persoon ondersoek moet word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.1 ix).

Met **vraag 23** (tabel 5.18) word gepoog om vas te stel of die respondente bewus is van hoe gereeld:

- die hystoestel(le) ("lifts") versien en nagegaan behoort te word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel. Hier is afleiers 4 en 5 (**halfjaarliks en jaarliks**) die korrekte antwoorde.
- die hystoestel(le) by hulle skole wel versien en nagegaan word deur 'n persoon met boegenoemde kwalifikasies. Hier is afleiers 4 en 5 (**halfjaarliks en jaarliks**) die korrekte antwoorde.

Uit die response op **vraag 23**, wat in tabel 5.18 weergegee word, blyk die volgende:

Tabel 5.18: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

BEHOORT		23. Hoe gereeld: - behoort die hystoestel(le) ("lifts") versien en nagegaan te word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel; en - word die hystoestel(le) versien en nagegaan deur 'n persoon met bogenoemde kwalifikasies?	WERKLIK	
f	%		f	%
3	5,36	Weekliks	0	0
5	8,93	Maandeliks	2	3,57
12	21,43	Kwartaaliks	3	5,36
7	12,50	Halfjaarliks	3	5,36
7	12,50	Jaarliks	5	8,93
9	16,07	Word nie versien nie	27	48,21
13	23,21	Geen respons	16	28,57
56	100	TOTAAL	56	100

- Slegs 25% van die respondente het aangedui dat 'n hystoestel halfjaarliks (12,5%) en jaarliks (12,5%) versien en nagegaan behoort te word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel.
- Slegs 14,29% van die respondente het aangetoon dat die hystoestelle by hulle skole halfjaarliks (5,36%) en jaarliks (8,93%) versien en nagegaan word deur sodanige persoon.

Ten spyte daarvan dat 25% van die respondente bewus is van die feit dat 'n hystoestel halfjaarliks en jaarliks versien en nagegaan behoort te word deur 'n gekwalifiseerde en bekwame persoon, soos voorgeskryf deur regulasie 18 (5) en (6) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, is daar slegs 14,29% van die respondente se skole wat in ooreenstemming met bogenoemde vereiste optree. 48,21% van die respondente het aangetoon dat die hystoestelle in hulle skole nooit versien en nagegaan word nie.

Hierdie is een van die regulasies wat groot finansiële eise aan skole stel aangesien die bevoegde persone wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoeste, soos dit deur die regulasie voorgeskryf is, baie skaars is en meestal slegs in stede beskikbaar is. Skole sal dus, afgesien van die normale koste aan die versiening, ook die vervoerkoste van die persoon moet dra. Die finansiële las kan moontlik 'n rede wees waarom die respondente se skole nie aan die vereistes voldoen nie.

Vraag 24 (tabel 5.19) handel oor regulasie 13 (1) (a) en (b) van die *Houers Onder Druk-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Regulasie 13 (1) (a) en (b) van die *Houers Onder Druk-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat elke kompressor sowel as die toebehore, outomatiese kontroles en aanwysers (indien redelikerwys uitvoerbaar) onderwerp word aan 'n interne en eksterne inspeksie en aan 'n hidrouliese druktoets tot so hoog as 1,25 maal die maksimum toelaatbare werksdruk deur (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.8 ix):

Tabel 5.19: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

BEHOORT	24. Hoe gereeld:		WERKLIK	
	f	%	f	%
	35	62,50	15	26,79
	4	7,14	7	12,50
	2	3,57	2	3,57
	1	1,79	0	0
	0	0	1	1,79
	5	8,93	20	35,71
	9	16,07	11	19,64
	56	100	56	100

- 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid, voordat die kompressor die eerste keer in bedryf gestel word, na installering en elke keer nadat die kompressor heropgerig of herstel is.
- 'n Persoon of firma wat bevoeg is om die inspeksies uit te voer. Hierdie persone is bevoeg om die genoemde toetse op kompressors uit te voer as gevolg van hulle opleiding, kennis en ondervinding in die bedryf, instandhouding, ondersoek en toets van stoomketels.

Hierdie inspeksies en toetse moet binne 36 maande vanaf die vorige interne en eksterne inspeksie en hidrouliese druktoets uitgevoer word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.8 ix).

In **vraag 24** (tabel 5.19) word gepoog om vas te stel of die respondente bewus is van hoe gereeld:

- die drukhouer(s) van die kompressors van die skool aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp behoort te word. Dit moet deur 'n bevoegde persoon, wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouders in die bedryf, uitgevoer word. Hier is afleier 3 (**3-jaarliks**) die korrekte antwoord.
- word die drukhouer(s) van die kompressors van die skool aan bogenoemde inspeksies en druktoetse onderwerp deur 'n persoon met bogenoemde kwalifikasies. Hier is afleier 3 (**3-jaarliks**) weer die korrekte antwoord.

Uit die response op **vraag 24**, wat in tabel 5.19 weergegee word, blyk die volgende:

- 'n Skrale 3,57% van die respondente het aangetoon dat die drukhouer(s) van die kompressors van die skool driejaarliks aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp behoort te word deur 'n gekwalifiseerde en ervare persoon.
- 3,57% van die respondente het aangetoon dat die drukhouer(s) van die kompressors by hulle skole driejaarliks aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp word deur 'n gekwalifiseerde en ervare persoon.

'n Baie klein persentasie van die respondente is bewus van regulasie 13 (1) (a) en (b) van die *Houers Onder Druk-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, aangesien slegs 3,57% van die respondente aangetoon het dat hulle bewus is daarvan dat die drukhouers van kompressors driejaarliks aan interne en eksterne toetse onderwerp moet word. Dit kan ook wees waarom slegs 3,57% van die respondente aangetoon het dat die drukhouers van die kompressors in hulle skole driejaarliks aan interne en eksterne toetse onderwerp moet word. 35,71% van die respondente het aangetoon dat die drukhouers van die kompressors in hulle skole nooit aan interne en eksterne toetse onderwerp word nie. 'n Verdere 19,64% van die respondente het geen respons op hierdie vraag gegee nie, wat moontlik ook 'n aanduiding is van hulle onkunde aangaande hierdie regulasie.

Alhoewel slegs 3,57% van die respondente daarvan bewus is dat die drukhouers van die kompressors driejaarliks aan interne en eksterne inspeksies onderwerp moet word, is hierdie ook een van die regulasies wat groot finansiële eise aan skole stel aangesien die bevoegde persone, soos dit deur die regulasie voorgeskryf is, skaars is en meestal slegs in stede beskikbaar is. Skole sal dus afgesien van die normale koste vir die versiening ook die vervoerkoste van die persoon moet dra.

Vraag 25 (tabel 5.20) handel oor regulasie 3 (4) van die *Algemene Veiligheidsregulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Regulasie 3 (4) van die *Algemene Veiligheidsregulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat wanneer daar meer as tien werknemers is, daar vir elke groep van 50 werknemers minstens een noodhulpwerker gereedlik beskikbaar moet wees. Die noodhulpwerker moet oor van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp beskik (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.7 ii). Dit sal raadsaam wees dat skole die regulasie so behoort te interpreteer dat indien daar meer as tien leerders is, daar vir elke 50 leerders minstens een noodhulpwerker gereedlik beskikbaar moet wees.

Met **vraag 25** (tabel 5.20) word gepoog om vas te stel of die respondente bewus is van

hoeveel gekwalifiseerde noodhulpwerkers gedurende normale skoolure by die skool beskikbaar:

- behoort te wees. Hier is afleiers 2 en/of 3 (**een noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders**) en/of (**een noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig leerders**) dus die korrekte antwoorde. Dit hang in hierdie geval af van hoe die respondent se skool die regulasie interpreteer.
- is. Hier is afleiers 2 en/of 3 (**een noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders**) en/of (**een noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig leerders**) dus die korrekte antwoorde.

Uit die response op **vraag 25**, wat in tabel 5.20 weergegee word, blyk dit dat 26,79% van die respondente soos volg gereageer het oor wat die beskikbaarheid van noodhulpwerkers op 'n voltydse grondslag en gedurende normale skoolure behoort te wees:

- een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders - 17,86%.
- een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig leerders - 8,93%.

Ten opsigte van die werklike situasie in die respondente se skole het 10,72% van die respondente soos volg geantwoord:

- een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders - 8,93%.
- een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig leerders - 1,79%.

Tabel 5.20: Statistiese kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

BEHOORT	f	%	25 Hoeveel gekwalifiseerde noodhulpwerkers: - behoort gedurende normale skoolure op 'n voltydse grondslag by 'n skool - beskikbaar te wees; en - is gedurende bogenoemde tye by die skool beskikbaar?	WERKLIK	f	%
27	48,21		Een noodhulpwerker vir elke vyftig leerders.	16	28,57	
10	17,86		Een noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders.	5	8,93	
5	8,93		Een noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig leerders.	1	1,79	
9	16,07		Een noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders.	4	7,14	
2	3,57		Geen	25	44,64	
3	5,36		Geen respons	5	8,93	
56	100		TOTAAL	56	100	

Ten spyte daarvan dat daar 26,79% van die respondente is wat bewus is van regulasie 3 (4) van die *Algemene Veiligheidsregulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, wat vereis dat as daar meer as tien werknemers (leerders) is, moet daar vir elke 50 werknemers (leerders) minstens een noodhulpwerker gereedlik beskikbaar wees, is daar slegs 10,72% van die respondente se skole wat wel aan die regulasie voldoen. 44,64% van die respondente het aangetoon dat daar in hulle skole geen gekwalifiseerde noodhulpwerkers is nie.

Hierdie is ook een van die regulasies wat groot finansiële eise aan skole stel aangesien 'n noodhulpwerker se bevoegdheidsertifikaat elke drie jaar verval en die koste om die sertifikate te hernu redelik hoog is.

By **vraag 26** (tabel 5.21) waar gevra word watter persone in kennis gestel moet word indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak, is die korrekte antwoorde soos volg:

- In terme van regulasie 6 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* word vereis dat wanneer 'n leerder 'n besering, soos beskryf in artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, in die skoolwerkwinkel sou opdoen, moet die voorval op die voorgeskrewe vorms aan die vergoedingskommissaris gerapporteer word. (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iii).
- Die pligte van die ongevallekommissaris is deur die vergoedingskommissaris en die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid oorgeneem.
- Ingevolge gemeenregtelike beginsels is dit die skool se plig om die ouer van 'n leerder in kennis te stel indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak (vgl. par. 3.3 & 3.4).
- Die skoolhoof as gedelegeerde hoof-uitvoerende beampte is die persoon wat die aanmeldings moet doen of laat doen. Daarom sal dit vir die werkwinkelopvoeder raadsaam wees om die skoolhoof in kennis te stel.
- In terme van Regulasie 6 (1) van die *Algemene Administratiewe*

Regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid word vereis dat wanneer 'n leerder 'n besering, soos beskryf in artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, in die skoolwerkwinkel sou opdoen, moet die voorval telefonies of skriftelik (per faks) aan die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid gerapporteer word. (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iii).

- Dit sal raadsaam wees om ernstige voorvalle aan die departementshoof van die Departement van Onderwys as hoof van die departement en as hoof-uitvoerende beampte te rapporteer. Alhoewel die departementshoof van die Departement van Onderwys die taak as hoof-uitvoerende beampte aan die skoolhoof delegeer, bly hy volgens artikel 16 (2) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* verantwoordelik en aanspreeklik (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vi).
- Wetgewing vereis nie dat die betrokke vakadviseur oor enige voorval in kennis gestel word nie.
- Ingevolge artikel 16 (2) (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* is die departementshoof van die Departement van Onderwys die hoof-uitvoerende beampte. Hy kan dié plig delegeer. Hierdie plig word onder normale omstandighede aan die skoolhoof gedelegeer (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vi).

Op die vraag oor watter van die volgende persone almal in kennis gestel moet word indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak, het die response op **vraag 26**, wat in tabel 5.21 weergegee word, die volgende aan die lig gebring dat:

- slegs 25% van die respondente het tereg gemeen dat die voorval aan die Vergoedingskommissaris gerapporteer moet word.
- 62,5% van die respondente het korrek aangedui dat die Ongevallekommissaris nie in kennis gestel hoef te word nie.
- die meerderheid (94,64%) van die respondente was tereg van mening dat die leerder se ouers in kennis gestel moet word.
- die meerderheid (98,21%) van die respondente was tereg van mening dat die skoolhoof in kennis gestel moet word.

- slegs 28,21% van die respondente het tereg gemeen dat die voorval aan die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid gerapporteer moet word.
- 53,57% van die respondente het korrek aangedui dat die departementshoof van die Departement van Onderwys in kennis gestel moet word.
- daar was 42,86% van die respondente wat tereg gemeen het dat die voorval nie aan die betrokke vakadviseur gerapporteer hoef te word nie.
- slegs 35,71% van die respondente het tereg gemeen het dat die voorval aan die hoof-uitvoerende beampte gerapporteer moet word.

Dit blyk asof die meerderheid respondente 'n redelike kennis het ten opsigte van die meer algemene pligte wat gepaard gaan met die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Wanneer dit kom by die meer gespesialiseerde pligte, wat gepaard gaan met die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, lyk dit asof die respondente nie so seker is van wat hierdie pligte behels nie.

In vraag 18 het 96,43% van die respondente bevestigend geantwoord op die vraag of 'n leerder se ouers onmiddellik in kennis gestel behoort te word in die geval van 'n besering aan 'n leerder wat onder die toesig van die werkwinkelopvoeder is. Dit stem grootliks ooreen met die response op hierdie vraag waar 94,64% van die respondente bevestigend op hierdie vraag geantwoord het.

In al die gevalle by **vraag 27** (tabel 5.21) is die afleier 1 (**JA**) die korrekte afleier. Volgens artikel 20 (1) (b) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* moet die gesondheid-en-veiligheidskomitee insidente waarin 'n persoon beseer is, siek geword of gesterf het, bespreek (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 x). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee:

- onveilige toestande,
- onveilige toerusting,
- onveilige masjinerie en
- voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het, moet bespreek.

Tabel 5.21: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

	RESPONSE	JA		NEE	
		f	%	f	%
26. Watter persone moet almal in kennis gestel word indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak.	Die vergoedingskommissaris	14	25,00	42	75,00
	Die ongevallekommissaris	21	37,50	35	62,50
	Die leerder se ouers	53	94,64	3	5,36
	Die skoolhoof	55	98,21	1	1,79
	Die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid	16	28,57	40	71,43
	Die departementshoof van die Departement van Onderwys	30	53,57	26	46,43
	Die vakadviseur vir die betrokke vak	32	57,14	24	42,86
	Die hoof-uitvoerende beampte	20	35,71	36	64,29
	Geen respons	0	0	0	0
	Onveilige toestande	42	75,00	14	25,00
27. Watter van die volgende sake word tydens vergaderings in die gesondheids- en veiligheidskomitee van die skool bespreek?	Onveilige toerusting	40	71,43	16	28,57
	Onveilige masjinerie	39	69,64	17	30,36
	Voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het.	40	71,43	16	28,57
	Nie een van bogenoemde sake nie	14	25,00	42	75,00
	Geen respons	0	0	0	0

Uit die repondente se antwoorde op **vraag 27**, wat in tabel 5.21 weergegee word, blyk die volgende:

- daar is 75% van die respondente wat aangetoon het dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee van hulle skool onveilige toestande bespreek.
- 71,43% van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee van hulle skool onveilige toerusting bespreek.
- daar is 69,64% van die respondente wat aangetoon het dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee van hulle skool onveilige masjinerie bespreek.
- die meerderheid (71,43%) van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee van hulle skool voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het, bespreek.
- 25% van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee van hulle skool nie een van bogenoemde sake bespreek het nie.

Nagenoeg 71,88% van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitees van hulle skole onveilige toestande, toerusting en masjinerie en/of voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het, bespreek. By vraag 21 het 35,71% van die respondente aangetoon dat hulle skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees nooit vergader nie. Indien 'n mens na die resultaat van die response op hierdie twee vrae kyk, lyk dit asof die resultate van hierdie twee vrae mekaar weerspreek.

Met die response op hierdie twee vrae lyk dit asof die gebrek aan toepaslike statutêre kennis van sommige respondente weereens bevestig word.

Met **vraag 28** (tabel 5.22) is daar gepoog om te bepaal watter van die volgende persone, dokumente en/of registers by die respondente se skole beskikbaar is:

- Regulasie 3 van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat elke werkgewer wat meer as 20 werknemers het, 'n kopie van die *Wet op Beroepsgesondheid en*

Veiligheid en die regulasies by die werkplek beskikbaar moet hê (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 i).

- Regulasie 18 (7) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat elke gebruiker van 'n hystoestel te alle tye 'n register op sy perseel moet hou waarin die volle besonderhede van prestatietoetse en ondersoeke, soos voorgeskryf deur subregulasies (5) en (6) sowel as enige verandering of herstelwerk aan die hystoestel aangeteken moet word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.1 ix).
- Regulasie 8 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat daar behoorlik register gehou moet word van voorvalle soos voorgeskryf deur artikel 24 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* asook alle voorvalle waarvoor daar mediese sorg anders as noodhulp nodig was (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iv).
- Regulasie 14 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat elke werkgewer moet toesien dat daar vir elke kompressor 'n register gehou word wat tydens inspeksies beskikbaar moet wees. Daarin moet die resultate van alle inspeksies, toetse, veranderinge en herstelwerk deur 'n bevoegde persoon aangeteken, gedateer en onderteken word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.8 x).
- Regulasie 2 van die *Algemene Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat daar vir elke perseel waar masjinerie gebruik word, 'n bevoegde persoon skriftelik aangestel moet word om toesig te hou oor die veilige gebruik van masjinerie. Die regulasie gee ook 'n beskrywing van die kategorieë waarin die bevoegde persone aangestel moet word, wat bedoel word met 'n bevoegde persoon, die vrystellings wat geld ten opsigte van die regulasie en die tydelike aanstelling van 'n persoon wat nie as 'n bevoegde persoon geag word nie in die geval waar daar nie 'n bevoegde persoon beskikbaar is nie (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 ii). Regulasie 1 van die *Algemene Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* omskryf die

Tabel 5.22: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

	RESPONSE	JA		NEE	
		f	%	f	%
28. Watter van die volgende persone / dokumente / registers is by die skool beskikbaar?	'n Opgedateerde kopie van die <i>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)</i> en die betrokke regulasies.	28	50,00	28	50,00
	'n Register waarin die volle besonderhede van prestasietoetse, veranderings en/of herstelwerk gedoen aan die hystoestel(le) aangeteken word.	18	32,14	38	67,86
	'n Register waarin alle voorvalle in die skoolwerkwinkel en ondersoeke aangeteken word.	33	58,93	23	41,07
	'n Register waarin die resultate van inspeksies, toetse, veranderings en/of herstelwerk gedoen aan houters onder druk (kompressors) aangeteken word.	18	32,14	38	67,86
	'n Heeltydse bevoegde persoon wat 'n vakleerlingskap deurloop het, wat die bediening en onderhoud van masjiene insluit, en wat as 'n installasie-elektrisiën geregistreer is.	10	17,86	46	82,14
	Notules van vergaderings deur die skool se gesondheids-en-veiligheidskomitee.	26	46,43	30	53,57
	Geen repons	0	0	0	0

bevoegde persoon as 'n persoon wat 'n vakleerlingskap deurloop het (wat die bediening en onderhoud van masjiene insluit) en wat as 'n installasie-elektrisiën geregistreer is (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 i).

- Regulasie 4 (c) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat die werkgewer moet toesien dat die notules van die gesondheid-en-veiligheidskomitee vir minstens drie jaar bewaar word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 ii).

Uit die respondente se antwoorde op **vraag 28**, wat in tabel 5.22 weergegee word, blyk die volgende:

- Daar is slegs 50% van die respondente wat aangetoon dat hulle skole 'n opgedateerde kopie van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die betrokke regulasies by die skool beskikbaar het.
- Slegs 32,14% van die respondente het aangetoon dat hulle skole 'n register het waarin die volle besonderhede van prestatietoetse, veranderings en/of herstelwerk wat aan die hystoestel(le) gedoen is, aangeteken word.
- Daar is 58,93% van die respondente wat aangetoon het dat hulle skole 'n register het waarin alle voorvalle in die skoolwerkwinkel en die ondersoeke na die voorvalle aangeteken word.
- Slegs 32,14% van die respondente het aangetoon dat hulle skole 'n register het waarin die resultate van inspeksies, toetse, veranderings en/of herstelwerk wat aan die houers onder druk (kompressors) gedoen is, aangeteken word.
- 'n Skrale 17,86% van die respondente het aangetoon dat hulle skole oor 'n heeltydse bevoegde persoon beskik wat 'n vakleerlingskap deurloop het (wat die bediening en onderhoud van masjiene insluit) en wat as 'n installasie-elektrisiën geregistreer is.
- Daar is 46,43% van die respondente wat aangetoon het dat die notules van die skool se gesondheid-en-veiligheidskomitee by hulle skole beskikbaar is.

Oor die algemeen het relatief min van die respondente se skole die dokumente, persone en/of registers wat deur die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die regulasies voorgeskryf word, beskikbaar. Om die bevoegde persoon, soos voorgeskryf deur regulasie 2 van die *Algemene Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* by die skool beskikbaar te hê, sal finansieel deur weinig van die skole in die studiepopulasie bekostig kan word. Hierdie is een van die voorskrifte van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die regulasies wat deur die Departement van Onderwys gefinansier behoort te word.

In vraag 13 het 57,14% van die respondente aangedui dat hulle skole noukeurig rekord hou van alle ongelukke (voorvalle) met die doel om 'n herhaling te voorkom. Dit stem in 'n groot mate ooreen met die resultate van hierdie vraag waar 58,93% van die respondente aangetoon het dat hulle skole 'n register het waarin alle voorvalle in die skoolwerkwinkel en die ondersoeke na die voorvalle aangeteken word.

Vraag 29 (tabel 5.23) handel oor regulasie 9 (2) van die *Omgewingsregulasies vir Werkplekke* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*. Regulasie 9 (2) van die *Omgewingsregulasies vir Werkplekke* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis onder andere dat die brandbestrydingstoerusting op 'n perseel in 'n goeie werkende toestand gehou moet word deur dit minstens een maal per jaar te laat diens en nasien deur 'n bevoegde persoon wat by die SABS geregistreer is (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 v).

In **vraag 29** (tabel 5.23) word gepoog om vas te stel of die respondente bewus is van hoe gereeld:

- die brandbestrydingstoerusting van die skool deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien behoort te word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou. Hier is afleier 4 (**jaarliks**) die korrekte antwoord.
- die brandbestrydingstoerusting van die skool in werklikheid deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou. Hier is afleier 4 (**jaarliks**) ook die korrekte antwoord.

Uit die response op **vraag 29**, wat in tabel 5.23 weergegee word, blyk dit dat:

- slegs 44,64% van die respondente beseft dat die brandbestrydingstoerusting van die skool jaarliks deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien behoort te word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou.
- 58,93% van die respondente het aangetoon dat die brandbestrydingstoerusting van hulle skole jaarliks deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou.

Ten spyte daarvan dat slegs 44,64% van die respondente blykbaar bewus is daarvan dat die brandbestrydingstoerusting van die skool jaarliks deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien behoort te word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou, was daar meer (58,93%) van die respondente se skole wat wel aan die regulasie gehoor gee. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die Departement van Werke, die beheerliggaam en/of die skoolhoof toesien dat die brandbestrydingstoerusting jaarliks soos voorgeskryf gediens en nagesien word. Die betrokke respondente is wel bewus daarvan dat die brandbestrydingstoerusting gediens en nagesien word, maar dat hulle nie weet dat dit in ooreenstemming met die voorskrifte van die plaaslike brandweerhoof gedoen moet word nie. In 14,29% van die respondente se skole word die brandbestrydingstoerusting (volgens hulle) nooit gediens en nagesien nie.

Hierdie is ook een van die voorskrifte wat groot finansiële eise aan skole stel indien die Departement van Werke of die Departement van Onderwys nie instaan vir die koste van die jaarlikse nagaan en versiening van die brandbestrydingstoerusting nie. Die diens en nasien van brandbestrydingstoerusting is 'n groot uitgawe wat jaarliks uitgevoer moet word.

Die gegewens wat uit vrae 15 - 30 verkry is, weerspreek die gegewens in vraag 10 (tabel 5.6) waar 64,29% van die respondente te kenne gegee het dat hulle vertroud is met die wetlike voorskrifte soos dit van toepassing op die skoolwerkwinkel, is.

Tabel 5.23: Statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

BEHOORT		29. Hoe gereeld: - behoort die brandbestrydingstoerusting van die skool deur 'n bevoegde persoon gedien en nagesien te word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou; en - word die brandbestrydingstoerusting van die skool deur 'n bevoegde persoon gedien en nagesien om dit in 'n goeie werkende toestand te hou?	WERKLIK	
f	%		f	%
7	12,50	Maandeliks	3	5,36
11	19,64	Kwartaaliks	2	3,57
5	8,93	Halfjaarlik	1	1,79
25	44,64	Jaarliks	33	58,93
4	7,14	2-Jaarliks	9	16,07
1	1,79	Word nie gedien en nagesien nie	8	14,29
3	5,36	Geen respons	0	0
56	100	TOTAAL	56	100

Tabel 5.24: Gemeneregkennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel

30. Verduidelik in u eie woorde of daar 'n verband bestaan (al dan nie) tussen die "redelike man" en leerderveligheid.	RESPONSE		VERKEERD		KORREK	
	f	%	f	%	f	%
			50	89,29	6	10,71

Dit kan moontlik wees dat die respondente dink dat hulle vertrouwd is met toepaslike wetgewing wat gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel reguleer, maar dat dit nie werklik die geval is. Dit blyk asof dit die geval is as 'n mens na die resultate van die response van vrae 15 - 30 (vgl. vraag 10, tabel 5.6, vrae 15 - 30 & tabelle 5.10 - 5.24).

5.3.3.4 Prakties beduidende verskille tussen die respondente se kwalifikasies en hulle kennis ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel

Vervolgens word 'n vergelyking getref tussen vraag 4 (tabel 5.3), waar die respondent moes aantoon wat hulle hoogste kwalifikasie is, en vrae 15 - 30 (tabelle 5.10 - 5.12 & 5.14 - 5.24) waar gepoog is om die respondente se gemeneregs- en statutêre kennis te bepaal. Daar is ook gepoog om te bepaal hoe hierdie kennis in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel geïmplementeer word.

Die doel van hierdie vergelyking is om te bepaal of werkwinkelopvoeders wat oor onderwyskwalifikasies sowel as kwalifikasies uit die nywerheid beskik, 'n beter gemeneregs- en statutêre kennis het en of hulle hierdie kennis beter implementeer in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel as dié werkwinkelopvoeders wat slegs oor onderwyskwalifikasies beskik.

Die respondente is volgens hulle kwalifikasie in twee groepe verdeel (vgl. vraag 4, tabel 5.2):

- Groep 1 bestaan uit al die respondente wat op afleiers 1 - 4 gerepsondeer het. Dit sluit al die persone in wat oor 'n onderwyskwalifikasie sowel as 'n kwalifikasie uit die nywerheid beskik.
- Groep 2 bestaan uit al die respondente wat op afleiers 5 - 8 gerepsondeer het. Dit sluit al die persone in wat slegs oor 'n onderwyskwalifikasie beskik.

Korrekte en verkeerde antwoorde is vir vrae 15 - 30 (tabelle 5.10 - 5.12 & 5.14 - 5.24)

aangedui, soos dit deurlopend met die rapportering van die vrae aangetoon is. Daar is een punt vir elke korrekte antwoord toegeken om sodoende 'n totaal vir elke respondent te bereken.

Die totaal wat die respondente vir vrae 15 - 30 (tabelle 5.10 - 5.12 & 5.14 - 5.24) behaal het, is met die individuele respondente se kwalifikasies vergelyk om te bepaal watter van die twee goepe 'n beter gemeneregs- en statutêre kennis het en of hulle hierdie kennis beter as die res in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel implementeer.

Daar is 'n Cronbach-alfawaarde vir die kennistoets bepaal om die betroubaarheid van die meetinstrument te verifieer. Vir 'n meetinstrument om betroubaar te wees, moet die Cronbach-alfawaarde groter as 0,5 wees (Anastasi, 1988:124). Die Cronbach-alfawaarde vir hierdie kennistoets is 0,7507 wat impliseer dat die kennistoets 'n betroubare meetinstrument is.

Cohen se effekgrootte (d-waardes) is bereken om te bepaal of daar 'n prakties beduidende verskil is tussen die kennis van die werkwinkelopvoeders wat oor onderwyskwalifikasies, sowel as kwalifikasies uit die nywerheid beskik en dié wat slegs oor onderwyskwalifikasies beskik. Die volgende riglyn het in hierdie verband gegeld (Cohen, 1977:20 - 27):

- $d = 0,2$ klein effek
- $d = 0,5$ medium effek
- $d \geq 0,8$ groot effek en ook prakties betekenisvol.

Die effekgrootte van die verskil in die gemiddelde (d-waarde) is deur middel van die volgende formule bepaal (Cohen, 1977:20 - 27):

$$d = \frac{\text{Verskil tussen die gemiddelde tellings van die twee groepe}}{\text{Maksimum standaardafwyking vir die vraag}}$$

Die effekgrootte (d-waarde) wat die verskil tussen die kennis van die werkwinkelopvoeders, wat oor onderwyskwalifikasies sowel as kwalifikasies uit die

nywerheid beskik, en die wat slegs oor onderwyskwalifikasies beskik, aantoon is 0,06. Die effekgrootte is baie klein wat weer daarop dui dat die verskil tussen die groepe gering is en dat die verskil nie prakties betekenisvol is nie.

Uit die voorafgaande kan die afleiding dus gemaak word dat daar nie werklik 'n verskil bestaan ten opsigte van die gemeneregs- en statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel tussen die werkwinkelopvoeders wat oor onderwyskwalifikasies sowel as kwalifikasies uit die nywerheid beskik en dié werkwinkelopvoeders wat slegs oor onderwyskwalifikasies beskik nie.

5.3.3.5 Prakties beduidende verskille tussen respondente van histories bevoordeelde skole en respondente van histories benadeelde skole se kennis ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel

Vervolgens word 'n vergelyking getref tussen die respondente van histories bevoordeelde skole en die respondente van histories benadeelde skole ten opsigte van vrae 15 - 30 (tabelle 5.10 - 5.12 & 5.14 - 5.24). Met hierdie vrae is daar gepoog om die respondente se gemeneregs- en statutêre kennis te bepaal. Daar is ook gepoog om te bepaal hoe hierdie kennis in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel geïmplementeer word.

Die doel van hierdie vergelyking is om te bepaal watter van die twee groepe respondente 'n beter gemeneregs- en statutêre kennis het en of hulle hierdie kennis beter in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel implementeer.

Die respondente is in die volgende twee groepe verdeel:

- Groep 1 bestaan uit die respondente van die histories bevoordeelde skole.
- Groep 2 bestaan uit die respondente van die histories benadeelde skole.

Korrekte en verkeerde antwoorde is soos in paragraaf 5.3.3.4 vir vrae 15 - 30 (tabelle 5.10 - 5.12 & 5.14 - 5.24) aangedui. Daar is een punt vir elke korrekte antwoord toegeken om sodoende 'n totaal vir elke respondente op hierdie vrae te bereken.

Die totaal wat die respondente aanvanklik vir vrae 15 - 30 (tabelle 5.10 - 5.12 & 5.14 - 5.24) behaal het, is met die individuele respondente uit histories bevoordeelde skole, sowel as met die respondente uit histories benadeelde skole vergelyk.

Die Cronbach-alfawaarde vir die kennistoets is dieselfde ($0,7507 > 0,5$) as in paragraaf 5.3.3.4 wat beteken dat die kennistoets 'n betroubare meetinstrument is (Anastasi, 1988:124).

Cohen se effekgrootte (d-waardes) is weer bereken om te bepaal of daar 'n prakties beduidende verskil is tussen die kennis van die respondente uit die histories bevoordeelde skole en dié uit die histories bebenadeelde skole. Dieselfde afsnytpunte as die wat in paragraaf 5.3.3.4 gebruik is, is hier gebruik (Cohen, 1977:20 - 27).

Die effekgrootte van die verskil in die gemiddelde (d-waarde) is deur middel van dieselfde formule as in paragraaf 5.3.3.4 bereken (Cohen, 1977:20 - 27).

Tabel 5.25: Gemiddelde prestasies behaal vir die kennistoets deur respondente uit histories bevoordeelde en respondente uit histories benadeelde skole en die effekgrootte van die verskil

	% behaal	Standaard-afwyking	d-waarde	Effekgrootte van verskil
Histories bevoordeelde	64,98	14,21	0,8	Groot
Histories benadeelde	54,01	12,29		

Die effekgrootte (d-waarde) wat die verskil tussen die kennis van die respondente uit

die histories bevoordeelde skole en die respondente uit die histories benadeelde skole aantoon, is 0,8 (tabel 5.25). Dit beteken dat die effekwaarde groot is en dat daar in die opsig 'n prakties betekenisvolle verskil in kennis tussen die respondente van histories bevoordeelde skole en die histories benadeelde skole is.

Uit die gegewens wat in tabel 5.25 saamgevat is, toon die d-koëffisiënt dat die effekgrootte van die verskil tussen die groepe groot en dus prakties betekenisvol is. Die respondente uit histories bevoordeelde skole het beduidend beter gevaar met die kennistoets wat hulle gemeneregs- en statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel getoets het. Die respondente uit die histories bevoordeelde skole het 'n gemiddeld van 64,98% vir die kennistoets behaal terwyl die respondente uit die histories benadeelde skole 'n gemiddeld van 54,01% vir dieselfde toets behaal het.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die werkwinkelopvoeders uit die histories bevoordeelde skole 'n beduidende beter gemeneregs- en statutêre kennis het en dat hulle dit beter in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel implementeer as die werkwinkelopvoeders uit histories benadeelde skole.

Dit lyk dus asof die werkwinkelopvoeders as gevolg van hulle opleiding en ervaring 'n groter gemeneregs- en statutêre kennis het en dat hulle dit beter in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel kan implementeer as die werkwinkelopvoeders uit histories benadeelde skole.

5.3.4 AFDELING D: VEILIGHEIDSMATREËLS WAT SPESIFIEK ONTWIKKEL IS VIR DIE SKOOL SE WERKWINKELS

Hierdie afdeling van die vraelys is per hand geanaliseer aangesien dit twee oop tipe-vrae bevat.

Die eerste vraag in hierdie afdeling (vgl. bylae C) het ten doel om vas te stel of daar

enige unieke veiligheidsmaatreëls deur individuele werkwinkelopvoeders of skole ontwikkel is om leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel te beveilig.

Die volgende is 'n aantal bruikbare veiligheidsmaatreëls vir die skoolwerkwinkel wat na vore gekom het:

- Veiligheidsplakkate word in die lokaal en by masjiene aangebring en kan as nuttige hulpmiddel gebruik word om veiligheid op te skerp.
- Vloere word gevef en loopweë word duidelik afgemerk.
- Uitsluitstelsels word op elektriese distibusiëborde aangebring om die aanskakeling van elektrisiteit te reguleer.
- Veiligheidsimbole word ontwerp en aan die leerders bekend gestel. Dit word op die mure en by masjiene aangebring.
- Video's oor voorvalle wat in werkwinkels plaasgevind het, word aan die leerders vertoon. Riglyne om soortgelyke voorvalle te voorkom, word dan met gekontroleerde groepe bespreek.
- Leerders lê die NOSA-gesondheid-en-veiligheidseksamen af en verwerf daarmee gesondheid-en-veiligheidsertifikate. Die NOSA-gesondheid-en-veiligheidsertifikate skerp werkwinkelveiligheid by die leerders in.
- In sommige van die skole word skoolwerkwinkels ingerig in lokale wat nie heeltemal geskik is om as 'n skoolwerkwinkel te dien nie. In hierdie werkwinkels word alle vensters en deure oopgemaak om ventilasie te verbeter.
- Ouers met ervaring van beroepsgesondheid-en-veiligheid word in die gesondheid-en-veiligheidskomitee gekoöpteer.

Laastens is daar gepoog om te kontroleer of die werkwinkelopvoeder op hoogte met die mees onlangse omsendbriewe, -minute, wetgewing en beleidstukke is wat deur die Departement van Onderwys en die parlement gepromulgeer is om leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel te bevorder (vgl. bylae C).

By hierdie vraag was daar 94,46% van die respondente wat glad nie geantwoord het nie, of 'n antwoord gegee het wat glad nie van toepassing was nie. Sommige het

dokumente genoem het wat reeds verouderd is, soos omsendbriewe en -minute wat uit die vorige onderwysbedeling dateer. Die res (5,36%) van die respondente was oor die algemeen bewus van die volgende dokumente:

- Die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)* en die regulasies.
- 'n Ongenommerde omsendbrief, gedateer 5 Augustus 2002, van die Premier van die Noordwes Provinsie se kantoor met die titel: "Timeous telephonic reporting of occupational injuries and diseases."

Moontlik eersake vir die swak response op hierdie vraag kan die volgende insluit:

- Dit verg inspanning van die respondent om hierdie ooptipevrae te beantwoord aangesien die respondent nie slegs iets hoef af te merk nie (Erasmus, 1994: 53 - 55, vgl. par. 5.2.1.1 ii).
- Dit kan wees dat die skoolhoofde nie alle omsendbriewe, -minute, wetgewing en beleidstukke onder die aandag van die respondente gebring het nie.
- Dit kan ook wees dat die respondente bewus is van die dokumente, maar hulle kan nie die spesifieke opskrifte of name van die dokumente onthou nie, en dit moontlik te veel inspanning sou verg om die nodige naslaanwerk te doen.
- Die respondente kon gerieflikheidshalwe besluit het om nie die gedeelte van die vraelys in te vul nie.
- Die Departement van Onderwys (onder die nuwe bedeling) het nog nie veel aandag aan gesondheid-en-veiligheid geskenk nie. Die Departement van Onderwys het wel heelwat aandag aan "veiligheid" (sekuriteit) gegee en heelwat omsendbriewe in die verband het die lig gesien.

Die gegewens wat uit hierdie vraag verkry is, weerspreek die gegewens in vraag 10 (tabel 5.6) waar 64,29% van die respondente te kenne gegee het dat hulle vertrou is met die wetlike voorskrifte van toepassing op die skoolwerkwinkel terwyl 78,57% dieselfde gesê het ten opsigte van veiligheidsvoorskrifte soos vervat in departementele stukke.

Dit kan moontlik wees dat die respondente dink dat hulle vertrouwd is met toepaslike wetgewing en departementele stukke wat gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel reguleer, maar dat dit nie werklik die geval is nie. Die respons op hierdie vraag toon dat dit heel moontlik die geval is.

5.4 SAMEVATTING

In die eerste plek is die metode soos dit in die navorsingsontwerp vervat is, in hierdie hoofstuk bespreek. Hier is getoon waarom daar op 'n posvraelys besluit is. Verder is die konstruksie van die vraelys bespreek en daarna het die loodsondersoek en die finalisering van die vraelys gevolg. Die populasie en die bepaling daarvan is bespreek. Vervolgens is die terugvoerrespons bespreek. Ook die statistiese tegniek wat gebruik is om die data te analiseer, is verduidelik.

Verder handel die hoofstuk ook oor die interpretasie van die data. Belangrike resultate is uit die data verkry. Hoofstuk 6 sal gewy word aan die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel van skole soos saamgestel en verkry uit die resultate van bogenoemde data.

HOOFSTUK 6

'N MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die metode soos dit in die navorsingsontwerp vervat is, bespreek. Daar is aangetoon waarom daar op 'n posvraelys besluit is. Verder is die konstruksie van die vraelys bespreek en daarna het die loodsondersoek en die finalisering van die vraelys gevolg. Die populasie en die bepaling daarvan is bespreek. Vervolgens is die terugvoerrespons bespreek. Ook die statistiese tegniek wat gebruik is om die data te analiseer, is verduidelik. Die hoofstuk handel ook oor die interpretasie van die data. Belangrike resultate is uit die data verkry.

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels te ontwikkel. Hierdie model word ontwikkel deur gebruik te maak van die data en die resultate wat verkry is uit die navorsing wat in hierdie studie gedoen is. Die inligting en data wat in hierdie verband verkry is, is die statutêre determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vgl. hfst. 2), die gemeenregtelike determinante vir 'n model vir die bestuur van die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel (vgl. hfst. 3) en die empiriese ondersoek na gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vgl. hfst. 4). Die ontwikkeling van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel spruit uit die vierde navorsingsdoelwit, nl. "Die daarstel van 'n model om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel te verseker" (vgl. par. 1.3).

Ten einde bogenoemde model te kan ontwikkel, vereis deeglike navorsing sowel as

nuwe en innoverende denke om die model suksesvol te kan implementeer. Sekere stappe moet ook deurloop word alvorens sodanige model in sy finale vorm geïmplementeer kan word (Vermaak, 1999:204 - 205). Die volgende stappe in die ontwikkeling van die model word deur Giordano & Weir (1985:35 - 37) geïdentifiseer en omskryf :

- Identifisering van die probleem.
- Die maak van aannames deur die:
 - identifisering van veranderlikes,
 - bepaling van die interafhanklikheid tussen veranderlikes en
 - bepaling van submodelle.
- Die model word ontwerp.
- Verifikasie van die model deur te bepaal of die:
 - probleem deur die model aangespreek word,
 - model sinvol is en
 - model in die praktyk sal funksioneer.
- Die implementering van die model.
- Instandhouding van die model.

Die hoofdoel met die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel is om 'n gestruktureerde raamwerk te skep wat aangewend kan word om die werkwinkelopvoeder te voorsien van statutêre- en gemeneregskennis en vaardighede om die gesondheid-en-veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel sinvol en verantwoordelik aan te pak. Om hierdie doelwit te bereik, is dit nodig dat die ontwikkeling en implementering van die model goed beplan word en gestruktureerd aangebied moet word (Vermaak, 1999:205). Die sukses van die model sal uiteindelik gemeet word aan hoe doeltreffend die model aangewend kan word om die werkwinkelopvoeder voldoende toe te rus om 'n doeltreffende en verantwoordelike gesondheid-en-veiligheidsbestuurder te wees (Koch, 1994:121).

Voordat begin kan word met die bespreking van die ontwikkeling van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels, sal dit nodig wees om die karakter en betekeniswaarde van die begrip "model" te bespreek. Daar word aandag

gegee aan die begrip “model” en aan verskillende tipes modelle. Verder word die kenmerke en vereistes van modelle bespreek. Daar word ook gekyk na die stappe in die ontwikkeling van ‘n model. Ten slotte word die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels en al sy onderafdelings ook volledig bespreek.

6.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP “MODEL”

Model word deur die HAT (Odendal, 1994:671) soos volg omskryf:

- “‘n voorbeeld waarvolgens iets gemaak word,”
- “‘n toonbeeld van die volmaakte voorbeeld,” en die
- “teoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening”.

‘n Model is ‘n konstruksie wat hulp verleen aan navorsing. ‘n Model help om die dikwels ingewikkelde probleemstelling en veranderlikes, wat moeilik verstaanbaar is, in ‘n logiese verband te plaas. ‘n Model help om die probleemstelling en veranderlikes te verklaar en te vertolk en het ook ‘n voorstellende funksie (Jonker, 1994:208).

In praktiese wetenskapsbeoefening is die gebruik van ‘n model ‘n gewilde kommunikasiemiddel. Ook in die onderwys word ‘n model dikwels gebruik. ‘n Model kan in die meeste onderrigaktiwiteite gebruik word. Dit kan ook vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel gebruik word (Vermaak, 1999:206).

‘n Model is een van die mees basiese instrumente wat gebruik word in die klassifisering van navorsingsinligting (konsepte) en word gebruik om die werklikheid te omskryf. Die doel van navorsingsinligting is om sin en betekenis aan die werklikheid te gee. Die navorsingsinligting moet volgens bepaalde stellings gestruktureer word (Mouton & Marais, 1990:190). Met die samevoeging van stellings (navorsingsinligting) volgens rigtinggewende belange in ‘n konseptuele raamwerk, word ‘n wetenskaplike struktuur (“model”), tipologieë en teorieë verkry. Die aard van die konseptuele raamwerk bepaal die doel van die raamwerk (Kriel, 1996:195).

Uit die voorafgaande verduideliking is dit duidelik dat daar verskillende konseptuele raamwerke bestaan. Die model is slegs een sodanige konseptuele raamwerk (Vermaak, 1999:207). Mouton & Marais (1990:139) vat enkele van die konseptuele raamwerke wat op hierdie studie van toepassing gemaak kan word, soos volg saam:

- **'n Tipologie** se funksie is klassifiserend van aard.
- **'n Model** stel, behalwe dat dit klassifiserend van aard is, ook 'n leerontdekking daar wat antwoorde op vrae op 'n sistematiese wyse weergee.
- **'n Teorie** se funksie is verduidelikend van aard.

'n Model kan beskou word as 'n kwasieraamwerk waarbinne wetenskaplikes ooreenkomste en samehange kan ontbloot en sistematiseer (Mouton & Marais, 1990: 142-143). 'n Model kan dus samehange tussen verskynsels en veranderlikes sistematiseer. Dit probeer om die samehange tussen hoofelemente op 'n eenvoudige wyse voor te stel. Dit is daarom belangrik om te besef dat 'n model slegs 'n gedeeltelike weergawe van 'n verskynsel is. Die mees ooglopende eienskappe van 'n verskynsel word deur 'n model beklemtoon terwyl die onbelangrike eienskappe van so 'n verskynsel nie in aanmerking geneem word nie (Vermaak, 1999:207). Dit stel die navorser in staat om op spesifieke temas te fokus (Kriel, 1996:196).

6.2.1 UITSTAANDE KENMERKE VAN 'N MODEL

Die belangrikste doel met 'n model is om 'n ingewikkelde samehang van 'n verskynsel se gegewens te vereenvoudig tot 'n verstaanbare voorstelling van die werklikheid. Vermaak (1999:207 - 208) noem en bespreek die volgende uitstaande kenmerke van 'n model:

- **Redusering**
'n Model poog om 'n ingewikkelde werklikheid te reduseer tot 'n verstaanbare skematiese voorstelling. 'n Uitgebreide stel gegewens word dus tot 'n raamwerk van die essensiële begrippe gereduseer.

- **Aksentuering**

Vergelyking, kwantifisering en herhaling word voorkom aangesien die onderlinge verhouding tussen sekere komponente beklemtoon kan word.

- **Verstaanbaarheid**

Die ingewikkelde geheel word meer verstaanbaar as gevolg van die reduksie en aksentuering.

- **Perspektief**

Omdat 'n model 'n spesifieke uitgangspunt handhaaf, word dit moontlik om ander beskouinge en benaderings tot die werklikheid in te sien en te verstaan.

- **Produktiwiteit**

Die grondslag van produktiwiteit, as kenmerk van 'n model, is die kuns om deur logiese redenering stap-vir-stap tot die ontdekking van waarhede te kom. Omdat 'n model net op 'n bepaalde aspek van die werklikheid fokus, kan verskillende modelle op een model toegepas word om sodoende verskillende uitgangspunte te huldig. 'n Model kan in 'n verskeidenheid vorms voorkom. Dit hang af van die spesifieke toepassingswaarde wat met die model beoog word.

6.2.2 KLASSIFIKASIE VAN MODELLE

Daar is verskeie metodes waarop modelle geklassifiseer kan word. Vir die doel van hierdie navorsing word daar volstaan met die indeling wat deur Jonker (1990:138 - 139) soos volg gedoen is:

- **Die fisiese model** is 'n konkrete model en is baie spesifiek. Dit stel die werklikheid driedimensioneel voor. Hierdie model word vergestalt in argitekmodelle van geboue, modelvliegtuie, ens.
- In **die verbale model** word die werklikheid mondeling of skriftelik weergegee. Die verbale model het die nadeel dat dit baie abstrak kan wees en dus die ruimte laat dat verkeerde interpretasies gemaak kan word.

- **Die grafiese model** maak gebruik van 'n abstraksie van lyne, simbole en vorms. Die grafiese model word dikwels gebruik om die verbale model te ondersteun.
- In **die wiskundige model** word die werklikheid omskryf deur gebruik te maak van wiskundige uitdrukkings of vergelykings. Die wiskundige model is baie geskik om prosesse met veranderlikes wat interafhanklik van mekaar is, op te los.
- In **die konseptuele model** word die werklikheid verteenwoordig deur middel van voorstellings wat 'n aanduiding gee van hoe die werklikheid behoort te lyk en hoe dit behoort te funksioneer. Min detail word in die konseptuele model vervat aangesien dit veralgemenings is van iets wat baie meer gedetailleerd is.

Die konseptuele model is die basis vir die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Momente van die verbale sowel as grafiese modelle word in die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur vervat. Die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel is 'n konseptuele model aangesien dit die werklikheid deur voorstellings verteenwoordig en dit gee 'n aanduiding van hoe die werklikheid behoort te lyk en funksioneer.

Die momente van die grafiese model wat in die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel figureer, is die abstraksies van lyne (figure) wat gebruik word om die werklikheid voor te stel.

Die momente van die verbale model wat in die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel figureer, is die geskrewe gedeeltes van die model wat die abstraksies van die grafiese model wat gebruik word, ondersteun en verduidelik.

6.2.3 STAPPE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N MODEL

Hoewel die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel grootliks

op die lees van die konseptuele model geskoei is, is daar by die ontwikkeling van die model van die ontwikkelingstappe van die wiskundige model gebruik gemaak. Die stappe by die ontwikkeling van bogenoemde model kan by die wiskundige model ontleen word. Die wiskundige model se ontwikkelingstappe word gebruik aangesien hierdie ontwikkelingstappe 'n logiese volgorde van gebeure daarstel. Die wiskundige model se ontwikkelingstappe kan ook maklik van toepassing gemaak word op die ontwikkeling van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.

Nogtans omskryf Giordano & Weir (1985:35 - 37) die volgende uiters belangrike stappe in die ontwikkeling van 'n wiskundige model:

- Identifisering van die probleem.
- Die maak van aannames deur die:
 - identifisering van veranderlikes,
 - bepaling van die interafhanklikheid tussen veranderlikes en
 - bepaling van submodelle.
- Die model word ontwerp.
- Verifikasie van die model deur te bepaal of die:
 - probleem deur die model aangespreek word,
 - model sinvol is en
 - model in die praktyk sal funksioneer.
- Die implementering van die model.
- Instandhouding van die model.

Wanneer 'n model vir die gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel ontwikkel word, sal die stappe ooreenkom met die eerste drie stappe soos dit hierbo uiteengesit is (Vermaak, 1999:210). Hierdie stappe behels die volgende:

- die identifisering van die probleem,
- die maak van aannames en
- die ontwerp van die model.

Weens die omvang en tydsbeperking van die navorsing, sal dit nie moontlik wees om die laaste drie stappe (verifikasie, implementering en instandhouding) in die

ontwikkeling van 'n model vir die gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel ook uit te voer nie.

6.2.3.1 Identifisering van die probleem

Die identifisering van die probleem sowel as die noodsaaklikheid vir die ontwikkeling van 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel is in hoofstuk 1 (vgl. par. 1.1) beredeneer.

6.2.3.2 Die maak van aannames

In hoofstuk 2 is daar gefokus op die statutêre bepalings van die sorgsame toesighoudingsplig van werkwinkelopvoeders met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Daar is aandag gegee aan die besondere verpligting wat werkwinkelopvoeders het ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur. Daar is in besonder gefokus op die statutêre verpligting wat vanuit 'n nasionale en internasionale perspektief op werkwinkelopvoeders geplaas word. As gevolg van die statutêre bepalings en die verpligting tot sorgsame toesighouding, is dit duidelik dat dit vir werkwinkelopvoeders nodig geword het om meer aandag aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel te gee.

In hoofstuk 3 is daar gefokus op die gemeenregtelike bepalings van die sorgsame toesighoudingsplig van werkwinkelopvoeders met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Daar is in besonder gefokus op die gemeenregtelike posisie van die kind, die *in loco parentis*-posisie van opvoeders en leerders onder hulle toesig, die sorgsame toesighoudingsverpligting van opvoeders en deliktuele aanspreeklikheid wat teen opvoeders kan ooploop indien hulle nie versigtig is nie. As gevolg van hierdie gemeenregtelike beginsels is dit duidelik dat dit vir werkwinkelopvoeders nodig geword het om meer aandag te gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel waarvoor hulle verantwoordelik is.

In hoofstuk 4 is daar op regspraak as determinant vir die sorgsame toesighoudingsplig van werkwinkelopvoeders met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel gefokus. Daar is veral aandag gegee aan internasionale en nasionale hofuitsprake wat in verband gebring kan word met die besondere verpligting wat opvoeders in die skoolwerkwinkel het teenoor die leerders wat onder hulle toesig is. Hierdie hofuitsprake en hulle verhoogde verpligting tot sorgsame toesighouding het dit weereens beklemtoon dat dit vir opvoeders in die skoolwerkwinkel tyd geword het om meer aandag te gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.

In hoofstuk 5 word die bevindinge van hoofstukke 2, 3 en 4 empiries geverifieer, getoets en bespreek sodat die resultate in 'n wetenskaplik verantwoordbare gesondheid-en-veiligheidsbestuursmodel saamgevat kan word.

6.2.3.3 **Ontwerp van die model**

Die finale model kan slegs saamgestel word nadat die hoofkomponente of submodelle ontwikkel is (Giordano & Weir, 1985:36). Paragraaf 6.4 gee aandag aan hierdie fase van die ontwikkeling.

6.3 VEREISTES VAN 'N MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Van die vereistes wat as grondslag vir die daarstelling van 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel dien, word vervolgens bespreek.

Wanneer 'n model vir die gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel ontwikkel word, moet daar in ag geneem word dat die model en onderwysprofessionaliteit nie vanmekaar geskei kan word nie. Intendeel, die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel en onderwysprofessionaliteit moet mekaar aanvul (Kriel, 1996:221).

Effektiewe gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel kan slegs bereik word deur opvoederbevoegdheid en -gedrag (Kriel, 1996:221). Volgens Kriel (1996:221) moet effektiewe gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel voldoen aan die volgende vereistes:

- gespesialiseerde kennis,
- volgehoue navorsing,
- unieke dienslewering en
- gesagshandhawing.

Bogenoemde vereistes word vervolgens bespreek.

6.3.1 GESPECIALISEERDE KENNIS

Reeds in 1865 het Diesterweg aangetoon dat 'n skool slegs so goed is as wat die opvoeders van daardie skool is. Daarom behoort die eerste stap in onderwyservorming die hervorming van opvoederopleiding te wees (Kachelhoffer, 1994). Onderwysstandaard word dus nie bepaal deur die kwaliteit van die handboeke, kurrikula, gehalte van die diens aan opvoeders deur die Departement van Onderwys, ens. nie, maar deur die kundigheid en kwaliteit van die opvoeders (Brink, 1994:18).

In die COTEP-verslag (1994:10) word 'n bevoegde persoon gedefinieer as 'n ingewikkelde groepering van geïntegreerde kennis, vaardighede, waardes en houdings. Gespesialiseerde kennis is dus nie slegs kennis nie, maar ook toepaslike vaardighede. 'n Persoon se gespesialiseerde kennis en vaardighede betrek nie net die persoon nie, maar ook die persoon se vermoë om binne 'n spesifieke verband die gawe te hê om die gespesialiseerde kennis en vaardighede na nuwe situasies oor te dra en toe te pas (Wolf, 1989: 44 - 47).

Uit hoofstukke 2, 3 en 4 van die studie word dit duidelik dat om gesondheid-en-veiligheid in die skoolwerkwinkel effektief te bestuur, gespesialiseerde kennis en vaardigheid 'n noodsaaklikheid is. Gespesialiseerde kennis en vaardighede behoort dus 'n onmisbare rol ten opsigte van die effektiewe gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te speel. In die proses om gespesialiseerde kennis en vaardighede te

bekom, sal opvoederopleiding 'n belangrike rol speel. Opvoedersopleiding moet dus in die verband aandag kry. (Vgl. bylae C, vraag 12, par. 5.3.2.3 & tabel 5.6).

6.3.2 VOLGEHOUE NAVORSING

Volgehoue navorsing is uiters noodsaaklik om in pas te bly met die eise van die tyd en vir die suksesvolle ontwikkeling van onderwysbestuurders (Kriel, 1996:18). Deur voortdurende studie kan opvoeders op hoogte bly met 'n vinnig veranderende en gekompliseerde samelewing. Voortdurende studie is uiters belangrik vir opvoeders om op hoogte te bly met verwikkelinge (Vermaak, 1999:216).

Voortdurende volgehoue navorsing is nutteloos indien die navorsing nie daarop gemik is om praktiese vaardighede, wat nodig is om gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel effektief te bestuur, te ontwikkel nie (Vermaak, 1999:217).

Navorsing kan deur die Departement van Onderwys en/of individue geïnsieer word. Die kennis en vaardighede wat met die navorsing bekom word, kan deur middel van kursusse, simposia, omsendskrywes en/of indiensopleiding aan opvoeders oorgedra word.

6.3.3 UNIEKE DIENSLEWERING

Elke professie lewer op 'n geïdentifiseerde gebied van behoeftes 'n unieke, eiesoortige en essensiële diens. Dienslewering behoort die vernaamste motivering vir die professionele opvoeder te wees en nie materiële gewin nie (Loots, 1991:19).

Indien die gemeenskap besef dat die werkwinkelopvoeder se kennis, vaardighede en diens ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel onontbeerlik is, word 'n mate van gesag, status en voorregte aan die professie verleen (Kriel, 1996:230). Die gemeenskap se bekragtiging van die onderwysprofessie se selfstandigheid (outonomie) bied aan die professie die geleentheid om sy aktiwiteite self te beheer (Vermaak, 1999:218).

Dit is dus baie belangrik dat die opvoeder deur gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel 'n unieke diens aan sy kliënte (die leerders en die gemeenskap) sal lewer wat getuig van sy gespesialiseerde kennis, vaardighede en professionaliteit.

6.3.4 GESAGSHANDHAWING

Alhoewel daar van die gemeenskap verwag kan word om hulle te onderwerp aan die gesag en oordeel van die onderwysprofessie, sal die gemeenskap nie die gesag erken, bekragtig en/of eerbiedig voordat die gemeenskap nie daarvan oortuig is dat die professie 'n onontbeerlike en professionele diens lewer nie. Juis daarom moet die professie oor gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om die gesag te kan afdwing (Kriel, 1996:19 & 237).


Uit bogenoemde is dit duidelik dat werkwinkelopvoeders oor gespesialiseerde kennis en vaardighede moet beskik om effektiewe gesondheid-en-veiligheidsbestuurders in die skoolwerkwinkel te wees. Alvorens werkwinkelopvoeders oor gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik, sal hulle nie die nodige gesag in die gemeenskap kan afdwing nie.

6.3.5 SINTESE

Dit is duidelik dat sonder gespesialiseerde kennis, vaardighede, volgehoue navorsing en unieke dienslewering van die opvoeder dit feitlik onmoontlik sal wees om 'n effektiewe model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te ontwikkel en/of in die praktyk te laat funksioneer nie.

Die vierde navorsingsdoelwit, soos uiteengesit in hoofstuk 1, wat die daarstel van 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel verseker, is die direkte uitvloeisel van hierdie navorsing (vgl. par. 1.3). Die model word ontwikkel uit die totaal van al die bevindings wat in hierdie navorsing gemaak is. Vervolgens word 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel op grond van die beginsels en bevindings van die voorafgaande hoofstukke ontwikkel.

Figuur 6.1: Strukturele raamwerk van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel



6.4 'N MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

6.4.1 INLEIDENDE ORIËTERING

Met die bespreking van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel word eerstens aandag gegee aan die raamwerk van die model. Daarna word die samestelling, taak en inhoud van die verskillende determinante en die onderafdelings afsonderlik bespreek.

Die bespreking van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel word gevolglik op die makrovlak begin waarna die meso- en mikrovlak van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel bespreek word.

6.4.2 STRUKURELE RAAMWERK VAN DIE MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Die strukturele raamwerk van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vgl. fig. 6.1) bestaan uit twee determinante, naamlik die:

- buiteskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Dit behels die volgende:
 - nasionale koördinering van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel en
 - provinsiale koördinering van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.
- binneskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.


Die determinante kan nooit afsonderlik en onafhanklik van mekaar funksioneer nie. Die sukses van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skool lê juis opgesluit

in voortdurende wisselwerking wat tussen die verskillende determinante en onderafdelings plaasvind.

Voorts is beide determinante van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur ewe belangrik en noodsaaklik om die model suksesvol te implementeer.

6.4.3 SIKLIESE RAAMWERK VAN DIE MODEL VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Figuur 6.2: Sikliese raamwerk van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel



Figuur 6.2 toon die sikliese raamwerk van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Die buiteskoolse determinant is die begin van die siklus aangesien daar vanaf makro- na meso- tot op mikrovlak gepoog moet word om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel nasionaal te koördineer sodat gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel eenvormig sal wees.

Die eerste onderafdeling wat uit die buiteskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel ontstaan, is die nasionale koördinerings van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Nadat koördinerings op nasionale vlak plaasgevind het, vind die provinsiale koördinerings vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel plaas. Koördinerings op provinsiale vlak word opgevolg deur die binneskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel. Die binneskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel gee terugvoering aan nasionale koördinerings wat die werksaamhede bystuur en die hele proses word herhaal.

Die werksaamhede van die verskillende determinante en onderafdelings word nooit voltooi nie. Daar moet voortdurend wisselwerking plaasvind sodat bysturing en aanpassings gedoen kan word om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel in pas te hou met die nuutste ontwikkelings, om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel effektief te hou en meer effektief te maak indien daar tekortkominge is.


6.4.4 BUITESKOOSE DETERMINANT VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Soos uiteengesit in figuur 6.3 en soos dit reeds in figure 6.1 en 6.2 aangetoon is, bestaan die buiteskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel uit twee onderafdelings wat kronologies op mekaar volg, nl.:

- nasionale koördinerings van gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel en
- provinsiale koördinerings van gesondheid en veiligheid in skoolwerkwinkel.

Die hoofdoel van nasionale en provinsiale koördinerings is om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel onderskeidelik nasionaal en provinsiaal te koördineer. Die belangrikste aspekte van die koördinerings is die opstel van 'n beleid vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels en die toesighouding oor die

Figuur 6.3: Buiteskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel



uitvoering van die beleid. Hierdie take word in paragrafe 6.4.4.1 ii en 6.4.4.2 ii volledig omskryf.

Uit beide nasionale en provinsiale koördinerings word onderskeidelik 'n nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee daargestel. Figuur 6.3 toon duidelik dat daar voortdurend wisselwerking tussen nasionale en provinsiale koördinerings bestaan sowel as tussen die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees. Daar moet voortdurend wisselwerking plaasvind sodat bysturing en aanpassings gedoen kan word om:

- gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel in pas te hou met die nuutste ontwikkelings en
- gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel effektief te hou en meer effektief te maak indien daar tekortkominge is (vgl. par. 7.4.1).

6.4.4.1 Nasionale koördinerings van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel


Soos dit in figuur 6.4 uiteengesit is, bestaan die nasionale koördinerings van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel uit:

i Samestelling van die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee

'n Nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee behoort saamgestel te word. In hierdie gesondheid-en-veiligheidskomitee kan kundiges gekoöpteer word. Die samestelling van die gesondheid-en-veiligheidskomitee behoort uit ten minste die volgende lede te bestaan:

- 'n Verteenwoordiger van die nasionale Departement van Onderwys. Daar behoort 'n pos geskep te word vir 'n amptenaar wat as sameroeper van die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee en as koördineerder van nasionale gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels moet optree (vgl. par. 7.4.16).

Figuur 6.4: Nasionale koördinerings van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel



- 'n Verteenwoordiger uit elke provinsie.
- 'n Verteenwoordiger van die gesondheid-en-veiligheidsinspektoraat van die Departement van Arbeid. Daar kan moontlik met die Departement van Arbeid onderhandel word om 'n gesondheid-en-veiligheidsinspekteur op 'n voltydse grondslag aan skole met werkwinkels toe te wys.
- 'n Verteenwoordiger van 'n tersiêre inrigting gemoeid met die opleiding van opvoeders.
- 'n Onderwysregkundige (vgl. par. 7.4.14).

ii **Taak van die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee**

Die volgende take behoort die kern van die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee uit te maak:

- Die opstel van 'n gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels. Hierdie beleid moet spesifiek in die eiesoortige behoeftes van die skoolwerkwinkel voorsien (vgl. par. 7.4.13).
- Die opneem van die beleid (vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur vir skoolwerkwinkels) in wetgewing. Dit kan moontlik as regulasies tot die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* gepubliseer word indien die toestemming van die Minister van Arbeid verkry kan word (vgl. par. 7.4.7 & 7.4.8).
- Die verspreiding van die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir die skoolwerkwinkel na die onderskeie provinsies.
- Die opstel van indiensopleidingsprogramme vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel wat vir werkwinkelopvoeders aangebied kan word (vgl. par. 7.4.12 & 7.4.14).
- Tersiêre inrigtings behoort versoek te word om die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels deel van hulle kurrikulum vir voornemende werkwinkelopvoeders te maak (vgl. par. 7.4.2).

iii **Inhoud van die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid**

Daar behoort aan die volgende gesondheid-en-veiligheidsaspekte wat op die


skoolwerkwinkel betrekking het aandag gegee te word, wanneer die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels opgestel word (vgl. par. 7.4.13):

- Statutêre bepalings rakende gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vgl. hfst. 2).
- Gemeenregtelike bepalings rakende die werkwinkelopvoeder se sorgsame toesighoudingsopdrag ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur (vgl. hfst 3 & 4).
- Gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls wat spesifiek van toepassing op die skoolwerkwinkel is.
- Indiensopleidingskursusse behoort deur middel van die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels verpligtend vir alle werkwinkelopvoeders gemaak te word (vgl. par. 7.4.12 & 7.4.14).
- Deurlopende besprekings van die gesondheid-en-veiligheidsbeleid in vakvergaderings behoort deur middel van die gesondheid-en-veiligheidsbeleid afdwing te word in alle skole met werkwinkels (vgl. par. 7.4.3).
- Die werkwinkelopvoeder behoort deur middel van die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels verplig te word om leerders in gesondheid en veiligheid op te lei. Die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels kan moontlik in die kurrikulums van die betrokke vakke opgeneem word (vgl. par. 7.4.4).
- Die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee moet deur die gesondheid-en-veiligheidsbeleid verplig word om toesig te hou oor skole om sodoende toe te sien dat die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels in die skole uitgevoer word.

6.4.4.2 Provinsiale koördinering van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel

Soos dit in figuur 6.5 uiteengesit is, bestaan die provinsiale koördinering van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel uit:

**Figuur 6.5: Provinsiale koördinerings van gesondheid-en-veiligheidsbestuur
in die skoolwerkwinkel**



Samestelling van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee

'n Provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee behoort saamgestel te word. In hierdie

gesondheid-en-veiligheidskomitee kan kundiges gekoöpteer word. Die samestelling van die gesondheid-en-veiligheidskomitee behoort uit ten minste die volgende lede te bestaan:

- 'n Verteenwoordiger van die provinsiale Departement van Onderwys. Daar behoort 'n pos in elke provinsie geskep te word vir 'n amptenaar wat as sameroeper van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee en as koördineerder van provinsiale gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels kan optree.
- Vyf verteenwoordigers uit skole met werkwinkels. Ervare werkwinkelopvoeders kan vir hierdie poste genomineer en deur werkwinkelopvoeders verkies word, of die poste kan geadverteer word waarna die geskikste kandidaat vir 'n bepaalde tydperk aangestel kan word.
- 'n Verteenwoordiger van die gesondheid-en-veiligheidsinspektoraat van die Departement van Arbeid indien die Departement van Arbeid 'n gesondheid-en-veiligheidsinspektoraat in die betrokke provinsie het.
- 'n Verteenwoordiger van 'n tersiêre inrigting gemoeid met die opleiding van opvoeders.
- 'n Onderwysregkundige (vgl. par. 7.4.14).

ii **Taak van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee**

Die volgende take behoort die kern van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee uit te maak:

- Die verbesondering van die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels. Hierdie beleid moet spesifiek in die eiesoortige behoeftes van die skoolwerkwinkels in daardie provinsies voorsien (vgl. par. 7.4.13).
- Die verspreiding van die nasionale en provinsiale beleid vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel na al die skole met werkwinkels.
- Die opneem van die provinsiale beleid vir gesondheid-en-

veiligheidsbestuur in skoolwerkwinkels in ondergeskikte wetgewing. Die opneem van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidsbeleid in ondergeskikte wetgewing kan deur middel van omsendskrywes gedoen word.

- Die verbesondering van indiensopleidingsprogramme vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel om in die spesifieke behoeftes van die provinsie te voorsien (vgl. par. 7.4.12 & 7.4.14).
- Die reël van die indiensopleidingsprogramme vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in skoolwerkwinkels vir werkwinkelopvoeders. Die aanbieding behoort gedentraliseer deur die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees plaas te vind.
- Die gee van bystand aan die gesondheid-en-veiligheidsinspekteur van die Departement van Arbeid in die provinsie wanneer hy/sy skoolwerkwinkelinspeksies doen.
- Die implementering van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels deur skole met werkwinkels moet gekontroleer word. Vakadviseurs vir die betrokke vakke kan in hierdie verband gebruik word.
- Die bystuur van die provinsiale beleid behoort voortdurend gedoen te word om enige gebreke wat daar mag wees, te ondervang. Indien wysigings wat moontlik 'n wyer inslag kan hê as slegs binne die betrokke provinsie aangebring word, behoort dit skriftelik aan die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels deurgegee te word sodat die wysigings in die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid aangebring kan word.


6.4.5 BINNESKOOELSE DETERMINANT VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Soos dit in figuur 6.6 uiteengesit is, bestaan die binneskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel uit die volgende:

- Die skoolhoof, andjunktshoof, departementshoof en/of die werkwinkelopvoeder verantwoordelik vir die skoolwerkwinkels van die

skool. Hierdie persone behoort toe te sien dat die provinsiale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir die skoolwerkwinkel, wat vanaf die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee ontvang word, verbesonder word sodat dit by die betrokke skool se unieke omstandighede pas.

Figuur 6.6: Binneskoolse determinant vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel




- Die skoolhoof behoort toe te sien dat die verbesonderde gesondheid-en-

veiligheidsbeleid vir die skoolwerkwinkel in die skoolbeleid opgeneem word (vgl. par. 7.4.4).

- Die skoolhoof, adjunkhoof, departementshoof en/of die werkwinkelopvoeder verantwoordelik vir die skoolwerkwinkels in die skool behoort toe te sien dat die verbesonderde gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir die skoolwerkwinkel in die vakbeleide van die onderskeie tegniese vakke opgeneem word (vgl. par. 7.4.4).
- Dit is die plig van die skoolhoof, adjunkhoof, departementshoof en/of die werkwinkelopvoeder verantwoordelik vir die skool se werkwinkels om toe te sien dat daar uitvoering aan die beleid in al die skool se werkwinkels gegee word.
- Die bystuur van die skoolbeleid, vakbeleide en die indiensopleiding van werkwinkelopvoeders behoort voortdurend gedoen te word om enige gebreke wat daar mag wees, te ondervang.
- Indien daar wysigings wat moontlik 'n wyer inslag kan hê as slegs binne skoolverband aangebring word, behoort dit skriftelik aan die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels deurgegee te word sodat die wysigings in die provinsiale en/of nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels aangebring kan word.

6.4.6 WISSELWERKING TUSSEN DIE DETERMINANTE VIR DIE GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

Figuur 6.7: Wisselwerking tussen die determinante vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.



Soos dit in figuur 6.7 uiteengesit is, bestaan daar 'n wisselwerking tussen die buite- en binneskoolse determinante vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.

Die prosedure vir wisselwerking word vervolgens uiteengesit:

- Wanneer daar binne skoolverband wysigings aan die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir die skoolwerkwinkel en/of indiensopleidingsprogramme van die werkwinkelopvoeder genoodsaak word, en dit kan moontlik 'n wyer inslag hê as bloot binne skoolverband, moet dit deur die skoolhoof, adjunkhoof, departementshoof en/of die werkwinkelopvoeder verantwoordelik vir die skool se werkwinkels skriftelik aan die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels voorgelê word.
- Die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels moet die voorgestelde wysigings evalueer en indien nodig, aanpassings aan die provinsiale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels en/of indiensopleidingsprogramme vir werkwinkelopvoeders maak.
- Hierdie wysigings moet dan deur die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels aan die betrokke skole deurgegee word.
- Indien nodig moet die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels die voorgestelde wysigings aan die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels voorlê.
- Die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels moet die voorgestelde wysigings evalueer en indien nodig, aanpassings aan die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels en/of indiensopleidingsprogramme maak.
- Hierdie wysigings moet dan deur die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee vir skoolwerkwinkels aan al die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees vir skoolwerkwinkels deurgegee word.
- Die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees vir skoolwerkwinkels gee op hulle beurt weer die wysigings aan die betrokke skole deur.

6.4.7 SINTESE

In die voorafgaande gedeelte van hierdie hoofstuk is 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkels van skole ontwikkel. Hierdie model is ontwikkel deur gebruik te maak van die data en die resultate wat verkry is uit die navorsing wat in hierdie studie gedoen is. Die ontwikkeling van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel spruit uit die vierde navorsingsdoelwit, nl. "Die daarstel van 'n model om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel te verseker." (vgl. par. 1.3.)

Die hoofdoel met die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel is om 'n gestruktureerde raamwerk te skep. Dit kan aangewend word om die werkwinkelopvoeder van statutêre- en gemeneregskennis en vaardighede te voorsien om die gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel sinvol en verantwoordelik aan te pak.

6.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar begin met 'n bespreking van die ontwikkeling van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkels van skole wat nodig is vir die karakter en betekeniswaarde van die woord "model". Daar is aandag gegee aan die begrip "model" en aan die klassifikasie van modelle. Verder is die kenmerke en vereistes van modelle bespreek. Daar is ook gekyk na die stappe in die ontwikkeling van 'n model. Ten slotte is die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels en al sy onderafdelings volledig bespreek.

In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die samevatting, bevindings en aanbevelings vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS VIR GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL

7.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk is gewy aan 'n bespreking van die ontwikkeling van die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkels van skole en dit wat nodig is vir die betekeniswaarde van die begrip "model". Daar is aandag gegee aan die begrip "model" en aan verskillende tipes modelle. Verder is die kenmerke en vereistes van modelle bespreek. Daar is ook gekyk na die stappe in die ontwikkeling van 'n model. Ten slotte is die model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels en al sy onderafdelings volledig bespreek.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan 'n samevatting van die navorsing, die bevindings waartoe gekom is met die bereiking van die navorsingsdoelwitte (vgl.par. 1.3) en 'n aantal aanbevelings, wat uit die navorsing spruit, word gemaak. Daar word ten slotte voorstelle gemaak vir verdere navorsing.

7.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is die belangrikheid van 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel uitgelig en geïdentifiseer. Die aanname is gemaak dat werkwinkelopvoeders moontlik nie voldoende toegerus is vir hulle sorgsame toesighoudingsplig in die skoolwerkwinkel nie. Uit die voorafgaande is die volgende navorsingsdoelwitte geformuleer:

- Om uit die bestaande vakliteratuur die onderwysregtelike aard van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te bepaal.
- Om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal hoe gesondheid-en-veiligheid in die kontemporêre skoolwerkwinkel bestuur word.
- Om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal in watter mate die werkwinkelopvoeder toegerus is vir sy taak as sorgsame toesighouer.
- Om 'n model vir gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel daar te stel.

In hoofstuk 2 is daar gefokus op die statutêre determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel en daar word spesifiek aandag gegee aan die bepalende faktore in die skoolwerkwinkel. Dit behels die statutêre bepalings (nasionaal sowel as internasionaal) wat in verband staan met die veiligheid van leerders wat aan die werkwinkelopvoeder se sorg toevertrou word. Daar is aandag gegee aan die besondere verpligting wat die werkwinkelopvoeder het ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbestuur.

In hoofstuk 3 is daar gefokus op die gemeenregtelike determinante vir die bestuur van die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel. Daar is in besonder gefokus op die gemeenregtelike posisie van die kind, die *in loco parentis*-posisie van die opvoeder en die leerder onder sy toesig, die sorgsame toesighoudingsverpligting van die opvoeder en deliktuele aanspreeklikheid wat die opvoeder kan oploop as hy nie versigtig is nie.

In hoofstuk 4 is daar gefokus op regspraak as determinant van die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel. Daar is in besonder aandag gegee aan internasionale en nasionale hofuitsprake wat in verband gebring kan word met die besondere verpligting wat die opvoeder in die skoolwerkwinkel het teenoor die leerders wat onder sy toesig is.

In hoofstuk 5 is daar gefokus op die empiriese ondersoek. In die eerste plek is die

metode soos dit in die navorsingsontwerp vervat is, bespreek. Hier is getoon waarom daar op 'n posvraelys besluit is. Verder is die konstruksie van die vraelys bespreek en daarna het die loodsondersoek en die finalisering van die vraelys gevolg. Die populasie en die bepaling daarvan is bespreek. Vervolgens is die terugvoerespons bespreek. Ook die statistiese tegniek wat gebruik is om die data te analiseer, is verduidelik. Daarna is die interpretasie van die data bespreek. Belangrike resultate is uit die data verkry.

7.3 BEVINDINGS

Vervolgens word die bevindings ten opsigte van die verskillende navorsingsdoelwitte bespreek.

7.3.1 BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSDOELWIT 1

Die volgende bevindings is ten opsigte van navorsingsdoelwit 1, naamlik om uit bestaande vakliteratuur die onderwysregtelike aard van gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te bepaal gemaak (vgl. par. 1.3):

- Dat daar vanuit 'n internasionale perspektief statutêre bepalinge is wat 'n verpligting met betrekking tot sorgsame toesighouding op die werkwinkelopvoeder plaas en dat dit nodig geword het dat die werkwinkelopvoeder aandag gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel (vgl. par. 2.2).
- Dat nasionale en ondergeskikte statutêre bepalinge 'n verpligting ten opsigte van sorgsame toesighouding op die werkwinkelopvoeder plaas en dat dit vir die werkwinkelopvoeder nodig geword het om aandag te gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel (vgl. par. 2.3).
- Daar is statutêre bepalinge in die vorm van wetgewing wat algemene gesondheid-en-veiligheidsriglyne bevat, maar die leemte ten opsigte van leerdergesondheid en veiligheid word nie heeltemal gevul nie (vgl. 2.3).

- Met enkele sinvolle wysigings in die toepassing van die wetgewing en toevoegings (sodat dit meer spesifiek vir die skoolwerkwinkel toepaslik is) kan dit baie beter van toepassing gemaak word op skole met werkinkels (vgl. par. 2.3).
- Dat werkinkelopvoeders vanweë die gemeenregtelike posisie van die kind, 'n sorgsame toesighoudingsplig het teenoor die leerders in die skoolwerkwinkel wat aan hulle sorg toevertrou is (vgl. par. 3.2).
- Dat werkinkelopvoeders wat daagliks vir die welsyn van die leerders in die skoolwerkwinkel verantwoordelik is, kennis moet dra van die regstatus van die kind sodat hulle 'n veilige ruimte in die skoolwerkwinkel vir leerders kan skep (vgl. par. 3.2).
- Werkinkelopvoeders moet begryp dat ouderdom 'n belangrike determinant in die regstatus van die kind is. Die werkinkelopvoeders moet dus 'n groter mate van sorg aan die dag lê hoe jonger die leerders onder hulle sorg is (vgl. par. 3.2.4).
- Dit het duidelik geword dat werkinkelopvoeders 'n *in loco parentis*-rol het wat hulle moet vervul. Dit beteken dat hulle vir die tydperk wat die leerders aan hulle sorg toevertrou is as plaasvervangende ouer moet optree. Die implikasie is dat die werkinkelopvoeder op sorgsame wyse na die leerder moet omsien. Deur die *in loco parentis*-posisie verkry opvoeders 'n bevoegdheid en 'n verpligting met betrekking tot gesagshandhawing (vgl. par. 3.3).
- Persone wat as *in loco parentis*-persone ageer, moet altyd billik handel teenoor dié persoon of persone vir wie hulle *in loco parentis* optree. Die *in loco parentis*-persone behoort teenoor 'n kind op te tree soos wat hulle in dieselfde situasie teenoor hulle eie kinders sal optree (vgl. par. 3.3).
- Die ouer sowel as die opvoeder het 'n sorgsame toesighoudingsplig (vgl. par. 3.4.2 & 3.4.3).
- As gevolg van hierdie sorgsame toesighoudingsplig word dit van die opvoeder verwag om sekere maatreëls, wat beserings in die skoolwerkwinkel sal voorkom, te tref (vgl. par. 3.4.4).
- Alhoewel daar in die Suid-Afrikaanse gemene reg nie 'n algemene

regspelig op 'n mens rus om 'n ander persoon teen nadeel te beskerm nie, is dit van kardinale belang dat daar wel 'n sorgsame toesighoudingspelig op opvoeders rus wat voortspruit uit die aard van hulle amp, deskundigheid en dat hulle weens die onvoorspelbaarheid van 'n kind 'n hoër mate van sorg aan die dag moet lê in hulle daaglikse omgang met leerders (vgl. par. 3.5).

- Daar is aangetoon dat werkwinkelopvoeders aanspreeklik gehou kan word vir skade wat aan leerders onder hulle sorg berokken word wanneer dit veroorsaak is deur die nalatige optrede van die werkwinkelopvoeder (vgl. par. 3.5).
- Daar word van werkwinkelopvoeders as deskundige opvoeders verwag om 'n bepaalde standaard van sorg ten opsigte van leerdergesondheid en veiligheid aan die dag te lê teenoor die leerders wat onder hulle toesig is (vgl. par. 3.5.2.3).
- Werkwinkelopvoeders moet dus seker maak dat hulle altyd op hoogte bly van die nuutste metodes en tegnieke oor hoe om die werkwinkel 'n veiliger plek te maak vir die leerders wat daarin opgelei word. Die werkwinkelopvoeders moet ook sorg dat hulle die nuutste metodes en tegnieke om die werkwinkel 'n veiliger plek te maak, toepas en gebruik (vgl. par. 3.5.4).
- Dat dit vir werkwinkelopvoeders nodig geword het om meer aandag te gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die werkwinkel waarvoor hulle verantwoordelik is (vgl. par. 3.6).
- Dat daar op die benadeelde in 'n hofsak ook sekere pligte rus (vgl. par. 4.2.1).
- Dat leerdergesondheid en veiligheid voorrang bo statutêre bepalings geniet. Dit beteken dat al sou statutêre bepalings nie gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls vir 'n spesifieke situasie voorskryf nie en die werkwinkelopvoeder as deskundige opvoeder voorsien dat die situasie moontlik tot leerderbeserings kan lei, moet die werkwinkelopvoeder voorkomend optree (vgl. par. 4.2.1.3).
- Die ouderdom en ervaring van die leerders speel 'n belangrike rol in die sorgsame toesighoudingspelig (vgl. par. 4.2.3 & 4.3.8).

- Dat die werkwinkelopvoeder te alle tye 'n sorgsame toesighoudingsplig ten opsigte van leerdergesondheid-en-veiligheid het (vgl. par. 4.2.3).
- Die leerders in die skoolwerkwinkel aan 'n verhoogde risiko blootgestel is (vgl. par. 4.3.1).
- Die skoolwerkwinkel is 'n potensieel gevaarlike omgewing vir leerders en die opvoeder in die werkwinkel moet dit beseef (vgl. par. 4.3.2 & 4.3.3).
- Die eise van sorgsame toesig in die werkwinkel is hoër as vir die opvoeder wat nie in 'n werkwinkel diens doen nie (vgl. par. 4.3.5 & 4.3.6).
- Dat die opvoeder in staat moet wees om 'n potensieel gevaarlike situasie te identifiseer en om dan voldoende voorsorg te tref om onnodige beserings te voorkom (vgl. par. 4.3.3).
- Die skoolwerkwinkel lewer potensieel gevaarlike situasies op wat uniek is aan die skoolwerkwinkel (vgl. par. 4.3.5).
- Dat die Departement van Onderwys en 'n skool sorg moet dra dat daar behoorlik gekwalifiseerde toesig oor leerders moet wees (vgl. par. 4.3.6).
- Dat daar in die geval van 'n ongeluk noodhulptoerusting beskikbaar moet wees om voldoende eerste hulp te verskaf (vgl. par. 4.3.6.).
- Dat die werkwinkelopvoeder toegerus moet wees om enige noodgeval wat in sy werkwinkel mag voorkom die hoof te kan bied (vgl. par. 4.3.6).
- Die relatiewe belangrikheid en gevaar verbonde aan 'n taak 'n rol speel in die mate van sorgsame toesighouding (vgl. par. 4.3.8).
- Voorsienbaarheid van moontlike skade 'n deurslaggewende rol speel in die mate van sorgsame toesighouding (vgl. par. 4.3.8).
- Voorkombaarheid van moontlike skade 'n belangrike rol speel in die mate van sorgsame toesighouding (vgl. par. 4.3.8).
- Dat die werkwinkelopvoeder 'n verhoogde verpligting tot sorgsame toesighouding het en dat dit vir die werkwinkelopvoeder tyd geword het om meer aandag te gee aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel (vgl. par. 4.4).

Dit is duidelik dat daar van werkwinkelopvoeders verwag word om die wesensaard van die kind, asook die gevare waaraan die leerder moontlik in die skoolwerkwinkel

blootgestel kan word, te ken. Daar word verder van werkwinkelopvoeders verwag om gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls daar te stel wat leerders teen moontlike beserings in die skoolwerkwinkel kan beskerm. Werkwinkelopvoeders moet verder toesien dat leerders deeglik onderlê word in hierdie gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls. Laastens word daar van werkwinkelopvoeders verwag om toe te sien dat die beleid ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls ter voorkoming van leerderbeserings uitgevoer word.

7.3.2 BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSDOELWITTE 2 EN 3

Die bevindings ten opsigte van navorsingsdoelwitte 2 en 3 word gesamentlik bespreek aangesien die empiriese vraelys nie 'n duidelike onderskeid tussen hierdie twee navorsingsdoelwitte tref nie.

Die doel van navorsingsdoelwit 2 was om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal hoe gesondheid en veiligheid in die kontemporêre skoolwerkwinkel bestuur word (vgl. par. 1.3). Met navorsingsdoelwit 3 is gepoog om deur 'n empiriese ondersoek te bepaal in watter mate die werkwinkelopvoeder toegerus is vir sy taak as sorgsame toesighouer (vgl. par. 1.3). Die volgende bevindings is ten opsigte van bogenoemde twee doelwitte gemaak:

- 48,21% van die respondente is opvoeders, terwyl 37,5%, departementshoofde, 10,71% adjunkhoofde en 1,79% skoolhoofde (vgl. tabel 5.2, vraag 1).
- Die meerderheid van die responente het baie ervaring as werkwinkelopvoeders aangesien 55,36% nege jaar en meer ondervinding het (vgl. tabel 5.2, vraag 2).
- Slegs 39,28% van die respondente beskik oor 'n formele kwalifikasie in Onderwysreg (vgl. tabel 5.3, vraag 3).
- Die oorgrote meerderheid van die respondente (83,93%) beskik slegs oor onderwyskwalifikasies en geen ambagskwalifikasie of kwalifikasie uit die nywerheid nie. Al die respondente beskik oor onderwyskwalifikasies (vgl. tabel 5.3, vraag 4).

- 69,64% van die respondente het minder as 100 leerders per jaar wat in die skoolwerkwinkel onderrig en opgelei word, terwyl 30,36% van die respondente 100 of meer leerders jaarliks in die skoolwerkwinkel onderrig en oplei (vgl. tabel 5.4, vraag 5).
- By 57,14% van die respondente se skole is geen beserings die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkel opgedoen nie en by 42,86% van die respondente se skole is minder as 10 leerders in die skoolwerkwinkel beseer (vgl. tabel 5.4, vraag 6).
- Die interne vakbeleide van die tegniese vakke in die respondente se skole in 92,86% van die gevalle wel leerderveiligheid aanspreek (vgl. tabel 5.5, vraag 7).
- 85,71% van die skoolbeleide van die respondente se skole spreek leerderveiligheid aan (vgl. tabel 5.5, vraag 8).
- Die respondente het aangetoon dat (vgl. tabel 5.5, vraag 9):
 - 39,28% van die skole een,
 - 8,93% van die skole twee,
 - 14,29% van die skole drie,
 - 12,5% van die skole vier,
 - 8,93% van die skole vyf en
 - 10,71% van die skole ses of meer skoolwerkwinkels het wat tans in bedryf is.
- Die meerderheid (77,23%) van die respondente is van mening dat hulle vertrouwd is met die veiligheidsvoorskrifte soos dit van toepassing is op die skoolwerkwinkel (vgl. tabel 5.6, vraag 10).
- 76,79% van die respondente die veiligheidsvoorskrifte wat van toepassing is op die skoolwerkwinkel stiptelik uitvoer (vgl. tabel 5.6, vraag 11).
- Slegs 48,22% van die respondente is van mening dat daar gedurende die aanvanklike tydperk van opleiding voldoende aandag gegee word aan die verskillende veiligheidsaspekte soos dit vervat is in die vak- en skoolbeleid, departementele stukke en toepaslike wetgewing (vgl. tabel 5.6, vraag 12).
- In 94,64% van die respondente se skole word daar voorligting gegee aan

die leerders ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel (tabel 5.7, vraag 13).

- By 83,93% van die respondente se skole word daar aandag gegee aan die uitvoering van die beleid met die klem op leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel (tabel 5.7, vraag 13).
- By die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel word daar by 87,5% van die respondente se skole aandag aan hierdie saak gegee (tabel 5.7, vraag 13).
- In die grootste meerderheid (92,86%) van die respondente se skole word daar aandag gegee aan die tref van voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel (tabel 5.7, vraag 13).
- In 80,35% van die respondente se skole word daar dissiplinêr teen 'n leerder opgetree wat veiligheidsmaatreëls in die skoolwerkwinkels oortree (tabel 5.7, vraag 13).
- Slegs 57,14% van die respondente se skole hou noukeurige rekord van alle ongelukke wat in die skoolwerkwinkel plaasvind met die doel om 'n herhaling van so 'n ongeluk te probeer voorkom (tabel 5.7, vraag 13).
- 46,43% van die respondente se werkwinkelopvoeders geen verteenwoordiging in die skool se gesondheids-en-veiligheidskomitee het nie. Die response het verder getoon dat (vgl. tabel 5.8, vraag 14):
 - 21,43% van die respondente een werkwinkelopvoeder vir al die skoolwerkwinkels,
 - 1,79% een werkwinkelopvoeder vir drie skoolwerkwinkels,
 - 5,36% een werkwinkelopvoeder vir twee skoolwerkwinkels en
 - 23,21% een werkwinkelopvoeder vir elke skoolwerkwinkel aangestel het.
- Dit lyk asof die respondente met meer as 12 jaar ervaring moontlik vanweë hul meerdere ervaring beter toegerus is om onveilige toestande in die skoolwerkwinkel uit te ken. Aangesien hulle beter toegerus is, gee hulle in 'n groter mate aandag aan die uitkenning van onveilige toestande ten einde leerderveiligheid te verseker (vgl. par. 5.3.2.5, tabel 5.9).
- Ervaring in meeste van die gevalle nie 'n verskil in die respondente se

toepassing van veiligheidsmaatreëls ten opsigte van leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel speel nie dui moontlik op 'n algemene gebrek aan toepaslike statutêre kennis en begrip van hulle gemeenregtelike verpligting met betrekking tot sorgsame toesighouding oor die leerders onder hulle toesig (vgl. par. 5.3.2.5, tabel 5.9).

- Om ontruiming van die skoolwerkwinkel in die geval van 'n brand te verseker, is dit nodig dat elke buitedeur van die skoolwerkwinkel (vgl. tabel 5.10, vraag 15):
 - onbelemmerd gelaat word. Hier het die oorgrote meerderheid (82,14%) van die respondente tereg aangetoon dat dit in hulle skole wel die geval is.
 - nie met 'n veiligheidshek afgesper word wanneer daar mense in die skoolwerkwinkel is nie. Hier het die grootste meerderheid (76,79%) van die respondente korrek aangetoon dat dit in hulle skole wel die geval is.
 - se slot so gekonstrueer is dat dit maklik van binne af oopgemaak kan word. Die grootste meerderheid (76,79%) van die respondente het tereg aangetoon dat dit in hulle skole wel die geval is.
- Dit lyk asof die respondente van mening is dat 'n leerder of sy ouers se eis om skadevergoeding (nadat die leerder in die skoolwerkwinkel beseer geraak het) teen 'n werkwinkelopvoeder kan slaag indien nalatigheid aan die kant van die opvoeder bewys kan word. Die aantal korrekte menings word in persentasie uitgedruk. Hiervolgens sou die leerder of sy ouers kon eis vir (vgl. tabel 5.11, vraag 16):
 - skok waaraan die leerder kon ly - 44,65%,
 - pyn en lyding - 53,57%,
 - onsierlike letsels aan die leerder se liggaam as gevolg van die beserings - slegs 48,22%,
 - die verlies van lewensgenietinge by die leerder as gevolg die beserings - 48,21%,
 - gesondheidsverlies by die leerder as gevolg van die beserings - 53,57%,
 - mediese uitgawes wat die besering meegebring het - 55,35% en

- die verlies aan moontlike toekomstige inkomste van die leerder as gevolg van die beserings - slegs 39,29%.
- Die meerderheid (76,79%) van die respondente besef dat die ouderdom van 'n leerder 'n rol sal speel in die sorgsame toesighoudingspoging van die werkwinkelopvoeder (vgl. tabel 5.12, vraag 17).
- In die geval van 'n besering aan 'n leerder wat onder die toesig van die werkwinkelopvoeder is, behoort die werkwinkelopvoeder (Die korrekte antwoorde op die stelling word telkens gegee) (vgl. tabel 5.12, vraag 18):
 - onmiddellik eerstehulp toe te pas - 96,43%,
 - die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy ouerhuis te vervoer - 94,64%,
 - die leerders se ouers in kennis te stel - 96,43%,
 - die voorgeskrewe dokumentasie te voltooi - 96,43% en
 - afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente te stuur - 89,28%.
- 80,36% van die respondente het bevestig dat daar in hulle skole toegesien word dat daar genoeg geskikte brandbestrydingstoerusting, soos voorgeskryf deur die brandweerhoof van die plaaslike munisipale owerheid, is (vgl. tabel 5.14, vraag 19).
- Die meerderheid (71,43%) van die respondente het bevestig dat daar in hulle skole toegesien word dat die brandbestrydingstoerusting, soos voorgeskryf, gereeld gediens en nagesien word om dit in 'n goeie toestand te hou (vgl. tabel 5.14, vraag 19).
- Daar is slegs 1,79% van die respondente wat geweet het dat die leerder-opvoeder-verhouding nie in die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* of die betrokke regulasies aangespreek word nie (vgl. tabel 5.15, vraag 20).
- 46,43% van die respondente het korrek aangedui dat die gesondheid-en-veiligheidskomitee kwartaalliks behoort te vergader (vgl. tabel 5.16, vraag 21).
- Slegs 42,86% van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitees in hulle skole minstens een keer per kwartaal vergader (vgl. tabel 5.16, vraag 21).

- 44,64% van die respondente het geweet dat die skoolhoof as hoof-uitvoerende beampte by die skool behoort op te tree (vgl. tabel 5.17, vraag 22).
- Slegs 37,50% van die respondente het aangetoon dat die skoolhoof by hulle skole wel as hoof-uitvoerende beampte optree (vgl. tabel 5.17, vraag 22).
- Slegs 25% van die respondente het aangedui dat hulle besef dat 'n hystoestel halfjaarliks (12,5%) en jaarliks (12,5%) versien en nagegaan behoort te word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel (vgl. tabel 5.18, vraag 23).
- Slegs 14,29% van die respondente het aangetoon dat die hystoestelle by hulle skole halfjaarliks (5,36%) en jaarliks (8,93%) versien en nagegaan word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel (vgl. tabel 5.18, vraag 23).
- 'n Skrale 3,57% van die respondente het aangetoon dat hulle weet dat die drukhouer(s) van die kompressors van 'n skool driejaarliks aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp behoort te word deur 'n bevoegde persoon wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers (vgl. tabel 5.19, vraag 24).
- 3,57% van die respondente het aangetoon dat die drukhouer(s) van die kompressors by hulle skole driejaarliks aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp word deur 'n bevoegde persoon wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers (vgl. tabel 5.19, vraag 24).
- Slegs 26,79% van die respondente het aangetoon dat hulle besef dat daar een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders (17,86%) en/of dat een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig leerders (8,93%) gedurende normale skoolure op 'n voltydse grondslag by 'n skool beskikbaar behoort te wees (vgl. tabel 5.20, vraag 25).

- 'n Skrale 10,72% van die respondente het aangetoon dat daar een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders (8,93%) en/of een gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere gekwalifiseerde noodhulpwerker vir elke vyftig leerders (1,79%) gedurende normale skoolure op 'n voltydse grondslag by die respondente se skole beskikbaar is (vgl. tabel 5.20, vraag 25).
- Op die vraag oor watter van die volgende persone almal in kennis gestel moet word indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak, het die volgende aan die lig gebring dat (vgl. tabel 5.21, vraag 26):
 - slegs 25% van die respondente het tereg gemeen dat die voorval aan die Vergoedingskommissaris gerapporteer moet word.
 - 62,5% van die respondente het korrek aangedui dat die Ongevallekommissaris nie in kennis gestel hoef te word nie.
 - die meerderheid (94,64%) van die respondente was tereg van mening dat die leerder se ouers in kennis gestel moet word.
 - die meerderheid (98,21%) van die respondente was tereg van mening dat die skoolhoof in kennis gestel moet word.
 - slegs 28,21% van die respondente het tereg gemeen dat die voorval aan die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid gerapporteer moet word.
 - 53,57% van die respondente het korrek aangedui dat die departementshoof van die Departement van Onderwys in kennis gestel moet word.
 - daar was 42,86% van die respondente wat tereg gemeen het dat die voorval nie aan die betrokke vakadviseur gerapporteer hoef te word nie.
 - slegs 35,71% van die respondente het tereg gemeen dat die voorval aan die hoof-uitvoerende beampte gerapporteer moet word.
- Heel tereg het die resultate getoon dat (vgl. tabel 5.21, vraag 27):
 - daar 75% van die respondente se skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees is wat onveilige toestande bespreek.

- 71,43% van die respondente se skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees is wat onveilige toerusting bespreek.
 - daar 69,64% van die respondente se skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees is wat onveilige masjinerie bespreek.
 - die meerderheid (71,43%) van die respondente se skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees is wat voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het, bespreek.
 - 25% van die respondente se skole se gesondheid-en-veiligheidskomitees is wat nie een van bogenoemde sake bespreek het nie.
- Daar is slegs 50% van die respondente wat aangetoon dat hulle skole (soos dit deur regulasie 3 van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is) 'n opgedateerde kopie van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die betrokke regulasies by die skool beskikbaar het (vgl. tabel 5.22, vraag 28).
 - Slegs 32,14% van die respondente het aangetoon dat hulle skole (soos dit deur regulasie 18 (7) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is) 'n register het waarin die volle besonderhede van prestasietoetse, veranderings en/of herstelwerk wat aan die hystoestel(le) gedoen is, aangeteken word (vgl. tabel 5.22, vraag 28).
 - Daar is 58,93% van die respondente wat aangetoon het dat hulle skole (soos dit deur regulasie 8 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is) 'n register het waarin alle voorvalle in die skoolwerkwinkel sowel as die ondersoeke na die voorvalle aangeteken word (vgl. tabel 5.22, vraag 28).
 - Slegs 32,14% van die respondente het aangetoon dat hulle skole (soos dit deur regulasie 14 (1) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is) 'n register het waarin die resultate van inspeksies, toetse, veranderings en/of herstelwerk wat aan die houters onder druk (kompressors) gedoen is, aangeteken word (vgl. tabel 5.22, vraag 28).

- 'n Skrale 17,86% van die respondente het aangetoon dat hulle skole (soos dit deur regulasie 2 van die *Algemene Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is) oor 'n heeltydse bevoegde persoon, wat 'n vakleerlingskap deurloop het beskik, (wat die bediening en onderhoud van masjiene insluit) en wat as 'n installasie-elektrisiën geregistreer is (vgl. tabel 5.22, vraag 28).
- Daar is 46,43% van die respondente wat aangetoon het dat die notules van die gesondheid-en-veiligheidskomitee se vergaderings by hulle skole beskikbaar is soos dit deur regulasie 4 (c) van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is (vgl. tabel 5.22, vraag 28).
- Slegs 44,64% van die respondente het aangetoon dat die brandbestydingstoerusting van die skool jaarliks deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien behoort te word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou (vgl. tabel 5.23, vraag 29).
- 58,93% van die respondente het aangetoon dat die brandbestydingstoerusting van hulle skole jaarliks deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou (vgl. tabel 5.23, vraag 29).
- Slegs 10,71% van die respondente kon 'n verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid aantoon (vgl. tabel 5.24, vraag 30).
- Die respondente met onderwysregskwalifikasies het beter gevaar as die respondente sonder onderwysregskwalifikasies. Van die 22 respondente met onderwysregskwalifikasies kon 18,2% die verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid aantoon terwyl slegs 5,9% van die 34 respondente sonder onderwysregskwalifikasies bogenoemde verband kon aantoon (par. 5.3.3.2, tabel 5.13).
- Dat die respondente met onderwysregskwalifikasies se gemeenregtelike kennis en begrip rakende leerderveiligheid beter is as die respondente wat nie oor onderwysregskwalifikasies beskik nie (vgl. par. 5.3.3.2, tabel 5.13).
- Dat al die tersiêre inrigtings wat opvoeders oplei se standaard ten opsigte

van onderwysreg en leerderveiligheid nie op standaard is nie (vgl. par. 5.3.3.2).

- Dat daar nie 'n verskil is in die gemene reg en statutêre kennis en die implementering daarvan in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel tussen die werkwinkelopvoeders wat oor onderwyskwalifikasies sowel as kwalifikasies uit die nywerheid beskik en die werkwinkelopvoeders wat slegs oor onderwyskwalifikasies beskik nie (vgl. par. 5.3.3.4).
- Dat die werkwinkelopvoeders uit die histories bevoordeelde skole 'n beduidende beter gemene reg en statutêre kennis het en dat hulle dit beter in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel implementeer as die werkwinkelopvoeders uit histories benadeelde skole (vgl. par. 5.3.3.5, tabel 5.25).
- Dat die werkwinkelopvoeders as gevolg van hulle opleiding en ervaring 'n groter gemene reg en statutêre kennis het en dat hulle dit beter in die veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel kan implementeer as die werkwinkelopvoeders uit histories benadeelde skole (vgl. par. 5.3.3.5, tabel 5.25).
- Die volgende bruikbare veiligheidsmaatreëls vir die skoolwerkwinkel soos beantwoord in die oopvraaggedeelte van die vraelys het na vore gekom:
 - Die ontwerp en aanbring van veiligheidsplakkate word in die lokaal en by masjiene aangebring en kan as nuttige hulpmiddel gebruik word om veiligheid op te skerp.
 - Vloere word geverf en loopweë word duidelik afgemerk.
 - Uitsluitstelsels word op elektrisiteitsdistribusieborde aangebring om die aanskakel van die elektrisiteit te reguleer.
 - Die ontwerp van veiligheidsimbole wat aan die leerders beskikbaar gestel word en op die mure en by masjiene aangebring word.
 - Video's oor voorvalle wat in werkwinkels plaasgevind het, word aan die leerders vertoon. Maniere oor hoe om soortgelyke voorvalle te voorkom, word dan in gekontroleerde groepe bespreek.
 - Leerders lê die NOSA-gesondheid-en-veiligheidseksamen af en

verwerf daarmee gesondheid-en-veiligheidsertifikate. Die NOSA-gesondheid-en-veiligheidsertifikate skerp werkwinkelveiligheid by die leerders op.

- In sommige skole word skoolwerkwinkels ingerig in lokale wat nie heeltemal geskik is om te dien as 'n skoolwerkwinkels nie. In hierdie werkwinkels word alle vensters en deure oopgemaak wanneer die leerders in die skoolwerkwinkels werk om ventilasie te verbeter.
 - Ouers met ervaring van beroepsgesondheid-en-veiligheid word in die gesondheid-en-veiligheidskomitee gekoöpteer (vgl. par. 5.3.4, vraag 31).
- Op vraag 32 was daar 94,46% van die respondente wat glad nie geantwoord het nie of 'n antwoord gegee het wat nie van toepassing was nie of wat dokumente genoem het wat reeds verouderd is soos omsendbriewe en -minute wat uit die vorige onderwysbedeling dateer. Die res (5,36%) van die respondente was oor die algemeen bewus van die volgende dokumente:
- Die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die regulasies.
 - 'n Ongenommerde omsendbrief, gedateer 5 Augustus 2002 vanaf die Premier van die Noordwes Provinsie se kantoor met die titel: "Timeous telephonic reporting of occupational injuries and diseases." (Vgl. par. 5.3.4, vraag 32)

Dit blyk dus duidelik dat die meerderheid respondente bewus is van die gevare waaraan die leerder moontlik in die skoolwerkwinkel blootgestel kan word. Die meerderheid respondente tref ook gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls wat die leerders teen moontlike beserings in die skoolwerkwinkel kan beskerm. Die respondente sien verder toe dat leerders onderlê word in hierdie gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls. Dit blyk ook dat respondente toesien dat die beleid ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls ter voorkoming van leerderbeserings uitgevoer word.

Dit wil voorkom asof 'n aantal respondente nie aan die minimum vereistes voldoen om

behoorlik na die gesondheid en veiligheid van die leerders wat onder hulle sorg is, om te sien nie. Die feit dat slegs 10,71% respondente oor 'n onderwysregkwalifikasie beskik, kan moontlik daartoe bydra dat dit 'n probleem is. 'n Verdere oorsaak kan wees dat baie van die werkwinkelopvoeders nie die teorie en die praktyk bymekaar kan bring nie.

Navorsingsdoelwit 4, naamlik die daarstel van 'n model om gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die kontemporêre skoolwerkwinkel te verseker, is in hoofstuk 6 bespreek.

7.4 AANBEVELINGS

Ten einde die werkwinkelopvoeders in die kontemporêre skoolwerkwinkel in staat te stel om hulle sorgsame toesighoudingsplig met betrekking tot gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel te verwesenlik, word 'n aantal aanbevelings gemaak en bespreek.

7.4.1 AANBEVELING 1

Daar behoort 'n nasionale en provinsiale (een vir elke provinsie) gesondheid-en-veiligheidskomitees saamgestel te word met die taak om 'n gesondheid-en-veiligheidsbeleid, wat spesifiek vir die skoolwerkwinkel bedoel is, op te stel. Die nasionale sowel as die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees moet toesien dat daar uitvoering aan die gesondheid-en-veiligheidsbeleid in skole gegee word. Die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee kan ook indiensopleidingsprogramme opstel. Die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee kan behulpsaam wees met die aanbied van die indiensopleidingsprogramme aan werkwinkelopvoeders sodat die gesondheid-en-veiligheidsbeleid in die praktyk uitbring kan word (vgl. par. 6.4.4 en fig. 6.3).

Die literatuurstudie het aan die lig gebring dat daar nie genoegsame gesondheid-en-

veiligheidsriglyne en regulasies wat spesifiek op die skoolwerkwinkel van toepassing is, bestaan nie. Die empiriese ondersoek het verder getoon dat die respondente nie altyd behoorlik ingelig is ten opsigte van die gesondheid-en-veiligheidsriglyne en regulasies nie en as hulle wel ingelig is, weet hulle nie hoe om dit toe te pas nie (vgl. vrae 15 - 30, bylae C, tabelle 5.10 - 5.24, par. 5.3.2.5, tabel 5.9, par. 5.3.3.4, 7.3.1 & 7.3.2).

7.4.2 AANBEVELING 2

Daar behoort aan tersiêre inrigtings, waar werkwinkelopvoeders opgelei word, meer aandag gegee te word aan gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel soos dit vergestalt behoort te word in vakbeleide, skoolbeleide, departementele stukke en toepaslike wetgewing. Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat 48,22% van die respondente gevoel het dat daar nie genoeg aandag aan bogenoemde geskenk word nie (vgl. vraag 12 bylae C, tabel 5.6, par. 5.3.3.2, tabel 5.13 & par. 7.3.2).

7.4.3 AANBEVELING 3

Skoolhoofde behoort toe te sien dat die adjunkhoof, departementshoof en/of die werkwinkelopvoeders verantwoordelik vir die skoolwerkinkels van die skool, departementele stukke en toepaslike wetgewing rakende gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkel op 'n gereelde en deurlopende grondslag op vakvergaderings bespreek (vgl. par. 6.4.4.4.1 iii, fig. 6.4).

Hoewel dit uit die empiriese ondersoek geblyk het dat die grootste meerderheid van mening is dat hulle voldoende ingelig is maar dit het geblyk dat 'n groot getal nie eers bewus is van die bestaan van sekere van die amptelike stukke of die inhoud daarvan nie (vgl. vraag 10, bylae C, tabel 5.6, vraag 31, bylae C, par. 5.3.4, 5.3.2.5, tabel 5.9, par. 5.3.3.4 & 7.3.2).

7.4.4 AANBEVELING 4

Alle skoolhoofde behoort toe te sien dat daar 'n gesondheid-en-veiligheidsbeleid deur die adjunkhoof, departementshoof en werkwinkelopvoeders opgestel word. Die beleid het die spesifieke doel om die gesondheid en veiligheid in die skoolwerkwinkel te bevorder. Hierdie beleid behoort dan in samewerking met die skoolhoof in die skoolbeleid en die vakbeleide opgeneem te word. Die adjunkhoof, departementshoof en/of werkwinkelopvoeders verantwoordelik vir die skool se werkwinkels behoort verder toe te sien dat dié beleid sowel as die beleid, soos dit vervat is in departementele stukke en toepaslike wetgewing, nougeset uitgevoer word (vgl. par. 6.4.4.1 iii, fig. 6.4, par. 5.3.2.5, tabel 5.9, par. 5.3.3.4, 7.3.1 & 7.3.2).

Hoewel dit uit die empiriese ondersoek geblyk het dat die grootste meerderheid van mening is dat hulle voldoende ingelig is maar dit het geblyk dat 'n groot getal nie eers bewus is van die bestaan van sekere van die amptelike stukke of die inhoud daarvan nie (vgl. vraag 10, bylae C, tabel 5.6, vraag 31, bylae C, par. 5.3.4, 5.3.2.5, tabel 5.9, par. 5.3.3.4 & 7.3.2).

7.4.5 AANBEVELING 5

Die werkwinkelopvoeder behoort toe te sien dat die leerders in die skoolwerkwinkel, ingelig word oor alle relevante gesondheid-en-veiligheidsaspekte en die gesondheid-en-veiligheidsbeleid. Werkwinkelopvoeders is verder verantwoordelik dat die leerders wat onder hulle toesig geplaas is, die toepaslike gesondheid-en-veiligheidsaspekte en die gesondheid-en-veiligheidsbeleid nougeset uitvoer (vgl. par. 6.4.5 & fig. 6.6).

Die relevante gesondheid-en-veiligheidsaspekte van die betrokke vakke kan moontlik in die kurrikulum van die vakke opgeneem word (vgl. par. 6.4.4.1 iii, fig. 6.4).

7.4.6 AANBEVELING 6

Daar behoort samewerking te wees tussen skole en die gesondheid-en-

veiligheidsinspektoraat van die Departement van Arbeid. 'n Gesondheid-en-veiligheidsinspekteur kan genooi word om op 'n gereelde grondslag lesings oor die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid*, die betrokke regulasies en die toepassing daarvan aan te bied. Hulle kan ook op 'n gereelde basis die skoolwerkwinkels besoek en aanbevelings maak ten opsigte van die verbetering van die gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls in die skoolwerkwinkel (vgl. par. 5.3.3.4, 6.4.4.1 iii, fig 6.4).

Deur die aanbied van lesings kan werkwinkelopvoeders se kennis oor gesondheid-en-veiligheidsbestuur verbeter word. Dit kan ook 'n groter gesondheid-en-veiligheidsbewustheid by die opvoeder kweek (vgl. par. 5.3.3.4 & 7.4.1).

7.4.7 AANBEVELING 7

Wanneer die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees die gesondheid-en-veiligheidsbeleid opstel, behoort hulle die moontlikheid te ondersoek om die beleid in die vorm van 'n stel regulasies van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* op te stel. Ingevolge artikel 43 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* kan die minister regulasies uitvaardig rakende enige aangeleentheid wat volgens die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* beter of verder omskryf moet word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 xiii & par 7.4.1). Die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees behoort in samewerking met die gesondheid-en-veiligheidsinspektoraat van die Departement van Arbeid van die betrokke minister deur middel van onderhandeling die nodige toestemming te verkry (vgl. par. 6.4.4.1 ii, fig. 6.4).

7.4.8 AANBEVELING 8

Die volgende artikels en regulasies van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* behoort gewysig te word en in die gesondheid-en-veiligheidsbeleid van die skoolwerkwinkel opgeneem te word om dit beter van toepassing te maak op die skoolwerkwinkel (vgl. par. 6.4.4.1 ii, fig. 6.4, par. 7.3.1 & 7.4.7):

- Artikel 17 (1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* vereis dat daar gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aangestel word deur die werkgever indien daar meer as twintig werknemers by enige werkplek in diens is (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vii). Indien die woord "**werknemers**" in hierdie artikel met die woord "**leerders en opvoeders**" vervang word, sal dit 'n beter verspreiding van gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers in die skoolwerkwinkel bewerkstellig (vgl. par. 7.3.1).
- Artikel 17 (5) skryf die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir 'n werkplek voor. In die geval van winkels en kantore, moet daar ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 100 werknemers, of gedeelte daarvan wees. In die geval van alle ander werkplekke, soos werkwinkels, moet daar ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 50 werknemers, of gedeelte daarvan wees (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.2.5 vii). Indien die woord "**werknemers**" ook in hierdie artikel met die woord "**leerders en opvoeders**" vervang word, sal dit 'n beter verspreiding van gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers in die skool en skoolwerkwinkel bewerkstellig (vgl. par. 7.3.1).
- Regulasie 3 (4) van die *Algemene Veiligheidsregulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat indien daar meer as tien werknemers by 'n werkplek in diens is, moet die werkgever sorg dat daar vir elke van 50 werknemers minstens een noodhulpwerker gereedlik beskikbaar moet wees. Die noodhulpwerker moet in besit wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.7 ii). Indien die woord "**werknemers**" ook in hierdie artikel met die woord "**leerders en opvoeders**" vervang word, sal dit 'n beter verspreiding van gekwalifiseerde noodhulpwerkers in die skool en skoolwerkwinkel bewerkstellig (vgl. par. 7.3.1).

Hierdie wysigings aan bestaande artikels en regulasies van die *Wet op*

Beroepsgesondheid en Veiligheid behoort die toepaslikheid van hierdie wetgewing dramaties te verhoog.

7.4.9 AANBEVELING 9

Regulasie 2 (1) van die *Algemene Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* maak voorsiening vir die skriftelike aanstelling van 'n bevoegde persoon vir elke perseel om toesig te hou oor die veilige gebruik van masjinerie (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 ii). Ten einde te verseker dat die bepalings van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en hierdie Regulasies met betrekking tot masjinerie nagekom word, moet die Departement van Onderwys volgens subregulasie (1) 'n persoon in 'n voltydse hoedanigheid aanstel ten opsigte van **elke** skool met skoolwerkinkels waarin masjinerie gebruik word. Die persoon moet dan toesig hou oor die veilige gebruik en instandhouding van die masjinerie. Ondanks die bepalings van subregulasies (3), (4) en (5), kan die hoofinspekteur, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplaë, die Departement van Onderwys toelaat om 'n persoon, wat oor 'n ander kwalifikasie as die van 'n bevoegde persoon beskik, ingevolge subregulasie (1) aanwys om toesig te hou oor die gebruik en instandhouding van die masjinerie van die skole met skoolwerkinkels (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 ii). Ingevolge subregulasie (8) kan 'n bevoegde persoon, behalwe met die goedkeuring van die inspekteur, slegs by een skool se skoolwerkinkels aangewys word, ingevolge subregulasie (1) of (7), om toesig te hou oor die gebruik en instandhouding van masjinerie (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 ii). Subregulasie (11) bepaal dat die Departement van Onderwys as werkgewer van skole met skoolwerkinkels waarin daar masjinerie is, aansoek doen om vrystelling van die bepalings van hierdie regulasie. Kragtens artikel 40 van die Wet moet die volgende besonderhede aan die minister verstrek word:

- die gronde vir die aansoek;
- die getal werkwinkelopvoeders wat in die skoolwerkinkels opleiding gee en die getal leerders wat opleiding ontvang;
- die aard van die opleiding wat gegee word;

- die getal en die tipe voorvalle wat gedurende die voorafgaande drie jaar ten opsigte van die skoolwerkwinkels ingevolge artikel 17 (1) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aangemeld is;
- die veiligheidsbestuurstelsel wat ten opsigte van die skoolwerkwinkels in bedryf is; en
- enige ander besonderhede wat die hoofinspekteur verlang (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 ii).

Om aan die vereistes van hierdie regulasie te voldoen, sal 'n geweldige finansiële las op die Departement van Onderwys plaas, wat sal veroorsaak dat Tegniese Onderwys nog meer onbekostigbaar sal raak. As daar streng volgens die voorskrifte van hierdie regulasie gehandel word, beteken dit dat die Departement van Onderwys, of die beheerliggaam van 'n skool met 'n skoolwerkwinkel waarin daar masjinerie gebruik word, vir elke sodanige skoolwerkwinkel 'n bevoegde persoon in 'n voltydse hoedanigheid moet aanstel.

Dit sal dus vir die Departement van Onderwys raadsaam wees om by die inspekteur aansoek te doen om ingevolge subregulasie (8) een bevoegde persoon aan te stel om toesig te hou oor die gebruik en instandhouding van die masjinerie van 'n aantal skole met skoolwerkwinkels waarin daar masjinerie gebruik word (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.6 ii). Die aantal skole wat deur een bevoegde persoon bedien behoort te word, kan deur die inspekteur bepaal word. Die Departement van Onderwys kan verder ingevolge subregulasie (11) en artikel 40 van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* aansoek doen om vrystelling van hierdie regulasie (RSA, 1993/85). In die belang van die werkwinkelopvoeders en leerders se veiligheid, sou dit nie raadsaam wees om vrystelling van die regulasie te verkry nie.

Slegs 17,86% van die respondente se skole het aangetoon dat hulle wel so 'n bevoegde persoon voltyds op die perseel beskikbaar het (vgl. vraag 28, bylae C, tabel 5.22 & par. 7.3.2).

7.4.10 AANBEVELING 10

Regulasie 3 (4) van die *Algemene Veiligheidsregulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* bepaal dat indien daar meer as tien werknemers by 'n werkplek in diens is, moet die werkgever sorg dat daar vir elke 50 werknemers minstens een noodhulpwerker gereedlik beskikbaar is. Die noodhulpwerker moet in besit wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.7 ii).

Hierdie regulasie kan 'n groot finansiële las vir 'n skool en/of vir die Departement van Onderwys wees. Baie van die skole sal nie hierdie finansiële verpligting kan nakom nie. Om genoeg opvoeders in die skool te kry wat as noodhulpwerkers opgelei kan word, kan ook in sekere skole 'n probleem wees (vgl. bylae C, vraag 25 & tabel 5.20).

Die Departement van Onderwys behoort 'n voltydse persoon aan te stel wat gekwalifiseerd is om noodhulpwerkers op te lei. Hierdie beampte moet dan deur die provinsie beweeg en kursusse vir noodhulpwerkers aanbied om te sorg dat alle skole in die provinsie voortdurend oor genoeg gekwalifiseerde noodhulpwerkers beskik.

Skole behoort hulle noodhulpspanne so saam te stel dat dit uit opvoeders sowel as leerders bestaan. Die moontlikheid om senior leerders op te lei as noodhulpwerkers behoort dus oorweeg te word.

'n Skrale 10,72% van die respondente se skole het aan die minimum vereistes van hierdie regulasie voldoen (vgl. bylae C, vraag 25, tabel 5.20 & par. 7.3.2).

7.4.11 AANBEVELING 11

Die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee behoort toe te sien dat daar voorbeelde van die volgende dokumente in die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkinkels is:

- 'n Register waarin die volle besonderhede van prestasietoetse, veranderings of herstelwerk aangeteken word wat aan die hystoestelle gedoen is (RSA, 1993/85, par. 2.3.3.1 ix & 7.3.2). Slegs 32,14% van die respondente het aangetoon dat hulle skole wel oor bogenoemde register beskik (vgl. vraag 28, bylae C, tabel 5.22 & par. 7.3.2).
- 'n Register waarin alle voorvalle in die skoolwerkwinkel aangeteken word (RSA, 1993/85, par. 2.3.3.5 iv & par. 7.3.2). Daar is 58,93% van die respondente wat aangetoon het dat hulle skole oor sodanige register beskik (vgl. vraag 28, bylae C, tabel 5.22 & par. 7.3.2).
- 'n Register waarin die resultate van inspeksies, toetse, veranderings en/of herstelwerk aangeteken word wat aan houters onder druk (kompressors gedoen is (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.8 ix & 7.3.2). Slegs 32,14% van die respondente het aangetoon dat hulle skole oor sodanige register beskik (vgl. vraag 28, bylae C, tabel 5.22 & par. 7.3.2).

7.4.12 AANBEVELING 12

Die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees behoort indiensopleidingsprogramme te ontwikkel en aan te bied waar werkwinkelopvoeders blootstelling gegee word aan die toepassing van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* in die nywerheid (vgl. vraag 4, bylae C, tabel 5.3, par. 5.3.3.4 & 7.3.2).

Die oorgrote meerderheid van die respondente (83,93%) beskik slegs oor onderwyskwalifikasies en het geen ambagskwalifikasie of kwalifikasie uit die nywerheid nie (vgl. vraag 4, bylae C, tabel 5.3, par. 5.3.3.4 & 7.3.2).

7.4.13 AANBEVELING 13

Die nasionale gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels wat deur die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees opgestel word, behoort onder andere aan die volgende aandag te gee (vgl. par. 6.4.4.1 ii, 6.4.4.1 iii, fig. 6.4, par. 6.4.4.2 ii & fig. 6.5):

- skole moet ingevolge regulasie 8 van die *Algemene Administratiewe Regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* noukeurig rekord hou van alle ongelukke wat in die skoolwerkwinkel plaasvind met die doel om 'n herhaling daarvan te voorkom (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.5 iv). 'n Voorbeeld van sodanige rekordhouding behoort in die gesondheid-en-veiligheidsbeleid vir skoolwerkwinkels opgeneem te word (vgl. par. 7.3.2). Slegs 57,14% van die respondente se skole hou noukeurige rekords van alle ongelukke wat in die skoolwerkwinkel plaasvind met die doel om 'n herhaling van so 'n ongeluk te probeer voorkom (vgl. vraag 13, bylae C, tabel 5.7, vraag 28, bylae C, tabel 5.22 & par. 7.3.2);
- gesondheid-en-veiligheidskomitees van skole moet ingevolge artikel 19 (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* minstens kwartaalliks vergader (RSA, 1993/85, vgl. par. 7.3.2). Slegs 42,86% van die respondente het aangetoon dat die gesondheid-en-veiligheidskomitees in hulle skole minstens kwartaalliks vergader (vgl. vraag 21, bylae C, tabel 5.16 & par. 7.3.2);
- dat die skoolhoof as hoof-uitvoerende beampte by die skool behoort op te tree, soos voorgeskryf deur artikel 16 (2) en (4) van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. par. 7.3.2). Slegs 37,50% van die respondente het aangetoon dat die skoolhoof by hulle skole wel as hoof-uitvoerende beampte optree (vgl. vraag 22, bylae C, tabel 5.17 & par. 7.3.2);
- 'n hystoestel behoort halfjaarliks en jaarliks versien en nagegaan te word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel, soos voorgeskryf deur regulasie 18 (5) en (6) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. par. 7.3.2). Slegs 14,29% van die respondente het aangetoon dat die hystoestelle by hulle skole halfjaarliks en jaarliks versien en nagegaan word (vgl. vraag 23, bylae C, tabel 5.18 & par. 7.3.2);
- die drukhouers van kompressors moet driejaarliks aan interne en eksterne

toetse onderwerp word soos dit deur regulasie 13 (1) (a) en (b) van die *Houers Onder Druk-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf word (RSA, 1993/85, vgl. par. 7.3.2). Slegs 3,57% van die respondente het aangetoon dat die drukhouer(s) van die kompressors by hulle skole driejaarliks aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp word (vgl. vraag 24, bylae C, tabel 5.19 & par. 7.3.2).

7.4.14 AANBEVELING 14

Die nasionale en provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitees behoort in samewerking met 'n onderwysregskundige indiensopleidingsprogramme te ontwikkel en aan te bied waartydens werkwinkelopvoeders blootstelling gegee word aan die teorie en die toepassing van die gemeenregtelike en statutêre determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder in die skoolwerkwinkel (vgl. par. 5.3.2.5, tabel 5.9, par. 5.3.3.2, tabel 5.13, par. 5.3.3.4, 6.4.4.1 i, 6.4.4.1 ii, 6.4.4.1 iii, fig. 6.4, par. 6.4.4.2 i, 6.4.4.2 ii, fig. 6.5 & par. 7.3.2).

Die meerderheid (51,02%) van die respondente is nie behoorlik op hoogte van die vereistes van deliktuele aanspreeklikheid (vgl. par. 3.5 & 4.3) en watter tipe eise (vgl. par. 3.5.2.5 & 4.3) moontlik toegestaan kan word nie. (vgl. vrae 16, 17 - 18 & 30, bylae C, tabelle 5.11 -12 & 5.24 & par. 7.3.2).

Slegs 10,71% van die respondente kon 'n verband tussen die "redelike man" en leerderveiligheid aantoon (vgl. vraag 30, bylae C, tabel 5.24 & par. 7.3.2).

Spesiale aandag moet aan werkwinkelopvoeders uit histories benadeelde skole gegee word in die ontwikkeling van die indiensopleidingsprogramme (vgl. par. 5.3.3.5, tabel 5.25 & par. 7.3.2).

Die Departement van Onderwys behoort op tendergrondslag kontrakte aan te gaan met:

- 'n Geregistreeerde persoon of firma wat kennis en ervaring het van die oprigting en instandhouding van hystoestelle (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.1 ix & vraag 23, bylae C & tabel 5.18).
- 'n Goedgekeurde inspeksie-owerheid en/of 'n bevoegde persoon of firma wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers in die bedryf (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.8 xiii, vraag 24, bylae C & tabel 5.19).
- 'n Bevoegde persoon of firma wat geregistreer is om brandbestrydingstoerusting te diens en na te sien (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 v, vraag 29, bylae C & tabel 5.23).

Om aan bogenoemde regulasies te voldoen, kan groot finansiële eise aan skole stel aangesien die genoemde persone en firmas normaalweg slegs in groter stede beskikbaar is. Afgesien van die normale koste aan bogenoemde persone en firmas se dienste, moet hulle vervoer ook betaal word. Baie van die skole sal nie hierdie finansiële verpligtinge kan nakom nie. Die moontlikheid kan selfs ondersoek word om opvoeders as bevoegde persone op te lei maar die probleem wat kan ontstaan, is dat daar nie genoegsame opvoeders is wat ervaring van in die oprigting en instandhouding van hystoestelle en die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers in die bedryf het nie. In beide bogenoemde gevalle is ervaring 'n voorvereiste vir sodanige bevoegde persoon (RSA, 1993/85). Deur die persone op tendergrondslag te kontrakteer, kan die dienste op die Departement van Onderwys se koste aan skole voorsien word (vgl. vrae 23, 24 & 25, bylae C & tabelle 5.18, 5.19 & 5.23).

Slegs 14,29% van die respondente het aangetoon dat die hystoestelle by hulle skole halfjaarliks en jaarliks versien en nagegaan word, soos dit deur regulasie 18 (5) en (6) van die *Aangedrewe Masjinerie-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* voorgeskryf is (RSA, 1993/85, vgl. vraag 23, bylae C, tabel 5.18 & par. 7.3.2).

Slegs 3,57% van die respondente het aangetoon dat die drukhouer(s) van die kompressors by hulle skole driejaarliks aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp word, soos dit voorgeskryf deur regulasie 13 (1) (a) en (b) van die *Houers Onder Druk-regulasies* van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* (RSA, 1993/85, vgl. vraag 24, bylae C, tabel 5.19 & par. 7.3.2).

Slegs 44,64% van die respondente is blykbaar bewus daarvan dat die brandbestydingstoerusting van die skool jaarliks deur 'n bevoegde persoon gediens en nagesien behoort te word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou (RSA, 1993/85, vgl. par. 2.3.3.4 v, vraag 29, bylae C, tabel 5.23 & par. 7.3.2).

Die oorgrote meerderheid van die respondente (83,93%) beskik slegs oor onderwyskwalifikasies en geen ambagskwalifikasie of kwalifikasie uit die nywerheid nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid van die opvoeders nie oor ervaring in die nywerheid beskik nie. (vgl. vraag 4, bylae C, tabel 5.3 & par. 7.3.2).

7.4.16 AANBEVELING 16

Daar behoort 'n pos geskep te word vir 'n amptenaar wat as sameroeper van die nasionale gesondheid-en-veiligheidskomitee en koördineerder van nasionale gesondheid-en-veiligheidsbestuur in skoolwerkwinkels optree (vgl. par. 6.4.4.1 i & fig. 6.4). Daar behoort 'n pos in elke provinsie geskep te word vir 'n amptenaar wat as sameroeper van die provinsiale gesondheid-en-veiligheidskomitee en koördineerder van provinsiale gesondheid-en-veiligheidsbestuur in die skoolwerkwinkels optree (vgl. par. 6.4.4.2 i & fig. 6.5).

7.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Uit die bevindings wat hierdie navorsing opgelewer het, kan die volgende aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word:

- Alhoewel die werkwinkelopvoeders oor die algemeen bewus is van die

besondere gevare vir die leerder in die skoolwerkwinkel, weet hulle nie altyd hoe om die teorie en die praktyk bymekaar te bring nie. Dit sal daarom goed wees indien 'n indiensopleidingsprogram ten opsigte van leerdergesondheid-en-veiligheid in die skoolwerkwinkel ontwikkel kan word waar die teorie en die praktyk sinvol bymekaar uitgebring kan word.

- Dit lyk asof daar tans 'n leemte bestaan in die aanvanklike opleidingsprogramme van tersiêre inrigtings ten opsigte van die sorgsame toesighoudingsplig van die werkwinkelopvoeder met betrekking tot gezondheid-en-veiligheidsbestuur van die skoolwerkwinkel, soos dit vervat is in die vakbeleid, skoolbeleid, departementele stukke en toepaslike wetgewing. Verdere navorsing kan gedoen word om te bevestig of die aanname korrek is. Indien die aanname bevestig word, kan daar 'n opleidingsprogram ontwikkel word wat aan die besondere vereiste voldoen.
- Aangesien daar vanweë verskeie faktore, maar spesifiek vanweë ontoereikende beleid, onsekerheid bestaan oor gezondheid-en-veiligheid (wat spesifiek bedoel is vir die skoolwerkwinkel) kan sodanige beleid nagevors en opgestel word.
- 'n Daadwerklike poging moet aangewend word om werkwinkelopvoeders se onderwysregskennis en kwalifikasies te verbeter. Indiensopleidingsprogramme kan nagevors en ontwikkel word om in hierdie behoefte te voorsien. Hierdie indiensopleidingsprogramme moet daarop gemik wees om die teorie en die praktyk bymekaar uit te bring.
- Die statutêre en gemeenregtelike determinante vir die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder met betrekking tot gezondheid-en-veiligheidsbestuur van die volgende areas verg nog baie aandag:
 - Wetenskap- en Biologieselaboratoriums,
 - die skool- en sportterrein in al hul fasette.'n Daadwerklike poging behoort aangewend te word om navorsing op hierdie terreine te doen met die doel om 'n algemene beleid vir gezondheid-en-veiligheidsbestuur in skole daar te stel.

7.6 SLOTOPMERKINGS

Dit het uit die studie duidelik geword dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van gesondheid-en-veiligheidsbeleid wat spesifiek aan die behoefte van die skoolwerkwinkel voldoen. Van die werkwinkelopvoeders het hulle eie beleid en/of maatreëls daargestel, maar dit word nie in skole afgedwing nie. Dit het tot gevolg dat die leerders wat in die skoolwerkwinkel opleiding ontvang, onnodig aan moontlike beserings blootgestel word. Werkwinkelopvoeders word ook as gevolg hiervan onnodig aan moontlike siviele eise blootgestel. Daar sal spoedig aandag aan 'n gesondheid-en-veiligheidsbeleid, wat spesifiek vir skoolwerkwinkels bedoel is, gegee moet word. Hierdie gesondheid-en-veiligheidsbeleid moet deur wetgewing, regulasies en ondergeskikte wetgewing afgedwing word. Verder sal hierdie probleem in die aanvanklike opleiding van werkwinkelopvoeders en by dié wat reeds praktiseer, aandag moet geniet. Daar word ten slotte aanbeveel dat die model wat in hierdie studie ontwikkel is, so spoedig moontlik in al die provinsiale onderwysdepartemente geïmplementeer word. Op so 'n wyse kan die gesondheid-en-veiligheid in skoolwerkwinkels dramaties verbeter.

BIBLIOGRAFIE

ADAMS, N. 1984. Law and teacher's today. 2nd ed. Johannesburg : Hutchinson. 285 p.

ALEXANDER, K. & ALEXANDER, M.D. 1992. American public school law. 3rd ed. St. Paul, Minn. : West. 880 p.

ANASTASI, A. 1988. Psychological testing. 6th ed. New York : Macmillan. 817 p.

BARREL, G.R. 1970. Legal cases for teachers. London : Methuen. 430 p.

BARREL, G.R. & PARTINGTON, J.A. 1985. Teachers and the law. 6th ed. London : Methuen. 704 p.

BECKMANN, J.L. 1989. The duty of care of the teacher. (*In Bondesio, M.J. et al. The teaching profession: legal requirements. Pretoria : Van der Walt. p. 49-74.*)

BOTHA, C.J. 1996. Statutory interpretation: an introduction for students. Kenwyn : Juta. 191 p.

BOTHA, P. 1998. The teacher as caring supervisor. (*In Oosthuizen, I.J., ed. Aspects of educational law. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik. p. 71-85.*)

BRAY, W., VAN WYK, J.G. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Regspraak oor die onderwys. Durban : Butterworths. 122 p.

BRINK, B. du P. 1994. Keuring van student-onderwysers: Bloemfonteinse Onderwyskollege. *Die Vrystaatse onderwyser*, 84(7/7): 18, Jun. / Jul.

BROWN, K.G. & WILLIAMS, P.W. 1994. Casebook for law relating to education in Western Australia. 5th ed. Perth : Curtin University of Technology. School of Business Law. 427 p.

COHEN, J. 1977. Statistical power analysis for the behavioral sciences. Rev. ed. New York : Academic Press. 474 p.

COMMITTEE ON TEACHER EDUCATION POLICY. 1994. Norms and standards and governance structures for teacher education: discussion document. [South Africa] : Committee on teacher education policy.

COTEP

kyk

COMMITTEE ON TEACHER EDUCATION POLICY.

CRONJE, D.S.P. 1994. Die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg. 3de uitg. Durban : Butterworths. 372 p.

DARLOW, S. & LOUW, J. 1997. Explaining the Occupational Health and Safety Act: the legislature's interpretation. Pretoria : Kagiso Tertiary. 233 p.

DE WAAL, E. 1994. Die regte van die leerling as regsobjek. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M. Ed.) 150 p.

ELS, P.L. 1994. Sorgsame toesighouding van die werkswinkelonderwyser ten opsigte van leerlingveiligheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.) 97 p.

ELS, P.L. & OOSTHUIZEN, I.J. 1995. Sorgsame toesighouding van die werkswinkelonderwyser ten opsigte van leerlingveiligheid. *Tydskrif vir primêre onderwys*, 11:26-35.

ERASMUS, B.J. 1994. Die vraelys as instrument om opleidingsbehoefte te bepaal. *Lyra Academia*, 9(1):49-62.

GIORDANO, F.R. & WEIR, M.D. 1985. A first course in mathematical modeling. Monterey, Calif. : Brooks / Cole. 382 p.

Grondwet

kyk

SUID-AFRIKA. 1996.

HAT

kyk

ODENDAL, F.F., red.

HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1986. Drietalige regswoordeboek: Engels-Afrikaans, Latyn-Afrikaans-Engels, Afrikaans-Engels. Kaapstad : Juta. 502 p.

HIRSHBERG, P. 1994. The college's emerging duty to supervise students: *In Loco Parentis* in the 1990s. *Washington University journal of urban and contemporaray law*, 46:189-223.

HOFVERSLAE

Broom and Another v The Administrator, Natal 1966 (3) SA 505 (D)

Knouws v Administrateur, Kaap 1981 (1) SA 544 (K)

Peter Wyntkwa v Minister of Education and Another 2002. case 4168/199 (C)

Rusere v The Jesuit Fathers 1970 (4) SA 537 (RSC)

HOSTEN, W.J. et. al. 1995. Introduction to South African law and legal theory. Durban : Butterworths. 1427 p.

JONKER, I. 1997. Skool, LUR moet leerling vergoed wat verlam is by swembad. *Beeld*:6, 4 Mei.

JONKER, M.P. 1990. 'n Konseptuele model vir 'n rekenaargebaseerde bestuursinligtingstelsel vir die topbestuur van 'n onderwyskollege. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.) 166 p.

JONKER, M.P. 1994. 'n Bestuursinligtingstelsel vir 'n staatsondersteunde skool. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Phil.)

JOUBERT, H.J. & PRINSLOO, I.J. 2001. Education law: a practical guide for educators. Pretoria : Van Schaik. 296 p.

KACHELHOFFER, P.M. 1994. Minimum kriteria vir onderwysersopleiding in Suid-Afrika. (Lesing gelewer op 14 Januarie 1994 tydens die Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika se kongres by die Universiteit Stellenbosch.) Stellenbosch. (Ongepubliseer.)

KHAN, A.N. & WILLIAMS, P. 1993. The liability in negligence of teachers and schools in Australia. *Education and the law*, 5(3):155-163.

KOCH, G.I.J. 1994. 'n Bestuursopleidingsmodel gerig op die indiensneming van lektore aan tegniese kolleges. Johannesburg : RAU. (Proefskrif - D.Ed.)

KRIEL, L.L.R. 1996. 'n Model vir onderwysprofessionaliteit in 'n veranderde Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.) 276 p.

KRUGER, J.G. & CALITZ, L.P. 1992. Toesig en beheer oor leerlinge tydens opvoedkundige toere: 'n juridiese perspektief. *South African journal of education*, 12(2):152-157, May.

- KRUGER, N. 1997. 'n Model vir veiligheidsbestuur in die elektrisiënswerksentrum in skole. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.) 146 p.
- LANDMAN, W.A., red. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban : Butterworth. 441 p.
- LOMBARD, H.S. 1993. Die "*in loco parentis*"-posisie van die onderwyser. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.)
- LOOTS, Z.B. 1991. Die onderwyser as professie. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Die beginneronderwyser: 'n bestuursmatige-juridiese perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat D130/91, p. 13-34.)
- MOUTON, J. & MARAIS, H.S. 1990. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing).
- NEETHLING, J., POTGIETER, J.M. & VISSER, P.J. 1996. Deliktereg. 3de uitg. Durban : Butterworths. 431 p.
- NOORDWES, 1998. Noordwes Onderwyswet vir Skole, no. 3 van 1998. Pretoria : Staatsdrukker.
- ODENDAL, F.F., red. 1994. HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor. 1296 p.
- OOSTHUIZEN, I.J., BOTHA, P., FERREIRA, G.M., MENTZ, P.J., OOSTHUIZEN, L. & VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1993. Onderwysreg. Potchefstroom : PU vir CHO. 217 p.
- OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Die werkwinkelonderwyser en die wet. *Veiligheidsbestuur*, 5(5):35, Aug.

OOSTHUIZEN, I.J. 1992. Die onderwyser en die leerling. (In Van der Westhuizen, P.C. *et al.* 1992. Die beginner-onderwyser: 'n bestuursmatig-juridiese perspektief. Durban : Butterworths. p. 71-108.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1994. The teacher's duty of care as a legal risk in South African schools. (Referaat gelewer by die Anzels kongres in Brisbane, Australië gedurende Julie 1994.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1998a. Case law. (In Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. Pretoria : Van Schaik. p. 51-56.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1998b. Common law. (In Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. Pretoria : Van Schaik. p. 43-50.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1998c. Legislation. (In Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. Pretoria : Van Schaik. p. 20-42.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1998d. The educator and the learner. (In Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of educational law. Pretoria : Van Schaik. p. 59-64).

OOSTHUIZEN, I.J. & ROSSOW, L. 1998. The evolution of the South African - American viewpoints on the *in loco parentis* position of the teacher. *Australia and New Zealand journal of law and education*, 3(1):91-101.

OOSTHUIZEN, J.J. 1992. Die aanspreeklikheid van die onderwyser as 'n toesighouer by die skool se buitemuurse aktiwiteite. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M. Ed.) 103 p.

OOSTHUIZEN, L. & OOSTHUIZEN, I.J. 1994. Wetgewing. (In Oosthuizen, I.J., *red.* Onderwysaspekte vir onderwysbestuur. Pretoria : Van Schaik. p. 20-40.)

OOSTHUIZEN, I.J. & VAN DER WALT, J.L. 1998. A legal and philosophical perspective on the in loco parentis position of teachers. *Koers*. 63(1/2):89-99, Apr. / Jun.

PIENAAR, A. 1997. Teëlgooiery kos skool, leerling R92 500. *Beeld*:17, 3 Apr.

RADEMEYER, R. 1995. Hoërskool moet R40 000 aan leerling betaal. *Beeld* :6, 26 Apr.

ROBINSON, J.A., ed. 1997. The law of children and young persons in South Africa. Durban : Butterworths. 385 p.

RSA

kyk

SUID-AFRIKA.

SAS INSTITUTE. 1996. The SAS System for Windows: release 6.12. Cary, NC : SAS Institute.

STEENKAMP, W. 1985. Leerlingveiligheid: bestuursimplikasies vir die skool. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling - M. Ed.) 178 p.

STEWART, D.J. & KNOTT, A.E. 2002. Schools, courses and the law: managing student welfare. Frenchs Forest, NSW : Prentice Hall.

STRACHAN, R.D. & TURNER, L.C. 1987. The courts and the school. New York : Longman.

SUID-AFRIKA. 1956. Wet op Verdeling van Skadevergoeding, no. 34 van 1956. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1993. Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, no. 85 van 1993. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996a. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 108 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996b. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, no. 27 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker

SUID-AFRIKA. 1996c. Suid-Afrikaanse Sskolewet, no. 84 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1998. Wet op Indiensneming van Opvoeders, no. 76 van 1998. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2000. Wysigingswet op Onderwyswette, no. 53 van 2000. Pretoria : Staatsdrukker.

TEMPELHOFF, E. 1998. Man (21) kry byna R2 m. ná ongeluk by skool. *Beeld*:21, 2 Feb.

TOD

kyk

TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993a. Omsendbrief 19 van 1993. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993b. Omsendbrief 35 van 1993. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993c. Handleiding vir algemene skool-organisasie. Pretoria.

- UNITED NATIONS. 1989. Convention of the rights of the child. New York : United Nations.
- VAN DER VYVER, J.D. & JOUBERT, D.J. 1991. Persone- en familiereg. Kaapstad : Juta. 738 p.
- VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1992. Navorsingsmetodologie vir onderwysbestuur. Potchefstroom. (M.Ed.-klasaantekeninge.)
- VAN HEERDEN, F.J. & CROSBY, A.C. 1996. Uitleg van wette. Durban : Butterworth. 100 p.
- VAN OOSTEN, F.F.W. & LOUW, A.S. 1997. Children, young persons and the criminal law. (In Robinson, J.A., ed. The law of children and young persons in South Africa. Durban : Butterworths. p. 119-160.)
- VAN WYK, J.G. 1986. Die bronne van onderwysreg. (In Badenhorst, D.C., red. Skoolbestuur: die rol en taak van die onderwyser. Pretoria : HAUM Opvoedkundige Uitgewers. p. 128-139.)
- VAN WYK, J.G. 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. 2de hers. uit. Pretoria : Academica. 144 p.
- VERMAAK, P. 1999. 'n Model vir die nieformele bestuursontwikkeling van die bestuursplan van sekondêre skole. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.) 277 p.
- WETTE
kyk
SUID-AFRIKA.
- WOLF, A. 1989. Can competence and knowledge mix? (In Burke, J.W., ed. Competency based education and training. London : Falmer Press.

WORKSAFE WESTERN AUSTRALIA. 1996. Making the workplace safe, Occupational Safety and Health Laws. [Beschikbaar op Internet] <http://www.wt.com.au/safetyline> [Datum van gebruik: 22 April 2002].

WORKSAFE WESTERN AUSTRALIA. 1997a. Occupational Safety and Health Act 1984. [Beschikbaar op Internet:] <http://www.wt.com.au/safetyline> [Datum van gebruik: 22 April 2002].

WORKSAFE WESTERN AUSTRALIA. 1997b. Occupational Safety and Health Regulations 1996. [Beschikbaar op Internet] <http://www.wt.com.au/safetyline> [Datum van gebruik: 22 April 2002].

BYLAE A

**BRIEF AAN: SUPERINTENDENT-GENERAAL,
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS,
NOORDWES PROVINSIE**

Tel: 018 - 6324636
Cell: 082 - 8203984
Faks: 018 - 6322234
e-mail: nicokrug@netactive.co.za

7 Suster street
Lichtenburg
2740
28 August 2002

Dr A.M. Karodia
Superintendent-General
Department of Education
North West Province
Private Bag X2044
Mmabatho
2735

Dear Dr Karodia

PERMISSION TO CIRCULATE A QUESTIONNAIRE

Hereby I ask for permission to circulate a questionnaire to all secondary schools offering technical subjects. The questionnaire must be completed by the Head of the Department or Subject Head responsible for technical subjects in the school.

The aim of the questionnaire is to obtain information about learner safety in school workshops in order to develop a model for safety management in school workshops. The information is needed for the completion of a Ph. D. at the Potchefstroom University for Christian Higher Education.

Your approval will be highly appreciated.

Thanking you in advance.

Yours faithfully



Nico Kruger

P.S. Enclosed is a copy of the questionnaire as well as a copy of the accompanying letter to the principals.

BYLAE B

**TOESTEMMINGSBRIEF VAN: SUPERINTENDENT-GENERAAL,
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS,
NOORDWES PROVINSIE**



NORTH WEST PROVINCE

Department of Education

Lefapha La Thuto

Departement van Onderwys

1st Floor
Garcia Building
Mmabatho

Private Bag X2044
Mmabatho 2735

Tel: (+2718) 387 3429/3404

Fax: (+2718) 387 3430

e-mail: zwane@nwp.gov.za

OFFICE OF THE SUPERINTENDENT-GENERAL

FACSIMILE TRANSMITTAL SHEET

TO:	Mr Nico Kruger	FROM:	Dr A M Karodia
COMPANY:		DATE:	30/08/2002
FAX NUMBER:	(018) 632 2234	TOTAL NO. OF PAGES INCLUDING COVER:	1
PHONE NUMBER:	(018) 632 4636	SENDER'S REFERENCE NUMBER:	Vm
RE:	PERMISSION TO CIRCULATE A QUESTIONNAIRE		
COPY(ES) TO:			

☐ URGENT ☐ FOR REVIEW ☐ PLEASE COMMENT ☐ PLEASE REPLY ☐ PLEASE RECYCLE

Dear Mr Kruger

I acknowledge receipt of your correspondence dated 28 August 2002. Permission is hereby granted for you to distribute your questionnaire to all secondary schools offering technical subjects.

I welcome the questionnaire and the topic that you have chosen for your Ph. D studies at Potchefstroom University.

This permission is granted with the following provisos

1. After completion of your Ph. D this Department will be provided with a copy of the entire manuscript together with the results of the survey.
2. There will be NO disruption of the academic programme.
3. Results may not be published without prior permission of the Head of Department

I take this opportunity to wish you well

Thanking you.

Yours sincerely

BRIANIS MAHOMED KARODIA
SUPERINTENDENT GENERAL

BYLAE C

VRAELYS

Tel: 018 - 6324636
Sel: 082 - 8203984

Susterstr. 7
Lichtenburg
2740
28 Augustus 2002

Geagte Skoolhoof

VRAELYS: VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL


U word vriendelik versoek om die meegaande vraelys en terugsendingkoevert aan die departementshoof of vakhoof verantwoordelik vir tegniese vakke in u skool te oorhandig vir beantwoording. Dit behoort nie meer as twintig minute te neem nie.

Skriftelike toestemming is van die Departement van Onderwys verkry vir die sirkulering van hierdie vraelys. Indien u 'n afskrif daarvan verlang, kan dit op versoek aan u gestuur word.

Die vraelys moet my asseblief nie later as 20 September 2002 bereik nie.

Dankie vir u goedgunstige samewerking in verband met hierdie belangrike saak.

Die uwe



Nico Kruger

VRAELYS

U word versoek om asseblief die onderstaande vraelys te voltooi. Dit behoort nie langer as 20 minute in beslag te neem nie. U moet asseblief nie u naam op enige van die bladsye verstrek nie, aangesien die inligting slegs vir navorsingsdoeleindes benodig word en as vertroulik beskou word. Die nommer van die vraelys word slegs vir kontroledoeleindes gebruik.

- Voltooi die vrae deur slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.

AFDELING A: BIOGRAFIESE GEGEWENS

1. Pos wat u beklee:			
	Skoolhoof		1
	Adjunkhoof		2
	Departementshoof		3
	Opvoeder		4

2. Ervaring as werkwinkelopvoeder:			
	0 -3 jaar		1
	4 - 8 jaar		2
	9 -12 jaar		3
	Meer as 12 jaar		4

3.	Wat is volgens u die hoogste kursus/kwalifikasie wat u bygewoon/behaal het in Onderwysreg (maak slegs een keuse)?		
3.1	Kursus bygewoon		1
3.2	VDO in Onderwysbestuur		2
3.3	B.Ed. met Onderwysreg as vakke		3
3.4	M.Ed. met Onderwysreg as vak(ke)		4
3.5	Geen		5

4.	Hoogste kwalifikasie (maak slegs een keuse):		
4.1	Gekwalifiseerde ambagsman met N3		1
4.2	Gekwalifiseerde ambagsman met N3 en 'n onderwysdiploma		2
4.3	Gekwalifiseerde ambagsman met N3, onderwysdiploma en 'n Baccalareusgraad		3
4.4	Gekwalifiseerde ambagsman met N3, onderwysdiploma en 'n nagraadse kwalifikasie		4
4.5	Onderwysdiploma (3 of 4 jaar)		5
4.6	Onderwysdiploma (3 of 4 jaar) met een of meer VDO's		6
4.7	Baccalareusgraad met onderwysdiploma		7
4.8	Nagraadse kwalifikasie met onderwysdiploma		8

AFDELING B: VEILIGHEIDSDETERMINANTE IN DIE SKOOLWERKWINKEL

5.	Aantal leerders wat per jaar in die skoolwerkwinkel/s onderrig en opgelei word?		
	Minder as 50		1
	50 - 99		2
	100 - 149		3
	150 - 199		4
	Meer as 199		5

6. Hoeveel leerders is die afgelope drie jaar in die skoolwerkwinkel/s beseer?		
Geen	☐	1
Minder as 10	☐	2
11 - 15	☐	3
16 - 20	☐	4
Meer as 20	☐	5

7. Spreek die interne vakbeleide van die tegniese vakke van u skool leerdereveiligheid aan?		
Ja	☐	1
Nee	☐	2

8. Word leerdereveiligheid in u skool se skoolbeleid aangespreek?		
Ja	☐	1
Nee	☐	2

9. Hoeveel skoolwerkwinkels is daar tans by u skool in bedryf?		
Geen	☐	1
1	☐	2
2	☐	3
3	☐	4
4	☐	5
5	☐	6
6 of meer	☐	7

- By die volgende vrae moet u u mening gee deur 'n kruisie te trek in die blokkie van u keuse.

Die nommers het die volgende betekenis:

1. Glad nie.
2. In 'n geringe mate.
3. In 'n meerdere mate.
4. Ten volle.

	GLAD NIE	GERINGE MATE	MEERDERE MATE	TEN VOLLE
10. Die mate waarin u vertrouwd is met die voorskrifte wat betrekking het op die veiligheid in die skoolwerkwinkel, soos vervat in:				
10.1 Die vakbeleid	1	2	3	4
10.2 Die skoolbeleid	1	2	3	4
10.3 Departementele stukke	1	2	3	4
10.4 Die toepaslike wetgewing	1	2	3	4
11. In watter mate voer u die voorskrifte noukeurig uit soos dit vervat is in beleidstukke, departementele handleidings en wetgewing?	1	2	3	4
12. Die mate waarin daar tydens u aanvanklike opleiding aandag gegee is aan die veiligheidsaspekte t.o.v. die skoolwerkwinkel soos vervat is in:				
12.1 Die vakbeleid	1	2	3	4
12.2 Die skoolbeleid	1	2	3	4
12.3 Departementele stukke	1	2	3	4
12.4 Die toepaslike wetgewing	1	2	3	4

	GLAD NIE	GERINGE MATE	MEERDERE MATE	TEN VOLLE
13. In watter mate word daar in die werkwinkel van u skool aan die volgende aandag gegee?				
13.1 Die implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leerderveiligheid.	1	2	3	4
13.2 Voorligting aan leerders t.o.v. leerderveiligheid	1	2	3	4
13.3 Die uitvoering van beleid met die klem op leerderveiligheid.	1	2	3	4
13.4 Die uitkenning van onveilige toestande in die skoolwerkwinkel.	1	2	3	4
13.5 Voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid.	1	2	3	4
13.6 Die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerders wat veiligheidsmaatreëls opsetlik oortree.	1	2	3	4
13.7 'n Noukeurige rekord van alle ongelukke met die doel om herhaling te voorkom.	1	2	3	4

14. Hoeveel werkwinkelopvoeders het verteenwoordiging in die gesondheid-en-veiligheidskomitee van u skool?		
Geen.		1
Een werkwinkelopvoeder vir al die skoolwerkwinkels.		2
Een werkwinkelopvoeder vir drie skoolwerkwinkels.		3
Een werkwinkelopvoeder vir twee skoolwerkwinkels.		4
Een werkwinkelopvoeder vir elke skoolwerkwinkel.		5

AFDELING C: GEE U MENING T.O.V. VEILIGHEIDSBESTUUR IN DIE SKOOLWERKWINKEL.

- Die nommers by die volgende vrae het die volgende betekenis:

- Ja.
- Nee.
- Soms.
- Onseker.

	JA	NEE	SOMS	ONSEKER
15. Om ontruiming van die skoolwerkwinkel in die geval van 'n brand te verseker, is dit nodig dat elke buitedeur van die skoolwerkwinkel:				
15.1 onbelemmerd gelaat word.	1	2	3	4
15.2 nie met 'n veiligheidshek afgesper word wanneer daar mense in die skoolwerkwinkel is nie.	1	2	3	4
15.3 die slot so gekonstrueer is dat dit maklik van binne af oopgemaak kan word.	1	2	3	4
16. In die geval van 'n besering van 'n leerder in die skoolwerkwinkel: Sal 'n leerder of sy ouers se eis om skadevergoeding teen 'n werkwinkelopvoeder kan slaag indien nalatigheid aan die kant van die opvoeder bewys kan word t.o.v.:				
16.1 skok waaraan die leerder kon ly?	1	2	3	4
16.2 pyn en lyding van die leerder?	1	2	3	4
Vraag 16 word vervolg op bl. 7				

	JA	NEE	SOMS	ONSEKER
Vraag 16 vervolg				
16.3 onserlike letsels aan die leerder se liggaam a.g.v. die besering?	1	2	3	4
16.4 die verlies van lewensgenietinge by die leerder a.g.v. die besering?	1	2	3	4
16.5 gesondheidsverlies by die leerder a.g.v. die besering?	1	2	3	4
16.6 mediese uitgawes wat die besering meegebring het?	1	2	3	4
16.7 die verlies aan moontlike toekomstige inkomste van die leerder a.g.v. die besering?	1	2	3	4
17. Dink u dat die ouderdom van 'n leerder 'n rol sal speel in die sorgsame toesighoudingsplig van die opvoeder?	1	2	3	4
18. Wanneer 'n leerder beseer sou raak terwyl hy onder die toesig van die werkwinkelopvoeder is, behoort die opvoeder:				
18.1 onmiddellik eerstehulp toe te pas.	1	2	3	4
18.2 die leerder na 'n mediese dokter, hospitaal en/of sy ouerhuis vervoer te word.	1	2	3	4
18.3 sy ouers in kennis gestel te word.	1	2	3	4
18.4 die voorgeskrewe dokumentasie voltooi te word.	1	2	3	4
18.5 afskrifte van die dokumentasie aan die betrokke departemente gestuur te word.	1	2	3	4

	JA	NEE	SOMS	ONSEKER
19. Word daar in u skool toegesien dat:				
19.1 daar genoeg geskikte brandbestrydingstoerusting is soos voorgeskryf deur die brandweerhoof van die plaaslike munisipale owerheid?	1	2	3	4
19.2 die brandbestrydingstoerusting soos voorgeskryf gereeld gediens en nagesien word om dit in 'n goeie werkende toestand te hou?	1	2	3	4

20. Wat behoort die leerders-per-opvoeder-verhouding volgens die <i>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)</i> en/of die betrokke regulasies te wees?		
1 tot 35		1
1 tot 30		2
1 tot 25		3
1 tot 16		4
1 tot 15		5
Nie een van bogenoemde nie		6

- Beantwoord vrae 21-25 en 29 deur onderskeidelik een moontlikheid by **behoort** en een by **werklik** af te merk.

21. Hoe dikwels:

21.1 **behoort** die gesondheid-en-veiligheidskomitee te vergader; en

21.2 vergader die gesondheid-en-veiligheidskomitee in u skool?

21.1 Behoort			21.2 Werklik	
1		Weekliks		1
2		Maandeliks		2
3		Kwartaalliks		3
4		Halfjaarliks		4
5		Jaarliks		5
6		Nooit		6

22. Wie:

22.1 **behoort** as hoof-uitvoerende beampte by 'n skool op te tree; en

22.2 tree op as die hoof-uitvoerende beampte by u skool?

22.1 Behoort			22.2 Werklik	
1		Werkwinkelopvoeder		1
2		Departementshoof		2
3		Skoolhoof		3
4		Voorsitter van die Beheerliggaam		4
5		Tegniese vakadviseur		5
6		Hoof van die Onderwysdepartement		6
7		Nie een van bogenoemde		7

23. Hoe gereeld:

23.1 **behoort** die hystoestel/le ("lifts") versien en nagegaan te word deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel; en

23.2 word die hystoestel/le ("lifts") versien en nagegaan deur 'n persoon wat kennis en ervaring het in die oprigting en instandhouding van die betrokke hystoestel?

23.1 Behoort			23.2 Werklik	
1		Weekliks		1
2		Maandeliks		2
3		Kwartaalliks		3
4		Halfjaarliks		4
5		Jaarliks		5
6		Word nie versien nie		6

24. Hoe gereeld:

24.1 **behoort** die drukhouer/s van die kompressor/s van u skool aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp te word deur 'n bevoegde persoon wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers in die bedryf; en

24.2 word die drukhouer/s van die kompressor/s van u skool aan interne en eksterne inspeksie en druktoetse onderwerp deur 'n bevoegde persoon wat kennis en ervaring het van die instandhouding en toets van stoomketels en drukhouers in die bedryf?

24.1 Behoort			24.2 Werklik	
1		Jaarliks		1
2		2-jaarliks		2
3		3-jaarliks		3
4		4-jaarliks		4
5		5-jaarliks		5
6		Word nie gedoen nie		6

25. Hoeveel gekwalifiseerde noodhulpwerkers:

25.1 **behoort** gedurende normale skoolure op 'n voltydse grondslag by u skool beskikbaar te wees; en

25.2 **is** gedurende normale skoolure op 'n voltydse grondslag by u skool beskikbaar?

25.1 Behoort			25.2 Werklik	
1		Een noodhulpwerker vir elke vyftig leerders.		1
2		Een noodhulpwerker vir elke tien opvoeders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders.		2
3		Een noodhulpwerker vir elke tien leerders en daarna 'n verdere noodhulpwerker vir elke vyftig leerders.		3
4		Een noodhulpwerker vir elke vyftig opvoeders.		4
5		Geen.		5

26. Watter persone moet almal in kennis gestel word indien 'n leerder in die skoolwerkwinkel beseer sou raak?

	Ja	Nee
26.1 Die Vergoedingskommissaris	1	2
26.2 Die Ongevallekommissaris	1	2
26.3 Die leerder se ouers	1	2
26.4 Die skoolhoof	1	2
26.5 Die provinsiale direkteur van die Departement van Arbeid	1	2
26.6 Die departementshoof van die Departement van Onderwys	1	2
26.7 Die vakadviseur vir die betrokke vak	1	2
26.8 Die hoof-uitvoerende beampte	1	2

27. Watter van die volgende sake word tydens vergaderings op die gesondheids- en-veiligheidskomitee van u skool bespreek?		
	Ja	Nee
27.1 Onveilige toestande	1	2
27.2 Onveilige toerusting	1	2
27.3 Onveilige masjinerie	1	2
27.4 Voorvalle wat beserings tot gevolg gehad het	1	2
27.5 Nie een van bogenoemde sake nie	1	2

28. Watter van die volgende persone / dokumente / registers is by u skool beskikbaar?		
	Ja	Nee
28.1 'n Opgedateerde kopie van die <i>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)</i> en die betrokke regulasies.	1	2
28.2 'n Register waarin die volle besonderhede van prestasietoetse, veranderings of herstelwerk gedoen aan die hystoestel/le aangeteken word.	1	2
28.3 'n Register waarin alle voorvalle in die skoolwerkwinkel en ondersoeke aangeteken word.	1	2
28.4 'n Register waarin die resultate van inspeksies, toetse, veranderings en/of herstelwerk gedoen aan houters onder druk (kompessors) aangeteken word.	1	2
28.5 'n Heeltydse bevoegde persoon wat 'n vakleerlingskap deurloop het, wat die bediening en onderhoud van masjiene insluit, en wat as 'n installasie-elektrisiën geregistreer is.	1	2
28.6 Notules van vergaderings deur u skool se gesondheids- en-veiligheidskomitee.	1	2

AFDELING D: VEILIGHEIDSMaatreëls wat spesifiek ontwikkel is vir u skool se werkwinkel/s

31. Beskryf enige unieke veiligheidsmaatreëls wat deur u skool ontwikkel is om leerderveiligheid in die skoolwerkwinkel te bevorder.

32. Noem onlangse omsendbriewe, omsendminute, wetgewing en beleidstukke waarvan u bewus is wat betrekking het op die veiligheid van leerders in die skoolwerkwinkel:

Baie dankie vir u samewerking.

BYLAE D

**AANHALINGS UIT: *DIE WET OP BEROEPSGESONDHEID EN
VEILIGHEID, WET 85 VAN 1993***

1. DIE WET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID, WET 85 VAN 1993

In hierdie bylae word die artikels van die *Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid* en die betrokke regulasies wat betrekking op hierdie het, studie aangehaal.

1.1 ARTIKEL 8: ALGEMENE PLIGTE VAN WERKGEWERS TEENoor HUL WERKNEMERS

8.(1) Elke werkgewer moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, 'n werkomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers is, tot stand bring en onderhou. (RSA, 1993/85)

8.(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van 'n werkgewer se pligte ingevolge subartikel (1), sluit die aangeleenthede waarop daardie pligte betrekking het, in besonder in -

(a) die verskaffing en instandhouding van stelsels van werk, bedryfstoeusting en masjinerie wat, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, veilig en sonder gesondheidsrisiko's is;

(b) om stappe te doen wat redelikerwys uitvoerbaar is om enige bedreiging of potensiële bedreiging vir die gesondheid of veiligheid van werknemers, te verwyder of te verminder voordat daar van persoonlike beskermende toerusting gebruik gemaak word;

(c) die tref van reëlins om veiligheid en afwesigheid van gesondheidsrisiko's vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, te verseker ten opsigte van die produksie, prosessering, gebruik, hantering, opberging of vervoer van artikels of substansies;

(d) om vas te stel, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, watter bedreigings vir die gesondheid of veiligheid van persone verbonde is aan enige werk wat verrig word, enige artikel of substansie wat geproduseer, geprosesseer, gebruik, gehanteer,

opgeberg of vervoer word en enige bedryfstoeusting of masjinerie wat in sy onderneming gebruik word, en hy moet vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, verder vasstel watter voorsorgmaatreëls getref moet, word ten opsigte van sodanige werk, artikel, substansie, bedryfstoeusting of masjinerie ten einde die gesondheid en veiligheid van persone te beskerm, en hy moet die nodige middele voorsien om sodanige voorsorgmaatreëls te tref;

(e) die verskaffing van die inligting, instruksies, opleiding en toesig wat nodig is om, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk te verseker;

(f) vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, nie toe te laat dat 'n werknemer enige werk doen of enige artikel of substansie produseer, prosesseer, gebruik, hanteer, opberg of vervoer of enige bedryfstoeusting of masjinerie bedien nie, tensy die voorsorgmaatreëls in paragrawe (b) en (d) beoog of enige ander voorsorgmaatreëls wat voorgeskryf is, getref is;

(g) om alle redelike stappe te doen om te verseker dat die vereistes van die Wet nagekom word deur elke persoon in sy diens of op persele onder sy beheer waar bedryfstoeusting of masjinerie gebruik word;

(h) om die maatreëls af te dwing wat nodig is in belang van gesondheid en veiligheid;

(i) om te verseker dat werk verrig word en bedryfstoeusting of masjinerie gebruik word onder die algemene toesig van 'n persoon wat opgelei is om die bedreigings verbonde daaraan te verstaan, en wat die bevoegdheid het om te verseker dat voorsorgmaatreëls deur die werkgewer getref, geïmplementeer word; (RSA, 1993/85).

1.2 ARTIKEL 9: ALGEMENE PLIGTE VAN WERKGEWERS EN PERSONE IN EIE DIENS TEENOR PERSONE WAT NIE HUL WERKNEMERS IS NIE

9.(1) Elke werkgewer moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, sy onderneming op so 'n wyse bedryf dat persone wat nie in sy diens is nie en wat regstreeks geraak word deur sy bedrywighede, nie daardeur aan bedreigings vir hul gesondheid of veiligheid blootgestel word nie. (RSA, 1993/85)

1.3 ARTIKEL 13: PLIG OM IN TE LIG

13. Sonder om afbreuk te doen aan enige bepaalde plig wat 'n werkgewer deur hierdie Wet opgelê word, moet elke werkgewer -

(a) sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, toesien dat elke werknemer vertrouwd gemaak word met die bedreigings ten opsigte van sy gesondheid en veiligheid verbonde aan enige werk wat hy moet verrig, enige artikel of substansie wat hy moet produseer, prosesseer, gebruik, hanteer, opberg of vervoer en enige bedryfstoeusting of masjinerie wat van hom verwag word of wat hy toegelaat word om te gebruik, asook met die voorsorgmaatreëls wat getref en nagekom moet word ten opsigte van daardie bedreigings; (RSA, 1993/85).

1.4 ARTIKEL 14: ALGEMENE PLIGTE VAN WERKNEMERS BY DIE WERK

14. Elke werknemer moet by die werk -

(a) redelike sorg dra vir sy eie veiligheid en gesondheid en die van ander persone wat geraak mag word deur sy optrede of versuim;

(b) vir sover hierdie Wet enige plig op lê of vereiste stel aan sy werkgewer of enige ander persoon, moet daardie werkgewer of ander persoon saamwerk om dit moontlik te maak dat die plig of vereiste uitvoer of nagekom word;

(c) 'n wettige opdrag wat aan hom gegee is, uitvoer, en die gesondheids- en veiligheidsreëls en -prosedures wat voorgeskryf is deur sy werkgewer of iemand deur die werkgewer daartoe gemagtig in die belang van gesondheid of veiligheid gehoorsaam;

(d) indien 'n toestand wat onveilig of ongesond is, onder sy aandag kom, so gou moontlik sodanige toestand aanmeld by sy werkgewer, of by die gesondheid-en-veiligheidsvertegenwoordiger vir sy werkplek of afdeling daarvan, na gelang van die geval, wat dit by die werkgewer moet aanmeld; en

(e) indien hy betrokke is by 'n voorval wat sy gesondheid kan beïnvloed of wat 'n besering aan homself veroorsaak het, daardie voorval so gou as moontlik maar nie later nie as die einde van 'n bepaalde skof waartydens die voorval plaasgevind het, by sy werkgewer of iemand deur die werkgewer daartoe gemagtig of sy gesondheid-en-

veiligheidsverteenwoordiger aanmeld, tensy die omstandighede van so 'n aard was dat die aanmelding van die voorval nie moontlik was nie, in welke geval hy die voorval so gou moontlik daarna moet aanmeld. (RSA, 1993/85)

1.5 ARTIKEL 15: PLIG OM NIE MET VOORWERPE IN TE MENG OF DIT TE MISBRUIK NIE

15. Niemand mag opsetlik of op 'n roekelose wyse met enige voorwerp wat in belang van gesondheid of veiligheid voorsien is, inmeng of dit beskadig of misbruik nie. (RSA, 1993/85)

1.6 ARTIKEL 16: HOOF-UITVOERENDE BEAMPTTE BELAS MET SEKERE PLIGTE

16.(1) Elke hoof-uitvoerende beampte moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, toesien dat die pligte van sy werkgewer in hierdie Wet beoog, behoorlik uitgevoer word.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan sy verantwoordelikheid of aanspreeklikheid ingevolge subartikel (1) kan 'n hoof-uitvoerende beampte enige plig in genoemde subartikel beoog, opdra aan iemand onder sy beheer, welke persoon behoudens die beheer en opdragte van die hoof-uitvoerende beampte optree.

(3) Die bepalings van subartikel (1) onthef nie 'n werkgewer, behoudens die bepalings van artikel 37, van enige verantwoordelikheid of aanspreeklikheid kragtens hierdie Wet nie.

(4) By die toepassing van subartikel (1) word die departementshoof van enige staatsdepartement geag die hoof-uitvoerende beampte van daardie departement te wees. (RSA, 1993/85)

1.7 ARTIKEL 17: GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSVERTEENWOORDIGERS

17.(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) moet elke werkgewer wat meer as 20 werknemers by enige werkplek in sy diens het, binne vier maande nadat hierdie Wet van krag geword het of sy besigheid 'n aanvang geneem het, of die getal werknemers

in sy diens 20 persone oorskry, na gelang van die geval, gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir 'n bepaalde tydperk skriftelik aanwys vir sodanige werkplek, of vir verskillende afdelings daarvan.

(5) Die aantal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir 'n werkplek of afdeling daarvan, moet in die geval van winkels en kantore ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 100 werknemers of gedeelte daarvan wees, en in die geval van alle ander werkplekke ten minste een gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger vir elke 50 werknemers of gedeelte daarvan: Met dien verstande dat die werknemers wat werk verrig by 'n ander werkplek as waar hulle gewoonlik vir diens aanmeld, geag word werksaam te wees by die werkplek waar hulle aldus vir diens aanmeld (RSA, 1993/85).

1.8 ARTIKEL 18: WERKSAAMHEDE VAN GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSVERTEENWOORDIGERS

18.(1) 'n Gesondheids-en-veiligheidsverteenwoordiger kan die volgende werksaamhede verrig ten opsigte van die werkplek of afdeling van die werkplek waarvoor hy aangewys is -

- (a) die doeltreffendheid van gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls nagaan;
- (b) potensiële bedreigings en potensiële ernstige voorvalle by die werkplek identifiseer;
- (c) in samewerking met sy werkgewer, die oorsake van voorvalle by die werkplek ondersoek;
- (d) klagtes deur enige werknemer met betrekking tot daardie werknemer se gesondheid of veiligheid by die werkplek aanhoor;
- (e) tot die werkgewer of 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee vertoë rig oor sake voortspruitend uit paragraaf (a), (b), (c) of (d), of waar vertoë onsuksesvol is, tot 'n inspekteur;
- (f) tot die werkgewer oor algemene sake wat die gesondheid of veiligheid van die werknemers by die werkplek raak, vertoë rig;
- (g) die werkplek, met inbegrip van enige artikel, substansie, bedryfstoerusting, masjinerie of gesondheids-en-veiligheidstoerusting by daardie werkplek, inspekteer met

die oog op die gesondheid en veiligheid van werknemers, met die tussenposes waarop met die werkgever ooreengekom word: Met dien verstande dat die gesondheid-en-veiligheidsverteenvoordiger redelike kennis van sy voorneme om so 'n inspeksie uit te voer, moet gee aan die werkgever, wat tydens die inspeksie teenwoordig kan wees;

(h) aan besprekings met inspekteurs by die werkplek deelneem en inspekteurs op inspeksies van die werkplek vergesel;

(i) inligting van inspekteurs ontvang soos beoog in artikel 36, en

(j) in sy hoedanigheid as 'n gesondheid-en-veiligheidsverteenvoordiger vergaderings van die gesondheid-en-veiligheidskomitees waarvan hy lid is in verband met enige van die voormelde werksaamhede bywoon.

(2) 'n Gesondheid-en-veiligheidsverteenvoordiger is geregtig daarop om, ten opsigte van die werkplek of afdeling van die werkplek waarvoor hy aangewys is -

(a) die terrein van 'n voorval te besoek en 'n inspeksie ter plaatse mee te maak;

(b) enige ondersoek of formele ondersoek ingevolge hierdie Wet by te woon;

(c) vir sover dit redelikerwys nodig is om sy werksaamhede te verrig, enige dokument wat sy werkgever ingevolge hierdie Wet moet byhou, te inspekteer;

(d) 'n inspekteur tydens enige inspeksie te vergesel;

(e) met die goedkeuring van die werkgever (welke goedkeuring nie onredelik weerhou mag word nie) deur 'n tegniese adviseur tydens enige inspeksie vergesel te word; en

(f) aan enige interne gesondheid-en-veiligheidsoudit deel te neem.

(3) 'n Werkgever moet die fasiliteite, bystand en opleiding voorsien wat 'n gesondheid-en-veiligheidsverteenvoordiger redelikerwys nodig het en waarop ooreengekom is, vir uitvoering van sy pligte.

(4) 'n Gesondheid-en-veiligheidsverteenvoordiger doen nie enige siviele aanspreeklikheid op nie slegs omdat hy versuim het om iets te doen wat hy ingevolge hierdie Wet kan of moet doen. (RSA, 1993/85)

1.9 ARTIKEL 19: GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSKOMITEES

19.(1) 'n Werkgever moet ten opsigte van elke werkplek waar twee of meer gesondheid-en-veiligheidsverteenvoordigers aangewys is, een of meer gesondheid-en-

veiligheidskomitees instel en by elke vergadering van sodanige komitee soos beoog in subartikel (4), oorleg pleeg met die komitee met die oog op die instelling, ontwikkeling, bevordering, instandhouding en hersiening van metodes om die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk te verseker.

(2) 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee bestaan uit die getal lede wat die werkgever van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat-

(a) indien een gesondheid-en-veiligheidskomitee ten opsigte van 'n werkplek ingestel is, al die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers vir daardie werkplek lede van die komitee moet wees;

(c) die getal persone wat deur 'n werkgever benoem word in enige gesondheid-en-veiligheidskomitee ingestel ingevolge hierdie artikel nie meer mag wees as die getal gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers in daardie komitee nie.

(3) Die persone wat deur 'n werkgever benoem word in 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee, word skriftelik deur die werkgever aangewys vir die tydperk wat hy mag bepaal, terwyl die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers lede van die komitee is vir die tydperk van hulle aanwysing ingevolge artikel 17.(1).

(4) 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee vergader so dikwels as wat nodig is, maar ten minste een keer elke drie maande op 'n tyd en plek deur die komitee bepaal: Met dien verstande dat 'n inspekteur by skriftelike kennisgewing kan gelas dat die lede van 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee 'n vergadering hou op 'n tyd en plek wat hy bepaal: Met dien verstande voorts dat, indien meer as 10 persent van die werknemers by 'n bepaalde werkplek 'n skriftelike versoek daartoe aan 'n inspekteur rig, die inspekteur deur skriftelike kennisgewing kan gelas dat so 'n vergadering gehou word.

(5) Die prosedure by vergaderings van 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee word deur die komitee bepaal.

(6)(a) 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee kan een of meer persone vanweë sy of hul besondere kennis van gesondheid-en-veiligheidsaangeleenthede as 'n adviserende lid of as adviserende lede van die komitee koöpteer.

(b) 'n Adviserende lid mag nie stem oor enige aangeleentheid wat voor die komitee dien nie.

(7) Indien 'n inspekteur van oordeel is dat die getal gesondheid-en-veiligheidskomitees wat vir 'n bepaalde werkplek ingestel is ontoereikend is, kan hy die

werkgewer skriftelik gelas om vir daardie werkplek die getal gesondheid-en-veiligheidskomitees in te stel wat die inspekteur bepaal. (RSA, 1993/85)

1.10 ARTIKEL 20: WERKSAAMHEDE VAN GESONDHEID-EN-VEILIGHEIDSKOMITEES

20.(1) 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee -

(a) kan aanbevelings doen by die werkgewer of, waar die aanbevelings nie tot 'n oplossing van die aangeleentheid lei nie, by 'n inspekteur, oor enige aangeleentheid rakende die gesondheid of veiligheid van persone by die werkplek of 'n afdeling daarvan waarvoor so 'n komitee ingestel is;

(b) moet enige voorval by die werkplek of afdeling daarvan waarin of as gevolg waarvan enige persoon beseer is, siek geword het of gesterf het, bespreek en kan oor die voorval skriftelik aan 'n inspekteur verslag doen; en

(c) moet die ander werksaamhede verrig wat voorgeskryf word.

(2) 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee moet aantekening hou van elke aanbeveling aan 'n werkgewer kragtens subartikel (1)(a) gedoen en van enige verslag aan 'n inspekteur kragtens subartikel (1)(b) gedoen.

(3) 'n Gesondheid-en-veiligheidskomitee of 'n lid daarvan doen nie enige siviele aanspreeklikheid op nie slegs omdat hy versuim het om iets te doen wat hy ingevolge hierdie Wet kan of moet doen.

(4) 'n Werkgewer moet die voorgeskrewe stappe doen om te verseker dat 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee aan die bepalings van artikel 19(4) voldoen en die pligte wat by subartikels (1) en (2) daaraan opgedra is, verrig. (RSA, 1993/85)

1.11 ARTIKEL 24: AANMELDING VAN SEKERE VOORVALLE BY INSPEKTEUR

24.(1) Elke voorval wat by die werk plaasvind of wat voortspruit uit of in verband staan met die bedrywigheide van persone by die werk, of met die gebruik van bedryftoerusting of masjinerie, waarin, of as gevolg waarvan -

(a) iemand sterf, bewusteloos raak, 'n ledemaat of deel van 'n ledemaat verloor, of dermate andersins beseer of siek word dat hy waarskynlik óf aan 'n permanente

liggaamsgebrek sal ly of waarskynlik vir 'n tydperk van minstens 14 dae of nie kan werk nie of nie die bedrywigheid waarvoor hy in diens geneem is of gewoonlik in diens is, kan voortsit nie;

(b) 'n ernstige voorval plaasgevind het; of

(c) die gesondheid of veiligheid van enige persoon bedreig is en waar-

(i) 'n gevaarlike substansie gestort is;

(ii) die onbeheerste loslating van enige substansie onder druk plaasvind;

(iii) masjinerie of enige deel daarvan gebreek of geweier het wat gelei het tot vlieënde, vallende of onbeheerde bewegende voorwerpe; of

(iv) masjinerie buite beheer geraak het, moet binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse deur die werkgewer of die gebruiker van die betrokke bedryfstoerusting of masjinerie, na gelang van die geval, by 'n inspekteur aangemeld word.

(2) In die geval van 'n voorval waar 'n persoon dood is, of dermate beseer is dat hy waarskynlik sal sterf, of 'n ledemaat of gedeelte van 'n ledemaat verloor het, mag niemand die terrein waar die voorval plaasgevind het sonder die toestemming van 'n inspekteur versteur of enige artikel of substansie wat by die voorval betrokke was, daarvandaan verwyder nie: Met dien verstande dat die stappe wat nodig is, gedoen kan word om 'n verdere voorval te voorkom, persone wat beseer of gedood is, te verwyder of persone van gevaar te red. (RSA, 1993/85)

1.12 ARTIKEL 37: DADE OF VERSUIM VAN WERKNEMERS OF LASHEBBERS

37.(1) Wanneer 'n werknemer 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees as die werkgewer van daardie werknemer of gebruiker dit begaan of nagelaat het, dan, tensy daar bewys word dat -

(a) die werkgewer of so 'n gebruiker daardie daad of versuim van die werknemer nie oogluikend toegelaat het of veroorloof het nie;

(b) 'n daad of versuim, hetsy wettig of onwettig, van die ten laste gelegde aard onder geen omstandigheid binne die bestek van die bevoegdheid van die werknemer geval het nie; en

(c) die werkgewer of gebruiker alle redelike stappe gedoen het om so 'n daad of

versuim te voorkom, word vermoed dat die werkgewer of so 'n gebruiker self daardie daad of versuim begaan het, en kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonniss word; en die feit dat hy 'n daad of versuim van die betrokke aard verbied het, word nie op sigself aanvaar as voldoende bewys dat hy alle redelike stappe gedoen het om die daad of versuim te voorkom nie.

(3) Wanneer enige werknemer of lashebbber van 'n werkgewer of gebruiker 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees as die werkgewer of so 'n gebruiker dit begaan, kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonniss word asof hy die werkgewer of gebruiker was.

(4) Wanneer enige werknemer of lashebbber van die staat 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees as hy die werknemer of lashebbber van 'n werkgewer behalwe die staat was en so 'n werkgewer daardie daad of versuim begaan het, kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonniss word asof hy so 'n werkgewer was.

(5) Enige werknemer of lashebbber in subartikel (3) bedoel, kan benewens die werkgewer of gebruiker aldus skuldig bevind en gevonniss word. (RSA, 1993/85)

1.13 ARTIKEL 43: REGULASIES

43.(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig -

(a) betreffende enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word. (RSA, 1993/84)

2. REGULASIES

2.1 AANGEDREWE MASJINERIE-REGULASIES

2.1.1 Regulasie 2: Draaiende masjinerie

2. Behalwe wanneer bewegende of draaiende onderdele van masjinerie sodanig geplaas is of sodanig gemaak is dat hulle net so veilig is as wanneer hulle stewig omhein of afgeskerm is, moet die gebruiker sorg dat -

(a) elke as, katrol, wiel, rat, kettingrat, koppeling, kraag, koppelaar, wrywingstrom of soortgelyke voorwerpe stewig omhein of afgeskerm is;

(b) elke stelskroef, spy of bout aan draaiende asse, koppelings, krae, wrywingstromme, koppelaars, wiele, katrolle, ratte en soortgelyke voorwerpe versink, ingeslote of andersins afgeskerm is;

(c) elke vierkantige uitstekende as of spilent en elke ander as of spilent wat meer as 'n kwart van sy diameter uitsteek, afgeskerm is deur 'n dop of 'n mantel;

(d) elke dryfband, tou of ketting afgeskerm is. (RSA, 1993/85)

2.1.2 Regulasie 3: Sirkelsae

3. (1) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat enige persoon 'n kragaangedrewe sirkelsaag bedien -

(a) teen 'n hoër spoed as die vervaardiger se aangeslane maksimum spoed vir die saaglem nie; of

(b) waarvan die saaglem op enige wyse beskadig is of stomp is of nie reëlmatig of reg skerp gemaak en geset is nie.

(2) Die gebruiker van 'n kragaangedrewe banksaag moet sorg dat -

(a) die saaglem onder die bankblad doeltreffend afgeskerm is; en

(b) die deel van die saaglem bo die bankblad deur 'n stewige skerm bedek is wat die saag te alle tye tot minstens die diepte van die tande moet bedek en wat homself outomaties instel op die dikte van, en in aanraking bly met die materiaal wat gesaag

word: Met dien verstande dat waar so 'n skerm onprakties is, die bopunt van die saag bedek moet word met 'n sterk handverstelbare skerm wat gestel moet word dat dit so laag ondertoe strek dat dit tot so na doenlik aan die snypunt van die saag reik: Met dien verstande voorts dat die skerm in die geval van 'n voorsaag die bopunt van die saaglem doeltreffend moet bedek.

(3) Die gebruiker moet sorg dat elke kragaangedrewe sirkelsaag wat gebruik word om hout te kloof, voorsien is van 'n kloofmes -

(a) wat so na doenlik aan die saaglem geplaas moet wees maar nie meer as 12 mm daaragter nie, en presies in lyn met die saagtande op die hoogte van die bankblad;

(b) waarvan die kant naaste aan die saag in die vorm van 'n sirkelboog is met 'n radius wat nie die radius van die grootste saaglem wat op die bank gebruik kan word, met meer as 3 mm oorskry nie;

(c) wat bokant die bankblad moet uitsteek tot binne 5 mm van die bopunt van die saaglem; en

(d) wat 'n gladde oppervlak moet hê en wat sterk, stewig en maklik verstelbaar moet wees.

(4) Die gebruiker moet sorg dat elke kantelsaag of kanteltafelsaag so ingerig is dat die kloofmes en die skerm effektief gestel bly met enige stand van die saag of tafel.

(5) Die gebruiker moet -

(a) sorg dat 'n geskikte stootstok by elke banksaag wat met die hand gevoer word, beskikbaar bly sodat die werk sonder gevaar vir persone uitgevoer kan word;

(6) Die gebruiker moet sorg dat elke hang- of radiaalsaag wat na die materiaal toe beweeg word -

(a) sodanig afgeskerm is dat slegs die snygedeelte van die saaglem blootgestel is;

(b) sodanig ingerig is dat die saag vanself van die snystand wegbeweeg as dit gelos word; en

(c) toegerus is met 'n toestel wat die stootkrag of neiging van die saag om die hout op te tel of om die hout terug te gooi na die operateur wanneer sodanige saag gebruik word om hout te kloof, teenwerk.

(7) Die gebruiker van 'n draagbare kragaangedrewe sirkelsaag moet -

(a) 'n vaste skerm bokant die skuif of skoen verskaf wat die tot minstens die diepte van die tande moet bedek; en

(b) 'n skerm verskaf wat die gedeelte van die saaglem onderkant die skuif of skoën outomaties moet bedek terwyl daar nie daadwerklik gesaag word nie. (RSA, 1993/85)

2.1.3 Regulasie 4: Bandsae en bandmesse

4. Die gebruiker moet toesien dat alle bewegende dele, behalwe die werkende gedeelte van die lem, by die werkpunt van elke bandsaag of bandmes doeltreffend afgeskerm is. RSA, 1993/85)

2.1.4 Regulasie 5: Houtskaafmasjiene

5. (1) Die gebruiker moet toesien dat elke houtskaafmasjien wat vir oorhandse skaafwerk gebruik word en wat nie meganies gevoer word nie, toegerus is met 'n silindriese beitelblok.

(2) Die gebruiker moet toesien dat elke skaafmasjien wat vir oorhandse skaafwerk gebruik word, voorsien is van 'n brugskerm wat die volle lengte en breedte van die saaggleuf in die bankblad kan bedek en wat maklik in 'n vertikale en horisontale rigting verstel kan word.

(3) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n skaafmasjien wat nie meganies gevoer word nie, gebruik word om 'n stuk hout wat minder as 300 mm lank is, oorhands te skaaf nie, tensy 'n veilige houër vir so 'n stuk hout gebruik word: Met dien verstande dat hierdie subregulasie nie op die skaaf van die kante van plat stukke hout van toepassing is nie.

(4) Die gebruiker moet 'n doeltreffende skerm verskaf vir die voerrol van elke skaafmasjien wat vir dikteskaafwerk gebruik word behalwe in die geval van die gekombineerde masjiene vir oorhandse en dikteskaafwerk. (RSA, 1993/85)

2.1.5 Regulasie 6: Houtlys- en houttapgatmasjiene

6. (1) Met inagneming van die aard van die werk wat verrig word, moet die gebruiker toesien dat die beitel of ketting van elke houtlys- of houttapgatmasjiene doeltreffend afgeskerm is.

(2) Indien werk nie gedoen kan word wanneer die beitel van 'n lysmasjien afgeskerm is nie, moet die gebruiker toesien dat die hout wat gevorm word in 'n setmaat of houer gehou word wat so gemaak is dat dit die veilige werking van die masjien sal verseker. Met dien verstande dat waar 'n setmaat of houer nie gebruik kan word nie, die gebruiker 'n geskikte skerp pen of stootstok moet voorsien en moet vereis dat persone wat die masjien bedien, dit gebruik wanneer nodig. (RSA, 1993/85)

2.1.6 Regulasie 7: Skuurmasjiene

7. Die gebruiker moet toesien dat elke -

(a) tromskuurmasjien voorsien is van doeltreffende skerms wat so ingerig is dat dit die draaiende trom geheel en al insluit, behalwe die gedeelte wat nodig is vir die verrigting van die werk;

(b) skyfskuurmasjien voorsien is van geskikte skerms wat die omtrek en rug van die skuurskyf en die gedeelte van die werkvlak van die skyf onder die bankblad geheel en al insluit; en

(c) bandskuurmasjien voorsien is van skerms by die vangpunte waar die skuurband oor sy katrolle loop en toesien dat enige deel van die band wat nie vir skuur gebruik word nie, doeltreffend ingesluit is. (RSA, 1993/85)

2.1.7 Regulasie 8: Slypmasjiene

8. (1) Die gebruiker van 'n kragaangedrewe slypmasjien moet toesien dat sodanige masjien op 'n opvallende plek met die vervaardiger se aangeslane spoed van die spil in omwentelings per minuut gemerk is.

(2) Geen gebruiker mag vereis of toelaat nie dat 'n slypwiel van 'n kragaangedrewe slypmasjien teen 'n spoed werk wat die maksimum spoed vir die wiel, soos aanbeveel deur die vervaardiger van sodanige wiel, oorskry: Met dien verstande dat 'n slypwiel met 'n deursnee groter as 100 mm slegs gebruik mag word indien die aanbevole werkspoed duidelik daarop aangedui is.

(3) Die gebruiker moet toesien dat elke slypwiel van 'n kragaangedrewe slypmasjien

konsentries op die spil gemonteer is deur middel van stewige metaalfense met ringvormige omtrekdraagvlakke van voldoende breedte wat op die wiel moet druk en 'n laag geskikte saamdrukbare materiaal moet tussen die flense en die wiel aangebring word: Met dien verstande dat slypwiele vir gespesialiseerde aanwending wat nie deur middel van flense gemonteer kan word nie, so vasgesit moet word dat verskuiwing of breek van die wiel terwyl dit loop, sover moontlik uitgeskakel word.

(4) Met inagneming van die aard van die werk wat verrig word, moet die gebruiker toesien dat elke kragaangedrewe slypmasjien voorsien is van 'n sterk skerm wat die slypwiel sover doenlik moet insluit en wat sterk genoeg is om die trefkrag van 'n wiel wat breek te weerstaan.

(5) Met inagneming van die aard van die werk wat verrig word, moet die gebruiker toesien dat 'n kragaangedrewe slypmasjien waar die werkstuk met die hand teen die wiel gehou word, voorsien is van 'n sterk verstelbare werkrus, wat stewig in posisie vasgesit en gestel moet wees tot binne 3 mm van die slypbak van die wiel af.

(6) Die gebruiker moet toesien dat elke kragaangedrewe slypmasjien voorsien is van 'n sterk deursigtige skerm wat so gestel moet bly dat dit die operateur se oë beskerm: Met dien verstande dat sodanige skerm weggelaat kan word indien geskikte oogbeskerming aan elke operateur van die masjien persoonlik uitgereik word en hy verplig word om dit te dra.

(7) Die gebruiker moet toesien dat 'n kennisgewing op 'n opvallende plek by elke kragaangedrewe slypmasjien aangebring word wat persone belet om slypwerk uit te voer, te inspekteer of dop te hou sonder om geskikte oogbeskerming te gebruik. (RSA, 1993/85)

2.1.8 Regulasie 9: Skêre, valmesse en perse

9. (1) Waar die opening by die werkpunt van 'n skêr, valmes of pers groter as 10 mm is, moet die gebruiker toesien dat sodanige masjien voorsien is van -

(a) 'n vaste skerm wat keer dat hande of vingers deur, oor, onder of om die skerm tot in die werkpunt reik; of

(b) 'n selfstelskerm wat hom outomaties instel op die dikte van die materiaal wat

bewerk word en wat keer dat hande of vingers deur, oor, onder of om die skerm tot in die werkpunt reik; of

(c) 'n handbediende of outomatiese bewegende skerm wat die werkpunt van sodanige masjien geheel en al insluit en wat so ingerig is dat die werkslag nie kan begin nie tensy die skerm toe is en wat nie opgemaak kan word nie tensy die ram of lem stilstaan; of

(d) 'n outomatiese wegvee- of wegstootskerm wat enige deel van die operateur se liggaam uit die gevaarsone wegstoot wanneer die werkslag begin; of

(e) 'n elektroniese teenwoordigheidsensor wat 'n werkslag keer of tot stilstand bring as dit aanvoel dat enige deel van 'n persoon se liggaam of enige ander vreemde voorwerp in die gevaarsone is: Met dien verstande dat die beskerming wat ingevolge hierdie subregulasie voorsien word, nie op sigself enige bedreiging vir die veiligheid van persone skep nie.

(2) Die gebruiker kan 'n skêr, valmes of pers gebruik of toelaat dat dit gebruik word sonder die beskerming bedoel in subregulasie (1), indien die bedieningskontroles om dit in beweging te stel die gelyktydige gebruik verg van albei hande van al die operateurs wat betrokke is by die bediening van die masjien en indien sodanige bedieningskontroles -

(a) op so 'n afstand van die werkpunt geleë is dat geeneen van die operateurs genoeg tyd het om met enige deel van sy liggaam die gevaarsone te bereik alvorens die werkslag voltooi is nie; of

(b) so ontwerp is dat die werkslag tot stilstand gebring sal word indien enigiemand van die operateurs een van sy hande van die kontroles wegneem: Met dien verstande dat die bedieningskontroles so ingerig moet wees dat hulle nie oorgeslaan kan word nie.

(3) Die gebruiker moet toesien dat enige handtoevoerskêr, -valmes of -pers met 'n volomwentelingskoppelaar van 'n teenherhalingsapparaat voorsien is. (RSA, 1993/85)

2.1.9 Regulasie 18: Hystoestelle en hystakel

18. (1) Geen gebruiker mag 'n hystoestel gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie tensy -

(a) dit ontwerp en vervaardig is onrekenomstig 'n algemeen aanvaarde tegniese standaard;

(b) dit opvallend en duidelik gemerk is met die maksimum massalas waarvoor dit ontwerp is om met veiligheid gedra te word: Met dien verstande dat wanneer hierdie massalas na gelang van die gebruikstoestand wissel, 'n tabel wat die maksimum massalas ten opsigte van elke veranderlike toestand toon, op 'n opvallende plek wat vir die operateur maklik sigbaar is, deur die gebruiker aangebring moet word en

(c) dat dit te alle tye ten minste drie volle draaie tou het op die drom van elke wenas wat deel van die masjien is wanneer sodanige wenas tot sy laaste perk laat loop is.

(2) Die gebruiker moet, waar doenlik, elke kragaangedrewe hystoestel voorsien van -

(a) 'n rem of ander toestel wat in staat is om die maksimum massalas te hou indien die kragvoorsiening onderbreek word of wat sodanig is dat dit outomaties die onbeheerde afwaartse beweging van die las verhoed wanneer die hyskrag onderbreek word en

(b) 'n beperkende toestel wat hyskrag outomaties sal stuit wanneer -

(i) die haak of lashegstukpunt van die kragaangedrewe hystoestel sy hoogste veilige posisie bereik en

(ii) in die geval van 'n wenasbeheerde hystoestel met 'n hyskapasiteit van 5 000 kg of meer, die las groter is as die aangeslane massalas van sodanige masjien.

(3) Die gebruiker moet toesien dat elke ketting of tou wat 'n integrerende deel van 'n hystoestel vorm, 'n veiligheidsfaktor het soos voorgeskryf by die standaard waarvolgens sodanige hystoestel vervaardig is: Met dien verstande dat by afwesigheid van sodanige voorgeskrewe veiligheidsfaktor kettings, staaldraadtoue en veseltoue 'n veiligheidsfaktor van onderskeidelik minstens vier, vyf en tien ten opsigte van die aangeslane dravermoë van die hystoestel moet hê.

(4) Die gebruiker moet toesien dat elke haak of enige ander lasaanhystoestel wat 'n integrerende deel van 'n hystoestel vorm, so ontwerp of geproporsioneer is dat toevallige ontkoppeling van die las in werkstoestand nie kan plaasvind nie.

(5) Die gebruiker moet toesien dat die hele installasie en alle werkende dele van elke hystoestel deeglik ondersoek word en aan 'n prestasietoets soos voorgeskryf by die standaard waarvolgens die hystoestel vervaardig is, onderwerp word deur 'n persoon wat kennis en ondervinding het van die oprigting en instandhouding van die betrokke soort hystoestel of soortgelyke masjinerie en wat die diensbaarheid van die

strukture, toue, masjinerie en veiligheidstoestelle, voordat dit in gebruik gestel word, moet bepaal elke keer na die afbreking en heroprigting daarvan en daarna by tussenpose van uiters 12 maande: Met dien verstande dat, by afwesigheid van sodanige voorgeskrewe prestasietoets, die hele installasie van die hystoestel getoets moet word met 110 % van die aangeslane massalas aangewend oor die volle hysbereik van sodanige hystoestel en op so 'n wyse dat elke gedeelte van die installasie dienooreenkomstig belas word.

(6) Ondanks die bepalinge van subregulasie (5), moet die gebruiker toesien dat alle toue, kettings, hake of ander aanhegtoestelle, katrolwiele, remme en veiligheidstoestelle wat 'n integrerende deel van 'n hystoestel vorm, met tussenpose van uiters ses maande deeglik ondersoek word deur 'n persoon bedoel in subregulasie (5).

(7) Die gebruiker van 'n hystoestel moet te alle tye 'n register op sy perseel hou waarin hy aanteken of laat aanteken volle besonderhede van enige prestasietoets en ondersoek voorsgekrif in subregulasies (5) en (6) en enige verandering of herstelwerk aan die hystoestel, en moet toesien dat die register op aanvraag beskikbaar is vir inspeksie deur 'n inspekteur. (RSA, 1993/85)

2.2 ELEKTRIESE INSTALLASIEREGULASIES

2.2.1 Regulasie 2: Verantwoordelikheid vir elektriese installasies

2. (1) Die gebruiker of verhuurder van 'n elektriese installasie na gelang van die geval is verantwoordelik vir die veiligheid, veilige gebruik en instandhouding van die elektriese installasie wat hy gebruik of verhuur.

(2) Die gebruiker of verhuurder van 'n elektriese installasie, na gelang van die geval, is verantwoordelik vir die veiligheid van die geleiers wat die elektriese installasie met die voorsieningspunt verbind in die geval waar die voorsieningspunt nie die beheerpunt is nie. (RSA, 1993/85)

2.3 ELEKTRIESE MASJINERIE-REGULASIES

2.3.1 Regulasie 9: Verplaasbare elektriese gereedskap

9. (1) Geen gebruiker mag die gebruik van verplaasbare elektriese gereedskap waarvan die werkspanning 50 V na aarde te bowe gaan, toelaat nie en niemand mag sodanige gereedskap gebruik nie tensy -

(a) dit verbind is met 'n elektriese energiebron wat toegerus is met 'n beskermingstoestel teen aardlekfasie van 'n konstruksie wat voldoen aan die vereistes van 'n veiligheidsstandaard wat vir hierdie doel kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is; of

(b) dit verbind is met 'n elektriese energiebron deur die tussenvoeging tussen elke stuk gereedskap en die bron van 'n individueel dubbelgewikkelde isoleertransformator waarvan die sekondêre wikkeling op geen punt geaard is nie en die konstruksie daarvan voldoen aan die vereistes van 'n veiligheidsstandaard wat kragtens artikel 36 van die Wet vir hierdie doel by hierdie regulasies ingelyf is; of

(c) dit verbind is met 'n elektriese energiebron van hoë frekwensie verkry van 'n generator wat uitsluitlik gebruik word om energie aan sodanige verplaasbare elektriese gereedskap te verskaf, en sodanige reëling deur die hoofinspekteur goedgekeur is; of

(d) dit duidelik gemerk is dat dit vervaardig is met dubbele of versterkte isolasie.

(3) Niemand mag verplaasbare elektriese gereedskap wat nie toegerus is met 'n skakelaar wat dit moontlik maak om die gereedskap maklik en veilig aan die gang te sit en af te sluit nie, gebruik of die gebruik daarvan toelaat nie.

(4) Die gebruiker moet elke stuk verplaasbare elektriese gereedskap, tesame met sy buigsame koord en prop, in 'n diensbare toestand hou. (RSA, 1993/85)

2.3.2 Regulasie 10: Draagbare elektriese ligte

10. (1) Niemand mag 'n draagbare elektriese lig waarvan die werkspanning 50 V te bowe gaan, gebruik nie tensy -

(a) dit toegerus is met 'n stewige handvatsel wat van nie-higroskopiese, nie-geleidende materiaal gemaak is;

(b) alle lewendige metaaldele of dele wat lewendig kan word weens 'n defekte stroomkring, geheel en al teen onopsetlike aanraking beskerm is;

(c) die lamp beskerm is deur middel van 'n stewige skerm wat stewig aan die geïsoleerde handvatsel vasgesit is; en

(d) die kabelinleier sodanig is dat die isolering ruwe gebruik kan weerstaan.

(2) Niemand mag in nat of klam toestande, of in beperkte ruimtes binne-in metaalhouers, of wanneer hy in aanraking is met groot massas metaal, 'n draagbare elektriese lig gebruik nie tensy, behoudens die bepalinge van subregulasie (1) -

(a) die lamp gekoppel is aan 'n elektriese energiebron wat toegerus is met 'n aardlekassiebeveiligingstoestel waarvan die konstruksie voldoen aan die vereistes van 'n veiligheidsstandaard wat vir hierdie doel kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is; of

(b) die werkspanning van die lamp hoogstens 50 V is, en waar hierdie elektriese energie van 'n transformator verkry word, moet sodanige transformator aparte wikkellings hê. (RSA, 1993/85)

2.4 OMGEWINGSREGULASIES VIR WERKPLEKKE

2.4.1 Regulasie 3: Verligting

3. (1) Elke werkgewer moet elke werkplek in sy ondernemering laat verlig ooreenkomstig die illuminasiewaardes gespesifiseer in die Bylae van hierdie regulasies.

(2) Die hoofinspekteur kan, by kennisgewing in die Staatskoerant, van tyd tot tyd die Bylae van hierdie regulasies wysig soos hy nodig ag.

(3) Met betrekking tot die verligting wat ingevolge subregulasie (1) voorsien moet word, moet die werkgewer toesien dat -

(a) die gemiddelde illuminasie op enige vloervlak in 'n werkplek binne vyf meter van 'n taak minstens een vyfde van die gemiddelde illuminasie op daardie taak is;

(b) blikkering in enige werkplek verminder word tot 'n vlak wat nie die visie verswak nie;

(c) verligting op roterende masjinerie sodanig is dat die gevaar van stroboskopiese effek uitgeskakel word; en

(d) armature en lampe skoon gehou word en, wanneer defektief, onverwylde vervang of reggemaak word. (RSA, 1993/85)

2.4.2 Regulasie 4: Vensters

4. (1) Ten einde visuele kontak te bewerkstellig met omgewings buite 'n werkplek, waar werknemers die grootste gedeelte van hul skof in 'n kamer werk waarvan die vloeroppervlakte minder as 100 vierkante meter is, moet die werkgever van sodanige werknemers elke sodanige kamer laat voorsien van vensters waarvan -

(a) die totale beglasde oppervlakte minstens drie vyftdes van die vierkantswortel van die vloeroppervlakte van die kamer is, beide oppervlakte gemeet in vierkante meter;

(b) die vensterbanke nie hoër en die vensterkosynkappe nie laer as een en 'n half meter bo die vloeroppervlak van die kamer is nie; en

(c) die ruite van deursigtige materiaal is.

(3) Waar die binnedringing van direkte sonlig in 'n werkplek 'n bedreiging kan inhou vir die veiligheid van persone in sodanige werkplek, moet die betrokke werkgever toesien dat die werkplek afgeskerm is om sodanige binnedringing te voorkom, maar, sover prakties uitvoerbaar, met behoud van visuele kontak na buite. (RSA, 1993/85)

2.4.3 Regulasie 6: Huishouding

6. (1) 'n Gebruiker van masjinerie moet by elke masjien 'n vry en onbelemmerde ruimte voorsien en behou wat sodanig is dat persone veilig daar kan werk.

(2) 'n Werkgever moet -

(a) met uitsondering van werkplekke waar bouwerk aan die gang is, minstens 2,25 vierkante meter effektiewe oop vloeroppervlakte beskikbaar stel vir elke werknemer wat in 'n binnenshuise werkplek werk;

(b) 'n onbelemmerde werkruimte vir elke werknemer beskikbaar stel en behou;

(c) elke binnenshuise werkplek skoon en ordelik hou asook vry van materiale,

gereedskap en soortgelyke dinge wat nie nodig is vir die werk wat in so 'n werkplek gedoen word nie;

(d) alle vloere, loopweë, trappe, gange, deurlope en loopplanke in 'n goeie toestand, glyvry en vry van obstrukties, afval of materiale hou;

(e) die dak en mure van elke binnenshuise werkplek stewig en lekvry hou;

(f) alle openinge in vloere, alle luuke en alle trappe en enige oop kante van vloere of geboue waardeur of waarvandaan persone moontlik kan val, bedek, omhein of met relings of skerms afsluit, of ander maatreëls tref wat in die omstandighede nodig mag wees om die veiligheid van persone te verseker: Met dien verstande dat sodanige bedekking of afsluiting weggelaat of verwyder kan word vir die tydperk en in die mate wat nodig is vir die toegang van persone of die verskuiwing van materiaal; (RSA, 1993/85)

2.4.4 Regulasie 7: Geraas en gehoorbehoud

7.(1) Hierdie regulasie is van toepassing op werkgewers (hieronder die werkgewer genoem) by 'n werkplek waar die ekwivalente geraasvlak wat ontstaan uit bedrywighede by sodanige werkplek, waaraan enige persoon in sodanige werkplek blootgestel is, 85 dB(A) of hoër is.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasies (3) en (4), mag geen werkgewer vereis of toelaat dat 'n werknemer in 'n omgewing werk waarin hy blootgestel is aan 'n ekwivalente geraasvlak gelyk aan 85 dB(A) of hoër nie.

(3) Die werkgewer moet die ekwivalente geraasvlak verminder tot onder 85 dB(A) of, waar dit nie redelikerwys uitvoerbaar is nie, moet hy die vlak verminder tot so laag as redelikerwys uitvoerbaar en alle redelike stappe doen om die bron van die geraas akoesties te isoleer.

(4) Waar die ekwivalente geraasvlak in enige werkplek nie tot onder 85 dB(A), soos bedoel in subparagraaf (3) verminder kan word nie, moet die werkgewer -

(a) die grense van alle geraassones in sodanige werkplek afbaken deur kennisgewings te dien effekte op opvallende plekke met sodanige grense langs aan te bring asook by alle uitgange en ingange van 'n kamer wat in sy geheel 'n geraassone uitmaak; en

(b) enige persoon verbied om 'n geraassone binne te gaan tensy sodanige persoon gehoorbeskermers dra.

(6) Wanneer 'n inspekteur van mening is dat 'n werkgewer nagelaat of versuim het om die ekwivalente geraasvlak in 'n geraassone sover as redelikergewys prakties uitvoerbaar, te verminder of om die bron van die geraas akoesties te isoleer, kan hy by skriftelike kennisgewing vereis dat daardie werkgewer die verdere stappe doen wat die inspekteur redelik en prakties ag vir die behoud van die gehoor van werknemers wat daardie geraassone binnegaan of daarin werk.

(7) Die werkgewer moet kosteloos gehoorbeskermers verskaf aan elke werknemer wat in 'n geraassone werk of aan enige persoon van wie vereis word of wat toegelaat word om 'n geraassone binne te gaan, en geen werkgewer mag vereis of toelaat dat enige persoon in 'n geraassone werk of dit binnegaan nie, tensy hy die gehoorbeskermers op die korrekte manier dra.

(8) Die gehoorbeskermers wat 'n werkgewer ingevolge subregulasie (7) moet verskaf moet -

(a) vir die uitsluitlike gebruik van daardie persoon wees: Met dien verstande dat indien 'n inspekteur daarvan oortuig is dat die werkgewer voldoende voorsorgmaatreëls getref het om te verseker dat die gemeenskaplike gebruik van gehoorbeskermers nie sal lei tot die verspreiding van besmetlike of aansteeklike siektes nie, hy skriftelik die gemeenskaplike gebruik van gehoorbeskermers kan magtig;

(b) te alle tye deur die werkgewer in 'n doeltreffende en higiëniese toestand gehou word; en

(c) in 'n skoon, stofvrye houer deur die werkgewer voorsien, gebêre word wanneer dit nie in gebruik is nie.

(9) Die werkgewer moet 'n werknemer van wie vereis word om gehoorbeskermers te dra, behoorlik oplei in die gebruik van sodanige beskermers en hom inlig oor die geraassones waar die dra daarvan verpligtend is.

(10) Die werkgewer moet -

(a) toesien dat elke werknemer wat in 'n geraassone in diens is, onderwerp word aan oudiometriesse toetse uitgevoer in ooreenstemming met artikel 7 van SABS 083, deur 'n oudiometris wat deur die hoofinspekteur goedgekeur is.

(b) rekord hou van die resultate van elke oudiometriesse toets en die rekords beskikbaar maak vir inspeksie deur 'n inspekteur indien hy dit vereis; en

(c) alle sodanige rekords vir 'n minimum tydperk van 30 jaar na beëindiging van die diens hou: Met dien verstande dat indien die werkgewer sy aktiwiteite staak, sodanige rekords aan die streekdirekteur versend word.

(11) Ten einde te voldoen aan die bepalings van subregulasie (4)(a), moet die werkgewer die dienste bekom van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid of een van sy werknemers wie se vermoë geverifieer is deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid, om te verseker dat die geraassone in ooreenstemming met artikel 4 van SABS 083 bepaal word. (RSA, 1993/85)

2.4.5 Regulasie 9: Voorsorg teen brand en uitgangsmiddele

9. (1) Ten einde die ontruiming van 'n werkplek in die geval van 'n brand te bespoedig, moet elke werkgewer toesien dat -

(b) elke deur van 'n vertrek waarin daar persone teenwoordig kan wees, en elke deur van 'n gang of by trappe wat as uitgang van sodanige vertrek dien, onbelemmerd gehou word asook sodanig dat dit van binne maklik en gou oopgemaak kan word om vinnige en maklike ontruiming te verseker;

(c) die bepalings van paragrawe (a) en (b) ook ten opsigte van die buite nooduitgang van die werkplek nagekom word;

(d) trappe en treetjies wat van een vloer na ander of na die grond lei, van stewige handrelings voorsien is;

(2) Met inagneming van die grootte, konstruksie en ligging van die werkplek, en die hoeveelheid en tipe vlambare artikels wat op die perseel gebruik, hanteer of opgeberg word, moet 'n werkgewer 'n genoegsame voorraad geskikte brandbestrydingstoerusting op strategiese plekke, of soos deur die brandweerhoof van die betrokke plaaslike bestuur aanbeveel word, op die perseel voorsien, en sodanige toerusting moet in 'n goeie werkende toestand gehou word. (RSA, 1993/85)

2.5 ALGEMENE ADMINISTRATIEWE REGULASIES

Hierdie regulasies is amptelik slegs in Engels beskikbaar; daarom sal die regulasies

in Engels aangehaal word waarna 'n algemene bespreking van die regulasies sal volg (indien nodig) en die toepassing daarvan op die skoolwerkwinkel.

2.5.1 Regulasie 3: Kopie van die Wet

3. Every employer with 20 or more employees in his or her employ shall have a copy of the Act and the relevant regulations available at the workplace: Provided that where the total number of employees is less than 20, the employer shall on request of an employee make a copy of the Act available to that employee. (RSA, 1993/85)

2.5.2 Regulasie 4: Gesondheids- en -veiligheidskomitees

4. Where a health and safety committee has been established in terms of section 19 of the Act, an employer shall -

- (a) make a suitable meeting place available to a health and safety committee;
- (b) endorse the record as contemplated in section 20 (2) of the Act or cause such record to be endorsed by a person designated by him or her; and
- (c) ensure that the record as contemplated in paragraph (b) be kept for a period of at least three years. (RSA, 1993/85)

2.5.3 Regulasie 6: Aanmelding van voorvalle en beroepsongesteldheid

6. (1) An employer or a user, as the case may be, shall within seven days of an accident referred to in section 24 of the Act, give notice thereof to the provincial director in the form of WCL 1 or WCL 2 as published in the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993 (Act No.130 of 1993): Provided that upon future publication in the Government Gazette to the effect that where such notice was given to the Compensation Commissioner as contemplated in the Compensation for Occupational injuries and Diseases Act, 1993 (Act No.130 of 1993), it will be deemed given to the provincial director: Provided further that where a person in consequence of such an incident dies, become unconscious, suffers the loss of a limb or part of limb

or is otherwise injured or becomes ill to such a degree that he or she is likely either to die or to suffer a permanent physical defect, such incident including any other incident as contemplated in section 24(1)(b) and (c) of the Act shall forthwith also be reported by the employer or user, as the case may be, to the provincial director by telephone, facsimile or similar means of communication.

(2) When an injured person dies as a result of his injuries after notice of the incident in which he was injured has been given in terms of sub-regulation (1), the employer or user as the case may be, shall forthwith notify the provincial director of his or her death.

(3) The provision of sub-regulation (1) and (2) shall mutatis mutandis apply in this case of incidents arising out of or in connection with the activities of persons at work, occurring to persons other than persons at work or the activities of persons at work. (RSA, 1993/85)

2.5.4 Regulasie 8: Registerhouding en ondersoek na voorvalle

8. (1) Every employer or user shall keep at a workplace or section of a workplace, as the case may be, a record in the form of Annexure 2 for a period of at least three years, which shall be open for inspection by an inspector, of all incidents which he or she is required to report in terms of section 24 of the Act and also of any other incident which resulted in the person concerned having had to receive medical treatment other than first aid.

(2) An employer or user shall cause every, incident which must be recorded in terms of sub-regulation (1) to be investigated by himself or a person designated by him or her or by a health and safety representative or a member of the health and safety committee within three months or within the contracted period in the case of contracted workers, and the employer or user shall cause the finding of such a person to be entered in such record.

(3) An employer shall cause such record to be examined by the health and safety committee for that workplace or section of the workplace at its next meeting and shall ensure that the chairperson of the health and safety committee endorses the record to the effect that it has been seen and that the necessary actions have been implemented and followed up: Provided that the employer shall also endorse the said record to such effects. (RSA, 1993/85)

2.5.5 Regulasie 9: Getuie by 'n ondersoek

9. (1) When an inspector is directed to hold a formal inquiry in terms of section 32 (1) of the Act, he or she shall notify the employer or user concerned, as the case may be, of the data, time and place of such inquiry and such employer shall forthwith advise those persons who witnessed the incident and any other person specified by the inspector, of such data, time and place, and that their presence shall be required at the inquiry.

(2) The employer or user concerned, as the case may be, shall ascertain which of the persons he or she has advised in terms of sub-regulation (1) are likely to refuse to attend the inquiry, and shall forthwith advise the inspector of the names and addresses of such persons in order that the inspector can subpoena such person. (RSA, 1993/85)

2.5.6 Regulasie 10: Bedwelming

10. (1) Subject to the provisions of sub-regulation (3) an employer or a user, as the case may be, shall not permit any person who is or who appears to be under the influence of intoxicating liquor or drugs, to enter or remain at a workplace.

(2) Subject to the provision of sub-regulation (3) no person at a workplace shall be under the influence of or have in his possession or partake of or offer any other person intoxicating liquor or drugs.

(3) An employer or user, as the case may be, shall in the case where a person is taking medicines, only allow such person to perform duties at the workplace if the side effects of such medicine do not institute a threat to the health or safety of the person concerned or other persons at such workplace. (RSA, 1993/85)

2.5.7 Regulasie 11: Toegang van persone

11. (1) Subject to the provisions of section 8 of the Act an employer or user, as the case may be shall not permit a person to enter a workplace where the health or safety of

such a person is at risk or may be at risk, unless such person enters such workplace with the express or implied permission of and subject to the conditions laid down by such employer or user: Provided that only the express or implied permission shall not apply in respect of a person entitled by law to enter such workplace or premises.

(2) An employer or user, as the case may be, shall, if he or she deems it necessary in the interests of health or safety, post up a notice at every entrance to a workplace without the permission of the employer or user, as the case may be. (RSA, 1993/85)

2.6 ALGEMENE MASJINERIE-REGULASIE

2.6.1 Regulasie 1: Woordomskrywing

"bevoegde persoon" met betrekking tot masjinerie, 'n persoon wat -

(a) 'n vakleerlingskap uitgedien het in 'n ingenieursbedryf wat die bediening en onderhoud van masjiene ingesluit het, of minstens vyf jaar praktiese ondervinding in die bediening en onderhoud van masjinerie gehad het en wat gedurende of na sodanige vakleerlingskap of tydperk van praktiese ondervinding, na gelang van die geval, minstens een jaar ondervinding gehad het in die bediening en onderhoud wat toepaslik is op die klas masjinerie waarvoor hy toesig moet hou, (RSA, 1993/85)

2.6.2 Regulasie 2: Toesig oor Masjinerie

2. (1) Ten einde te verseker dat die bepalings van die Wet en hierdie Regulasies met betrekking tot masjinerie nagekom word, moet 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie, behoudens hierdie regulasie, 'n persoon in 'n heeltydse hoedanigheid skriftelik aanwys ten opsigte van elke perseel waarop of waarin masjinerie gebruik word.

(2) Die hoofinspekteur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplaë, 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie toelaat om meer as een persoon ingevolge subregulasie (1) aan te wys.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie moet 'n persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangewys word 'n bevoegde persoon wees.

(5) Indien, in die geval waar masjinerie op of in die betrokke perseel alleen vir die verspreiding van elektrisiteit gebruik word -

(a) die maksimum aanvraag oor enige aaneenlopende tydperk van 30 minute 3 000 kVA of minder is, moet die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangewys word 'n persoon wees soos in paragraaf (a) van die omskrywing van bevoegde persoon bedoel en as 'n installasie-elektrisiën ingevolge regulasie 11 (1) van die Elektriese Installasieregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2270 van 11 Oktober 1985, geregistreer wees;

(6) Ondanks die bepalings van subregulasies (3), (4) en (5), kan die hoofinspekteur, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie toelaat om 'n persoon wat oor 'n ander kwalifikasie as die van 'n bevoegde persoon beskik, ingevolge subregulasie (1) aan te wys.

(7)(a) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie kan een of meer bevoegde persone aanwys om 'n persoon, aangewys ingevolge subregulasie (1), behulpsaam te wees.

(b) Die hoofinspekteur kan 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie by skriftelike kennisgewing gelas om binne die tydperk in die kennisgewing vermeld die aldus vermelde getal persone wat oor die aldus vermelde kwalifikasies beskik, aan te wys om 'n persoon, aangewys ingevolge subregulasie (1), behulpsaam te wees.

(8) Behalwe met die goedkeuring van 'n inspekteur, mag geen persoon aangewys ingevolge subregulasie (1) of (7) toesig hou oor masjinerie op of in 'n ander perseel as die perseel ten opsigte waarvan hy aangewys is nie.

(11) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie wat aansoek doen om vrystelling van die bepalings van hierdie regulasie kragtens artikel 40 van die Wet moet die volgende besonderhede aan die Minister verstrek, naamlik -

- (a) die gronde vir die aansoek;
- (b) die getal werknemers wat op of in die betrokke perseel werksaam is;
- (c) die aard van die werk wat op of in die betrokke perseel verrig word;
- (d) die getal en die tipe voorvalle wat gedurende die voorafgaande drie jaar ten opsigte van die betrokke perseel ingevolge artikel 17 (1) van die Wet aangemeld is;
- (e) die veiligheidsbestuurstelsel wat ten opsigte van die betrokke perseel in bedryf is; en
- (f) die ander besonderhede wat die hoofinspekteur verlang. (RSA, 1993/85)

2.6.3 Regulasie 3: Beveiliging van masjinerie

3. (1) Elke werkgewer of gebruiker van masjinerie moet -

(a) toesien dat alle masjinerie wat deur hom gebruik word, geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word en dat dit op die wyse geïnstalleer, hanteer en in stand gehou word wat die blootstelling van persone aan toestande of omstandighede wat gevaarlik of potensiaal gevaarlik is, voorkom;

(b) in die besonder elke onbeskutte en gevaarlike deel van masjinerie wat binne die normale bereik van 'n persoon is doeltreffend laat beveilig deur middel van omheining, afskerming of beskutting, behalwe waar 'n inspekteur skriftelike toestemming vir die weglating van sodanige beveiliging verleen het;

(c) toesien dat alle veiligheidstoerusting in goeie werkende toestand gehou en behoorlik gebruik word; en

(d) toesien dat die kwaliteit van materiaal wat gebruik is en die konstruksie van masjinerie of veiligheidstoerusting geskik is vir die doel waarvoor dit bestem is.

(2) Waar masjinerie 'n gevaar vir persone inhou, moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie die betrokke perseel laat inperk en waar sodanige perseel onbewaak is, moet die aangewese ingange tot die perseel toe en gesluit gehou word.

(3) Tensy hy daartoe gemagtig is deur die werkgewer of gebruiker van masjinerie, mag geen persoon enige veiligheidstoerusting wat op die betrokke masjinerie betrekking het, verwyder nie. (RSA, 1993/85)

2.6.4 Regulasie 4: Hantering van masjinerie

4. (1) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet toesien dat elke persoon wat gemagtig is om masjinerie te hanteer, ten volle bewus is van die gevare daaraan verbonde en vertrouwd is met die voorsorgmaatreëls wat geneem of nagekom moet word om sodanige gevare uit die weg te ruim.

(2) Indien 'n persoon enige masjinerie hanteer wat voortdurende aandag verg ten einde ongelukke te vermy, mag hy onder geen omstandighede sy pos verlaat terwyl

sodanige masjinerie in werking is nie, tensy hy afgelos word deur 'n persoon wat gemagtig en bevoeg is om sodanige masjinerie te hanteer.

(3) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet toesien dat enige masjinerie wat voortdurende aandag verg ten einde ongelukke te vermy, onder die toesig van 'n skofman is wat te alle tye op die perseel teenwoordig moet wees terwyl sodanige masjinerie in werking is, en geen persoon mag sodanige masjiene bedien of hanteer nie, behalwe onder die algemene toesig van 'n skofman.

(4) Geen persoon wat oor masjinerie toesig hou en geen persoon wat masjinerie hanteer, mag 'n ander persoon magtig om sy werk te doen sonder die toestemming van sy hoof nie.

(5) Indien masjinerie die veiligheid van persone bedreig of waarskynlik sal bedreig wanneer dit onverwags aangeskakel of elektries lewendig gemaak word, moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie alle redelike voorsorgmaatreëls tref ten einde te verseker dat sodanige masjinerie nie aangeskakel of elektries lewendig gemaak word nie, en enige persoon wat van voorneme is om sodanige masjinerie aan te skakel of elektries lewendig te maak, moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref ten einde te verseker dat die veiligheid van 'n persoon nie bedreig of waarskynlik bedreig sal word nie.

(6) Indien masjinerie wat in werking is die veiligheid van persone bedreig of waarskynlik sal bedreig, moet die persoon wat oor sodanige masjinerie toesig hou of dit hanteer of die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie, sodanige masjinerie stop of laat stop. (RSA, 1993/85)

2.6.5 Regulasie 6: Toestelle om masjinerie aan te sit en te stop

6. (1) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet toestelle voorsien om masjinerie aan te sit en te stop, en hierdie toestelle moet -

(a) op 'n plek wees waar dit vinnig en maklik bereik kan word deur die persoon wat sodanige masjinerie hanteer; en

(b) so gemaak en gerangskik wees dat dit voorkom dat sodanige masjinerie per ongeluk aangesit word.

(2) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet positiewe middele voorsien om

die kontroles van masjinerie wat deur 'n elektriese motor aangedryf word, buite werking te stel terwyl herstelwerk of verstellings gedoen word, en sodanige middele mag nie net die blote afskakeling van 'n skakelaar wees nie.

(3) Indien masjinerie terselfdertyd deur twee of meer persone hanteer word, moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie sodanige masjinerie -

(a) by elke bedieningspunt voorsien van 'n stop toestel wat uitsluit wanneer dit gebruik word en met die hand herset moet word voordat sodanige masjinerie weer aangesit kan word; en

(b) voorsien van 'n hoorbare waarskuwingsmeganisme wat afgaan voordat sodanige masjinerie begin werk: Met dien verstande dat 'n inspekteur skriftelike toestemming kan verleen vir alternatiewe voorsorgmaatreëls waardeur die veiligheid van daardie persone verseker word. (RSA, 1993/85)

2.6.6 Regulasie 7: Aanmelding van voorvalle in verband met masjinerie

7. Elke voorval waarin -

(a) die breek of weiering van 'n deel van masjinerie 'n vallende of vlieënde voorwerp tot gevolg gehad het;

(b) masjinerie as gevolg van die weiering van 'n kontrole of veiligheidstoerusting buite beheer geraak het en 'n besering aan 'n persoon wat op of in sodanige masjinerie vervoer was of wat in die nabyheid daarvan was, kon veroorsaak het; of

(c) die breek of weiering van 'n deel van masjinerie waarin gas onder druk is die skielike loslating van gas tot gevolg gehad het, moet onverwyld deur die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie by 'n inspekteur aangemeld word. (RSA, 1993/85)

2.7 ALGEMENE VEILIGHEIDSREGULASIES

2.7.1 Regulasie 2: Persoonlike veiligheidstoerusting en fasiliteite

2. (1) Behoudens die bepalings van paragrawe (f), (g), (h) en (i) van regulasie 5 van die

Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984, moet iedere werkgever en iedere gebruiker van masjinerie 'n evaluasie maak van die risiko verbonde aan enige toestand of situasie wat uit die bedrywighede van sodanige werkgever of gebruiker, na gelang van die geval, voortspruit en waaraan persone by 'n werkplek of in die loop van hul diens of in verband met die gebruik van masjinerie blootgestel word, en hy moet die maatreëls wat onder die omstandighede nodig is, tref om sodanige toestand of situasie veilig te maak.

(2) Waar dit nie uitvoerbaar is om die toestand of situasie in subregulasie (1) bedoel veilig te maak nie, moet die werkgever of gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, maatreëls tref om die risiko te verminder tot so laag as wat uitvoerbaar is, en moet hy kosteloos sodanige veiligheidstoerusting en fasiliteite voorsien en in 'n skoon en goeie toestand onderhou, as wat nodig mag wees om te verseker dat enige persoon wat aan enige sodanige toestand of situasie by 'n werkplek of in die loop van sy diens of op 'n perseel waar masjinerie gebruik word, blootgestel is, beveilig word.

(3) Met inagneming van die aard van die gevaar wat teengewerk moet word, en sonder om afbreuk te doen aan die algemene pligte wat deur subregulasies (1) en (2) aan werkgevers en gebruikers van masjinerie opgelê word, moet die veiligheidstoerusting en fasiliteite bedoel in subregulasie (2) insluit, na gelang nodig -

(a) geskikte stofbrille, brille, gesigskerms, sweisskerms, maskers, hardehoede, beskermende helms, pette, handskoene, kaphandskoene, voorskote, baadjies, mantels, moue, kamaste, slobkouse, oorkouse, beskermende skoeisel, beskermende oorpakke, of enige soortgelyke veiligheidstoerusting of fasiliteite van 'n tipe wat geskik is om liggaamlike besering doeltreffend te verhoed;

(d) matte, versperrings, uitsluittoestelle, veiligheidstekens of enige soortgelyke fasiliteite om die gevaar van gly, onveilige toegang of onveilige toestand te voorkom;

(e) beskermende salwe, oormowwe, oorproppe, respirators, asemhalingstoestelle, maskers, luglyne, kappe, helms of enige soortgelyke veiligheidstoerusting of fasiliteite van 'n tipe wat geskik is om doeltreffend teen beserings te beskerm;

(g) in die algemeen sodanige veiligheidstoerusting of fasiliteite wat nodig mag wees om die betrokke persone te beveilig.

(4) 'n Werkgever of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, moet maatreëls tref om te verseker dat geen veiligheidstoerusting of fasiliteite wat

ooreenkomstig hierdie of enige ander regulasie voorsien is, van 'n werkplek of van 'n perseel waar masjinerie gebruik word, verwyder word nie, behalwe om skoon- of reggemaak te word of vir doeleindes van onderhoud, modifikasie, verbetering of vervanging, en niemand mag enige sodanige veiligheidstoerusting of fasiliteite van 'n werkplek of 'n perseel waar masjinerie gebruik word, verwyder nie, behalwe vir voornoemde doeleindes.

(5) 'n Werkgewer moet sy werknemers onderrig in die korrekte gebruik van die veiligheidstoerusting en fasiliteite wat voorsien is, asook aangaande die onderhoud en beperkings daarvan.

(6) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer toelaat of van hom vereis om te werk nie, tensy sodanige werknemer die veiligheidstoerusting of fasiliteite wat ingevolge hierdie of enige ander regulasie voorsien is, gebruik.

(7) Die bepalinge van hierdie regulasie word nie so uitgelê dat dit afbreuk doen aan die bepalinge van enige spesifieke regulasie wat spesifieke veiligheidstoerusting of fasiliteite voorskryf nie. (RSA, 1993/85)

2.7.2 Regulasie 3: Eerstehulp, noodtoerusting en prosedures

3. (1) 'n Werkgewer moet alle redelike stappe wat onder die omstandighede nodig is, doen om te verseker dat persone by 'n werkplek in die geval van 'n besering of noodgeval onverwyld eerstehulpbehandeling ontvang.

(2) Waar meer as vyf werknemers in diens is by 'n werkplek, moet die werkgewer van sodanige werknemers 'n eerstehulpkas of -kaste by of naby die werkplek voorsien wat beskikbaar en toeganklik is vir die behandeling van beseerde persone by daardie werkplek.

(3)(a) 'n Werkgewer moet, met inagneming van die tipe beserings wat moontlik by 'n werkplek kan voorkom, die aard van die aktiwiteite wat daar bedryf word en die aantal werknemers in diens by sodanige werkplek, toesien dat die eerstehulpkas of -kaste bedoel in subregulasie (2) geskikte eerstehulptoerusting bevat wat minstens die toerusting gelys in die Aanhangsel hierby moet insluit.

(b) Sodanige werkgewer moet toesien dat slegs items en toerusting soos bedoel in paragraaf (a) of ander soortgelyke toerusting of medisyne in die eerstehulpkas of -kaste gehou word.

(4) Waar meer as 10 werknemers in diens is by 'n werkplek, moet die werkgewer van sodanige werknemers verseker dat daar vir elke groep van 50 werknemers by daardie werkplek, of in die geval van 'n winkel of kantoor soos bedoel in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet No. 3 van 1983), vir elke groep van tot 100 werknemers, minstens een persoon geredelik beskikbaar is gedurende normale werksure, welke persoon in besit moet wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp, uitgereik deur -

(a) die SA Rooikruisvereniging;

(b) die St John Ambulans;

(c) die SA Noodhulpiga; of

(d) 'n persoon of organisasie wat deur die hoofinspekteur vir hierdie doel goedgekeur is.

(6) 'n Werkgewer moet op 'n opsigtelike plek by 'n werkplek 'n duidelike kennisgewing of teken aanbring wat aandui waar die eerstehulpkas of -kaste gehou word en die naam van die persoon in beheer van sodanige eerstehulpkas of -kaste. (RSA, 1993/85)

2.7.3 Regulasie 4: Gebruik en opberging van vlambare vloeistowwe

4. (1) Geen werkgewer mag van enige persoon vereis of hom toelaat om te werk nie in 'n plek waar dampe van enige vlambare vloeistof ontwikkel word in so 'n mate dat dit 'n wesenlike of potensiële brand- of ploffgevaar skep of dat dit die veiligheid van enige persoon bedreig, tensy die bepalings van subregulasie (2) tot (12) van hierdie regulasie nagekom word.

(2) Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat 'n vlambare vloeistof gebruik of aangewend word anders as in 'n kamer, dampkas of ander toe ruimte wat spesiaal vir die doel opgerig is van brandbestande materiaal of in 'n plek wat, vanweë sy ligging of konstruksie of enige ander kenmerk of omstandigheid, van so 'n aard is dat -

(a) geen brand- of ploffgevaar daar geskep word of geskep kan word nie;

(b) enige dampe wat ontstaan vanweë sodanige gebruik of aanwending doeltreffend in die atmosfeer versprei en verdun word behoudens die bepalings van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965); en

(c) geen ander werkplek deur sodanige dampe besoedel kan of mag word nie.

(3) 'n Werkgewer moet toesien dat elke kamer, dampkas of toe ruimte in subregulasie (2) bedoel, voorsien is van 'n doelmatige in- en uitlaatventilasiestelsel om enige damp daaruit te verwyder en om te verhoed dat dit hersirkuleer word op 'n wyse wat kan lei tot die besoedeling van enige ander werkplek of tot die skepping van 'n brand- of plofgevaar. Met dien verstande dat, ondanks enige ander bepaling van hierdie regulasie, 'n werkgewer iedere werknemer wat spuitwerk doen, moet voorsien van 'n respirator, masker of asemhalingsapparaat van 'n tipe deur die hoofinspekteur goedgekeur, en dat iedere sodanige werknemer sodanige apparaat waarvan hy voorsien is, gebruik terwyl hy spuitwerk doen.

(7) Ten aansien van enige kamer bedoel in subregulasie (2), moet die werkgewer toesien dat elke sodanige kamer -

(a) met 'n vloeroppervlakte wat 20 vierkante meter te bowe gaan, minstens twee afsonderlike ingange op teenoorgestelde kante van die kamer het, toegerus met deure wat na buite oopgaan en wat nie gesluit kan word nie;

(8)(a) 'n Werkgewer mag nie toelaat nie dat -

(i) enige vuur, vlam of oop lig, of iets wat statiese elektrisiteit kan opwek, of enige ander ding wat 'n vlambare vloeistof of die dampe daarvan kan laat ontbrand, gebruik word in of ingeneem word in 'n kamer, dampkas of toe ruimte soos in subregulasie (2) bedoel waarin enige sodanige vlambare vloeistof gebruik, gesproei of opgeberg word, en hy moet 'n geskikte en opsigtelike teken wat enige sodanige optrede verbied, by alle ingange van elke sodanige kamer, dampkas of toe ruimte aanbring;

(ii) enige persoon rook, en niemand mag rook nie, in 'n plek waarin vlambare vloeistowwe gebruik of opgeberg word en sodanige werkgewer moet 'n geskikte en opsigtelike kennisgewing wat sodanige rook verbied by alle ingange tot sodanige plek aanbring; en

(iii) enige proses wat vonke of vuur kan veroorsaak, of enige hitteaanwending vir die droogmaak van artikels wat gespuut of behandel is, plaasvind in enige kamer, dampkas of toe ruimte wat vir spuitwerk gebruik word voordat die atmosfeer of ruimte van alle dampe geledig is.

(b) Niemand mag 'n verbod wat ooreenkomstig subparagraaf (i) of (ii) van paragraaf

(a) bekend gemaak is, oortree nie.

(9) Ten aansien van enige kamer, dampkas of toe ruimte soos bedoel in subregulasie (2), moet die betrokke werkgewer toesien dat -

(a) gebruikte poetskatoen, skoonmaaklappe of soortgelyke materiaal daagliks verwyder en veilig weggedoen word;

(b) slegs daardie hoeveelheid vlambare vloeistof benodig vir werk op een dag in sodanige kamer, dampkas of toe ruimte ingeneem of gehou word: Met dien verstande dat gedeeltelik gebruikte voorrade in 'n behoorlik gemerkte, brandvaste muurkas binne die werkplek opgeberg mag word;

(c) alle dromme, kanne, trommels of soortgelyke houers wat vlambare vloeistof bevat, dig toegehou word wanneer nie werklik in gebruik nie, en dat, nadat die inhoud daarvan opgebruik is, die houers daagliks van die werkplek verwyder en veilig weggedoen word; en

(d) elke sodanige kamer, dampkas of toe ruimte skoongehou word en dat alle waaiers, pype, kokers en omhulsels van die ventilasiesistelsel bedoel in subregulasie (3), skoon en in 'n goeie werkende toestand gehou word: Met dien verstande dat enige skoonmaak, afkrap of skuur wat gedoen word, gedoen moet word met implemente wat nie vonke kan veroorsaak nie indien die konsentrasie van die damp 25 persent van die onderste plofgrens van daardie damp oorskry.

(10) 'n Werkgewer moet toesien dat elke vlambare vloeistofstoor -

(a) deur middel van brandbestandemateriaal met 'n brandweerstand van twee uur, van enige kamer, dampkas of toe ruimte bedoel in subregulasie (2) geskei is;

(b) van brandbestande materiaal met 'n brandweerstand van twee uur vervaardig is;

(c) van sodanige konstruksie is dat, in geval van storting, 'n volume van die betrokke vlambare vloeistof gelyk aan die hoeveelheid vlambare vloeistof wat normaalweg in die stoor gehou word, plus tien persent van daardie hoeveelheid, ingedam kan word;

(d) na die buitelug geventileer word op so 'n wyse dat dampe nie binne die stoor kan versamel nie; en

(e) duidelik gemerk is met 'n teken wat aandui dat dit so 'n stoor is en waarop ook die hoeveelheid vlambare vloeistof wat daarin opgeberg mag word, aangedui is.

(11) Met inagneming van die konstruksie en plasing van die betrokke perseel en die

hoeveelheid en tipe vlambare vloeistowwe betrokke, moet die werkgewer 'n genoegsame aantal doelmatige brandbestrydingstoestelle aanbring op geskikte plekke in en om elke gebou waarbinne sodanige stowwe gebruik, gehanteer of opgeberg word, of soos deur die brandweerhoof van die betrokke plaaslike bestuur aanbeveel mag word. (RSA, 1993/85)

2.7.4 Regulasie 9: Sweis-, vlamsny-, soldeer- en soortgelyke werk

9. (1) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag vereis of toelaat dat sweis- of vlamsnywerk onderneem word nie, tensy -

(a) die persoon wat met die toerusting werk, ten volle opgelei is aangaande die veilige bedryf en gebruik daarvan, asook aangaande die gevare wat uit die gebruik daarvan mag voortspruit;

(b) doelmatige beskerming verleen en gebruik word vir die oë en die asemhalingstelsel en, waar nodig, vir die gesig, hande, voete, bene, lyf en klere van persone wat sodanige werk verrig, en teen hitte, gloeiende of vlieënde deeltjies en gevaarlike uitstraling;

(c) geleidrade en elektrodehouers behoorlik geïsoleer is; en

(d) die werkplek doelmatig afgeskort is waar dit moontlik is, en waar dit nie moontlik is nie, alle ander persone wat blootgestel is aan die gevare bedoel in paragraaf (b) daarteen gewaarsku word en van geskikte beskermende uitrusting voorsien word. (RSA, 1993/85)

2.7.5 Regulasie 13A: Lere

13A.(1) 'n Werkgewer moet toesien dat elke leer van stewige materiaal gemaak is en geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word, en -

(a) toegerus is met glyvrye toestelle aan die onderente en hake of soortgelyke toestelle aan die bo-ente van die style wat die stabiliteit van die lere gedurende normale gebruik sal verseker; of

(b) so vasgebind, vasgehou of vasgemaak is terwyl dit gebruik word dat dit die stabiliteit van die leer onder alle toestande en te alle tye sal verseker.

- (2) Geen werkgewer mag 'n leer gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie, indien dit -
- (a)(i) sporte het wat slegs deur middel van spykers, skroewe, penne of op soortgelyke wyse aan die style vasgeheg is; of
 - (ii) sporte het wat nie behoorlik in die style ingelaat is nie: Met dien verstande dat in die geval van gesweiste lere of lere waarvan die sporte deur middel van boute of klinknaels aan die style vasgeheg is, die sporte nie in die style ingelaat hoef te wees nie; of
 - (b) beskadigde style, of beskadigde of ontbrekende sporte het.
- (3) Geen werkgewer mag toelaat dat -
- (a) 'n leer wat vir stutting teen 'n voorwerp geleun word en langer as 9 m is gebruik word nie; en
 - (b) behalwe met die goedkeuring van 'n inspekteur 'n leer se bereik verleng word deur twee of meer lere aanmekaar vas te heg nie: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie subregulasie nie van toepassing is op skuif of vrystaande lere nie.
- (4) In die geval van houtlere moet die werkgewer toesien dat -
- (a) die lere gemaak is van hout met reguit grein, vry van defekte, en met die grein wat in die lengte van die style en sporte loop; en
 - (b) die lere nie geveer of op enige wyse bedek is nie, tensy dit vasgestel is dat daar geen barste of ander inherente swakhede is nie: Met dien verstande dat lere met olie behandel of met helder vernis of houtpreserveermiddel bedek mag word.
- (5) Wanneer werk vanaf 'n leer gedoen word, moet die werkgewer -
- (a) spesiale voorsorgmaatreëls tref om te voorkom dat artikels afval; en
 - (b) geskikte omhulsels of houers voorsien waarin handgereedskap gehou moet word wanneer dit nie in gebruik is nie.
- (6) 'n Werkgewer moet toesien dat 'n vaste leer wat 5 m in hoogte oorskry en aan 'n vertikale struktuur aangeheg is, met 'n helling van 75° of meer vanaf die horisontale vlak -
- (a) se sporte minstens 150 mm weg is van die struktuur waaraan die leer aangeheg is; en
 - (b) van 'n hok voorsien is wat -
 - (i) strek van 'n punt hoogstens 2,5 m vanaf die onderste vlak tot op 'n hoogte van minstens 900 mm bo die boonste vlak wat deur die leer bedien word; en

(ii) stewige ondersteuning langs sy hele lengte bied vir die rug van die persoon wat met die leer opklim en vir hierdie doel mag geen deel van die hok meer as 700 mm weg wees van die vlak van die sporte nie: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van paragraaf (b) nie van toepassing is nie indien platforms wat nie meer as 8 m uitmekaar gespasieer is nie, en geskik is vir persone om op te rus, voorsien is. (RSA, 1993/85)

2.8 HOUERS ONDER DRUK-REGULASIES

2.8.1 Regulasie 2: Toepassingsbestek

2. Hierdie regulasies sal van toepassing wees op alle gebruikers van houters onder druk: Met dien verstande dat regulasie 3 nie van toepassing sal wees nie op 'n stoomketel, drukhouer of verplaasbare gashouer wat voor 23 Oktober 1992 in gebruik was en wat in oorstemming met die regulasies van daardie tyd ontwerp, gebou en vervaardig is. (RSA, 1993/85)

2.8.2 Regulasie 3: Ontwerp, konstruksie en vervaardiging

3. (1) Onderhewig aan die bepalings van subregulasie (2), mag geen gebruiker 'n houer onder druk gebruik, vereis of toelaat dat dit gebruik word nie tensy -

(a) dit ontwerp en vervaardig is ooreenkomstig 'n gesondheids- en veiligheidstandaard wat by hierdie regulasies ingelyf is kragtens artikel 44 van die Wet;

(b) dit vervaardig is onder toesig van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid soos bedoel in regulasie 17(1)(a) of enige ander inspeksie-owerheid buite die Republiek wat deur die hoofinspekteur erken word; en

(c) die gebruiker in besit is van 'n sertifikaat van vervaardiging uitgereik deur die vervaardiger waarin gesertifiseer word dat die stoomketel, drukhouer of verplaasbare gashouer in alle opsigte ontwerp, vervaardig en getoets is ooreenkomstig die standaard bedoel in subregulasie (1)(a): Met dien verstande dat sodanige sertifikaat deur die goedgekeurde inspeksie-owerheid mede-onderteken moet wees as getuienis dat die

ontwerp van sodanige stoomketel, drukhouer of verplaasbare gashouer geverifieer is en dat dit onder hul toesig vervaardig en getoets is ooreenkomstig die genoemde standaard.

(2) Die sertifikaat vereis by subregulasie (1)(c) in die geval van 'n drukhouer of verplaasbare gashouer kan verwys na meer as een drukhouer of verplaasbare gashouer: Met dien verstande dat elke drukhouer of verplaasbare gashouer dieselfde ontwerpdruk en afmetings het, en dat die produk van die ontwerpdruk in Pascal en die volume in kubieke meter van daardie houer nie die syfer 500 000 oorskry nie. (RSA, 1993/85)

2.8.3 Regulasie 4: Vervaardiger se drukplaat

4. (1) Elke gebruiker van 'n stoomketel of drukhouer moet toesien dat 'n vervaardigersplaat met die onderstaande minimum besonderhede daarop op 'n opvallende plek stewig op die romp van elke sodanige stoomketel of drukhouer aangebring word:

- (a) naam van vervaardiger;
- (b) land van oorsprong;
- (c) jaar van vervaardiging;
- (d) vervaardiger se reeksnommer;
- (e) naam, nommer en datum van die ontwerpstandaard;
- (f) ontwerpmeterdruk in Pascal;
- (g) maksimum toelaatbare werksdruk in Pascal;
- (h) bedryfstemperatuur;
- (i) kapasiteit in kubieke meter; en
- (j) identifikasiemerk van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid.

(2) Niemand mag sodanige vervaardigersplaat verwyder of die besonderhede daarop aangebring, opsetlik beskadig of verander nie, behalwe soos in regulasie 16 (4) voorsien. (RSA, 1993/85)

2.8.4

Regulasie 6: Toebehore

6. (1) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n houer onder druk gebruik word nie tensy dit voorsien is van alle toebehore soos vereis in die gesondheids- en veiligheidstandaard vir die ontwerp, konstruksie en vervaardiging van sodanige houer onder druk: Met dien verstande dat alternatiewe toebehore anders as die wat deur die standaard vereis word, slegs aangebring mag word met die skriftelike goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid.

(2) By afwesigheid van sodanige vereiste in die gesondheid-en-veiligheidstandaard gebruik in die ontwerp, konstruksie en vervaardiging van sodanige houer onder druk, moet toebehore deur die gebruiker voorsien word soos deur die goedgekeurde inspeksie-owerheid vereis en daardie toebehore moet so geselekteer, gerangskik en geïnstalleer word dat dit veilig is vir die besondere doel waarvoor die houer onder druk gebruik sal word.

(3) Elke gebruiker van 'n stoomketel of drukhouer moet toesien dat die stoomketel of drukhouer in gebruik, voorsien is van minstens een drukmeter en die maksimum toelaatbare werksdruk moet duidelik met 'n rooi streep op die wyserplaat van die drukmeter aangedui word.

(4) Elke gebruiker van 'n stoomketel of drukhouer moet toesien dat die stoomketel of drukhouer in gebruik, voorsien is van minstens een veiligheidsklep en sodanige veiligheidsklep moet gesluit, verseël of andersins ontoeganklik gemaak word vir enige ongemagtigde persoon: Met dien verstande dat die nommer en kapasiteit van die veiligheidsklep aan die ontwerpstandaard vir daardie stoomketel of drukhouer voldoen of soos vereis by subregulasie (2). (RSA, 1993/85)

2.8.5

Regulasie 7: Outomatiese kontroles en aanwysers

7. Elke gebruiker moet toesien dat die outomatiese kontroles en meters van 'n stoomketel, drukhouer of drukvaste stelsel ooreenkomstig die bepalings van die gesondheids-en-veiligheidstandaard gebruik by die ontwerp en vervaardiging van die stoomketel, drukhouer of drukvaste stelsel gerangskik, geïnstalleer, in stand gehou en

bedryf is: Met dien verstande dat by afwesigheid van sodanige bepalings, waar outomatiese kontroles en aanwysers geïnstalleer word, hulle behoudens die skriftelike goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid geselekteer, gerangskik en geïnstalleer word. (RSA, 1993/85)

2.8.6 Regulasie 10: Verplaasbare gashouers

10. Geen gebruiker mag 'n verplaasbare gashouer gebruik, vereis of toelaat dat dit gebruik word, en geen gebruiker mag 'n verplaasbare gashouer vul, in diens stel, hanteer, wysig, herstel, ondersoek of toets nie anders as ooreenkomstig die standaard ingelyf in hierdie regulasies kragtens artikel 44 van die Wet. (RSA, 1993/85)

2.8.7 Regulasie 11: Handgedraagde brandblussers

11. (1) Geen gebruiker mag 'n handgedraagde brandblusser gebruik, vereis of toelaat dat dit gebruik word nie, tensy dit ontwerp, gebou, gevul, hervul, opgeknop, gewysig, herstel, ondersoek of getoets is in ooreenstemming met 'n gesondheid-en-veiligheidsstandaard ingelyf by hierdie regulasies ingevolge artikel 44 van die Wet.

(2) Geen persoon mag enige handgedraagde brandblusser vul, hervul, opknop, wysig, herstel, ondersoek of toets tensy in besit van 'n permit uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde ingevolge SABS 1475. (RSA, 1993/85)

2.8.8 Regulasie 12: Gasbrandstof gebruik, toerusting en stelsels

12. (1) Geen persoon mag 'n gasbrandstof hanteer, stoor of versprei op enige manier nie, insluitend die vulling van houers, behalwe soos uiteengesit in 'n gesondheid-en-veiligheidsstandaard wat by hierdie regulasies ingelyf is onder artikel 44 van die Wet. (RSA, 1993/85)

2.8.9 Regulasie 13: Inspeksie en toets

13. (1) Enige gebruiker van 'n stoomketel of drukhouer moet, waar redelikerwys

uitvoerbaar, toesien dat sodanige stoomketel of drukhouer, insluitend toebehore en outomatiese kontroles en aanwysers, onderwerp word aan 'n interne en eksterne inspeksie en 'n hidrouliese druktoets tot 1,25 maal die maksimum toelaatbare werksdruk soos van toepassing -

(a) deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid voordat dit die eerste keer in bedryf gestel word as installering, heroprigting of herstelwerk, en

(b) deur 'n persoon wat skriftelik deur die gebruiker aangestel is en wat bevoeg is om sodanige inspeksies en toetse uit te voer uit hoofde van hul opleiding, kennis en ondervinding in die bedryf, instandhouding, ondersoek en toets van 'n stoomketel of drukhouer binne 36 maande vanaf die datum van die vorige interne en eksterne inspeksie en hidrouliese druktoets: Met dien verstande dat waar 'n drukhouer nie onderwerp word aan korrosie nie, die gebruiker mag afsien van die interne inspeksie en hidrouliese druktoets behoudens die skriftelike goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid: Met dien verstande voorts dat 'n inspekteur verder mag vereis dat 'n bepaalde stoomketel of drukhouer meer gereeld geïnspekteer of getoets word of toelaat dat 'n bepaalde stoomketel of drukhouer minder gereeld geïnspekteer of getoets word: Met dien verstande dat geen persoon interne of eksterne inspeksies in hidrouliese druktoetse bedoel in subregulasie (1)(b) mag uitvoer nie tensy hy of sy die houer is van 'n sertifikaat van registrasie uitgereik deur 'n organisasie goedgekeur deur die hoofinspekteur: Met dien verstande verder dat hierdie voorbehoudsbepaling 12 maande na die publikasie van hierdie regulasie in werking tree.

(2) Enige gebruiker van 'n drukvaste stelsel moet waar prakties uitvoerbaar, toesien dat sodanige drukvaste stelsel voor inwerkingstelling, as installering of heroprigting onderwerp word aan 'n inspeksie en hidrouliese toets, uitgevoer deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid.

(3) Enige gebruiker van 'n gasbrandstofstelsel moet, waar prakties uitvoerbaar, toesien dat die stelsel onderwerp word aan 'n inspeksie en hidrouliese toets deur 'n geregistreerde persoon soos bedoel in regulasie 12(3), voor inbedryfstelling, na installering of heroprigting.

(4) Waar dit onprakties is om 'n vloeistof vir die hidrouliese druktoets bedoel in subregulasie (1), (2) of (3) te gebruik, kan die toets, onderworpe aan die vooraf verkrygte skriftelike goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid, met 'n nie-

vlambare gas tot 'n druk 1,1 maal die maksimum toelaatbare werkdruk uitgevoer word: Met dien verstande dat die toets waar redelikerwys uitvoerbaar, voorafgegaan moet word deur 'n interne inspeksie en op sodanige verdere voorwaardes en voorsorgmaatreëls soos deur die goedgekeurde inspeksie-owerheid bepaal.

(5) Waar 'n inspeksie of toets uitgevoer ingevolge subregulasie (1), (2), (3) of (4) enige swakheid of defek blootlê waardeur die veiligheid van persone in gevaar gestel mag word, moet die persoon wat die ondersoek of toets doen die swakheid of defek onmiddellik aan die gebruiker rapporteer en die gebruiker moet onverwyld die gebruik van die stoomketel, drukhouer, drukvaste stelsel of gasbrandstofstelsel staak totdat sodanige swakheid of defek tot die bevrediging van die betrokke goedgekeurde inspeksie-owerheid of die persoon wat die inspeksie uitgevoer het, na gelang van die geval, reggestel is. (RSA, 1993/85)

2.8.10 Regulasie 14: Rekordhouding

14. Enige gebruiker van 'n houer onder druk moet op die perseel rekords byhou wat toeganklik moet wees vir inspeksie deur 'n inspekteur en waarin die resultate van alle inspeksies, toetse, veranderings en herstelwerk deur die bevoegde persoon aangeteken, gedateer en onderteken moet word. (RSA, 1993/85)

2.8.11 Regulasie 15: Instandhouding

15. (1) Geen gebruiker mag 'n houer onder druk of gasbrandstofstelsel, met inbegrip van alle outomatiese kontroles, aanwysers en toebehore gebruik nie, of vereis of toelaat dat dit gebruik word nie tensy dit te alle tye in 'n veilige werkende toestand gehou word en dat die doeltreffendheid daarvan deur gereelde toetsing gestaaf word.

(2) Geen gebruiker mag 'n houer onder druk gebruik, vereis of toelaat dat dit gebruik word nie tensy dit skoongehou word en vry is van enige -

(a) verkoolde olie of ander vlambare stof wat kan ontvlam;

(b) substansie wat korrosie kan veroorsaak; of

(c) substansie wat vatbaar is vir 'n chemiese reaksie wat moontlik aanleiding kan gee tot 'n onbeheerbare styging in druk. (RSA, 1993/85)

2.8.12 Regulasie 16: Modifikasie en herstelwerk

16. (1) Enige persoon wat van voorneme is om 'n stoomketel, drukhouer of verplaasbare gashouer te modifiseer of herstel, moet toesien dat sodanige modifikasie of herstelwerk onder toesig van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid uitgevoer word, soos bedoel in regulasie 17 (1)(b).

(2) Enige modifiseerder of hersteller wat enige modifikasie of herstelwerk, soos bedoel in subregulasie (1), uitvoer, moet 'n sertifikaat uitreik waarin die omvang van die modifikasie of herstelwerk beskryf word en sertifiseer dat sodanige werk in ooreenstemming is met 'n gesondheid-en-veiligheidsstandaard ingelyf by hierdie regulasies: Met dien verstande dat sodanige sertifikaat deur die goedgekeurde inspeksie-owerheid medeonderteken word as bewys dat die ontwerp van sodanige modifikasie of herstelwerk geverifieer is en dat dit onder hul toesig in ooreenstemming met vermelde gesondheid-en-veiligheidsstandaard gemodifiseer of herstel en getoets is.

(3) Wanneer dit ookal uit 'n inspeksie of toets blyk dat 'n stoomketel of drukhouer nie veilig teen die maksimum toelaatbare werksdruk gebruik kan word nie en die gebruiker daarvan weier om die nodige vernuwings of herstelwerk te laat doen, moet die gebruiker toesien dat -

(a) 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid 'n nuwe verminderde maksimum toelaatbare werksdruk vasstel en

(b) die stoomketel of drukhouer nie teen 'n druk hoër as die nuwe verminderde druk gebruik word nie.

(4) Die gebruiker sal toesien dat die verminderde maksimum toelaatbare werksdruk soos bepaal ingevolge subregulasie (3)(a), aangetoon word op die vervaardigersplaat waarop die goedgekeurde inspeksie-owerheid ook sy merk moet aanbring en geen gebruiker mag daarna vereis of toelaat dat sodanige stoomketel of drukhouer gebruik word teen 'n druk wat hoër is as sodanige verminderde werksdruk nie: Met dien verstande dat in die geval van 'n stoomketel die registrasiesertifikaat tesame met 'n kopie van die goedgekeurde inspeksie-owerheid se verslag aan die provinsiale direkteur vir wysiging deurgestuurd sal word. (RSA, 1993/85)

2.8.13 Regulasie 17: Goedgekeurde inspeksie-owerhede

17. (1) Die hoofinspekteur mag enige organisasie goedkeur wat geakkrediteer is ingevolge -

(a) SABS 0227 Deel 1 om die funksies met betrekking tot die sertifisering van nuwe houers onder druk, inspeksies en toetse uit te voer; of

(b) SABS 0227 Deel 2 om die funksies met betrekking tot die sertifisering van gemodifiseerde of herstelde drukhouers, inspeksie en toetse, as 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid, uit te voer.

(2) 'n Aansoek om goedkeuring vir 'n organisasie soos bedoel in subregulasie (1), moet vergesel word van 'n geldige sertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde ingevolge SABS 0227 Deel 1 en/of Deel 2.

(4) Die hoofinspekteur mag te eniger tyd enige goedkeuring van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid terugtrek, onderworpe aan die voorbehoude van artikel 35 van die Wet. (RSA, 1993/85)